

**ASPEKTE
VAN
LYDING
IN DIE
POËSIE
VAN
ELISABETH EYBERS**

HELENA DOROTHEA BOOYSEN

**Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor
in
Afrikaans en Nederlands
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Promotor: Prof. H.J.G. du Plooy

**2003
Potchefstroom**

OPSOMMING

Lyding is 'n lewenswerklikheid en ook een van die universele temas in die poësie. In die oeuvre van die Afrikaanse digter Elisabeth Eybers vorm lyding een van die belangrikste temas. In hierdie studie word Eybers se oeuvre verken met die oog op die lydingtematiek sodat 'n bydrae gemaak kan word tot navorsing oor die verwoording van lyding in die poësie.

Die verhouding tussen poësie en lyding word ondersoek deur uitsprake van die digter self, asook die bestaande literêre navorsing en kritiek oor Eybers se werk te ondersoek. Die merkers wat so gevind word, word dan in verband gebring met selfstandige lesings van gedigte wat met die verskillende aspekte van lyding te make het.

In die eerste gedeelte van die studie word uit biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers en uit haar eie uitsprake oor haar lewe vasgestel watter periodes in haar lewe deur lyding gekenmerk is en wat die oorsake van die lyding is waaroor die gedigte handel. Aspekte van lyding wat deurlopend voorkom, word ondersoek deur te let op die verhouding tussen lyding en die digkuns, die oorsake van lyding en die verhouding tussen lyding en digterskap. Daar word deurgaans gewys op die stylkenmerke en poëtiese tegnieke wat Eybers aanwend in die verwoording van lyding.

Die uitvoerige analise van die resensies oor al Eybers se bundels word aangebied as 'n resepsieverslag, maar die fokus word deurgaans gehou op die tema van lyding. Die verband tussen die sentrale temas in elke bundel en ontwikkelingspatrone in die oeuvre word aangetoon, soos byvoorbeeld dat in die opeenvolgende bundels daar 'n heen en weer beweeg tussen die pole van lyding en geluk voorkom.

Vir die analise van enkelgedigte is gekonsentreer op poëtikale gedigte. Daar word gelet op die verhouding tussen lyding en die gedig aan die een kant en die leser, die digter en die gediginhoud of –tema aan die ander kant. Daar word aangetoon hoe die poësie aangewend word as verweer teen lyding. Eybers se poësie word gekenmerk daardeur dat die gedig gebruik word om sin te maak uit lyding. Dit blyk uit die poëtikale gedigte dat daar vir Eybers

'n spesifieke verband is tussen lyding, die gedig en digterskap en dat poësie en lewe nooit geskei kan word nie. Eybers se ironiese en relativerende ingesteldheid lei egter daartoe dat lyding nooit as absoluut uitgebeeld word nie, maar steeds in verband staan met geluk en liefde en via die gedig, ook met oorlewing.

SUMMARY

Suffering is part of life and is often regarded as a universal theme in literature. The oeuvre of the Afrikaans poet, Elisabeth Eybers, is characterised by the way in which the poet deals with suffering. In this study Eybers's oeuvre is studied in an attempt to determine the ways and means by which suffering becomes language and how poetry can alleviate and transcend suffering.

To analyse the relation between poetry and suffering as a theme, statements by the poet herself are discussed along with literary analyses and critical assessments of her work. Eybers's personal poetics, as formulated by the poet herself and as expressed in poems, is traced and discussed along with general characteristics of the poems. This becomes a point of departure for close readings of the poems.

Biographical information and the poet's own views are used to identify periods of suffering in her life as well as the type of suffering to which she is sensitive, in an attempt to map the thematic content of the poems. The relation between suffering and poetry, the causes of suffering and the relation between suffering and the activity of writing of poetry are analysed without losing sight of the way in which the use of poetic techniques and the use of irony, paradox and contrast as poetic devices, qualify and complicate the meaning of the poems.

An extensive survey of reviews of all the volumes of poetry is presented as a historical reception report, though the focus remains on suffering as a theme. The central theme of each volume is discussed in its relation to suffering, and general developments in the oeuvre are indicated, for instance the way in which subsequent volumes fluctuate between suffering and happiness.

A selection of poetical poems are analysed closely by focussing on the relation between suffering and the poem as such on the one hand and the poet, the reader and the thematic content on the other. It is indicated that the poet uses poetry as a defence against suffering and the poem becomes the means by which the poet attempts to understand and transcend

suffering. It becomes clear that Elisabeth Eybers is deeply concerned with the relation between suffering and the writing of poetry and the poem as such becomes a place of refuge and healing. In these poems poetry and life becomes one for the poet as well as the reader. Eybers's poetic ability, her command of language and devices such as irony, prevents her from experiencing or depicting suffering as absolute. Suffering becomes poetry but is always supplemented and contrasted by happiness and a host of other emotions. The poem ultimately enables the poet to achieve serenity and to survive.

INHOUDSOPGAWE

AFDELING I	1
1 AANLOOP	1
2 PROBLEEMSTELLING	4
3 DOELSTELLINGS	12
4 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENTE	13
5 AFBAKENING VAN STUDIETERREIN	13
6 METODE	14
7 OPSET VAN DIE PROEFSKRIF	15
AFDELING II	17
1 BIOGRAFIESE GEGEWENS OOR ELISABETH EYBERS EN DIE VERBAND MET LYDING	20
2 DEURLOPENDE LYDINGSASPEKTE EN POËTIESE TEGNIEKE EN DIE VERBAND MET LYDING	26
2.1 DIE DIGKUNS EN LYDING	27
2.1.1 LYDING AS MOTIVERING VIR DIE SKEPPING VAN DIE GEDIG	27
2.1.2 LYDING AS ONTSTAANSPUNT VAN DIE GEDIG	28
2.1.3 DIE DIGKUNS EN SINGEWING	29
2.2 DIE OORSAKE VAN LYDING	30
2.2.1 DIE ONVOLMAAKTE WERKLIKHEID	30
2.2.2 RELIGIE	31
2.2.3 LEWE-DOOD	32
2.3 DIE DIGTERS KAP EN LYDING	33
2.3.1 DIE EENSAAMHEID VAN DIE DIGTER	33
2.3.2 EENSAAMHEID-GEMEENSAAMHEID	35
2.3.3 DUALITEIT	35
2.3.4 REDE-GEVOEL	36

2.4	DIE POËTIESE TEGNIEKE EN LYDING	37
2.4.1	PARADOKS	37
2.4.2	IRONIE	38
2.4.3	HUMOR	39
2.5	DIE RIGTINGGEWENDE ROL VAN DIE LIEFDE	39
2.6	DIE ESTETIESE ELEMENT IN DIE POËSIE	40
2.7	ESSENSIE EN SUIWERHEID	41
2.8	GELUK AS TEENPOOL VAN LYDING	42
2.8.1	LYDING-GELUK	43
2.8.2	GELUK IN DROOM EN HERINNERING	44
2.8.3	GELUK IN KIND, KINDWEES, KINDERLIKE SINTUIGLIKHEID	44
2.8.4	GELUK IN DIE NATUUR	45
2.8.5	GELUK IN MUSIEK	46
2.8.6	VERWOORDING VAN GELUK	47
2.9	DIE GEDIG AS GELUK	48
3.	DIE LYDINGSTEMA EN DIE BUNDELTEMAS	49
3.1	1936-1946	51
3.1.1	BELYDENIS IN DIE SKEMERING (1936)	51
3.1.2	DIE STIL AVONTUUR (1939)	54
3.1.3	DIE VROU EN ANDER VERSE (1945)	56
3.1.4	DIE ANDER DORS (1946)	58
3.2	1950	60
3.2.1	TUSSENSANG (1950)	60
3.3	1956-1958	63
3.3.1	DIE HELDER HALFJAAR (1956)	63
3.3.2	NEERSLAG (1958)	67
3.4	1962-1973	69
3.4.1	BALANS (1962)	69
3.4.2	ONDERDAK (1968)	72
3.4.3	KRUIS OF MUNT (1973)	75

3.5	1977-1985	78
3.5.1	<i>EINDER (1977)</i>	78
3.5.2	<i>BESTAND (1982)</i>	82
3.5.3	<i>DRYFSAND (1985)</i>	87
3.6	1987-1993	91
3.6.1	<i>RYMDWANG (1987)</i>	92
3.6.2	<i>NOODLUIK (1989)</i>	96
3.6.3	<i>TEËSPRAAK (1991)</i>	101
3.6.4	<i>RESPYT (1993)</i>	104
3.7	1994-1999	109
3.7.1	<i>NUWELING (1994)</i>	109
3.7.2	<i>TYDVERDRYF/PASTIME (1996)</i>	114
3.7.3	<i>VERBRUIKERSVERSE/CONSUMER'S VERSE (1997)</i>	118
3.7.4	<i>WINTER-SURPLUS (1999)</i>	123
4	GEVOLGTREKKING	128
4.1	LYDING EN LEWENSLOOP EN POËSIE	128
4.2	LYDING EN POËTIKALE OPVATTINGE EN TEGNIEKE	129
4.3	LYDING EN BUNDELTEMAS	131
AFDELING III		147
1	DIE VERBAND TUSSEN LYDING EN DIE GEDIG	149
1.1	DIGAKTIWITEIT EN DIE GEDIG AS BOODSKAP	149
1.2	DIGAKTIWITEIT, GEDIG EN LESER	151
1.3	DIGAKTIWITEIT, GEDIG EN DIGTER	153
2	DIE VERBAND TUSSEN LYDING, GEDIG EN DIE LESER	158
2.1	LYDING EN DIE POËSIELESER	159
2.2	LYDING EN DIE POËSIEKRITIEK	165
2.3	LYDING, DIGTER EN PERSOONLIKE KRITIEK	173

3	DIE VERBAND TUSSEN LYDING EN DIE GEDIGINHOUD EN -TEMA ..	178
3.1	LYDING EN GELUK AS GEDIGINHOUD	178
3.2	DIE POËSIE AS VERWEER TEEN LYDING	182
3.3	DIE POËSIE AS HANDELING TEEN LYDING	186
3.4	DIE POËSIE EN LYDING EN LEWE EN DOOD	194
3.5	LYDING EN SINGEWING DEUR DIE POËSIE	199
3.6	LYDING EN DIE AARD VAN DIE POËSIE	201
4	DIE VERBAND TUSSEN LYDING, DIE GEDIG EN DIE DIGTERS KAP ...	208
4.1	LYDING, DIGTERS KAP EN LESER	208
4.2	LYDING, DIGTERS KAP EN DIGTER	211
4.3	LYDING, DIGTERS KAP EN DIE WOORD	215
5	GEVOLGTREKKING	219
5.1	POËSIE, LEWE EN LYDING	219
5.2	POËSIE, POËTIKALE OPVATTINGE EN LYDING	220
5.3	POËSIE, DIGTER EN LYDING	221
	AFDELING IV	223
1	SAMEVATTING: KERNASPEKTE VAN LYDING IN DIE POËSIE VAN ELISABETH EYBERS	223
1.1	LYDING EN GELUK AS LEWENSWERKLIKHEID	224
1.2	LYDING EN GELUK AS GEDIGINHOUD	229
1.3	GELUK AS GEDIGINHOUD	236
1.4	LYDING AS GEDIGINHOUD	238
2	SLOT	242
	BRONNELYS	243

AFDELING I

POËSIE

Van volgbare resep geen sweem,
tog word dit só – en anders nie –
gestook: uit pyn en afstandneem,
uit liefde en ironie –

uit sintuigsente, weggestop,
valutaloos, 'n droom geknel
onder 'n feite-storthoop tot
dit ligwaarts wel.

("Poësie". *Einder*, 1978a:7)

1 AANLOOP

In 'n voorlesing met die titel: "*Hoe sê ek dat ek ly? Die lydende mens in die Afrikaanse poësie*", gelewer aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1985, bespreek die digter Lina Spies lyding as tema in die letterkunde (Spies, 1987b).

Sy gebruik as uitgangspunt D. J. Opperman se gedig "Kroniek van Kristien" (*Blom en baaierd*, 1956) wat sy die grootste lydingsgedig in Afrikaans noem. Die Opperman-gedig bring kernaspekte ten opsigte van die lydingstema in die poësie aan die lig.

Die bespreking van hierdie gedig in *Christina tot Kristien* deur Nienaber en Grové (1960) geld steeds as gesaghebbende bron. Daarin karakteriseer Nienaber en Grové (1960:14, 15) die poësie van D. J. Opperman in die algemeen as 'n voorstelling van die lewe in al sy kompleksiteit en dat sy strewe is om in die gedig as 't ware 'n hele skepping op te neem, om die lewe in al sy grootsheid en verskeidenheid weer te gee.

Die verwysing na die hele skepping betrek as 't ware die terrein van die fisika ten opsigte waarvan die skrywer Gideon Joubert (1997:292) uitwys dat in die wette van die ganse heelal verval en dood, en by lewende wesens, pyn ingebou is. Dit is dus onmoontlik om algemeen-menslike lyding as letterkundetema weg te dink al moet individuele verskille ten opsigte van

die oorsake en beleding van lyding in ag geneem word.

Opperman neem as grondverhaal vir hierdie gedig die Middelnederlandse gedig "Leven van Sinte Christina de Wonderbare". Volgens Nienaber en Grové (1960:45) is die Middelnederlandse gedig nie 'n oorspronklike Dietse voortbrengsel nie, maar nagenoeg 'n woordelike vertaling van 'n Latynse opstel deur Thomas van Cantimpré (of Cantripratanus) geskryf in 1232 wat deur die Franciskaanse broeder Geraert teen die einde van die 14e of die begin van die 15e eeu verdiets is. Dit is die gebeure wat 'n driekwart duisend jaar in die grou verlede terug lê en die mens toon in sy lyding wat, soos Nienaber en Grové (1960:57, 21) aantoon, deur Opperman gebruik word om daaraan addisionele geloofwaardigheid te verleen.

Hiermee bewys Opperman dus dat lyding as algemeen-menslike verskynsel, as tema oor tyd heen 'n plek in die letterkunde gehad het en steeds het.

'n Verdere kenmerk van die poësie van Opperman waarop Nienaber en Grové (1960:14, 15) wys, is dat hy die onpartydige verkenner is wat sy oog laat gaan oor verafgeleë tye en volkere, terwyl hy in ou verhale, in sprokies, oorleweringe en literatuurbrokke op soek bly na magte wat die mens en die wêreld maak wat hulle is en deur verkenning, isolasie en verlossing, verduursaam hy in die digterswoord en -beeld die werklikheid wat vlugtig is.

Hierdie gedigreëks van Opperman dien dus ook as voorbeeld van die feit dat die werklikheid van menslike lyding oor alle tye heen uit die literatuur spreek as een van die magte wat die mens maak wat hy werklik is.

Dit volg dus dat die denkende mens met 'n selfbewussyn sal besin oor die werklikheid van menslike lyding en die vrae sal vra hoekom en hoe die mens ly. Dit volg noodwendig dat die vraag na die doel en sin van lyding hierop sal volg.

Spies (1987b:4, 5) parafraseer die gedig "Kroniek van Kristien" soos volg: "Kristien ontvang die opdrag van God om deur middel van liggaamlike en geestelike lyding die lyding van andere te ervaar. Daardeur maak sy 'n hele groei- en ryppwordingsproses deur en kom tot die

wete dat God Sy doel in haar lewe bereik het". Sy noem verder dat Opperman die Heilige Christina in 'n moderne Protestantse gelowige omskep en dit word 'n gedig oor Christelik-religieuse lyding waarin daar uiteindelik vir die gelowige besondere sin opgesluit lê. Kristien sien nie altyd die sin van haar lyding nie en vra God na Sy bedoeling daarmee, maar ontdek uiteindelik die Goddelike doel daaragter as haar geloof oor alles triomfeer - oor alle twyfel, konflik, smart en pyn.

Wat hier ook belangrik is, is dat lyding 'n groei- en ryppwordingsproses impliseer.

Die Opperman-gedig ontgin dus die Middeleeuse verhaal, die rede vir menslike lyding en die wyse van menslike lyding. Nienaber en Grové (1960:X, 21, 22) wys daarop dat die gedig oor tyd en afstand heen 'n sinvolle boodskap bring. Die resultaat is 'n volkome selfstandige kunswerk wat die essensie bied van wat menswees in ons tyd beteken. In "Kristina en Kristien" is dit die vrou wat deur liggaamlike en geestelike lyding 'n al-lydingsfiguur word en 'n verteenwoordigende simbool van 'n lydende skepping in al sy vorme, terwyl sy in haar uiteindelige verlossing beeld word van 'n skepping wat sy sterflikheid kan aflê. In haar voorlesing voeg Spies (1987b:20, 17) by dat dit deur die fyn instrument van die poësie duidelik is hoe eg die hedendaagse mens ly.

In die genoemde lesing wat in artikelvorm gepubliseer is, wys Spies (1987b:14-20) verder op die wyse waarop lyding uitdrukking vind in die werk van verskillende Afrikaanse digters. Naas haar eie werk trek sy lyne na enkele, wat sy noem, belangrike lydingsgedigte van onder andere Elisabeth Eybers, N. P. van Wyk Louw, Breyten Breytenbach, Sheila Cussons, Adam Small en T. T. Cloete. Uit die poësie van hierdie digters lig sy slegs enkele aspekte van lyding toe wat telkens 'n vorm van lyding aan die orde stel, soortgelyk aan een van die vorms daarvan wat deel was van Kristien se lydingsgeskiedenis. Dié vorme van lyding wat sy bespreek, is lyding deur liggaamlike siekte en die ang by 'n skendende operasie, lyding as gevolg van onvervulde seksuele behoeftes, lyding veroorsaak deur die sosiale struktuur, asook die lydende mens se uitreiking na God.

Spies (1987b:20) kom tot die slotsom: "Die moderne Afrikaanse poësie maak ons bewus van

baie vorme van lyding" en in die "werk van ons groot Afrikaanse digters sien ons ... die beeld van die lydende mens van die twintigste eeu".

Hoe lyding as deel van die werklikheid van menswees in al sy verskyningsvorme in die Afrikaanse poësie geopenbaar word, is 'n omvangryke studieveld. Elisabeth Eybers se werk is egter oteenseglik een van die belangrikste oevres wat deurlopend met lyding gemoeid is.

In hierdie studie word die poësie van Elisabeth Eybers dus uitgesonder as navorsingsonderwerp om die lydingstema in die Afrikaanse poësie te ondersoek. As digter geniet sy wye erkenning in Suid-Afrika sowel as in Nederland. Sy is die ontvanger van verskeie letterkundige pryse in beide lande, en is die enigste Afrikaanse of Nederlandse digter wat sowel die Afrikaanse Hertzogprys as die Nederlandse P. C. Hooft-prys, die grootste pryse in die twee taalgebiede, verower het (vgl. Olivier, 1992:10).

Van groter belang egter is dat lyding 'n deurlopende tema in Elisabeth Eybers se poësie is en waar haar oeuvre oor meer as sestig jaar strek, vanaf 1936 met haar debuutbundel *Belydenis in die skemering* tot 1999 met *Winter-surplus*, bied dit 'n wye beeld op aspekte van lyding soos dit verwoord word in haar poësie.

2 PROBLEEMSTELLING

By die lees van Elisabeth Eybers se gedigte, die nagaan van die digter se eie uitsprake oor haar poësie en die bestudering van die letterkundige kritiek en navorsing oor haar poësie, tref dit hoe deurlopend lyding, as belangrike tema, 'n plek in haar oeuvre inneem. Die belangrikste aspekte van die lydingstematiek kan rondom die volgende kwessies beredeneer word.

In "Leven van Sinte Christina de Wonderbare" en in "Kroniek van Kristien" is 'n man wat die vrou as lydingsfiguur uitbeeld, aan die woord. In Elisabeth Eybers se poësie is die vrou self aan die woord. Oor Elisabeth Eybers se poësie meld Nienaber en Grové (1960:13) dat dit die resultaat van 'n rustige besinning is, 'n wag tot dit wat onklaar is tot klaarheid besink het, 'n

suiwering, loutering en blootlegging van wat sy as essensieel beskou. In teenstelling met Opperman is daar by Elisabeth Eybers, soos Nienaber en Grové (1960:14) dit stel, 'n vereenvoudiging. Elisabeth Eybers se poësie is volgens Cloete (1970:44) gedigte wat volkome in die gewone werklikheid staan en alles, letterlik alles word op die poësie betrek, of word poësie. Die poësie het daarom die mees vanselfsprekende relasies met die gewone lewe, of omgekeerd, gaan gewone lewenservarings of ervarings ten opsigte van menslike verhoudings spontaan oor in 'n taalervaring. Hoewel nie alle temas in haar poësie spesifiek vroulik is nie, word die lewe self wel vanuit 'n spesifiek-vroulike perspektief beskou en weergegee. Die digter sê self dat sy deur haar poësie met 'n sensitiewe nugterheid "waag en durf om die lewe in die aangesig te kyk" (Eybers, 1963b).

Cloete (1970:44, 45, 48) skryf dat Elisabeth Eybers se gedigte "nie 'n lewensvreemde ding is nie, intendeel, niks is intiemer met die lewe verweef as poësie nie". Hy verwys na wat merkwaardig is van haar gedigte, dat hulle die poësie nie in 'n veraf romantiese wêreld soek nie, nie in iets anders as die daaglikse bestaan nie, maar in hierdie gewone lewe van elke dag. Hy stel dit so dat die oneindige reeks gebeurtenisse van 'n lewe op 'n ryk gevarieerde wyse poësie word. By uitnemendheid is sy die digter wat in Afrikaans "poësie en lewe so naby aan mekaar gebring" het. In 1977 sê Elisabeth Eybers (Jansen, 1996:148) self die poësie bied vir haar 'n "blik op die essensiële aspekte van menswees".

Volgens onder andere Nienaber-Luitingh (1990b:35) vertoon Elisabeth Eybers se poësie van die begin af 'n sterk "outobiografiese inslag; die aandagtige leser kan as 't ware uit die opeenvolgende bundels die belangrikste fases van haar lewensloop aflees". Hierby sluit Deloof (1980:751) aan wanneer hy sê dat die leser in Elisabeth Eybers se digbundels "bijna het dagboek van een gevoelige en intelligente vrouw op de voet" kan volg. Hy verwys egter ook na die waarskuwing wat die digter in 1963 in 'n rede oor haar eie werk uitgespreek het: "Dit is misleidend om die besonderhede van 'n digter se lewe uit sy werk te probeer reconstrueer. Soms dramatiseer 'n gedig 'n denkbeeldige situasie in die eerste persoon en bied dit aan as 'n brokkie belydenis. Of soms verhaal dit in die derde persoon en in 'n objektiewe trant 'n eie ervaring. In watter verhouding Dichtung en Wahrheit ook al tot mekaar staan, elke gedig word op een of ander manier uit die digter se ondervinding gefiltreer. Hy kan dit plooi

of saampers of borduur soos hy wil, maar hy kan nie iets uit niks te voorskyn roep nie" (Eybers, 1963a). Elisabeth Eybers (Lieske en Otten, 1990:17) sê self in 1989: "ik heb altijd alleen maar kunnen schrijven over de dingen die ik zelf ervaren heb. Ik heb niet zo een geweldig vermogen om mijzelf in een ander te verplaatsen". Reeds in 1986 verwys sy hierna en stel dit dat sy ten opsigte van haar poësie alles uit haarself haal (Jansen, 1996:149). Volgens die uitspraak van Hennipman (1975:5) is die digter, soos hy dit stel, onmiskenbaar die hoofpersoon in haar poësie en dit is "zelden dat in haar vertellings en mijmeringen haar dubbelgangsters en schijn gestalten niet vertolken wat zij heeft ervaren en wat haar heeft beroerd". Elisabeth Eybers wys self daarop dat die aard van haar poësie meebring dat dit 'n soort neerslag van haar lewe vorm, maar ook dat haar bundels nie 'n volledige oorsig van haar lewe is nie. Die belangrikste gebeurtenisse en emosies is wel daarin terug te vind (Jansen, 1996:148, 149).

Die redusering van die digkuns tot 'n biografie is egter, soos Spies (1989:43) dit stel, 'n "onderskating van die kompleksiteit van die kuns en ervaring waaruit die gedig gegeneer word". Volgens Dubois (1991:12) is Elisabeth Eybers as "persoonlik ervarend individu ... niet uit haar werk weg te denken; op tal van plaatsen heeft het een schrijvend werkelijkheidsgehalte tot in exacte feitelijke mededelingen toe". Hy wys egter daarop dat die verbindingslyn tussen die werklikheid en die poësie geen direkte is nie, maar 'n misterieuse. Die herkenbare algemeen-menslike gegewe is die banale, die alchemie wat dit omsit in poësie is die "persoonlikunieke van een dichterschap". Volgens Dubois is daar twee werklikhede, die outobiografiese en die poëtiese. Die eerste is slegs die brandstof vir die tweede, waaruit 'n outonome gedig oprys. Die wonder van die gedig is egter dat dit, volgens Cloete (1970:40), "sy storie van die transfigurerende taal vormlik wáár maak. Dit is die taal en al sy moontlikhede wat die dinge anders maak, in die gedig. Die gedig maak 'n taalding, wat sy aanleiding ook al mag wees, en dit wat hy maak, is iets totaal anders as sy aanleiding".

Hoewel die poësie van Elisabeth Eybers binne 'n betreklik noue kring van temas beweeg en groot maatskaplike en geestelike vraagstukke onaangeroerd laat, geen wydse perspektiewe, grootse visies of diepsinnige bespiegeling oor die lot van die mensheid openbaar nie (vgl. Hennipman, 1975:17), gaan dit in haar poësie nie om die persoon nie, maar om die lewe self.

Hoe persoonlik gekleur haar poësie dus ook al mag wees, sy plaas haarself nie op die voorgrond nie. Sy herskep in die gedig haar werklikheid tot 'n nuwe selfstandige werklikheid, onafhanklik van die persoon van die digter, wat ander kan tref of ontroer (vgl. Hennipman, 1975:20). Haar poësie is dus herkenbaar omdat dit gebaseer is op die algemeen-menslike ervaring. Elisabeth Eybers gee rekenskap van die werklikheid wat, soos Spies (1975:114) dit stel, persoonlik belewe word met 'n eerlike deurvoel en deurdink daarvan "binne elke menslike situasie wat telkens op eiesoortige wyse 'n gedig kan maak". So wen haar poësie aan algemene geldigheid. Elisabeth Eybers se poësie kan dus beskryf word as die kroniek van 'n vrouelewe, (vgl. Dubois, 1975:46) maar dit is ook méér as net dit. Dit word as 't ware "het leven" (Kopland, Bassinga, Dorleyn, Ekkers, Van Rees en Meinderdtz, 1991:17). Sy werp 'n "onversetlike deurvorsende blik ... op die vrou, op haarself, op elke skakering van ervaring, van seerkry, van hartseer" (Joubert, 1969:81). Hiermee word die lydingstema in Elisabeth Eybers se poësie aan geraak.

Die letterkundige kritiek merk reeds aan die begin van haar oeuvre op dat haar poësie getuig van "pynlike lewensnoodwendighede" (Hugo, 1945). Dubois (1991:14) stel dit later so: "Poëzie is niet het doel van het leven van de dichter; maar het leven is het object van die poëzie, en het is de kracht, de bijzonderheid van Elisabeth Eybers dat zij steeds, en stap voor stap, dichter nadert tot de waarheid door dieper door te dringen in de eigen werkelijkheid en wat daarin geschonden dreigt te worden, de droom, het verlangen, het geluk". In haar latere werk groei lyding uit tot intense, deurleefde pyn (vgl. Spies, 1987b:17). In haar poësie sien 'n mens die vrou wat deur lyding 'n groei- en ryppwordingsproses deurmaak en hoe intens en eg die hedendaagse vrou ly.

Dubois (1991:13, 14) wys op die persoonlike moed wat dit verg om die "werklikheid van lichaam en geest zo weerloos, naakt en onverhuld, zwart op wit, te geven. De diepste ervaren emoties die niemand aangaan omdat ze so persoonlik zijn, krijgen de universaliteit van waarheid". Dit word bereik deur die onophoudelike "erkenning en aanvaarding van een realiteit die schendt en geschonden wordt".

Dat poësie kommunikasie moet wees, noem die digter self (Jansen, 1996:130). Sy sê onder

meer in haar dankbetuiging na die ontvangs van die Hertzogprys in 1971 soos aangehaal deur Hennipman (1975:6) dat poësie die vermoë besit om mense nader aan mekaar te bring en hulle wesenlike verwantskap te bevestig. In 1963 sê sy: "Ek vermoed dat één van die redes waarom iemand verse skryf, is omdat daar vir hom dinge is, te intiem, of te aangrypend, of te onvatbaar-op-eerste-sig, of te ongerymd om in die openbaar mee te deel. Hulle moet gesing of gesuggereer of oorgesein word. Vir hierdie doel het ons verre voorouers poësie uitgevind, daardie eeue-oue, altyd-nuwe, vreemde, vertroude ómpad en kórtpad tussen mens en mens" (Eybers, 1963b).

Elisabeth Eybers self verleen prominensie aan die lydingstema in haar poësie en die vraag na sin as sy 'n antwoord daarop verskaf: "Poësie is nie alleen kommunikasie nie, dit is ook en veral die maak, die voortbring van iets wat op 'n eienaardige manier uit die digter ontstaan en wat die vreemde indruk wek dat dit uniek en onvervangbaar is. Elke gedig is 'n persoonlike rekenskap-gee, 'n poging om 'n probleem op te los, om met jouself tot 'n vergelyk te kom. Die digter skryf sy verse omdat hy moet en soos hy moet" (Lieske, *et al*, 1990:24). Vir Elisabeth Eybers is daar, in haar eie woorde, "beslis ook 'n element van besinning in poësie noodsaaklik" (Jansen, 1996:147).

Die besinning oor lewenslyding het volgens haar eie getuienis vir die digter 'n terapeutiese werking (Lieske, *et al*, 1990:24). In 1977 sê sy aan Ester dat sy haar dit moeilik kan voorstel dat haar lewe so vlot en gelukkig sal verloop dat sy geen behoefte meer sal hê aan die terapie van die woord nie (Jansen, 1996:148). Vir Elisabeth Eybers gaan dit om die verwoording en dit moet vir haar "zo precies zijn omdat zij klaarheid wil scheppen in haar gevoelens" (Kopland, *et al*, 1991:17). Elisabeth Eybers verwys herhaaldelik na hierdie aspek. In 1985 wys sy daarop dat deur te skryf daar 'n soort deurlopende lyn in haar bestaan geskep word en sy voeg by, "dit versoen jou met die onbegryplike aspekte van wat jy ervaar, met die nare dinge wat jy meemaak" (Jansen, 1996:148). Sy trek die lyn tussen lyding en die poëtiese woord as sy sê: "Dit het sekerlik ook te make met die skoonheid van die taal wat die mededeling in 'n ander lig stel. Maar die skoonheid sêlf, die musikale van die poësie, is nie voldoende nie. Ek probeer in die eerste plek om dinge vir myself te verduidelik, of liever, nie die dinge self nie, maar my houding ten opsigte van die dinge" (Jansen, 1996:148). Die

digkuns self is dus, soos Spies (1975:114) dit stel, vir Elisabeth Eybers 'n "teenwig tot die lewe". Die digterlike woord "vervolmaak wat in die lewe onvolmaak is", al getuig dit "van die *lelike*, die *verganklike* en die *stukkende*". Die sinvolheid van die gedig self verwoord die digter so: "Poësie streef na sintese en versoening, na die troos en die sekerheid van iets wat ten spyte van alle vermurwing en alle verdriet tog mooi en blywend en heel is" (Eybers, 1963b).

Dit mag die rede wees waarom Elisabeth Eybers gedigte skryf (vgl. Kopland, *et al*, 1991:17, 18). Sy skryf egter nie net vir haarself nie, maar ook vir die leser. Vir die ander wat poësie nodig het, soos Elisabeth Eybers dit stel, help die "bevindinge van 'n digter om jou met jou lot te versoen" naas die genot wat die lees van poësie verskaf (Eybers, 1963b).

Sy, as digter, erken ook die leser se aandeel in die kommunikasieproses. Die poësieleser (en by implikasie ook -navorsers) "soek - en vind - in 'n gedig dit wat hulle verlang. Daarom verskil die benadering en reaksie van leser tot leser" op die boodskap wat dit oordra (Eybers, 1963b).

Elisabeth Eybers verleen persoonlik voorkeur aan die outonomie van die gedig. Hieroor sê sy in haar 1963-rede: "Uit watter oogpunt 'n mens ook al na 'n vers kyk, bly dit iets waarvan die ontstaan en die uitwerking moeilik verklaarbaar en moeilik ontleedbaar is". 'n Digter "hoop dat sy verse vir hulself spreek, dat hulle met 'n minimum van toeligting aanvaar kan word" (Eybers, 1963b).

Wat Du Plooy (1986:289, 291) met verwysing na Elsbee (1982:3-16) ten opsigte van die prosa aantoon, geld ook vir die poësie as literêre uiting en sluit hierby aan, naamlik dat in die ordeningsproses by die weergee van persoonlike belewenisse en ervarings (hetsy op persoonlike of artistieke vlak) die geleentheid geskep word om 'n greep daarop te kry. Die ordeningsproses werk op sy beurt terapeuties. Dit betrek ook die leser wat in 'n identifikasieproses in staat gestel word om in 'n soort ontvlugting bo die self uit te styg. Die weergee van menslike belewenisse en ervarings word as een van die essensiële rituele van menswees gereken en die ritueel het in die eerste plek met argetipiese handelinge te make

waarvan Elsbee (1982:15) vyf onderskei:

Establishing, consecrating a home
 Engaging in a contest, fighting a battle
 Taking a journey
 Enduring suffering
 Pursuing consummation

Hoewel al die argetipiese handelinge tematies 'n plek het in die poësie van Elisabeth Eybers, is dit lyding wat 'n rol speel in die tuiste-, stryd-, reis- en vervullingstemas in haar oëuvre.

Dit word aanvaar dat lyding in al sy fasette deel is van die omvang van 'n menselewe. In wese is die mens 'n geluksoeker. Met lyding as die teenpool van geluk, en vanweë die ingrypende aard van lyding in 'n menselewe, lei die onverstaanbaarheid daarvan tot die vraag na die doel en sin daarvan. Dit is daarom begryplik dat lyding as algemeen-menslike verskynsel een van die groot temas in die letterkunde is.

Vir Elisabeth Eybers, as digter, is die verwoording van lyding in die gedig belangrik. By die Dertiger-digters (Elisabeth Eybers het gedebuteer in 1936) is lyding, in Spies (1987b:17) se woorde, "nog 'n groot mate fiksie in dié sin dat dit geïdealiseer is". Volgens Kannemeyer (1995a:8) het Elisabeth Eybers haar vroeg reeds uitgespreek teen die "smart-kultus" van daardie tyd. Sy beskou dit as 'n "sieklieke soort selfbeklag en selfbejammering" (Kannemeyer, 1995a:8) van mense (die "lirikus") wat in die "alledaagse lewe ... aanspraak maak op 'n mate van ... beheersing". Sy hou dit teen die woordkuns wat 'n "weeklike affektasie van ellende" is, "met 'n eie termeskat wat reeds soos muntstukke hul glans verloor deur gedurige hantering". Sy onderskat nie die "waarde van lyding in elke menselewe" nie (Eybers, 1978b:49), het dit ook nie teen belydenisliriek as sodanig nie (vgl. Kannemeyer, 1995a:9), maar teen breedsprakigheid en taalonmag. Vir haar gaan dit om die "funksionele en konkrete woord- en beeldgebruik" en "waarna elke waaragtige woordkunstenaar moet strewe" (Kannemeyer, 1995a:7). Sy verlang van 'n digter om "eerlik en suiwer te skryf," "iets wat uit innerlike noodsaak ontstaan" en wat van "universele en durende waarde moet wees" (Eybers, 1978b:76; Kannemeyer, 1995a:7). Dubois (1991:14) se kommentaar is dat Elisabeth Eybers die werklikheid "onsentimenteel geobserveerd, weerbaar en kreatief benaderd. Er is niets van

klagerigheid, geen zweem van verongelijktheid". 'n Hele lewe word waargeneem met "realisties flegma en met vitale humor ingelijfd. Er is een stoïcijnse berusting en een ironiese filosofie die in staat is tot mededogen, maar die ook na binne gekeer, lucide en onverstoortbaar een onthuisde wereld in één oogopslag samenvat". Hiermee word bevestig dat Elisabeth Eybers die doel wat sy vir haarself gestel het vir die verwoording van lyding in die poësie bereik het.

Elisabeth Eybers verwoord dit wat hier bo gegee is in die gedig "Poësie" uit *Einder* (Eybers, 1978a:7). Sy noem die werklikheid 'n "feite-storthoop". Pyn dien as 'n voedingsbron van die poësie waaruit die digter in 'n suiweringsproses wil deurdring tot die essensie van lyding, om dan "afstandneem" te bewerkstellig in 'n versoeningsproses. Die "liefde" en die "ironie" dien as verweer teen lyding.

Dubois (Eybers, 1991:12) se kommentaar oor haar poësie met verwysing na hierdie gedig is die volgende: "Elisabeth Eybers heeft de veranderde omstandigheden in haar leven voor die raadselagtige alchemie weten te benutten. Haar kern is zichzelf gelijk gebleven, maar de confrontatie, innerlijk en uiterlijk, met alles wat haar niet door geboorte of natuur vertrouwd was, heeft haar in staat gesteld, met pijn en moeite, met ontroering en perplexiteit, zich te richten op de meest intieme, kristalheldere, diamant-harde waarheid".

Nie net ten opsigte van die aanleidinggewende werklikheid nie, maar ook ten opsigte van die poësie en die digterlike woord, stel Elisabeth Eybers die beginsel van die essensiële. Sy sê self van haar digkuns dit is "nie vaagheid of ontvlugting nie, dit is 'n nugterheid en aanvaarding", dit stel die "toevallige en onessensiële ondergeskik" aan die "blywende en die egte" (Eybers, 1963b). Verder sê sy wat "jy skryf, moet 'n konsentrat wees, 'n kristallisering waarin ander hulleself ook kan herken" (Jansen, 1996:149). Soos sy dit stel in "Poësie" dat dit wat die omringende werklikheid bied, "gestook" word "tot dit ligwaarts wel" (Eybers, 1978a:7).

Elisabeth Eybers vat die lewensloop van die mens as liggaamlike en geestelike wese, met lyding as ordertoon, saam in die onderstaande gedig in die bundel *Rymdwang* (1987).

Die mens neem ywerig en halsoorkop
'n blye aanloop in die moederskoot,
word later agteloos verwerk tot skroot
en skrompel traag tot selverdeling stop.

Gedurende sy lewensloop as lyf
word 'n verborge lotgenoot, die gees,
ook saamgesmokkel: daaroor kan u lees
in baie boekdele of self een skryf.
("Samevatting". *Rymdwang*, 1987:23)

Elisabeth Eybers se oeuvre strek tot op hede vanaf 1936 tot 1999. Dit bied die geleentheid om die verwoording van aspekte van liggaamlike en geestelike lewenslyding in sy talryke verskyningsvorme as een van die magte wat die mens maak wat hy werklik is (vgl. Nienaber, et al, 1960: 15), onder die loep te neem.

3 DOELSTELLINGS

Ten opsigte van hierdie studie oor aspekte van menslike lyding in die poësie van Elisabeth Eybers geld die onderstaande doelstellings wat op hulle eie en in samehang met mekaar, daarop gerig is om lydingsaspekte bloot te lê.

Die doelstellings is:

- om as deel van die biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers tye en oorsake van lyding in die digter se lewe uit te wys;
- om aspekte van lyding en poëtiese tegnieke wat oorkoepelend in die digter se oeuvre in die verwoording van lyding meewerk, aan te toon;
- om aan te toon hoe die lydingsstema ontwikkel en verband hou met die temas van opeenvolgende bundels;
- om vas te stel welke vorme van lyding en watter aspekte van lyding in afsonderlike gedigte aan die orde kom.

4 SENTRAAL-TEORETIESE ARGUMENTE

Die sentraal-teoretiese argumente wat as riglyn vir die navorsing dien, kan soos volg saamgevat word:

- Elisabeth Eybers wys self op tye en oorsaaklike omstandighede van lyding in haar lewe. Daaruit kan afgelei word dat dié werklikheid meesprek in die poësie ten opsigte van die verwoording van lyding. Dit vorm deel van die biografiese gegewens oor die digter.
- 'n Aantal oorkoepelende aspekte van lyding en poëtiese tegnieke is deurlopend werksaam in die verwoording van die lydingstema in die oeuvre van Elisabeth Eybers.
- In samehang met die sentrale bundeltema is lyding een van die belangrikste deurlopende temas in die digter se oeuvre.
- Deur die analise en interpretasie van afsonderlik gedigte kan besondere aspekte van lyding in die poësie van Elisabeth Eybers blootgelê word.

5 AFBAKENING VAN STUDIETERREIN

Vir die doel van hierdie studie is al een-en-twintig digbundels van Elisabeth Eybers tot op hede, van *Belydenis in die skemering* (1936) tot *Winter-surplus* (1999), bestudeer. Die gedigte met lyding as tema is geïdentifiseer. Die omvangryke hoeveelheid gedigte wat die navorsing opgelewer het en die tematiese vervlegting, skep hulle eie probleme ten opsigte van 'n aanbiedingswyse. Dit vereis 'n keuse van aanbieding uit 'n aantal moontlikhede. Uit die navorsing het dit geblyk dat Elisabeth Eybers aspekte van die poësie in haar oeuvre tot tema maak. Deur hoofsaaklik gebruik te maak van die poëtikale gedigte is dit moontlik om aspekte van lyding soos dit verband hou met haar poësie, oor 'n breë spektrum aan te toon.

Die volgende werkswyse is gevolg:

- Kerngedigte wat 'n besondere lydingsaspek uitlig, is gekies vir volledige analise en interpretasie.
- Verwysing na tersaaklike gedeeltes in ander gedigte sorg vir vollediger toeligting.
- Kruisverwysings toon die verband tussen die voorkoms van 'n spesifieke aspek van lyding in verskillende gedigte aan.

6 METODE

Die studie val in vier hoofdele uiteen. Die eerste afdeling dien as inleiding. In die tweede afdeling word daar aandag gegee aan onderskeidelik, die relevante biografiese agtergrond van die digter en aspekte van lyding en poëtiese tegnieke wat deurlopend werksaam is in die verwoording van lyding as tema, word beredeneer na aanleiding van uitsprake van die digter self en besprekings daarvan in sekondêre literatuur. In hierdie afdeling word ook 'n verkenning gedoen van die tematiese ontwikkeling in die opeenvolgende bundels waar die resensies as resepsieverslae beskou word. Hierdie afdeling werk dus intertekstueel en is sterk resepsie-georiënteerd. Die deel van die studie is ook sterk histories ingestel.

In die derde afdeling word daar aan spesifieke gedigte aandag gegee om die poëtiese werkwyse ten opsigte van die lydingstematiek te ondersoek. Hier word hoofsaaklik van 'n semiotiese lees- en ontledingstrategie gebruik gemaak, met dien verstande dat dit altyd gaan om 'n bepaalde leser se invalshoek en resepsie van die tekste. Verder word die intertekstuele gesprek hier verder gevoer deur in gesprek te tree met ander lesings van die gedigte, uitsprake van die digter self en die biografiese agtergrond van afdeling een.

Daar sal in die besonder gekonsentreer word op die lydingstematiek ten opsigte van die poësie aangesien dit prominent in die oeuvre van Elisabeth Eybers voorkom en dus insig bied in aspekte van lyding soos wat sy dit in haar poësie verwoord. Hierdie tematiese vertrekpunt berus desnieteenstaande op 'n veronderstelling dat die poëtiese verwerking van tema tot gedig

'n onvermydelike fokus in die ondersoek is.

In die vierde afdeling word daar gepoog om tot 'n sintese te geraak ten opsigte van die lydingstematiek soos dit hom voordoen in die oeuvre van Elisabeth Eybers.

Daar word dus van verskeie teoretiese werkwyses gebruik gemaak om die tematiese ondersoek te verantwoord, maar die teorie is nie die hoofsaak nie en is hier instrument vir die verkenning van die oeuvre van Elisabeth Eybers as digter.

7 OPSET VAN DIE PROEFSKRIF

Die navorsingsuitkomste word aangebied in vier afdelings wat weer elkeen verdeel word in onderafdelings.

Afdeling I bestaan uit die volgende onderafdelings:

- Aanloop
- Probleemstelling
- Doelstelling
- Sentraal-teoretiese argumente
- Afbakening van studieterrein
- Metode
- Opset van die proefskrif

Afdeling II bestaan uit die volgende onderafdelings:

- Biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers en die verband met lyding
- Deurlopende lydingsaspekte en poëtiese tegnieke en die verband met lyding
- Die lydingstema en die bundeltemas

Afdeling III bestaan uit die volgende onderafdelings:

- Die verband tussen lyding en die gedig

Die verband tussen lyding, gedig en die leser

Die verband tussen lyding en die gediginhoud en –tema

Die verband tussen lyding, die gedig en die digterskap

Afdeling IV bestaan uit die volgende onderafdelings:

Samevatting: kernaspekte van lyding in die poësie van

Elisabeth Eybers

Slot

AFDELING II

In hierdie afdeling word onderskeidelik gekyk na Elisabeth Eybers se lewensloop en die plek wat lyding daarin inneem, na oorkoepelende aspekte van lyding en poëtiese tegnieke wat werksaam is in die verwoording van die lyding en hoe die lydingstema aansluit by die temas van die bundels. Inligting word verstrek en aspekte blootgelê wat 'n insig bied, of ter sake is by die bespreking van die lydingstema in die gedigte. Aangesien in hierdie afdeling onder andere gesteun word op die biografiese gegewens van die digter, bring dit die problematiek van biografiese feit en die literêre kunswerk ter sprake. Hierdie aspek van die poësie van Elisabeth Eybers is reeds beredeneer (vgl. Afd.I, 2).

Hambidge (1996:119-124) se bespreking van Ena Jansen se boek oor Elisabeth Eybers, *Afstand en verbinteniss: Elisabeth Eybers in Amsterdam* (1996) doen sy onder die opskrif: "Die Eybers agter die gedigte". Sy noem daarin dat die weerstand teen biografiese studies op die oomblik aan die verdwyn is en dat dit waarskynlik te doen het met die "nuutste ontwikkelinge in die teorie wat predik dat alles mag". Sy motiveer hierdie stelling soos volg: "Waar ons voorheen vertel is dat 'die mens agter die boek' 'n groot taboe is, word daar in moderne lesings alles bygebring wat kan help om die teks beter te verstaan".

Hierin verwys sy klaarblyklik na N. P. van Wyk Louw (1986:259) se tydskrifrubriek "Die "mens" agter die boek" van 16 Januarie 1953, gepubliseer in *Swaarte- en ligtepunte* (1958) en opgeneem in sy *Versamelde prosa I* (1986) waarin hy hom uitspreek oor die literêre teorie van die 19de eeu wat hy noem die psigologies-literêre beskouing. Louw (1986:266) maak beswaar teen die gebruik van biografiese inligting om die mens (skrywer/digter) agter die literêre kunswerk te leer ken en om die werk self te verklaar vanuit dit wat van die outeur bekend is. Daarteenoor stel hy die opvattinge dat die mens agter die werk nie met sekerheid te ken is nie, nie uit die werk self nie en nie op ander maniere nie, asook dat 'n kunswerk nie verklaar kan word uit enigiets behalwe sy eie struktuur nie. Louw (1986:271) se stelling hieroor is: "Die biografiese feit kan nooit 'n rol speel by die eerste groot taak van die literatuurbeskouing nie: die begryp van die werk as estetiese geheel". Hy stel dit verder dat die biografiese feit alleen nie 'n hulpmiddel kan wees tot letterkundige begrip, verklaring of

waardering nie (Louw, 1986:270).

Oor Louw se literatuurbeskouing lewer Jansen (1992:7) kommentaar in haar studie, *Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels 1962-1991* waaruit die boek *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam* (1996) gevolg het. Sy verleen instemming met Louw se uitspraak dat die begrip van die werk as estetiese geheel die taak van die literatuurstudie is. Sy spreek egter die mening uit dat 'n ekstreme teksgerigte benadering, in die geval onder meer van Elisabeth Eybers, belangrike poëtiese insigte soos verkry uit biografiese feite, verlore sal laat raak.

In die Afrikaanse literatuurbeskouing van die negentientagties, onder andere na die verskyning van die werk van die skrywer Koos Prinsloo wat die grens tussen fiksie en feit aan bod stel (vgl. Scheepers, 1997:7), word daar opnuut na die biografiese feit gekyk. Vanaf 1974 verskyn daar in Afrikaans biografiese studies, eers oor Eugène Marais (1974) deur Leon Rousseau en daarna oor N. P. van Wyk Louw (1998) deur J. C. Steyn. J. C. Kannemeyer lewer werke oor D. J. Opperman (1986), Peter Blum (1993), C. J. Langenhoven (1995), C. Louis Leipoldt (1999) en Uys Krige (2002).

In Grové (1995a:30) se bespreking van *Die enkel taak: die merkwaardige verwantskap tussen Elisabeth Eybers en Emily Dickenson* deur Lina Spies (1995), *Die gespitste binneblik: 'n opstel oor die poëtika van Elisabeth Eybers* deur J. C. Kannemeyer (1995) en *Uit en tuis: Afrikaanse verse uit Amsterdam* deur Ena Jansen (1995) laat hy hom uit oor die biografiese feit en die poësie. Hy wys op die heropening van die debat rondom die problematiek van "die mens agter die boek". Sy beskouing is dat die gedig érens in die lewenservaring van die digter wortel, maar die vraag is hoe die ervaring poësie geword het. Volgens hom bestaan die moontlikheid dat die gevormde entiteit wat die gedig is, ontvorm kan word tot dokument om 'n bepaalde doel te dien.

Dit is nie die onderwerp van hierdie studie om na die biografie in en om die teks te kyk nie. Die standpunt word egter gehuldig, in ooreenstemming met Jansen, dat biografiese feite belangrike aspekte van die poësie van Elisabeth Eybers kan belig en dus kan meewerk tot

insig in die gedigte.

Die verband werklikheid en gedig in Elisabeth Eybers se oeuvre is reeds in oënskou geneem. Erkenning word verleen aan Elisabeth Eybers se persoonlike siening daaroor. In *Bestand* (1982) skryf sy:

Afkerig van die skamel werklikheid
skommel sy woorde om in 'n plan te pas
wat grillig uit geheuedwarreling stol,
kalfater dit dan op met fantasie
en lê dit vlug in rym en ritme vas,
te lugtig, lyk dit, vir 'n toekomsrol.

Die klein gedig het wortels afgesweer
om in 'n eie dampkring weg te gly.
("Dichtung und Wahrheit". *Bestand*, 1982:22)

Volgens Hennipman (1975:20) koester Elisabeth Eybers die verwagting dat die leser haar gedigte los van die min of meer duidelike biografiese verwysings sal beskou, hoewel sy self toegee dat 'n insig in die persoonlike agtergrond tot 'n dieper begrip van haar poësie kan bydra.

In sy werk oor die poëtika van Elisabeth Eybers verwys Kannemeyer (1995a:45) meer spesifiek na die bydrae wat persoonlike gegewens tot begrip van die gedig kan lewer. Volgens hom kan die biografiese besonderhede die ervaring van 'n teks binne 'n konkrete raamwerk plaas en 'n bewustheid skep van sekere struktuurlyne wat daarsonder nie moontlik sal wees nie. Buite die teks om kan dit die beleving van die literatuur van 'n bepaalde kunstenaar verruim en op dié wyse ook die ervaring van afsonderlike tekste verdiep. Om die rede vorm die eerste deel van hierdie afdeling oor die biografiese feite oor Elisabeth Eybers deel van hierdie studie oor aspekte van lyding soos wat dit in haar oeuvre voorkom. Die biografiese gegewens wat verstrekk word, word afgespits op aspekte van lyding in die lewe van Elisabeth Eybers as mens en digter.

Biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers asook gegewens oor haar poësie is onder andere

vervat in *Digters van Dertig* (1953) deur D. J. Opperman, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1978) deur J. C. Kannemeyer en *Perspektief & profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis I* onder redaksie van H. P. van Coller (1998). In die bundel *Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag* (1975) werp M. A. Bax-Botha in 'n artikel "Elisabeth Eybers in Nederland" en P. Hennipman in "De dichteres en haar werk", asook die werk van Ena Jansen, *Afstand en verbintenis: Elisabeth Eybers in Amsterdam* (1996) 'n blik op Elisabeth Eybers se lewe en werk sedert sy in Amsterdam woon. In laasgenoemde werk word ook verskeie onderhoude wat in Nederland met Elisabeth Eybers gevoer is, vervat. Dit is veral in die onderhoud met haar gevoer deur T. Lieske en W. Otten in 1989 en opgeneem in *Tirade* (1990), waarin sy met groter openhartigheid oor haar lewe en haar werk praat en ook die verband tussen lyding, die lewe en die digkuns in groter mate bloot lê. Haar "dankwoord" ter erkenning van die ontvangs van die P. C. Hooft-prys is gepubliseer in *Teësprak* (1991). In 1963 bied sy 'n voorlesing van haar werk aan waarin sy ter inleiding, soos Spies (1975:113) dit stel, op "virtuose wyse" haar "insig in haar eie vakmanskap; in wat sy sê, hoe sy dit sê, en waarom sy dit sê", illustreer. Elisabeth Eybers lewer self 'n bydrae tot die bundel *My jeugland: herinneringe van Afrikaanse skrywers* (1953) saamgestel deur C. M. van den Heever. Hierdie biografiese skets is opgeneem in *Herinnering se wei: Afrikaanse skrywers oor hulle jeug*, saamgestel deur B. Smit (1977).

Hoewel Elisabeth Eybers uitsprake oor haar werk grootliks vermy (vgl. Eybers, 1963b), spreek sy haar dus tog oor die jare 'n aantal kere uit oor haar poësie en oor haar lewe. Daaruit is af te lei dat sy self die keuse maak wat sy openbaar maak of nie. Al die bronne, maar veral haar eie bydrae bied nie alleen 'n blik op haar lewe nie, maar ook insigte ten opsigte van haar poësiepraktyk en haar poësie en hoe die lyding deel is daarvan. Die literêre kritiek sluit hierby aan en toon aan hoe die lydingstema by ontvangs van haar bundels aandag geniet.

1 BIOGRAFIESE GEGEWENS OOR ELISABETH EYBERS EN DIE VERBAND MET LYDING

Dit val veral in Elisabeth Eybers se latere onderhoude op dat sy haar oor lyding en haar lewe

duidelik uitspreek. Deur tydperke van lyding in haar lewe en lydingsvolle gebeurtenisse openbaar te maak, kan 'n mens aanneem dat sy dit belangrik ag om mee te deel.

Hierdie deel is 'n oorsig oor haar lewe met die fokus op lyding. Dit plaas die tekste in 'n konkrete raamwerk soos Kannemeyer (1995a:45) uitwys en werp lig op die bundeltemas en die ontstaanstyd daarvan. Van groter belang egter is die perspektief wat dit verleen aan vorme van lyding wat in die verskillende bundels en in die afsonderlike gedigte verwoord word.

Elisabeth Françoise Eybers is gebore op 26 Februarie 1915 in Klerksdorp en het opgegroeï op Schweizer-Reneke in die destydse Wes-Transvaal waar haar vader, dr. John Eybers, vanaf 1916 tot 1945 predikant van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk was. Elisabeth Eybers (1977d:23) verwys na haar kinderjare as in baie opsigte die gelukkigste tydperk van haar lewe, 'n tydperk wat in haar herinnering lewendig bly en daarom nooit verlore sal gaan nie. Dit is dan ook opvallend dat sy telkens self, wanneer sy oor haar lewe uitwei, meer besonderhede verstrek oor haar kindertyd. Sy maak ook melding van haar "bewussyn" dat haar kinderjare die "belangrikste en deurslaggewendste periode" van haar lewe was.

Sy is die middelste van drie dogters. Volgens Elisabeth Eybers (1977d:33) was die oudste suster, Marianne, die een waarop almal trots was en wat as voorbeeld voorgehou is aan haar en die jonger suster, Jeanette, met wie sy meer gemeen gehad en meer gedeel het. Volgens haar het sy met beide haar ouers in 'n besondere verhouding gestaan. Omdat daar geen seun in die gesin was nie het sy groot geword in, wat sy noem, 'n vrouegesin. Haar moeder, Elisabeth Susanna le Roux, was voor haar huwelik hoof van die Oranje Meisieskool in Bloemfontein (Opperman, 1953:353) en 'n toonaangewende en besluitnemende vrou. So het sy geleer dat dit nie iets minderwaardigs was om nie 'n man te wees nie. Sy noem dit as moontlike rede waarom sy nie feministies is nie (Lieske, *et al*, 1990:12). Dat daar geen seun in die gesin was nie, het ook daartoe gelei dat die dogters saam met die vader allerlei take verrig het (Eybers, 1977d:26).

Uit die onderhoud met Lieske en Otten (1990:11) is dit duidelik dat daar 'n besondere band

tussen haar en haar vader was. Sy sê: "Ik was erg gesteld op mijn vader". Sy roep hom in herinnering as student (Spies, 1995a:77). Haar vader promoveer aan die Vrije Universiteit van Amsterdam met die proefskrif *Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (Opperman, 1953:352). Van hom onthou sy sy goedontwikkelde taalgevoel en dat hy suiwer en die mooiste Afrikaans gepraat het (Lieske, *et al*, 1990:8). In die 1989-onderhoud verwys sy na hom as 'n gelowige (Lieske, *et al*, 1990:10) vir wie die geloof 'n teken van opregtheid en integriteit was en vir wie die hoop op 'n hiernamaals 'n werklikheid was (Jansen, 1996:125). Sy noem ook dat haar hele emosionele agtergrond verbonde was met die kerk (Lieske, *et al*, 1990:11). Van haar moeder sê Elisabeth Eybers dat sy nie goed kon begryp wat haar moeder geglo het nie en dat sy nie gedink het dat die geloof by haar 'n diep oortuiging was nie, hoewel sy haar soos 'n lojale domineesvrou gedra het (Jansen, 1996:125).

Hoewel Elisabeth Eybers se vader letterkundige belangstelling gehad het en gehou het van Chesterton, Thackeray en Dickens (Opperman, 1953:352) was dit van haar moeder, wat dikwels voorgelees het uit die werk van Elisabeth Barret Browning, Robert Browning, Shakespeare, Whitman, die Bröntes en Tennyson (Opperman, 1953:353), wat sy die liefde vir die digkuns gekry het (Lieske, *et al*, 1990:6).

Deur haar vader op huisbesoek te vergesel, het die jong Elisabeth kennis gemaak met die Wes-Transvaalse landskap (Opperman, 1953:351). Dit is egter die pastorietuin waarna sy verwys as 'n "oase" in die Wes-Transvaal. Hier kon sy 'n skuilplek vir afsondering vind. In haar dagdrome het sy as kind vir haarself die lewe wat vir haar voorlê as merkwaardig, nooit saai of alledaags nie, maar vol "allerlei avonture" voorgestel (Eybers, 1977d:23, 27). Hoe van deurslaggewende belang Elisabeth Eybers dié drome ag, spreek uit haar woorde dat die mens se "drome (soos dié van almal) ... die stempel en sleutel van sy lot (bly): al word hulle nie in 'n enkele opsig letterlik bewaarheid nie, bepaal hulle, meer as enige uiterlike omstandighede, sy latere lewensgang" (Eybers, 1977d:24).

In die pastorie-omgewing waar die kerk, volgens haar, omtrent in die agterplaas gestaan het en die ouers die "rol van goedgesinde en alwyse despote gespeel het" (Eybers, 1977d:26), het

Elisabeth Eybers ook bewus geword daarvan dat daar dinge was wat haar as pastoriekind van ander kinders onderskei het. Ten spyte daarvan dat sy later beseft het dat haar ouers opreg gewild en gerespekteer was deur die oorgrote meerderheid van hulle gemeentelede, was die kritiek wat hulle as predikantspaar tog ook moes verduur vir die dogter, Elisabeth, 'n bron van leed. Soos sy dit stel, was dit "een van die faktore wat my pynlik skaam en in-my-dop-gekreup gemaak het". Sy verwys na haar eerste skooljare as "vervelig en dikwels ongelukkig". Haar hoërskooljare het sy egter geniet (Eybers, 1977d:31, 32).

Op dertienjarige ouderdom word haar skryftalent ontdek (Eybers, 1977d:32) deur haar onderwyser in Engels, Lionel Bennet. Sy is deur die Engelse poësie, en sy noem Tennyson, en die Nederlandse digters Kloos en Perk geïnspireer en het ook Afrikaanse gedigte gelees (Lieske, *et al*, 1990:4). Op skool begin Elisabeth Eybers reeds gedigte skryf, eers in Engels en daarna ook in Afrikaans.

Op sestienjarige ouderdom het sy aan die Universiteit van die Witwatersrand in Johannesburg gaan studeer waar sy die graad B.A. met Afrikaans en Engels as hoofvakke, en in 1937 die graad B.A.Hons. met 'n skripsie, "Die ontwikkeling van individualisme in die Afrikaanse liriek", verwerf het (Jansen, 1992:9).

Sy beskryf die oorpasing van die platteland na die stad en die aanpassing en die heimwee as iets wat haar "letterlik siek gemaak het" na "liggaam en gees". Soos sy dit noem, het haar eerste verse wat gebundel is uit die "pynlike konflikte" van dié "periode van aanpassing" ontstaan (Lieske, *et al*, 1990:16).

Gedurende haar studentejare het sy ook kennis gemaak met studente "wat heeltemal onverskillig staan teenoor die godsdiens – Freudiane, ateïste" (Opperman, 1953:360). Hy noem dit dat Elisabeth Eybers haar met 'n oop gemoed aan hierdie beskouings oorgegee het wat daartoe gelei het dat daar by haar 'n "soeke na helderheid en na God" ontstaan het. Die gedigte geskryf gedurende hierdie periode is in 1936 gepubliseer in die bundel *Belydenis in die skemering*.

Na voltooiing van haar studie was sy redaksielid, volgens Elisabeth Eybers self (Lieske, *et al*, 1990:14) van *Die Vaderland*. In 1937 het sy in die huwelik getree met die later bekende sakeman, dr. A. J. J. Wessels en word die moeder van drie dogters en 'n seun. Gedurende haar huwelik het sy in Johannesburg gewoon en verskyn *Die stil avontuur* (1939), *Die vrou en ander verse* (1945), *Die ander dors* (1946), *Tussensang* (1950), *Die helder halfjaar* (1956) en *Neerslag* (1958).

Sonder dat Elisabeth Eybers 'n jaartal verstrekk, was dit in die tydperk van haar huwelik waarin haar breuk met die godsdiens 'n werklikheid geword het en dat daar ten opsigte hiervan, verwydering tussen haar en haar vader ontstaan het (Lieske, *et al*, 1990:11). Sy meld spesifiek dat haar prysgawe van die geloof vir hom, sowel as vir haar, 'n bron van verdriet was. Haar uitspraak hieroor is: "Dat proses van niet meer geloven was moeilik, dat was pijnlik" (Lieske, *et al*, 1990:10). Oor die digkuns het hulle ook verskil. Volgens Elisabeth Eybers was haar vader se oortuiging dat sy haar talent ter ere van die "Allerhoogste" moes aanwend (Lieske, *et al*, 1990:10) en hy kon nie begryp dat sy oor sulke "intieme" dinge kon skryf nie (Lieske, *et al*, 1990:7).

Na haar egskeiding in 1961 maak sy haar tuiste in Amsterdam, ook omdat die Nederlandse uitgewer Van Oorschot in 1957 'n bundel van haar, *Versamelde gedigte*, uitgegee het en omdat *Neerslag* in 1958 gelyktydig in Suid-Afrika en Nederland verskyn het. Hierdie vlugpoging, soos sy dit noem, het 'n permanente verblyf in Nederland geword (Lieske, *et al*, 1990:18). Volgens Elisabeth Eybers was hierdie 'n ongelukkige tydperk in haar lewe as gevolg van persoonlike omstandighede en ook vanweë haar moeilike aanpassing in Nederland (Lieske, *et al*, 1990:18, 19).

In die letterkundige kritiek word na die bundels wat na 1961 verskyn het, verwys as haar "Nederlandse" bundels (vgl. onder andere Jansen, 1992) hoewel Elisabeth Eybers in Afrikaans bly skryf. In 1962 word *Balans*, 'n bundel wat deels in Suid-Afrika ontstaan het (Jansen, 1992:15), gepubliseer. Sedert *Neerslag* word al haar bundels terselfdertyd in Suid-Afrika en Nederland uitgegee (Jansen, 1992:14).

Vir haar letterkundige werk is Elisabeth Eybers in sowel Suid-Afrika as Nederland vereer. In 1943 ontvang sy die Hertzogprys vir *Belydenis in die skemering* (1936) en *Die stil avontuur* (1939) en in 1971 vir die bundel *Onderdak* (1968). Sy ontvang die CNA-prys in 1973, 1977 en 1982 onderskeidelik vir *Kruis of munt* (1973), *Einder* (1977) en *Bestand* (1982). Vir die laasgenoemde twee bundels is die W. A. Hofmeyr-prys onderskeidelik in 1978 en 1983 ook aan haar toegeken. Vir *Bestand* ontvang sy in 1983 ook die Louis Luyt-prys. Vir *Rymdwang* (1987) is sy in 1989 en vir *Respyt* (1993) in 1994 vereer met die Ou Mutual-letterkundeprys. In 1997 ontvang sy die FAK se Prestigieprys vir poësie.

In Nederland is die Gorter-prys in 1975 vir *Kruis of munt* (1973) aan haar toegeken, in 1978 die Constantijn Huygens-prys vir haar oeuvre en in 1990 die Querido-prys. In 1991 ontvang sy die hoogste literêre toekening in Nederlands, die P. C. Hooft-prys, vir haar oeuvre waarby ook *Noodluik* (1989) ingesluit was. Daarna publiseer Elisabeth Eybers die geleentheidsbundel *Teësprak* (1991), *Respyt* (1993) en *Nuweling* (1994). In 1996 verskyn *Tydverdryf/Pastime, Verbruikerverse/Consumer's verse* in 1997 en in 1999 publiseer sy *Winter-surplus*, bundels waarvan sy self albei weergawes, beide in Afrikaans en Engels geskryf het (De Bruijn, 1996:3). Twee versamelbundels van haar werk verskyn in 1957 en 1990 en in 1985 is van haar gedigte opgeneem in 'n bloemlesing, *Gedichten: een keuze uit eigen werk door Elisabeth Eybers, F. Harmsen van Beek, Nanny Michaelis, Judith Herzberg, Annie M. G. Schmidt, M. Vasalis*. In 1995 publiseer Ena Jansen en Hans Ester 'n bloemlesing van haar gedigte, *Uit en tuis: Afrikaanse verse uit Amsterdam*.

Met Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag is 'n huldigingsbundel, *Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag* (1975) saamgestel deur M. Nienaber-Luitingh, gepubliseer. In 1990 met die digter se vyf en sewentigste verjaardag, verskyn *Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers* onder redaksie van Hans Ester en Ernst Lindenberg. Met Elisabeth Eybers se tagtigste verjaardag (1995) publiseer Lina Spies *Die enkel taak: die merkwaardige verwantskap tussen Elisabeth Eybers en Emily Dickenson* en J. C. Kannemeyer *Die gespitte binneblik: 'n opstel oor die poëtika van Elisabeth Eybers*. In 1996 publiseer Ena Jansen, in Afrikaans, die boek, *Afstand en verbinteniss: Elisabeth Eybers in Amsterdam*, wat sy aan die digter opdra. Die boek

verskyn ook in Nederlands.

Vir haar bydrae tot die Afrikaanse letterkunde is sy in 1972 deur die Universiteit van die Witwatersrand, in 1979 deur die Randse Afrikaanse Universiteit, in 1982 deur die Universiteit van Pretoria en in 1990 deur die Universiteit van Stellenbosch vereer met 'n eredoktorsgraad (Jansen, 1992:17).

Buiten biografiese gegewens uit ander bronne, bied Elisabeth Eybers self 'n blik op 'n lang lewensloop en lyding soos dit op 'n besondere stadium vir haar 'n werklikheid was.

2 DEURLOPENDE LYDINGSASPEKTE EN POËTIESE TEGNIEKE EN DIE VERBAND MET LYDING

Elisabeth Eybers verwys in uitsprake, in gesprekke en onderhoude asook in haar gedigte na die verhouding tussen lyding en haar poësie. Kannemeyer (1995a:19) noem die waarde wat haar uitsprake oor haar digterskap en oor haar poësie het. Hy praat van haar verseksterne poëtikale uitsprake wat aspekte van haar poësie ontsluit en wat dien as wegwysers na haar digterlike praktyk. Hy wys onder meer daarop dat dit belangrike sleutels tot haar poësiepraktyk bied. In haar uitsprake is daar spesifieke verwysing na lyding en haar digterskap en lyding en haar poësie. In hierdie onderafdeling word gekyk na aspekte wat oorkoepelend ten opsigte van lyding Elisabeth Eybers se digterskap ontsluit en wat as sleutels dien tot afsonderlike gedigte, asook poëtiese tegnieke wat aangewend word in die verwoording van lyding soos sy dit self sien. Die outentisiteit van die inligting is wesenlik. Daarom word Elisabeth Eybers se uitsprake deurlopend aangehaal en dan ondersteun deur gegewens uit sekondêre bronne. Waar nodig word enkele gedigaanhalings gebruik.

Die aspekte wat bespreek word, is die verband tussen lyding en die digkuns, watter lydingsaspekte as rede dien vir die digkuns en watter lydingsaspekte deur die digterskap self meegebring word. 'n Bespreking volg oor die poëtiese tegnieke wat Elisabeth Eybers aanwend in die verwoording van lyding. Wanneer daar oor die poësie van Elisabeth Eybers en lyding gepraat word, kom die rol van die liefde ter sprake. Die estetiese as 'n vorm van

volmaaktheid en die suiwering en die deurdring tot die kern van dinge verg 'n afsonderlike bespreking. Dit kan eintlik gesê word dat, sover dit die poësie van Elisabeth Eybers aangaan, lyding en geluk keersye van dieselfde munt is. Daarom verdien die verhouding lyding en geluk aandag. Dit moet in gedagte gehou word dat die aspekte wat hier bespreek word aan die kern lê van die lydingstema in die digter se poësie. Die besondere lydingsaspekte kom by die bespreking van die gedigte in die volgende afdeling aan die orde.

2.1 DIE DIGKUNS EN LYDING

Uit Elisabeth Eybers se uitsprake is die verband tussen die werklikheid van lyding en haar digterskap en digkuns duidelik. Vervolgens word daar aandag gegee aan die motivering wat van lyding uitgaan vir die skryf van poësie en dat lyding vir die digter 'n rol speel by die ontstaan van 'n gedig asook dat deur die poësie sin te maak is uit lyding.

2.1.1 LYDING AS MOTIVERING VIR DIE SKEPPING VAN DIE GEDIG

Waar Elisabeth Eybers se poësie handel met lyding as 'n onderwerp, staan haar digkuns as sodanig in verband met die belewing van lyding. Sy wys op sekere tye waarin sy leed ervaar het en die verband wat dit het met haar digterskap.

Vir haar is lyding 'n belangrike motivering vir die skryf van gedigte. Dit hang ten nouste saam met die singewingsdoel soos wat sy dit self ten opsigte van haar poësie stel. Op die vraag (Lieske, *et al*, 1990:31) "Is uiteindelik ieder gedicht het gevolg van pijn?" antwoord die digter: "Zonder pijn zal er weinig motivering zijn". Sy gee ook haar siening: "je moet natuurlijk flink ongelukkig zijn voor je zoiets... voor je zover komt dat je gedichten gaat schrijven" (Lieske, *et al*, 1990:16). Sy wys daarop dat die moeilike aanpassing by die studenteleeu in Johannesburg die stimulus was vir die ontstaan van haar eerste digbundeel: "In die pynlike aanpassingsproses het ek my toevlug geneem tot boeke en dagdromery en poësie" (Eybers, 1963a). Sy maak die bekentenis: "De meeste gedichten heb ik gemaakt na het kinderen krijgen en in de tyd dat ek onzettend ongelukkig was" (Lieske, *et al*, 1990:22). Na aanleiding van eersgenoemde sê sy: "De sensasie van herboren worden na pijn ... is zeker

wel de belangrikste ervaring van mijn leven ... vruchtbare pijn" (Lieske, *et al*, 1990:32). Volgens haar is dit ook ter sake by die poësie. Ook die ongelukkigheid wat die mislukking van haar huwelik en haar verhuising na Nederland meegebring het, beskou sy as voordelig vir haar digkuns. Daaroor sê sy dat die feit dat sy aan die begin van haar verblyf in Nederland so ongelukkig was, vir haar poësie goed was, omdat sy vir haarself begin rekenskap gee het van haar posisie. Nie alleen het sy meer begin skryf nie, maar dit het ook meer begin gaan oor die essensiële, feitelike dinge (Jansen, 1996:131, 132).

2.1.2 LYDING AS ONTSTAANSPUNT VAN DIE GEDIG

Elisabeth Eybers erken dat lyding vir haar 'n keerpunt het. Volgens die digter self is daar 'n bereiking van die versadigingsmoment binne pyn. In *Kruis of munt* (1973) skryf sy:

Eens in 'n etmaal nog áltyd
die nulpunt van wanhoop. Totaal
oorrompel en onbereid
sink jy tewel jou bloed
wegtreger en langsaamaan
weer opstoot. Jy weet dit gaan
vanself wel weer oor, jy vermoed
dit gaan oor tot die volgende maal,
en later – dit weet jy – vir goed,
as die afgrond jou agterhaal
en invou teen eb en vloed.

("Gety". *Kruis of munt*, 1975b:15)

Die tydstop is dikwels die ontstaanspunt van 'n gedig. Lieske en Otten (1990:31) verwys na 'n deel uit die gedig "Pietà" uit *Neerslag* (Eybers 1975c:46): "elke groot pyn bring die stilte, peilloos van versadiging" en vra of dit die versadigingspunt en dan die ontstaanspunt van die gedig is. Daarop antwoord die digter bevestigend en roer ook daarmee ander sake aan: "Er gaat natuurlik een zekere vergeestelijkende werking van pijn uit ... Het lijkt daarmee op geluk, je wordt je er zo intens bewust van dat je leeft. Het verlost je van de saaiheid van de alledaagsheid. Het opent deuren. Naar andere gebieden, en het brengt je natuurlik op een intensere manier in contact met anderen". By implikasie bring sy hier geluk, 'n lewensgerigte ingesteldheid, die verhouding met die medemens en waar dit die digkuns aangaan, ook die

leser ter sprake.

2.1.3 DIE DIGKUNS EN SINGEWING

'n Mens leer uit lyding, sê Elisabeth Eybers aan Lieske en Otten (1990:31) op die vraag of 'n mens uit pyn leer en beklemtoon weereens die sin van lewenslyding as sy antwoord dat 'n mens jouself die vraag afvra wat die sin daarvan is. In *Balans* (1962) stel sy dit so:

Hóé tyd sy roede oor my hou
 bly ek nog wars van wat verward
 en sinloos strengel
 ("Pantograaf". *Balans*, 1977a:7)

Elisabeth Eybers sluit hiermee aan by wat sy reeds in 1963 ten opsigte van lyding en die gedig sê – dat dit 'n persoonlike rekenskap is, 'n probleemoplossingspoging en singewingsproses, 'n tot 'n vergelyk kom met lewensleed. Die aspek van haar digkuns lig sy telkens uit, maar in haar poësie is die gedig meer as net 'n middel tot singewing aan persoonlike lydingsomstandighede, of die betekenis wat dit ten opsigte van lyding vir die leser inhou. Die skryf van die gedig self het iets pynliks daaromtrent. Op 'n vraag daaroor deur Lieske en Otten (1990:32) antwoord Elisabeth Eybers: "Het is een kwelling, ja... En daarna is er diezelfde verzadiging, kun je zeggen". Volgens die digter veroorsaak die gedig probleme en los dit self ook weer op (Lieske, *et al*, 1990:25).

Volgens Spies (1989:43) is Elisabeth Eybers die digter van die "menslike kondisie" en die "menslike staat of bestaan word essensieel gekenmerk deur 'n gemis en aldus die verlange". Verder noem sy dat die digkuns ten laaste ook vir Elisabeth Eybers "besondere en diepmenslike betekenis" inhou. In die gedig "slaan menslike ontoereikendheid oor in menslike vervulling. Die digter is aldus die begunstigde, want die poësie vergoed wat in die lewe onvolmaak is; menslike tekort en ontoereikendheid". Met hierdie verwysing word daar aan gesluit by die oorsake van lyding soos wat dit in sy onderskeie vorme in Elisabeth Eybers se poësie aangetref word.

2.2 DIE OORSAKE VAN LYDING

In Elisabeth Eybers se poësie is daar 'n aantal aspekte wat ten grondslag lê aan lyding ongeag watter besondere oorsake van lyding sy in haar gedigte verwoord. Die onvolmaakte werklikheid is hier die belangrikste, en die kortstondigheid van die lewe en sekerheid van die dood. Aan beide die werklikheid soos sy dit verwoord en die verhouding lewe en dood verbind sy 'n opvatting oor die religie. Haar poësie weerspieël egter nie 'n weerloosheid teen lyding nie en 'n aantal verweermiddels word bewus aangewend teen die aanslag van lewensleed.

2.2.1 DIE ONVOLMAAKTE WERKLIKHEID

In 'n radiopraatjie gelewer in 1949 sê Elisabeth Eybers (1978b:106) "As 'n mens baie jonk is ontstaan jou verse gewoonlik meer regstreeks uit eie emosionele ervaring; hoe ouer jy word, des te meer word hulle gekleur deur waarneming en bepeinsing van die lewe in die algemeen". Reg deur haar oeuvre is haar poësie egter wel gemoed met die onvolmaakte werklikheid. Lieske en Otten (1990:25) wys daarop dat Elisabeth Eybers by voorkeur skryf oor die dinge wat die lewe so onvolmaak maak, dat sy as 't ware spesialiseer in die onvolmaaktheid. Sy vereenselwig haar met die siening en gee as rede: "De neiging om poëzie te maken hangt samen met een soort drang naar een of andere vorm van volmaaktheid... het leven is zo verre van volmaakt". Sy gebruik hier die woord volmaaktheid, maar in haar poësie kom dit ook voor in die kontras: volkome-onvolkome en vervuld-onvervuld. Reeds in 1963 wys Elisabeth Eybers (1978b:107) op hierdie aspek van haar digkuns as sy sê dat die digter streef na 'n soort van volmaaktheid op eie voorwaardes, nie die van ander nie. In haar antwoord aan Lieske en Otten (1990:25) keer sy weer terug na die singewingspek van haar poësie waarmee sy bevestig dat lyding onlosmaaklik deel is van die onvolmaaktheid van die lewe as sy sê: "Zou het iets met bezweren te maken hebben? Als je iets onder woorden kunt brengen, dan krijgt je er tot 'n mate ook kracht van, dan ben je daar een beetje de baas van geraakt". In 'n gedig in die bundel *Nuweling* (1994) verwoord Elisabeth Eybers dit op die volgende wyse:

Niks is ooit volmaak
 niks is tydbestendig
 alles is net-nie-raak
 bedrieglik of onbeendig ...

Tog, terwyl bogenoemde
 gewaarwording binnedring
 hoor jy veraf die geroemde
 meeslepende stemme sing

en soms word 'n silwer klank,
 pirotegniek van taal,
 toeganklikheid, reeds afgedank,
 uit ongenade gehaal

ten einde op eerste gesig
 ligsinnig te pryk as gedig.
 ("Snelrym". *Nuweling*, 1994:20)

'n Mens kry egter in haar poësie geen eensydige blik op die lewe nie. Pretorius (1975:83) wys op 'n belangrike aspek van Elisabeth Eybers se digterskap, naamlik dat sy in teenoorgesteldes dink. Haar oeuvre word gekenmerk deur die saamdink van teenstellings en in die verwoording van lyding vervul die bewuswees van die kontrasterende werklikheid 'n belangrike funksie. Pretorius (1975:83, 85, 86) stel dit dat daar vir Elisabeth Eybers 'n volgehoue strewe is om die ekwilibrium tussen die teengesteldes te bewerkstellig, om hulle as alternatiewe te aanvaar, om dit wat onversoenbaar is met mekaar te versoen – in taal en in daad. Ten opsigte van die digkuns sê sy dat daar in die kuns die versoenende krag tussen uiterstes bestaan. Die onderstaande voorbeeld kom voor in *Kruis of munt* (1973).

... Enkeles beskou,
 gesout raak deur blootstelling op die duur
 verkieslik bo verbitter (of versuur).
 ("Alternatief". *Kruis of munt*, 1975b:19)

2.2.2 RELIGIE

As belangrike invloed wat gelei het tot die konflik tussen die onvolmaakte werklikheid en die soeke na die volmaakte wys Elisabeth Eybers haar Calvinistiese opvoeding, die Calvinisme

en die Christelike geloof uit, wat nadruk lê op volmaaktheid en duursaamheid. Haar kommentaar op die oordrewe waarde wat aan duursaamheid geheg word, is dat alles wat waardevol is "akelig ewig (moet) zijn" (Lieske, et al, 1990:25). As uitvloeisel hiervan verwys Elisabeth Eybers self na die "ewigdurende kortstondigheid" as een van die essensiële aspekte van menswees waarop daar in haar poësie 'n blik gewerp word (Jansen, 1996:148). Ten opsigte van volmaaktheid en duursaamheid en die digkuns sê sy: "En dat bestaan dus niet, in werkelijkheid. Je heb altyd dat gemis. Het leven wordt op alle gebieden vanzelf een mishukking, dus als je dan kunt zeggen: verzen maken kan ik wel..." (Lieske, et al, 1990:25). Sy skryf in *Neerslag* (1958):

'n Sombere vrou omhels die smal biegraam
selfkruisigend op soek na sielrus
en bo haar hoof brand heerlijk, ongeblus
ná driekwartduisend jaar, die kleureraam.

Vergeef my onbegrip, ook ek is vrou
en glo die kunstenaar, nie die priester, het
iets uit die paradys vir my gered:
elkeen bly aan haar eie nood getrou.

("In die domkerk". *Neerslag*, 1975c:26)

2.2.3 LEWE-DOOD

As deel van die kontraste wat in Elisabeth Eybers se poësie uitgewerk word, is die bewuswees van die twee werklikhede: lewe-dood. In *Dryfsand* (1985) skryf sy:

Klein teenslae en groot sloomheid — force majeure:
die afspraak by geboorte word van krag
en hoe moet jy jou nou teen hom verweer
wat al die jare op jou toenadering wag...

Hoe onverbiddelik en stereotiep
staan hy geplant, die benerige komiek,
sodra jy in sy buurt kom buig hy diep
en swyg die onhanteerbare paniek.

("Force majeure". *Dryfsand*, 1985:17)

In haar uitsprake dui sy aan dat haar beskouing oor lewe en dood ook verband hou met die Calvinistiese geloof en dat sy, soos Spies (1995a:10, 18) dit stel, as gevolg van haar weersin in die Calvinisme haar na die aarde gekeer het wat van haar die lewensliefhebber gemaak het, weg van 'n, volgens haar beskouing, onbekende lewe na die dood (Jansen, 1996:162). Sy sê dat dit moeilik is om 'n voorstelling te maak daarvan om nie meer te bestaan nie en dat die idee van doodgaan dikwels angswekkend is, maar dat die dood ook deel is van die geheel wat die lewe interessant maak (Jansen, 1996:162, 164, 165). Volgens Elisabeth Eybers sou daar geen skryf van poësie gewees het sonder die bewuswees van die kortstondigheid van die lewe en die sekerheid van die dood nie (Jansen, 1996:163). Nie alleen is Elisabeth Eybers die lewensliefhebber nie, maar Spies (1989:43) wys daarop dat die lewe wen aan intensiteit in die uitdagende konfrontasie van die altyd bedreigende teenpool daarvan, die dood. Sy konfronteer die dood met die skryf van die gedig as bevestiging van die lewe.

2.3 DIE DIGTERSKAP EN LYDING

Al los die gedig self probleme op, skep die digterskap sy eie probleme (vgl. Lieske, *et al*, 1990:25). Die digter mag die begunstigde wees, maar van die begin af en reg deur haar oeuvre spreek Elisabeth Eybers se poësie van die digter as enkeling en van die eensaamheid wat dit meebring. Die digterskap laat ook sy invloed geld op die verhoudinge met mense met wie die digter in 'n verhouding staan. Daaruit vloei 'n konflik voort tussen afsondering en gemeensaamheid wat Elisabeth Eybers ten opsigte van haar poësie verbind aan die dualiteit in haar persoon. Dit lê ten grondslag aan die kontraswerking wat neerslag vind in haar poësie. Maar soos reeds genoem, is dit weereens die poësie self waarin die teenwig hierteen geleë is.

2.3.1 DIE EENSAAMHEID VAN DIE DIGTER

Elisabeth Eybers (1978b:107) sê dat 'n digter dikwels aan die asosiale kenmerke van introversie en onsolidariteit ly en beskryf haarself as min of meer eensaam van aard (Jansen, 1996:140). Een van die eise wat die digterskap stel, is afsondering. Sy noem spesifiek dat die digter 'n behoefte het aan 'n mate van afsondering en geneig is om alles te wantrou wat daardie afsondering bedreig. Die afsondering is nodig vir die digter om sy innerlike opdrag,

die skryf van poësie, uit te voer (Eybers, 1991:21, 22). Uit haar poësie is af te lei dat sy haar, soos Spies (1975:95) ook aantoon, vereenselwig met die "groot eensames – veral vroue wat die verdriet van onvervulde verlangens, die treur om iets onbereikbaars, geken het". Elisabeth Eybers wy in *Die ander dors* (1946) 'n gedig aan die digter Emily Dickinson, een van dié eensames.

Haar wete, ons vir ons gepuur uit pyn,
kon sy nie opweeg teen die wysheid wat
verhandelbaar en goedkoop is en glad:
later het sy nie meer op straat verskyn.

Die jare het niks van buite af ingebring;
die smal, intense liefde van 'n vrou
waarvoor geen afset was het sy behou:
wonder, verlatenheid en duiseling.

Haar eensaamheid was geen verskansing maar
'n stygende stoutmoedigheid 'n swewe
om deur die raamwerk van die heelal te staar;

deur donker skagte het sy afgedaal
tot diepverborge bronne om die lewe
kristalsgewyse, helder, op te haal.

("Emily Dickinson". *Die ander dors*, 1977b:18)

In haar vergelykende studie tussen Elisabeth Eybers en Emily Dickinson wys Spies (1995a:26, 27) op die kenmerkende ooreenkoms tussen die digkuns van die twee digters, die "estetika van privaatheid: van ingeslotenheid ter wille van ekspanisie" en dat afsondering nie inkrimping beteken nie, maar juis stimulering van die kreatiewe verbeelding.

Vir die digterskap sal eensaamheid as lydingselement dan 'n wins inhou, want die afsondering het, soos Spies (1989:43) dit stel, vir die digter 'n "verskerpte bewussynslewe tot gevolg" en ten opsigte van lyding self hou bewussyn "pyn, eensaamheid, selfverwyte en verlange lewend; emosies wat prikkels lewer vir die ontstaan van die gedig. Hierdie opgeskerptheid bevry ook die ekstatische moment uit die sleur van die alledaagse lewe". Dit gaan egter nie net vir Elisabeth Eybers om die peiling van eensaamheid en lyding nie. Soos Spies (1975:95) aantoon, is sy eerder geboei deur die stryd om uit die onvolkomenheid wat

die mens se bestaan kenmerk iets kosbaars te probeer haal. So word wysheid uit lyding gewen.

2.3.2 EENSAAMHEID-GEMEENSAAMHEID

Vir Elisabeth Eybers, wat by uitstek verhoudingspoësie skryf, staan die digter as enkeling onder die dwang van die digterskap in 'n besondere verhouding tot die self en tot die ander. In haar 1963-rede (Eybers, 1978b:107) sê sy: "Poësie is 'n uiting van afsondering en van gemeensaamheid". Kannemeyer (1995a:18) wys daarop dat daarin nie 'n teenstrydigheid gesien moet word nie. Albei is aspekte of voorwaardes wat vir die digterlike bedryf noodsaaklik is. Dit plaas die digter in 'n besondere verhouding tot 'n aantal mense (Eybers, 1978b:107). In 1990 bevestig Elisabeth Eybers (Jansen 1996:130) weer dat poësie kommunikasie is soos sy reeds in 1963 aandui. Volgens haar staan 'n digter in 'n verhouding tot die leser waarvan die meeste nooit persoonlik bekend is nie (Eybers 1978b:107) en dan ook in 'n verhouding tot die wat naaste aan die digter is. Oor die digter se behoefte aan afsondering sê Elisabeth Eybers (1991:22) dat dit 'n gesindheid is wat 'n digter nie gewild maak by sy familie of naaste omgewing nie. Daarom sê sy die digkuns dreig om terselfdertyd "misverstand en verwydering te skep tussen hom en dié wat naaste aan hom staan". Elisabeth Eybers sê ook: "Die liriek is besaai met getuïenisse van mislukte verhoudings, dit is vol nouliks of moeilik geobjektiveerde selfbejammering en selfverwyf". Teenoor hierdie verlies staan, volgens haar, soos reeds genoem, as verweer en as wins dat die digkuns "kommunikasie" is en 'n "persoonlike rekenskap-gee", 'n tot 'n "vergelyk kom" met die self, en as verdere wins, ook in die voldoening in die "maak" van 'n gedig (Eybers, 1978b:107).

2.3.3 DUALITEIT

Die konflik tussen die digterlike persoonlikheid en die behoefte aan mense wat soos sy dit stel, "gewoon het leven aankan", wyf sy aan 'n dualiteit, 'n "gespletetheid" soos sy dit noem, in die digter self waarvan sy vroeg in haar lewe al bewus was (Lieske, *et al*, 1990:25). Oor die erfenis van haar ouers skryf sy in *Balans* (1962):

Van háár het ek die snelle drif,
 die onrus en die skroom,
 van hom die vreemde teëgif
 van 'n ontasbre droom.
 ("Oorsig". Balans, 1977a:21)

Die dualiteit in die digterspersoon lei tot twyfel oor eie identiteit. In Elisabeth Eybers se gedigte teken sy die mens as dualisties soos wat dit geopenbaar word in die soeke na ewewig tussen gevoel en rede, droom en werklikheid, digterskap en menswees, tussen die erfenis van die vader en die van die moeder en tussen die verlange na Suid-Afrika en die aanpassing in Nederland en ten slotte tussen die volle, rykgeskakeerde lewe en die alomteenwoordige dood. Dit sluit aan daarby dat sy in teenoorgesteldes dink (Pretorius, 1975:83), maar dat dit die digter ook, soos sy dit ten opsigte van Suid-Afrika en Nederland noem, in die "geleentheid stel om hulle in gedagte teen mekaar uit te speel – én met mekaar te versoen" (Eybers, 1991:22). As voorbeeld dien die volgende gedigreëls uit *Kruis of munt* (1973):

Een ding wat ek, as ek kon doen, sou doen,
 is: haat met liefde en kwaad met goed versoen.
 Ek weet nie hoe dit moet maar ek vermoed
 dat daar dan niks oorbly as liefde en goed
 ("Paarrym". *Kruis of munt*, 1975b:25)

2.3.4 REDE-GEVOEL

Elisabeth Eybers (Jansen, 1996:147) sê self dat daar beslis ook 'n element van besinning in die poësie noodsaaklik is. Saam met die besinnende aard van haar poësie, gaan die belangrike teenstellende paar, rede en gevoel of die pynlik-verworwe lewenswysheid en 'n opstuwende lewensdrif soos Burgers (1946:21) vroeg reeds daarna verwys. Die uitspraak bly steeds geldig. Die literêre kritiek praat in die algemeen (vgl. Hennipman, 1975:12) van die stryd tussen hoof en hart. In *Die vrou en ander verse* (1945) verskyn die volgende gedig waarin Elisabeth Eybers die besondere onderwerp tot tema van die gedig maak:

En elke aand se eensaamheid hervat
 vermoeder as tevore en meer verward
 die ongewonne stryd van hoof en hart:

één oud en met 'n tamme wysheid wat
 die ander, jonk en gretig en spontaan,
 met 'n verwronge glimlag gadeslaan.
 ("Sonnet". *Die vrou en ander verse*, 1981b:27)

Hoewel Hennipman (1975 :12, 13) van mening is dat dit 'n minder op die voorgrondtredeende tema in Elisabeth Eybers se poësie is, gaan dit ten opsigte van lyding nie oor die tema hoofhart as sodanig nie, hoewel dit op sigself ook 'n lydinglelement bevat, maar om die primêre emosionele probleme (Burgers, 1946: 21), die besinning daarvoor, en in aansluiting by die terapeutiese funksie wat Elisabeth Eybers ten opsigte van haar poësie stel, die versoening daarmee.

Hoewel die probleme en stryd primêre emosioneel is, skryf Burgers (1946:21) tereg: "Soms oorweeg die een; soms die ander; en partykeer raak die elemente só verstrengel dat hulle haas onontleedbaar word – want die ding is nie volstrek geskei in die mens se gees nie, maar werk deur, en in op mekaar in verwickelde wisselwerkinge".

2.4 DIE POËTIESE TEGNIEKE EN LYDING

In kommentaar oor die poësie van Elisabeth Eybers bly die verwysing na die paradoks, ironie en humor nie uit nie. Die vraag is wat die verband is tussen hierdie stylenmerke van haar digkuns, die digterskap en lyding. Elisabeth Eybers self spreek haar duidelik uit oor lyding en die *modus* waarin sy poëties dink en werk. Ook dit is die tegniese middels wat sy aanwend in haar poësie as verweer teen lyding.

2.4.1 PARADOKS

Cloete (1978:168) omskryf die paradoks as die "saamhou in één verband van dinge wat andersins nie saamhorig is nie, die pas van ongelyke en strydige helftes in mekaar". Die volgende voorbeeld uit *Rymdwang* (1987) illustreer die voorkoms van die paradoks in Elisabeth Eybers se poësie:

Dit was geluk, en tog moet sy ontbeer
 wat heel en helder binne-in haar bly:
 selfs dáár word alles afgestaan, weet sy,
 aan tyd wat voor die voet vreet en verteer.
 Al luk dit haar nog nie om te verleer
 om hierdie beeld te koester, van digby
 weet sy dit was geluk en hierdie keer
 ook 'n geluk dat sy dit moet ontbeer.
 ("Rondeeltjie". *Rymdwang*, 1987:42)

Die skynbare teenstrydigheid, word deur die digter gebruik om onversoenbares met mekaar te versoen en is die ideale tegniese middel wat Elisabeth Eybers aanwend om die doel te bereik (Pretorius, 1975:92). Dit werk dus weereens hand aan hand met die kontraste wat in haar poësie voorkom en volgens Spies (1975:113) kan al die kontraste saamgevat word in die "sterk-veralgemenende groot paradoks: die moontlikheid van die volkomene (veral ten opsigte van menslike verhoudings) en die werklikheid van die onvolkomene".

2.4.2 IRONIE

Elisabeth Eybers sê as 'n mens op een of ander manier swaargekry het, word jy vanself ironies. Deur dinge te relativeer kan die absurde daarvan ingesien word. Sy beskou dit as 'n soort selfverdediging (Jansen, 1996:140). In haar poësie werp sy 'n ironiese blik op die lewe.

Volgens Ester (1986:40) maak sy 'n balans van die lewe op wat deurtrek is van skepsis soos die jare toeneem. Tog is sy nie geheel aan die pynlikhede oorgelewer nie en hy voeg by: "Op het gebied van die poëtische verwoording van alle verraderlijke ervaringen, die samen zo simpel 'lewen' heet, deelt zij zelf de lakens uit. Het machtichste middel waarmee Elisabeth Eybers de bedreigingen de baas is, vormt haar ironie". In *Onderdak* (1968) noem sy hoe belangrik 'n ironiese lewensingesteldheid is soos dit deur die volgende gedig na vore gebring word:

Ons vriend, die ironie, het meegegaan
 om tot die slottonele deur te dring.
 ("Hy is nie hier nie". *Onderdak*, 1968:59)

2.4.3 HUMOR

Die humor wat uiting vind in haar poësie getuig van 'n lewensingesteldheid waarmee die onvolkomenhede en teenstrydighede in die lewe en in die menslike aard begryp word. Elisabeth Eybers (Jansen, 1996:160) sê oor lyding en die lewe dat sy probeer om met 'n mate van humor daarna te kyk. Die humoristiese kyk wat sy het op die lewe, hier spesifiek op liggaamlike verval, word getoon in *Teëspraak* (1991). In die volgende gedig skryf sy:

Die kaperjolle van verval
 – beroering vroeër nooit vermoed –
 ontsteek verwondering en vermaak
 in oë van omstanders terwyl
 my glimlag, half diagonaal,
 versoening sein: my nuwe mond
 waarvoor 'k die egte in moes ruil
 ontbeer die nimbus van 'n wond,
 ek dra dit soos 'n skewe hoed
 om te beduie wat-maak-dit-saak.
 ("Nogmaals facialis". *Teëspraak*, 1991:43)

Om te kan lag oor dinge wat erg is, maak die lewe draagliker. Die digter omskryf dit deur te sê dat haar humor niks te make het met ligvaardigheid of oppervlakkigheid nie. Vir haar kom die humor voort uit die besef dat alles betreklik is wat niks te make het met sinisme nie (Jansen, 1996:160, 161). Oor humor en haar poësie laat Ester (1986:40) hom uit: "De humor ligt ten diepste veranker in de gekoelde spanning tussen de bedreiging vanuit de geniepige ervaring en de soevereine tegenkracht vanuit de poëzie".

2.5 DIE RIGTINGGEWENDE ROL VAN DIE LIEFDE

Tussen al die teenstrydighede wat Elisabeth Eybers in haar gedigte verwoord, is dit die sterk, gewonde, maar nooit wykende liefde vir die werklikhede wat haar omring (vgl. Dubois, 1975:48) wat as rigtinggewer in die lewe dien. Dit lyk op sigself na 'n teenstrydigheid gesien teen die agtergrond van die preokkupasie met die self soos wat dit in die digter se poësie voorkom, maar dit is juis die aandag aan die eie wat veroorsaak dat "zo mateloos" op ander

gerig kan word (Kopland, *et al*, 1991:20). Die liefde self word nie betwyfel of betwis nie. In Elisabeth Eybers se poësie het die liefde 'n dimensie wat diep in die self vasgelê is. Sy verwoord die hunkering na die liefde van dié wat die naaste aan haar is asook die uitreik na die mense waarvan sy deel is. In *Dryfsand* (1985) beskryf sy die mens as die:

... dwase beminlike mensdom
 wat end-uit die lewe verduur"
 ("Spieëlblik". *Dryfsand*, 1985:31)

Die liefde word in haar gedigte erken as inherent deel van menswees. By die geluk wat dit bring, word die liefdesontnugtering en -leed gedeel deur alle mense, sodat dit 'n deernis wek vir die hele mensdom en om onvoorwaardelik lief te hê. Dit vereis 'n bereidheid tot die belewing van elke pyn wat die liefde meebring (vgl. Kopland, *et al*, 1991:20). Liefdesvervulling in sy wydste sin skep ook die geluismoment van volkommenheid en rus. Dit is vir Elisabeth Eybers uiteindelik die liefde vir die digkuns wat lyding kan verwoord, soos sy dit stel in *Balans* (1962):

Deur brakkerige dieptes kon
 my wortel weerbaar dring,
 ook ék haal uit mistieke bron
 my soet versadiging:

'n liefde wat geen lessing ken,
 niks ledig of sondeer
 maar eensaamheid en hunkering
 verruklik raffineer.
 ("Oorsig". *Balans*, 1977a:22)

Volgens Opperman (1953:372) is die liefde die enigste ordenende, verheffende mag in haar poësie en die skoonheid is daaraan gekoppel.

2.6 DIE ESTETIESE ELEMENT IN DIE POËSIE

Elisabeth Eybers se poësie openbaar die essensie wat in die kunswerk nagestreef word. In die poësie is 'n vorm van volmaaktheid te vind in die skoonheid van die taal, soos die digter dit

self stel, die glans daarvan en die verrukking wat dit meebring (vgl. Jansen, 1996:148). Wanneer daar oor volmaaktheid en die poësie van Elisabeth Eybers gepraat word, bring dit gelyktydig onvolmaaktheid ter sprake met die impliserende geluk en lyding. Dit is ook in die poësie moontlik dat die verwoording van lyding, soos hierbo aangehaal, verruklik kan wees. Elisabeth Eybers (Jansen, 1996:148) verklaar self wat die skoonheid van die taal van die poësie vir haar persoonlik beteken. Dit stel die mededeling in 'n ander lig, maar die skoonheid self is, waar dit lyding aangaan, vir haar alleen nie voldoende nie. Sy verbind dit aan die besinning oor lyding en die persoonlike uitklaar daarvan. As voorbeeld dien die eerste strofe van volgende gedig uit *Die ander dors* (1946) en sy volg dit op in die derde strofe met die gedagte van die skoonheid:

Laat my nog hierdie eensaamheid
se onontgonne dieptes peil
en stil word soos 'n donker kuil
waarbo die maan se volheid hang
totdat ek, roerloos en bereid,
die ongebroke glans mag vang,
gedrenk mag word in helderheid.

Die ongeskonde skoonheid van
herinnering en die helder drang
van al ons liefhê en verlang
— is dit nie 'n volkome brug
vir eensames wat dag na dag
die tyd uitdien in werk en wag?

Uit hierdie stilte sal ek wen
aanvaarding wat geen twyfel ken,
'n hart wat nie meer vrees en vra
maar sterk is om geluk te dra:
O kom dan terug.

("Bede". *Die ander dors*, 1977b:28, 29)

2.7 ESSENSIE EN SUIWERHEID

Verbonde aan die besinningsproses is die aspek van die essensie. Die deurdring tot die wesenlike kern van dinge, en in die besonder van lyding, dien in die poësie van Elisabeth

Eybers verskeie doeleindes. Dit is 'n ordenende aktiwiteit met die doel om 'n persoonlike greep op die werklikheid te kry en versoenend te werk. Sy gebruik die boom in die volgende gedig in die bundel *Die helder halfjaar* (1956) as metafoor om die suiweringsgedagte te verwoord.

Die roes wat taklanks sluip sal weer
vlamtongend al jou glans ontkleur
en jou tot stram skelet verteer

en winterlank sal hoog en eg
die raam staan wat jou twye vleg
soos iets wat duursaam is en eg.

Die hart, deur sóveel skyn bedrieg,
weet: alles wat getooi is lieg;
hy kry jou langsaam dubbel lief,

hernu die winteroue eed
wat hom moet dek teen alle leed
(*"April"*. *Die helder halfjaar*, 1981a:7)

Verder is dit 'n vereiste wat sy vir haar poësie stel dat van die persoonlike ervaring of emosie slegs die kern moet oorbly. Soos sy sê, moet dit 'n konsentraat wees, 'n kristallisering wat vir die leser in sy eie werklikheid herkenbaar moet wees (Jansen, 1996:149), dus algemeen-menslik en -geldend. Om aan beide die doeleindes te voldoen, is 'n stropingsproses nodig, 'n suiwering om tot die essensiële kern te kom (vgl. Kannemeyer, 1995a:7). Grondliggend aan die suiweringsbeginsel geld in Elisabeth Eybers se poësie die essensiële woord en beeld (vgl. Kannemeyer, 1995a:7). Oor die aspek van haar poësie sê sy: "In wat ek skryf, streef ek na die grootste moontlike suiwerheid" (Jansen, 1996:161).

2.8 GELUK AS TEENPOOL VAN LYDING

In watter verskyningsvorm dit hom ook mag voordoen, gegee in woord, beeld of gedagte-inhoud, lyding is reg deur Elisabeth Eybers se oeuvre 'n deurlopende en oorheersende tema. Die dualisme in die digterspersoonlikheid en die feit dat haar poësie gekenmerk word deur kontraste, werk ook deur na die lydingstema waar geluk as alternatief vir lyding geld.

Deurlopend geld die strewe na geluk en hieraan lewer die versoening met lyding sy deel. Andersins kom die droom, herinnering, aspekte van kindskap en musiek as geluksdraers voor. In hierdie gedeelte word Elisabeth Eybers self in haar poësie aangehaal waarin sy haar direk oor van hierdie aspekte uitspreek.

2.8.1 LYDING-GELUK

Die digter probeer nie om die lewe met sy wrede, maar tog ook heerlike werklikheid te ontvlug nie (vgl. Beukes, *et al*, 1970:98). Soos Ester (1987:35) dit stel: "De werklikheid, zoals die in de gedichten van Elisabeth Eybers gestalte krijgt, is van meet af aan een geschonden werklikheid". Hy noem verder: "In iedere bundel zijn ook momenten van genade mogelijk, die een intens levensgeluk realiteit laten worden". Juis in die kontrasstelling tussen lyding en geluk kom die geluk te voorskyn. In *Bestand* (1982) gebruik sy weereens 'n natuurbeeld om die kontras lyding en geluk te verwoord.

Dit is nie weg te stoot
of te ontwyk, dié pyn.
Jy kweek dit in jou skoot
en tors dit met jou rond,
diep uit jou kronkelskulp
syfel dit skaamteloos,
'n slym wat niks kan stulp.

Versaak betyds die broos
en uitgediende dak,
verrusper, soek 'n tak,
wieg om jou eie spil,
weef dromerig 'n vag
wat jou geheel inhul.
Verdun tot deurskynbuis
en wag tot jy eendag
gewek word, onverwond
en sonder sleepgewig
uit jou hol veselhuis
oopwaaier in die lig.

("Van slak tot skoelapper". *Bestand*, 1982:35)

Soos uit die bespreking tot dusver blyk, is daar in die poësie van Elisabeth Eybers 'n

aspekryke en komplekse wisselwerking tussen lyding en geluk as deel van die omvattende werklikheid van die onvolkomene en die volkomene.

2.8.2 GELUK IN DROOM EN HERINNERING

Is die geluk onbereikbaar, is daar die hunkering om van die lydingsvolle realiteit in die droom te ontsnap, die droom wat in die hunkering na geluk, soos die digter self sê, "nog veel compenserender (is) naarmate je een langer leven hebt gehad, en ze worden ook altijd maar vindingrijker" (Lieske, *et al*, 1990:36). Die herinnering aan 'n vroeëre geluksmoment of gelukstoestand hou die gedagtes daaraan lewendig en bewaar dié ervaring en skep die moontlikheid om dit te herbeleef en te wéét dat geluk bestaan. Deur die droom en die herinnering ervaar die mens die geluk in haar gedigte die naaste. Net so 'n belangrike aspek is dat lyding nie op sigself nie, maar in die kontras: lyding-geluk geplaas word soos wat Elisabeth Eybers dit verwoord in die bundel *Rymdwang* (1987).

.... Pyn binne handbereik
sorg dat bewussyn telkemaal opduik:
soos die blits neem hy 'n droom in oënskou
wat die teer verlede vindingryk ontvou,
'n aanwins om getroos mee op te staan
en die kaalgetrapte dagperk in te gaan.
("Aanwins". *Rymdwang*, 1987:34)

2.8.3 GELUK IN KIND, KINDWEES, KINDERLIKE SINTUIGLIKHEID

By Elisabeth Eybers is die kind getuienis van die volmaakte, en die beeld van geluk (vgl. Spies, 1975:114). In die herinnering aan kindwees bestaan die moontlikheid van die terugvlug na 'n vroeëre toestand van geluk. In *Die helder halfjaar* (1956) skryf sy:

Die jare het deur haar gestroom,
wat sy die kosbaarste geag
het, uitgekalf en weggeslyt:
wanneer 'n mens van dag tot dag
niks soeter vra as eensaamheid
ontwaak jy weer eens tot die droom,

word jy weer kommerlose kind
 wat kaalvoet spring van klip tot klip,
 wat bessiesade sorgsaam tel
 en pluimstertmeerkatjies laat wip,
 kan jy jou onderbroke spel
 opnuut hervat in son en wind.

("Op die kruin". *Die helder halfjaar*, 1981a:8)

Elisabeth Eybers ag die kindertyd, toe die lewe mooier en gemakliker was en die toekoms voor gelê het, as die gelukkigste tyd van die lewe en die tyd wat later in die lewe geïdealiseer word (Jansen, 1996:141). Om die lewe met jong oë te betrag, word in die Jurierapport by die ontvangs van die P. C. Hooft-prys as die "belangrikste instrument in haar poëtiese aktiviteit" genoem (Kopland, *et al*, 1991:19). Dat dit wel een van die belangrikste instrumente in haar poëtiese aktiwiteit is, bevestig die digter self in haar 1963-rede: "Die digter moet sover moontlik die sintuiglikheid van sy kinderjare behou, die erns en uitgelatenheid van sy adolessensie, die onafhanklikheidsdrang van sy jeug en daarby die selfkritiek van sy volwassenheid" (Eybers, 1978b:109).

2.8.4 GELUK IN DIE NATUUR

In die natuur is die geluksmoment ook moontlik. Oor die plek wat die natuur in Elisabeth Eybers se poësie inneem, geld die uitspraak van Spies (1989:43): "Mens en natuur staan ... in noue verband met mekaar" en volgens haar is daar nie sprake van 'n objektiewe natuurbeskrywing nie, want Elisabeth Eybers laat in die natuurbeelding die "vol-menslike konkreet word". Sy skryf as voorbeeld in *Tussensang* (1950):

Ek sou so graag, ná al die jare, weer
 na bome luister om van hul te leer;
 wanneer die wind sy woede teen hul stort
 wens ek ek kon soos hulle stormwys word:

daar is geen soepel weerstand so volkome
 soos die geduld en buigsamheid van bome.
 ("Bome". *Tussensang*, 1977c:10)

Sy lê in die natuurbeeld die menslike lyding en geluk vas. Deur ook te vlug in die natuur

word die geluuksmoment gevind en die wrede werklikheid ontwyk.

2.8.5 GELUK EN MUSIEK

Van Rensburg (1975:149) wy 'n artikel aan Elisabeth Eybers as digter van die musiek waarin hy verskeie insigte bied oor die verband tussen lyding en musiek. Hy wys daarop dat sy in die loop van die tyd geboei is deur die fenomeen van die digterskap, soos hy dit stel, deur "die daad wat daar onder haar hande gebeur, die ding wat daar uit haar gees voortkom". Hy noem dat dit deel is van die gedigte oor die kunste wat reg deur haar oeuvre voorkom. Vervolgens toon hy die lynregte verband tussen haar poësiegedigte en haar musiekgedigte aan en verder noem hy dat die musiekgedigte die ontstaanskern van haar poësiegedigte vorm wat op sigself deel is van die sintuiglikheid in haar poësie, wat hy noem, die hoorervaring en die kykervaring.

Die meeste van Elisabeth Eybers se musiekgedigte het te make met die lied. Soos Van Rensburg (1975:151, 152) aantoon, word die lied betrek deur betiteling. Hy noem verder dat dit wydverspreid in haar oeuvre voorkom dat die ervaring in terme van 'n lied beleef word, of dat die gedig in terme van 'n lied gedui word.

Dit is dan veral die liedgedigte wat in verband staan met die lydingstema en volgens Van Rensburg (1975:153) verleen Elisabeth Eybers haar eie skakering, van positief tot negatief aan die tradisie van die liedgedig. Die lied kom voor as ekwivalent van die lewe en dan is daar die lied wat in diens staan van iets hoër en kosbaarder as ervaring, soos Van Rensburg (1975:153, 154) dit verder omskryf, "in werklikheid: van *lewe wat in diens staan van die lied*". Volgens hom is die lied as 't ware "*die kristal waartoe die lewe uitkristalliseer*". Verbandhoudend hiermee kom die lydingstema ter sprake. Van Rensburg (1975:154, 155) noem die volgende: die lied as verlosser uit druk of gekneldheid, tydelikheid en menslikheid en die lied as troos. Dit bied ook die moontlikheid van beskerming en nog belangriker, soos hy uitwys, is dit 'n wegvoerder uit die hier en die nou. Dit kan dus aanvaar word dat die geluuksgedagte hierin vervat is. Aan die hand van 'n natuurbeeld, stel Elisabeth Eybers dit soos volg in 'n gedig in die bundel *Die vrou en ander verse* (1945):

Gety van selfbejammerende dromers
 met tam geheues waarin flitsend tart
 woorde wat weier om hulle te laat kneg
 deur moeitevolle wette wat die hart
 versin om al sy hunkering saam te vleg
 tot die mistieke lied van alle somers.

("Augustus". *Die vrou en ander* verse, 1981b:25)

Wat Van Rensburg (1975:155) 'n boeiende faset van haar poësie noem, is die gedagte van die lied as "*middel om iets anders te voorvoel*, iets beduidender as die lied self – die lied dus as *intermediër*, as middel waardeur ... die werklikheid ... verstaan" kan word. Derhalwe is deur die lied iets anders te vind: dit waarna die hart hunker en waarna bestendiglik gesoek word.

2.8.6 VERWOORDING VAN GELUK

Die verwoording van geluk alleen is in Elisabeth Eybers se poësie byna volkome afwesig. Die digter self verskaf die redes daarvoor. Ten eerste word geluk verbind aan die herinnering daaraan en die herroeping daarvan in die gedig, soos sy dit gee in *Noodluik* (1989).

Geluk wat kortstondig bestaan
 ken geen moontlikheid om te vergaan,
 ontplof uit argaïese woorde
 voortdurend binne bestek
 van die donkerkamerige hart
 met sy bergplek vol glimmende beelde
 uit nimmer terugvindbare oorde.
 'n Vingerveeg kan dit verwek.

("Dag van geluk". *Noodluik*, 1989:35)

Ten tweede is die geluk self nie te betwyfel of te beredeneer nie: die geluksmoment op sy eie het nie eens plek in die gedig nie soos sy dit stel in *Neerslag* (1958).

.... ek word helder wakker van die dors
 na nuwe woorde wat my skielik kwel
 – so onvanpas, want die geluk vereis
 niks wat dit moet bewimpel of bewys.

("Tuiskoms". *Neerslag*, 1975c:40)

Die gedig is daar om die kontras lyding-geluk te verwoord en:

"om al die ongerymdhede te rym".
("Refleksie". *Balans*, 1977a:30)

In die volgende gedig in die bundel *Neerslag* (1958) verwoord Elisabeth Eybers die gedagte soos volg:

Pyn, onverbiddelike bedgenoot,
jou gloeiende omhelsing seng my skoot:
wat kan dié vonke-losing nog verwek
as af en toe 'n lewensvreemde loot?
(“Pyn”. *Neerslag*, 1975c:54)

2.9 DIE GEDIG AS GELUK

Ten slotte is geluk vir Elisabeth Eybers die gedig gevoed uit 'n ryk innerlike lewe, die bewerker van versoening, die bringer van ewewig, die klaarheid, die skoonheid, die kristalblink lied. Selfs wanneer die gedig oor lyding handel, is die skryf van die gedig 'n handeling wat vreugde of geluk bevat. Daar is een gedig in *Die helder halfjaar* (1956) wat spesifiek oor die poësie as sodanig handel, waarin daar geen sweem van lyding is nie en wat die geluk wat die skryf van poësie meebring, verwoord.

PIET-MY-VROU

'n Piet-my-vrou kaats uit die tuin
sy drie dun note teen die naat
wat kriskras om my skedelkruin:
die helder klankkartetse slaat
dat vuurrooi vonke alkant spat
en as hul straks die sponsbeen splyt
en deur die dura mater dring
tot in die warm witstof, spring
'n klein, blink lied – kristal fontein –
op uit die bedding van my brein ...

Fluit, piet-my-vrou, fluit, fluit!
("Piet my vrou". *Die helder halfjaar*, 1981a:9)

Elisabeth Eybers (Lieske, *et al*, 1990:31) sê: "Het Engels heeft er een mooie uitdrukking voor, wanneer je onnodig over pijn zeurt: to make a song and dance. Dat klinkt zo dubbelzinnig, maar dan denk je, ja dat is precies wat een dichter doet. Je maakt een song about it".

Soos dit uit die navorsing blyk, is hierdie gedig met sy sintuiglikheid en die ewewig tussen emosie en verstand, die enigste gedig in haar oeuvre waarin lyding op watter wyse dit ook al verder in haar poësie voorkom, geheel en al ontbreek. 'n Mens kan as 't ware van hierdie gedig praat as 'n lied oor die lied: die poësie. As Elisabeth Eybers se bostaande uitspraak hier geldend is, is hierdie gedig merkwaardig, omdat dit lyk asof die digkuns vir haar nie alleen 'n attribuut van geluk is nie, maar ook in prinsipe deel van geluk.

Elisabeth Eybers se poësie is 'n opgawe van die menslike bestaan met lyding as een van die sentrale gegewes. Die kompleksiteit van die lewe en van lyding kan in haar poësie waargeneem word. In haar gedigte kom die kernaspekte van lyding in 'n verstrengelde wisselwerking met die gedigtema voor.

3. DIE LYDINGSTEMA EN DIE BUNDELTEMAS

Lyding as 'n belangrike aspek van die poësie van Elisabeth Eybers kan in konteks geplaas word deur die deurlopende lyn daarvan in haar oeuvre aan te toon soos dit aan bod kom in haar afsonderlike bundels.

Omdat die lydingstema geïntegreerd is in die bundeltemas is hierdie gedeelte 'n verkenning van die sentrale bundeltema van elke bundel en die lydingstema. Die verkenning werp verder lig op temas en aspekte van lyding wat deurlopend in haar oeuvre voorkom. 'n Verandering van perspektief ten opsigte van die oorkoepelende temas en aspekte van lyding en 'n verbreding van temas en lydingsaspekte kan aangetoon word. Bykomend verleen hierdie inligting 'n agtergrondskennis waarvolgens gedigte uit verskillende bundels, maar met ooreenstemmende of verbandhoudende temas of lydingsaspekte verstaan moet word.

Vir hierdie navorsing word hoofsaaklik gebruik gemaak van resensies by die verskyning van die bundels en daarom word histories gewerk en het die bronne verskillende literêr-teoretiese beskouings as uitgangspunt. Die tydgebonde aard van die resensies word ook weerspieël in die woordgebruik uit 'n bepaalde tyd en die literatuuropvatting. Sodoende gee dit 'n beeld van tydgenootlike resepsie en is deels gedateer, maar dit het egter nie 'n wesenlike invloed op die doel van hierdie gedeelte soos bo uiteengesit nie. Dit speel ook geen rol by die aantoon van die aandag wat die lydingstema in samehang met die bundeltemas by die ontvangs van die bundels geniet nie.

Die fokus val dus hier op die eerste lees van die bundels en dit word nie verder beredeneer nie. Wat opvallend is en in hierdie resepsieverslag aangetoon word, is die patroon van die resensies. Uiteraard gaan dit hier om uitsprake oor lyding, maar die algemene lyne van Elisabeth Eybers poësie is ook duidelik. Dit is inderdaad opvallend dat daar vanaf die eerste kommentaar oor haar poësie so prominent na die aspekte van lyding wat daarin vervat is, verwys word. Wat ook merkwaardig is en waarna meermale in besprekings van haar poësie verwys word, is die feit dat sy altyd getrou bly aan haarself sodat die gedigte ootseggelik 'n bepaalde integriteit vertoon (vgl. onder andere Grobler, 1956:46). Die belangrikste kenmerke van haar digterskap en digkuns loop duidelik deur vanaf haar eerste bundels en word in die resensies uitgewys.

Omdat die lydingstema so 'n geïntegreerde deel vorm van die bundeltemas en Elisabeth Eybers se digkuns in geheel word dit uiteraard meermale in die resensies vermeld. Alle resensies is egter nie ewe omvattend en bruikbaar vir die doel van hierdie bespreking nie. Ook nie alle resensies verleen dieselfde hoeveelheid inligting oor die lydingstema nie. Die prominensie van die lydingstema in Elisabeth Eybers se poësie word wel gestaaf deurdat die resensente dit as vertrekpunt van die besprekings gebruik of breedvoerig daaroor kommentaar lewer. Dit lei daartoe dat 'n bepaalde resensente se bespreking uitvoeriger as ander hier weergegee kan word. Gedigverwysings wat deur 'n resensente ter toeligting gebruik word, vorm deel van die aanbod en word ook hier so gebruik.

'n Chronologiese werkswyse word gevolg en die bundels word saamgegroepeer met die

lydingstema as uitgangspunt, wat daarom nie noodwendig ooreenstemming toon met enige bestaande of aanvaarde indeling van Elisabeth Eybers se digbundels nie.

Die resensies wat oor die Eybers-oeuvre in Suid-Afrikaanse publikasies verskyn het vanaf 1936 tot 1999 word hier byeengebring. Hieruit volg 'n sintese wat tot 'n resepsieverslag saamgevoeg word met die fokus op die interpretasie van die inhoud, herordening van die gegewe en groepering van die bundels in 'n eenheid met dien verstande dat die onderwerp waarom dit hier gaan, gereflekteer word. Hierdie afdeling werp dan ook verdere lig op aspekte van lyding in Elisabeth Eybers se digbundels.

3.1 1936-1946

Elisabeth Eybers se eerste vier digbundels, *Belydenis in die skemering* (1936), *Die stil avontuur* (1939), *Die vrou en ander verse* (1945) en *Die ander dors* (1946) wat hier saam gegroep word, het as hooftema, soos Beukes (1960:47) dit stel, 'n bepaalde liggaamlike en geestelike ervaring, naamlik die van die liefde en moederskap. McArdeU (1957:27) noem die bundels die van 'n jong vrou, vol van die vreugde en smart van jeugdige liefde.

3.1.1 BELYDENIS IN DIE SKEMERING (1936)

By die verskyning van *Belydenis in die skemering* skryf C. M. van den Heever (Eybers, 1936) die voorwoord en kondig met vreugde die eerste vroulike Afrikaanse digter aan. Uit die voorwoord blyk dit dat hy reeds in die debuutbundel sekere belangrike kenmerke van Elisabeth Eybers se poësie uitwys en die plek wat lyding in die bundel inneem, aantoon. Hy skryf:

"Hoe verblydend is dit nie om die jeugdige vormdrang by die jongste Afrikaanse digters te sien en om saam met hulle te gaan op onbewandelde weë en om saam met hulle te vertoef in die rustige skaduwees van selfgevonde waarheid! In die werk van hierdie Afrikaanse digteres sal u ... die stem van beproewing en worsteling hoor, wat opklink in 'n taal wat 'n eie ekspressiewe krag dra. Hier nie die liefallige "digterlikheid" wat ons so dikwels teenkom in

ons poësie nie, maar 'n dwingende ontroering van die hart, die stem van die gewete wat 'n belydenis bieg in die skemerig-stille wydtes van die skoonheid. En so bring hierdie jong Afrikaanse digteres 'n verrassende bydrae tot ons poësie, want al ontbreek die sekere lyn van die geoefende kunstenaar hier en daar, hoor ons in haar werk die aksent van innerlik gevonde waarheid en, soos by alle egte digters, die gebed van die hart wat vergeefs gesoek het na heling en rus".

Naas Van den Heever plaas G. Dekker, M. S. B. Kritzinger en F. E. J. Malherbe Elisabeth Eybers by die groep wat later bekend sou staan as die Dertigers. Alhoewel sy in 1974 sê dat sy eers na die verskyning van haar tweede bundel met die poësie van W. E. G. Louw en N. P. van Wyk Louw kennis gemaak het en nie deur hulle beïnvloed is en ook geen verwantskap met veral laasgenoemde gevoel het nie (Jansen, 1996:129), was dit Malherbe (1936:31, 1940:12) wat na haar poësie verwys het as die vroulike aanhang by W. E. G. Louw se werk of soos hy dit in 1940 noem, die vroulike aanvulling. Kritzinger (1936:11) vat dit wat hierdie digters gemeen het so saam: "Hulle is voor alles individualiste, daarom het hulle met die vraagstukke te doen. In die lewe met sy verwarrende probleme het hulle nog geen eie staanplek gevind nie. Wat is die doel van die lewe? is een van die vrae wat hulle lastig val". Dekker (1936a) verwys ook hier aan die begin van Elisabeth Eybers se digterskap na kenmerkende eienskappe, dat haar poësie 'n strewe is "na weergawe van uiters individuele en selfs individualistiese ontroeringe en stemminge ... as bewuste momente in die lewenstemming, gebore uit stryd en soeke na diepere lewensbesinning". Hy verwys na die gedigte in die bundel in die algemeen as gedigte waarin die misterie van die lewe tril.

Die verskillende soorte gedigte wat in die bundel voorkom, beskryf Kritzinger (1936:11) as impressionistiese natuurverse, persoonlike gedigte en algemeen-menslike, min of meer epiese poësie, maar oor die algemeen fokus die resensies op die persoonlike gedigte wat soos Dekker (1936a) dit noem, ontstaan het in die vae skemerlig van deurleefde, maar nie fel deurleefde jeugsmart. In sy verwysing na die lewe en die digkuns skryf Malherbe (1936:31) dat die bundel strek van soete dromery tot die "bede" aan die "vreemde en verre lewe" om uit die "droom-veiligheid" verlos te word. Hy wys op die wins wat die ontwikkeling vir Elisabeth Eybers se digkuns inhou, dat die sentimentele droom nie meer goed genoeg is nie.

Om van digterlikheid gered te word, moet die werklikheid ondergaan word (Kritzinger, 1936:11), wat in die bundel hoofsaaklik deur die liefdeservaring gebeur. Dit is dan ook veral die liefdesverse waarop die klem in die resensies val en Kritzinger (1936:11) wys op, vir daardie tyd, die vreemdheid daarvan dat die jong Afrikaanse digter oor haar liefdesondervindings skryf, maar dat haar reaksies so eg klink dat dit as eie beleving aangevoel word. So vroeg reeds val die algemeen-menslike aard van haar poësie dus op. Die liefde is, soos Malherbe (1936:31) dit noem, die jeugdige, romantiese verlangens van 'n ontluikende meisie, maar by haar is dit grootliks teleurgestelde liefde. Daarom word sy deur angste, donkerte en eensaamheid gepla (Kritzinger, 1936:11) wat haar na die droom dryf as ontvlugting uit die lewenspyn. Soos Malherbe (1936:31) dit stel: "Haar werklikheid is tot pyn- en tog vreugdevolle droom verhef en kom dikwels tot ons in die vorm van herinnering" Ook wanneer die gedigte getuig van 'n vervullende liefde geskied dit langs die weg van pyn (Kritzinger, 1936:11). Malherbe (1936:31) skryf dat sy deur liefdespyn tot vrou gewek is en wel in die soeke tussen droom en werklikheid deur pyn en lyding die lewe nog dieper deelagtig word (vgl. ook Beukes, *et al*, 1970: 94, 95).

Malherbe (1936:31) vat die kern van die bundel saam met die woorde dat sy uit haar vreugde en wee, haar meisie-droomveiligheid gewek is deur die lewe en wat die lewe liefde noem waardeur sy moes ryp tot mens, tot vrou en dat sy die pyn van daardie groei verwoord. Hy stel die kerngedagte van die bundel ook so: "Die grondtoon van die bundel was dié van oorgawe aan die lewe en die smart van disillusie" (Malherbe, 1940:12). Dit is juis die vrou in haar wat die meeste ly (Malherbe, 1936:31).

Ook Kritzinger (1936:11) noem dat sy met die bundel 'n tydperk in haar lewe afsluit, maar dat sy dwarsdeur die hele bundel geen volkome rus en bevrediging kon vind nie. In 1956 skryf Elisabeth Eybers self die voorwoord by die herdruk van die bundel en noem die gedigte 'n opehartige dokument van adolessensie.

Die resensente vermeld sekere kenmerke van Elisabeth Eybers se poësie in hierdie bundel wat later, soos reeds genoem, wesenskenmerke van haar oeuvre sou word. Van den Heever (Eybers, 1936) sien in hierdie bundel reeds die skoonheidsaspek in haar poësie raak. Dit groei

in haar oeuvre tot 'n strewe na skoonheid en suiwering en die deurdring tot die essensie ten opsigte van die werklikheid en die poësie. Soos Van den Heever dit in die voorwoord stel, verwoord die gedigte die ontroering van die hart en die stem van die gewete, die later herhalende hart-en-hooftema, en dit spreek van innerlik gevonde waarheid, volgens Dekker (1936a).

Dempsey (1936:93) gee die siening dat die gedigte nie oor allerlei losstaande motiewe gaan nie, maar 'n belydenis is van individualisme en gebrokenheid. Die bundel openbaar reeds die kontraswerking in Elisabeth Eybers se poësie, die samespel tussen lyding en geluk en in verband hiermee ook vervulling, of soos dit hier voorkom, onvervuldheid wat verbonde is aan die enkelingskap en eensaamheid.

Dekker (1936a) sluit sy bespreking van *Belydenis in die skemering* af met die siening dat die bundel die duidelike belofte gee dat Elisabeth Eybers die uitdrukkingsvermoë sal besit om haar selfontworstele diepere waarheid te verbeeld. Dit is hierby dat Malherbe sy bespreking van Elisabeth Eybers se tweede bundel aansluit.

3.1.2 DIE STIL AVONTUUR (1939)

Die stil avontuur is die bundel waarin die belofte wat haar debuutbundel ingehou het, in vervulling gaan (Malherbe, 1940:12). Dit geld ook ten opsigte van die digterspersoonlikheid soos Dekker (1939b:49) aantoon. Egtheid en suiwerheid is die wesenstrekke van hierdie bundel volgens Mocke (1940:21). Dekker (1939b:49) sluit hierby aan en noem die eenvoud, soberheid en eerlikheid wat hierdie poësie kenmerk. Hy wys weereens daarop dat ook uit hierdie bundel, soos uit die eerste, die misterie van die lewe opflits in 'n bieg van eie liefde, eie vreugde en smart en stryd, maar dat daar wel 'n objektivering van liefdesleed voorkom.

Die meeste van die gedigte is liefdesgedigte. Dekker sowel as Malherbe en Mocke sonder die moederskapsgedigte uit as die hoogtepunt van die bundel. Weereens bring Elisabeth Eybers 'n eerste in Afrikaans.

Dekker (1939b:49) stel dit so: "Dis die eerste keer dat 'n vrou hierdie dinge in ons taal besing en sy het ons letterkunde verryk met 'n paar gedigte van ontroerende menslikheid". Ook Mocke (1940:21) laat hom meer breedvoerig hieroor uit en betrek die hele bundel as hy wys op die suiwerheid daarvan en dat die gedigte in 'n hoë mate enig in die Afrikaanse poësie is deur die onverbloemde eerlikheid wat daaruit spreek. Hy gee die siening dat die hele bundel staan in die teken van die digteres se moedige lewenshouding, om nie dié dinge wat haar hele gedagte- en gevoelslewe beheers deur 'n versagtende vaagheid te verbloem nie. Dan skryf hy: "Want nog nooit is die geheime skoonheid, maar ook die naakte vrees en dikwels die verskrikkinge van moederskap met so 'n byna genadelose openhartigheid in die Afrikaanse poësie bely nie". Hy trek hierdie lyn deur die bundel as hy sê dat die bundel geen werklikheidsontvlugting is nie. Dit is 'n onvoorwaardelike bieg van die digter se vroulikheid en alle stemminge en ervarings wat daarin verweef is. Hy wys hier op die kontrasterende werklikheid as hy noem dat die stemminge en ervarings skoon en angswekkend, soet en wrang is – dit is alles deel van die stil avontuur om die vrou se heiligste ondervinding in die lewe te vorm. Hy motiveer die stelling deur te wys dat die verheerliking van moederskap intiem verweef is met die verheerliking van die liefde wat in sy suiwerste hoogtepunte simbool word van die digteres se hele lewenservaring soos dit in die bundel verwoord is: die vae onrus van jeugverlange wat oorgaan in vervulling in die oorgawe van die vrou, die heimlike ontwaking en groei van die eerste lewe in haar wat sy in haar oomblikke van diepste aanvoeling en deurskouing sien as sinnebeeld van die groot lewens- en skeppingsgeheim waarvan sy deel is en waardeur die lewe tot sy hoogste vervulling kom. Vir die digter is dit selfs so volkome dat dit digterlike inspirasie teenwerk (vgl. Malherbe, 1940:12).

Die grondtoon van die bundel is, soos Malherbe (1940:12, 14) dit noem, lewensaanvaarding en lewensverheerliking wat ook neerslag vind in, wat hy noem, ander gedigte met 'n sosiaal-gerigte trek. Haar hart gaan uit na almal wat nie die vreugde van lewensvervulling smaak nie of die troos van skoonheid moet ontbeer.

Malherbe (1940:14) sluit sy bespreking van die bundel af deur te wys op die mooie wat daarin onaangetas bly, die toename in haar kunstenaarskap, die eenvoud en opregtheid en haar kritiese sin wat 'n waarborg vir verdere skoonheid is. In aansluiting hierby noem Dekker

(1939b:49) dat naas die skoonheid, van die gedigte in die bundel ook tot 'n skone oplossing groei.

Die stil avontuur kan gereken word as 'n bundel waarin vreugde en geluk die botoon vorm, maar soos resensente aandui, is daar in Elisabeth Eybers se eerlike lewenservaring en lewensdeurskouing die erkenning van lyding as deel van die werklikheid.

3.1.3 DIE VROU EN ANDER VERSE (1945)

Die vrou en ander verse is die titel van Elisabeth Eybers se derde bundel en met verwysing na die titel noem Mulder (1945:27) die bundel 'n besinning oor wat die wesenlikste van haar lewe as die vrou is. Die tema van die vorige bundel word hier voortgesit, maar nou as vrou in 'n ander lewensfase, die van die moeder (Kruger, 1945:17). Hy wys op die bundel se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde en dat dit selde tot op daardie stadium gebeur het dat die tema van die vrou behandel is. Hy noem dat Elisabeth Eybers dit met waardigheid, opregtheid en intelligensie doen. Ook wat haar digterskap aangaan, toon die bundel ontwikkeling. Soos Kruger (1945:17) dit stel, het sy nou 'n dieper insig in haar eie ondervindinge en hoe om hulle te behandel en daarom is die gedigte in die bundel die produk van 'n diepe en sorgvuldige denke oor ondervinding en oor wat die digkuns eintlik is. In sy bespreking van die bundel, verwys Mulder (1945:27) na die twee elemente waaruit Elisabeth Eybers se poësie hoofsaaklik bestaan: ontroering en besinning. Hy noem dat haar poësie die uitkoms is van 'n lang innerlike proses waarin die sin van alles wat sy beleef het, vir haar helder geword het en uiteindelik sy vorm kan kry. Volgens Hugo (1945) is dit poësie waarin die ervaring so verdiep en veralgemeen dat hulle vol-menslik word. Hy noem ook dat die gedigte vol skone waaragtigheid is en dat lewenswysheid daaruit spreek. Mulder (1945:27) verwys na dieselfde aspek van haar poësie en in die besonder na hierdie bundel wat 'n besinning is oor wat die wesenlikste is van haar lewe en dat die besondere tot algemene plan gehef word, die persoonlike tot beeld gemaak word van die onpersoonlike. Maar bo alles is *Die vrou en ander verse* 'n bundel waarin die lewe warm klop – en bewe.

Swart (1946:13) vat die bundeltema so saam: "Met *Die vrou en ander verse* verskyn die

poësie van 'n ryper, ontnugterde vrou, 'n vrou bewus van die onsekerheid van haar eie bestaan. Haar insig en lewensbesef is verskerp, haar stille tevredenheid tot angs omskep". Na aan leiding van die angstema in die bundel noem Mulder (1945:27) dat ook die moederskap in die bundel anders beleef word, nou met 'n ondertoon van angs. Hy brei daarop uit en wys op 'n besef van verganklikheid en die onsekerheid van alle geluk wat feitlik aan al die gedigte in die bundel ten grondslag lê. Swart (1946:13) noem die tweestyd tussen die vurige liefde vir die lewe en die bange gedagte aan die kilheid van die dood wat die grondtema van die meeste gedigte in die bundel is. Die vorme waarin die verganklikheidsbesef hom openbaar, som Mulder (1945:27) so op: "Ongerustheid oor die lewe wat sy gaan baar, sensasies asof die vaste veilige wêreld wat haar omring, slegs in skyn vas is, direkte oorpeinsings oor die dood en pogings om monumente uit haar vergane kindertyd opnuut weer te deurlewe". Die vlug in herinnering en drome noem Swart (1946:13) 'n wanhopige poging om die donker skadu's van die lewe te vergeet en selfs die liefde is 'n troos en 'n angs.

Dit is die gestalte van die dood, skryf Burgers (1946:21), wat oor haar denke sy skaduwee laat val, vanaf die begin van die bundel waar die dood sy sens moes neig voor die simbool van die vrou as draer van die lewe, maar wat onverbiddelik optree in elke individu se lewe.

Deur die verskynsel van die dood kom die onvermydelike van die mens se alleenheid na vore en dat die mens die onderskeid tussen individualiteit en, soos Kruger (1945:17) dit noem, samestelling moet maak. Hy wys op die dubbelsinnigheid in die bestaan wat sterk en bitter in die gedigte staan en die aanhoudende tweestryd tussen die vrou en die dood.

Ten spyte van hierdie onmag van bestaan, die vreugde en angs van moederskap, die liefde wat van tydelike aard is en die enkelingskap van die mens, spreek 'n begeerte om te lewe uit die bundel (Swart, 1946:13). Dit is asof die omsingelende dood die digter tot angsvervulde weersin en verset oproep en ook dat die gedagte aan die dood afgeskud moet word (Burgers, 1946:41). Dan, skryf Mulder (1945:27), is die laaste woord in die bundel nie aan die dood nie, maar aan die lewe.

As die bundel somber aandoen, is dit omdat Elisabeth Eybers die vermoë besit om deur te

dring tot die kern van lewensverskynsels en om die gewaarwording en ontroering oor die gestaltes van die vrou, die moeder, die kind en die dood sowel as 'n sombere lewensblik, suiwer esteties in ontroerende gedigte te verwoord, skryf Burgers (1946:41, 44).

As die ontstaans- en publikasietyd van *Die vrou en ander verse* (1945) in verband gebring word met die wêreldgebeure van daardie tyd, die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), verkry die doodstema 'n besondere perspektief en wyer agtergrond soos die resensente dan ook aantoon (vgl. onder andere Mulder, 1945:27).

Volgens Kruger (1945:17) is die poësie in hierdie bundel die produk van diepe en sorgvuldige denke oor ondervinding en oor wat die digkuns eintlik is. Hy verwys na van die gedigte as kristallasies, presipitate van 'n lewende introspeksie. Burgers (1946:41) se kommentaar oor die bundel is dat Elisabeth Eybers se poësie gedigte is waarin sy probeer deurdring tot die geheimsinnige kern van dinge en waarin gewaarwording en ontroering oor die gestaltes van die vrou, die moeder, die kind en die dood gekristalliseer en verstil het.

Die statur wat Elisabeth Eybers se digterskap reeds na die derde bundel verkry het, verbind Burgers (1946:44) aan die drif om te lewe en sien dit as 'n waarborg dat sy die innerlike krag sal besit om aan te hou groei en skep.

3.1.4 DIE ANDER DORS (1946)

Elisabeth Eybers voldoen inderdaad in haar vierde bundel, *Die ander dors*, aan hierdie verwagting. Met hierdie bundel het haar digterskap gegroei tot 'n steeds ryper besinning oor vrouwees. Volgens Malherbe (1947b:76) is die sekerheid van die hart en gevoel gekeer tot introspeksie waar nie meer van die wonder sprake is nie, maar van die werklikheid alleen en dit is 'n werklikheid van skrynende onvervuldheid en die tragiese in die vrouelewe.

Die digter se eie uitleg van die bundeltitle, ontleen aan die gedig "Hagar" oor die gelyknamige Bybelse figuur, tipeer die bundelinhoud. Teenoor die liggaamlike dors waarvoor daar volgens die Bybelse verhaal uitkoms was, staan die nie-liggaamlike dors van

eensaamheid en verbittering (vgl. Kannemeyer, 1978:467). Malherbe (1947b:77) verwys na die uitgewersbyskrif by die eerste uitgawe van die bundel wat dit verder omskryf as die ander, nie-fisiologiese, geestelike dors na liefde, gemeenskap, omgang met mense, eendersvoelendheid of wat dit ook mag wees, waarvoor daar om een of ander rede geen lafenis was nie.

Dit is dan hieraan wat Elisabeth Eybers woord verleen, maar by alle skrypende onvervuldheid, spreek daar uit die bundel 'n lotsberusting (Malherbe, 1947b:76). Malherbe (1947b:77) wys op die rekskap wat Elisabeth Eybers gee van die gemis en waardeur dit oorwin word, dat sy so tot lewensaanvaarding kom, maar dis 'n duurgekoopte aanvaarding. In die proses moet van soveel afskeid geneem word. Hy noem veral die hart en hoe moeilik dit juis vir die vrou is om afskeid te neem van haar wondbare hart, om van haarself die masker af te ruk en haarself te beskou as die vyand van haar geluk. Al bly die besef van ontbering skryn, moet die dwase vreugde afgesweer word voor die harde werklikheid (Malherbe, 1947b:79). Die wins hieruit is dat hart en hoof in die bundel in ewewig is (vgl. Malherbe, 1947b:82).

Nog belangriker is dat loutering deur lyding 'n sentrale tema in die bundel is en soos Malherbe (1947b:79) dit stel, breek die lewe so deur tot nuwe krag – en tot nuwe geluk waaruit alle strelende versinsels en alle waan geweerd is. Hiervan is, soos hy dit noem "oorwinnende dorstendes", figure wat in die bundel voorkom, die voorbeeld.

Ook 'n veranderde verhouding tot die dood kom in die bundel voor. Malherbe (1947b:79) stel dit in verband met die louteringsproses wat volgens hom 'n sielshoogheid teenoor die dood bring. Teenoor die breesugtige en onverskillige lewe word die dood wat nie meer gevrees word nie, gestel.

Malherbe (1947b:79-81) gee 'n meer volledige bespreking van hoe die liefdesgedigte waarmee die bundel afsluit, in die louteringsgang van die bundel inpas. As antwoord op die vraag of in die bundel nie afskeid geneem is van die hart nie, geld dat van die sintuiglike verwarring en verdwasing van die hart afskeid geneem is, maar nie van die diepste vroulike

kern nie. Hy wys die herinnering as sleutel tot hierdie gedigte uit. Die verandering van perspektief ten opsigte van die herinnering is dat dit nou 'n groter rykdom is as verwesenliking self en besit. Die geheim van die ongeskonde skoonheid van die liefde is naamlik nie om, soos hy dit noem, die ding in die ding te bemin nie, maar om dit te bemin soos dit leef in jou heimwee. In die herinnering beantwoord die geliefde in hierdie liefdesgedigte van Elisabeth Eybers eers volledig, volgens Malherbe (1947b:81) aan die diepste kern van haar wese en is die liefde gevrywaar teen skade en verlies. Daarom is die liefdesgedigte nie in teësprak met die louteringsgedagte van die bundel nie, maar 'n bewys en hoogtepunt daarvan.

In 'n samevattende beskouing van die bundel skryf Malherbe (1947b:82) dat alles eindig in innigste aanvaarding. Die verlange is immers skoner as die verwesenliking. Hy reken die bundel as klare en objektiewe vormgewing van wat so intens beleef en diep deurskou is. Hy noem verder die heldere beelding van die verlange, aanvaardend, waarmee Elisabeth Eybers 'n voorste plek in die digkuns verower het.

Met *Die ander dors* sluit Elisabeth Eybers die eerste fase van haar oeuvre af waarin sy die liggaamlike en geestelike ervaring van liefde en moederskap (Beukes, 1960:47) as deel van die lewe van die vrou verwoord. By al vier bundels noem die resesente naas die liefde, die enkelingskap of eensaamheid, die ervaring en die besinning, die rekenskap en die rol van die droom en herinnering as deurlopende kenmerke van haar poësie. Hierdie bundels bewys dat lyding in watter vorm dit ook voorkom, verweef is in die bundeltemas, trouens dat dit 'n geïntegreerde deel is van Elisabeth Eybers se digterskap, maar as deel van die veelkantigheid van die lewe nooit enkelvoudig nie. In die woorde van Beukes (1970:99) is die wesensgrond van haar eerste poësie gedigte waarin sy juig en treur.

3.2 1950

3.2.1 TUSSENSANG (1950)

Tussensang verteenwoordig soos allerweë in die literêre kritiek aangetoon, 'n oorgang tussen

die eerste fase van Elisabeth Eybers se oeuvre en die tweede wat 'n aanvang neem met *Die helder halfjaar*. In sy bespreking verwys Antonissen (1951:21) na die bundel as 'n intermezzo, 'n oorgang tussen twee hoof fases, 'n sang met 'n minder definitiewe, selfstandige karakter in 'n reeks van hoof sange. Inderdaad is Antonissen reg bewys, maar in 1951 wys hy net vergelykend op die verskil met Elisabeth Eybers se voorafgaande vier bundels. Volgens hom was daardie bundels meer indrukwekkend en bevat dit hoofsaaklik gedigte op 'n sentrale motief of tema of 'n reeks gestaltes. Elisabeth Eybers sluit met *Die ander dors*, volgens Beukes (1960:47), 'n bepaalde liggaamlike en geestelike fase af, dié van die liefde en moederskap. Ook Grové (1951:47) brei hierop uit en noem dat *Tussensang* in stryd met Elisabeth Eybers se aard 'n eksperimentele karakter dra, weliswaar van beperkte omvang. Hy kwalifiseer dit verder deur daarop te wys dat sy egter nie ontrou aan haarself geword het nie en dat haar bekende stem in die bundel gehoor word. Waarop dit neerkom, is dat *Tussensang* minder geïdentifiseer is met haar groei tot volwassenheid en wysheid as wat dit vroeër die geval was. Hier hou sy haar besig met die meer alledaagse, skynbaar toevallige en nietiger dinge in die lewe.

Ook Beukes (1960:47) spreek hom hieroor uit. Hy noem dat die bundel staan in die teken van 'n tematologies-stilistiese vernuwing. Dit is die bundel waarin Elisabeth Eybers soek na nuwe temas, nuwe belewenisse, 'n nuwe idioom en nuwe terminologie. *Tussensang* bestaan soos Beukes (1960:47) dit noem, uit brokke indrukke wat gegee word van alledaagse ervarings, soms primêr visueel belewe soms oorheersend psigies. Wat die bundel gemeen het met die vorige bundels, is die besinnende aard van haar poësie. Beukes (1960:47) wys daarop en noem dat die sigbare en onsigbare belewenis saamgebind en vergeestelik is deur daardie deurskouing wat in alle tydelike dinge tydelose waardes ontdek. Soos Antonissen (1951:24) ook daarna verwys, verloor Elisabeth Eybers nie in die bundel haar mees persoonlike karaktertrek, naamlik die bespiegeling nie.

In aansluiting by die vernuwing in die bundel, kom daar 'n veranderde toon voor. In teenstelling met die enigszins bitter klank wat in *Die ander dors* gehoor is, is *Tussensang* ligter en minder strak (Grové, 1951:47). Dit is volgens Watermeyer (1953:46) 'n afsluiting van die hartstogtelike poësie van vroeër en toon 'n byna mistieke bewuswording van die natuurdinge,

soos Beukes (1960:47) ook daarna verwys, as 'n bewuste sintuiglike konfrontasie met die natuur en die dier.

Omdat *Tussensang* 'n meer heterogene bundel as die voriges is (vgl. Antonissen, 1951:21), is die gedigte met 'n bepaalde grondgedagte of tema deur die bundel versprei. Dit is opvallend dat die resesente die lydingstema minder direk te berde bring, maar dat dit eerder geïmpliseer word deur wat bespreek word. Van die reeds bekende temas kom wel in die bundel voor. Oor die liefdesgedigte skryf Watermeyer (1953:49) dat daaruit 'n ryper inslag as in die vorige bundels spreek, en belangrik vir die lydingstema, 'n dieper en gewyder berusting. By die bestudering van hierdie gedigte blyk dit dat die verhouding man-vrou soos in die vorige bundels gekoppel is aan tydelikheid met die geïmpliseerde skeiding en duur (vgl. Brink, 1977b:9), net sowel lyding as geluk. Aangesien die gedigte met hierdie tema in *Tussensang* beperk is, word daar in die bespreking van die bundel nie veel aandag daaraan gegee nie. Watermeyer (1953:49) se siening van die liefdesgedigte is dat dit in dieselfde sfeer tuishoort as die in haar vorige bundels, maar met 'n ryper inslag. Die slotsom is dat die hart die wysheid oorgeneem het in die wete dat die herinnering aan, en amper 'n gewaarwording van die aanwesigheid van die geliefde, in die poësie vergestaltung vind. Antonissen (1951:24) verwys daarna as die wysgeworde hart en die geheue se wete.

Oor die gedigte oor die kind skryf Beukes (1960:47) dat dit in hierdie bundel 'n inlewing in of teruglewing na die kinderwêreld met sy vrese en probleme is. Ook Watermeyer (1953:49) verwys na die vrees waarin 'n kind in 'n sekere lewenstadium vasgevang kan wees. Die kinderlewe is in teenstelling met die werklikheid van die grootmens met sy leed soos vergestalt in die wysgeworde moeder.

Nog 'n aspek van die kind wat beide Watermeyer (1953:49) en Beukes (1960:47) uitwys, is Elisabeth Eybers se uitbeelding van die smettelose suiwerheid van die jong kind se oë en die gewaarwording wat dit by die volwassene wakker maak, die misterie van die nog ongerepte kinderoë wat boei. Dit is oë wat agter die onaangeraakte waas-van-'n-ander-wêreld iets verskuil hou van die wonder van daardie vroeër bestaan wat die grootmens lankal vergeet en verloor het. Watermeyer (1953:48) sonder die kindergedigte uit en verwys na die

vreesatmosfeer wat Elisabeth Eybers hier inbring.

Soos uitgewys, bring die groter sintuiglikheid van *Tussensang* 'n aantal gedigte oor die natuur en die dier voort. In die bundel is gedigte oor die oorgawe aan alledaagse vreugdes, maar ook hierin is 'n lydingsaspek teenwoordig. Dit is veral in die uitbeelding van bome waarin, soos Watermeyer (1953:46) dit stel, die stem van Elisabeth Eybers op die intiemste en ontroerendste wyse spreek. Wat onder andere in die bespreking van die tema na vore kom, is volgens Antonissen (1951:21) dat daarin 'n stuk inwendige outobiografie vervat is: die betekenis van bome in die lewe van die digter self. Watermeyer (1953:46, 47) sluit hierby aan en omskryf dit. Volgens hom word bome vir Elisabeth Eybers stille begrypendes en leermeesters, positiewe kragte wat sin en rigting aan die lewe gee. Bome beeld die wysheid uit en weerbaarheid teen lyding. Hoe belangrik die gedagte van weerbaarheid teen lyding in Elisabeth Eybers se poësie is, word beklemtoon deur Brink (1977b:9) in sy bespreking van die herdruk van *Tussensang*. Hy haal uit haar poësie in die bundel aan:

daar is geen soepel weerstand so volkome
soos die geduld en buigsaamheid van bome.
("Bome". *Tussensang*, 1977c:10)

Hy beskou dit as byna 'n motto by Elisabeth Eybers se werk. Hoewel *Tussensang* vernuwend is, vorm dieselfde perspektief op die lydingstema as wat voorkom in *Die ander dors* die aanbod van die bundel, naamlik die weerbaarheidsgedagte. Soos in Elisabeth Eybers se oeuvre tot dusver, kom lyding voor in die kontraspaar, lyding en geluk.

3.3 1956-1958

Beide bundels, *Die helder halfjaar* (1956) en *Neerslag* (1958), het as sentrale gedagte 'n stropingsproses, onderskeidelik ten opsigte van die werklikheid en van die digkuns, gemeen.

3.3.1 DIE HELDER HALFJAAR (1956)

Die helder halfjaar lei dan die volgende fase van Elisabeth Eybers se poësie in. Met die

verskyning van die bundel word dit verwelkom in die letterkundige kritiek as sonder twyfel die hoogtepunt van haar poësie (Grobler, 1956:46) en dit word steeds as 'n hoogtepunt in haar oeuvre beskou.

Grobler (1956:46) verwoord die algemene kommentaar oor die bundel en sê dat uit *Die helder halfjaar* 'n nuwe gloed en warmte, 'n nuwe lewensdrif en ruimer belangstelling en bowendien 'n verskerpte aandag vir die juiste woord spreek. Hy wys verder daarop dat al die gedigte, ook die wat in toon en tema by Elisabeth Eybers se vorige poësie aansluit, getuig van 'n groei en 'n selfvernuwing. Op die titelblad word aangedui dat hierdie bundel sy beslag gekry het in 'n bepaalde tyd: April tot Oktober 1955. Die titel van die bundel dui dus op 'n tydperk van intense skeppingsvermoë en dit dui ook op 'n lewens tydperk, 'n tydperk van 'n nuwe lewenshouding. Antonissen (1956:52) se uitspraak hieroor is dat *Die helder halfjaar* werklik kláárte is, óf deur lansetskerp ontleding en etsskerp tekening, óf deur onomwonde uitsprake oor óf direkte bejeëning van ding en bestaan, of albei. As gevolg van die veranderde lewenshouding spreek uit die bundel 'n steeds ryper lewensaanvaarding en 'n meer gebalanseerde verhouding tot die self (Grobler, 1956:46).

Die grondtema van die bundel is die suiweringsgedagte. Soos Antonissen (1956:53) dit stel, is die fundamentele houding die wil om klaarte te skep, om dinge in die reine te bring, om suiwer te staan. Die bundel is gerig op suiwering. Beide Antonissen (1956:53) en Grobler (1956:46) haal Elisabeth Eybers self aan:

Die hart, deur sóveel skyn bedrieg,
weet: alles wat getooi is, lieg
("April". *Die helder halfjaar*, 1981a:7)

Grobler (1956:46) noem dit 'n manifes, 'n program van die bundel. Hy noem ook vervolgens dat uit hierdie woorde van Elisabeth Eybers die ryp en vaste wete waaruit die hele bundel gegroei het, na vore tree.

Oor die hart en hoof wat hier ter sprake kom, wys Grobler (1956:46) daarop dat hart, hoof en sintuig in die bundel een is: die sentimentele word onderwerp aan die intellek, word sinvolle,

sterk emosie sonder selfbeklag. Verstandelikheid word positiewe, wyse nugterheid wat weerbaar, waaksaam en gespanne bly.

Die suiweringsgedagte is vervleg met ander temas. Antonissen (1956:53, 54) noem die musiektema met sy suiwerende werking om te ontsmet van aardse onheil.

'n Aspek wat reeds in *Die vrou en ander verse* sy verskyning gemaak het en wat Beukes (1960:47) noem, is die gedagte dat die mens eintlik in twee wêreldes leef, die tydelike en die bo-tydelike en dat dit soms moeilik is om met die liggaam aan die sigbare gebind te bly terwyl die gees na sy oerbron, die onsigbare, hunker. Enkele ander voorbeelde wat Antonissen (1956:54) noem, werk kontrasterend met aardse pyn, angs en verganklikheid en geluk. Die vereiste is dan dat die vreugde van vroeër ook nie meer geldig is nie sodat 'n sorgeloosheid in die hand gewerk kan word. Hy noem 'n ryping in die gedagte dat 'n skuiling en vergetelheid en selfs die droom nie meer 'n behoefte is nie, maar dat die afspraak met die verbeelding nog gehou word, omdat die rustige sekerheid bestaan dat, en hy haal Elisabeth Eybers aan:

die laaste onderdak sal – laat of vroeg –
verseker wees, omskans en dig genoeg.
("Afspraak". *Die helder halfjaar*, 1981a:20)

Dit sluit aan by die suiweringsgedagte soos vervat in die doodstema. Soos Beukes (1960:47) aantoon, beweeg die meeste van die gedigte tussen die twee wesenspole van die mens se bestaan: lewe en dood. Oor die integrasie van die suiwerings- en doodsgedagte laat Antonissen (1956:53, 54) hom uit en noem dat wie tot daardie wil om suiwer te staan, om helder te wees, geryp het, nie anders kan as om simpatie te hê vir dit wat die dood doen nie: die suiwing tot op die been toe. Hy noem dat bitterheid nie deel hiervan is nie, maar deernis, 'n rustige deernis met die meniges aan wie die lewe sy dinge doen. Oor die deernis noem hy dat dit 'n rusgewende, bevrydende daad word deur die genadelose verwysing na die gelukkige afloop van alle lewens – die dood. Sy woorde is dat Elisabeth Eybers in hierdie gedigte die mens bejeën met die dood en dat *Die helder halfjaar* 'n bundel is van hoogspanning: wat dood en lewe in spanning hou, naby mekaar en tog uitmekaar.

Antonissen (1956:53) verwys ook na die ontstaanstyd van die bundel, April tot Oktober, maar beskou dit as paradoksaal omdat die bundel gaandeweg meer die dood as die lewe beklemtoon. Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers die paradoks van die menslike bestaan in die bundel handhaaf. Dit bring 'n mens by ander aspekte wat Elisabeth Eybers gaandeweg in haar poësie ontgin, naamlik die ironie en die humor.

Grobler (1956:46) reken *Die helder halfjaar* is 'n bundel sonder 'n sweem van swaarwigtigheid, die verse is lig met verrassende ironiese wendinge. Antonissen (1956:52) wys daarop dat selfs die bitterheid nie swaar of weemoedig is nie, maar saaklik of ironies. Die bittere word ook vitaal bejeën en uitgesê, nie smartlik nie, maar uitdagend gestel, en soms spottend of met humor (vgl. ook Beukes, 1960:47 en *Literator*, 1956:31-35).

Dit is Antonissen (1956:55, 56) wat die lyn tussen die bundeltema en die lydingstema duidelik trek. Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers in hierdie bundel geen goedskiks-geintimideerde oorgawe aan die dood of 'n onvoorwaardelik-wilde of dankbare oorgawe aan die lewe verwoord nie. Net soos die verlange om te lewe of lewensangs, is doodsangs en doodsverlange nie meer ter sake nie, want anders word die suiweringsgedagte genegeer. Hy vat dit saam as die idee van tot-rypheid-gesuiwer-wees waarin die betekenis van sorgeloosheid vervat is. Dan noem hy dat die sorgeloosheid nie die van die onbewuste en onbeproefde, die nog onvolwassene is nie, maar die wat deur smart en genieting heen gegroei het, wat beteken die bewuste, maar eenvoudig leef, sonder jammerte, sonder hunkering, sonder bang- of bevangenhede.

Elisabeth Eybers bewys met *Die helder halfjaar* dat sy nog 'n stap nader gekom het aan die lewe en die onbevange uitbeelding daarvan (*Literator*, 1956:32). Aan die woord is die ouer, ryper vrou (C. W. H., 1956:15). Net soos in haar vorige bundels word die lewenskontras lyding en geluk verwoord. In dié bundel kom die suiwering, of soos dit in haar oeuvre bekend is, die deurdring tot die essensie by.

Samevattend gee Antonissen (1956:57) 'n waardering van *Die helder halfjaar* as 'n waarderyke bundel, 'n getuienis van 'n digterskap met onverminderde vermoëns en

moontlikhede.

3.3.2 NEERSLAG (1958)

Neerslag is die titel van Elisabeth Eybers se sewende bundel en Steyn (1959:249) beskou dit as 'n besonder gelukkige titel om die bundel mee te tipeer. Louw (1958) gee die verklaring hiervoor: die bundel is toegespits op die verskynsel poësie eerder as op die lewe self, Elisabeth Eybers sien die poësie dus as 'n neerslag of presipitaat van die lewe. Daarom is dit ook nie toevallig nie dat verskeie gedigte in *Neerslag* (1958) oor die digkuns handel. Dit is 'n reeds bekende tema in Elisabeth Eybers se poësie, maar wat in die bundel tematies nuut aandoen en in aansluiting is by die bundelitel, is die kritiese blik op die digterskap (Steyn, 1959:249), volgens Louw (1958) die ambag, sy aard, sy illusies en sy funksies. Dit kan saamgevat word in De Vries (1959:31) se woorde dat die vraag na die sin van die digterskap hier gevra word. Dit is 'n verdere tematiese verdieping en 'n verryking van Elisabeth Eybers se poësie.

As sleutelreëls tot die bundel haal De Vries (1959:30) Elisabeth Eybers self aan oor die digterskap. Die digter:

waag sy porsie wee-en-wel
terwille van die edel spel.
("Behoud". *Neerslag*, 1975c:7)

Volgens hom is, wat hy noem, bloedige erns eerder as spel in *Neerslag* aan die orde en hiermee toon Elisabeth Eybers dat in die poësie self die kontrasterende lyding en geluk vasgelê is. Die enkele voorbeelde waarna die resesente verwys, bevestig dit. De Vries (1959:30) verwys na die eensaamheid van die digter en Louw (1958) na hoe negatiewe kritiek die digter raak. Getrou aan haar poësie is die vonk van verdriet en drome in die digterskap vervat (C. W. H(udson), 1959:59). Die poësie is ook 'n troos, 'n bedekking, voeding, metgesel (Louw, 1958) en skuiling (C. W. H(udson), 1959:59).

Volgens Louw (1958) openbaar Elisabeth Eybers in *Neerslag* die wysheid, die rytheid en 'n

ironiese houding van iemand wat al die lewe verstaan of probeer verstaan en nie meer illusies het nie. Hy noem ook haar skerpsinnigheid en gevoeligheid. Hy is ook van mening dat die poësie eintlik ten doel het om die ervaringe van mense en die lewe onder helder, konkrete woorde te bring wat dan 'n weerklank in die hart en verstand van die leser wek. In *Neerslag* verwoord Elisabeth Eybers die worsteling met die werklikheid, die uitbeelding van die volle verskynsel en die sin agter sy bestaan én dit wat pyn gee aan so 'n werklikheid (C. W. H(udson), 1959:59). Poësie van die *gemeensame* noem Louw (1958) hierdie gedigte. Maar so eenvoudig is dit nie. Volgens hom is dit slegs skynbaar die *gemeensame*, want dikwels sit daar 'n paar angels in en in sommige gedigte kan, soos hy dit noem, die *lacrimae rerum* gevoel word.

Elisabeth Eybers skryf in *Neerslag* weer oor die vertroude dinge omdat sy dit deur en deur ken en verstaan, volgens Louw (1958). Die styl het verander, maar die tradisie van die kunsuiting het dieselfde gebly. Die vertroude temas in haar poësie kom dus ook in hierdie bundel voor (C. W. H(udson), 1959:58) en die lydingstema is 'n geïntegreerde deel daarvan. Die temas wat genoem word, is die moeder-kindtema en meer bepaald die moeder-seunverhouding waarin onder andere die skeidingsaspek (Beukes, 1960:62), die menslike onvolkomenheid (Steyn, 1959:249), en die aardsgebondenheid (Beukes, 1960:62) die tema is. Die verskil tussen man en vrou (Beukes, 1960:62) kom weer aan bod asook gedigte oor triestige gestaltes (C. W. H(udson), 1959:58), gestaltes in nood (Steyn, 1959:249) of soos Louw (1958) dit noem, gedigte waaruit 'n sosiale deernis spreek. Aandag word gegee aan die God-mens-verhouding. In die bundel word, volgens Steyn (1959:249) kant gekies teen die dogmatiese dwang op religieuse gebied. Ook Louw (1958) verwys hierna en hy maak melding van die grootse uitbeelding van die lydingsfiguur Job.

Oor die bundel as geheel is die kommentaar dat die vraag na die sin van die digterskap 'n verdieping en verryking en 'n aanvulling tot die tematiek van die poësie van Elisabeth Eybers is (De Vries, 1959:31) en dat *Neerslag* boei, nie deur grootse konsepsies nie, maar deur die suiwer en kristalheldere weergawe van eie sieninge (Steyn, 1959:249). Al is dit in 'n mindere mate die poësie van die vrou, soos Beukes (1960:62) aantoon, bly Elisabeth Eybers in hierdie bundel soos in die voriges, die vrou wat alles omklank wat binne die straal van haar

ervaringsveld kom, die wesenlike kern van dit wat verband hou met lewe en dood op die doek van haar bewussyn teruggekaats vind en hieruit 'n lewensintese vir die mens probeer haal. Soos die titel *Neerslag* suggereer, is die poësie gestroop van alle tooisels, is die kern van alle voel en dink weergegee, het die bundel 'n nuwe trefkrag en dra dit die styl van 'n nuwe kernagtigheid (C. W. H(udson), 1959:59). Skoonheid in eenvoud noem Beukes (1960:62) van die gedigte in hierdie bundel.

Volgens Steyn (1959:249) kom Elisabeth Eybers in *Neerslag* tot die openbaring van 'n deur loutering verworwe lewenswysheid. Alhoewel nie in die bespreking van die bundel so daarna verwys word nie, is dit deur 'n singewingsproses waardeur lyding oorwin word.

In *Die helder halfjaar* en in *Neerslag* neem lyding 'n belangrike plek in in die suiwering of loutering en groei tot lewensintese en –kennis, in en deur die poësie. Oor die toon van hierdie bundels noem Grobler (1973:27) dat die vervoering en verrukking telkens daarin deurslaan. Hiermee sluit Elisabeth Eybers dan die deel van haar oeuvre af wat in Suid-Afrika ontstaan het.

3.4 1962 –1973

Hoewel *Balans* wat verskyn het in 1962 gedigte bevat wat Elisabeth Eybers in Suid-Afrika geskryf het voor haar verhuising na Nederland in 1961, is dit die bundel wat haar Nederlandse periode inlei (vgl. onder andere Kannemeyer, 1978:474). Saam met *Onderdak* (1968) en *Kruis of munt* (1973) kan hierdie bundels genoem word bundels van lyding. Die sentrale gemeenskaplike gedagte van al drie bundels is die ontginning van die eensaamheid.

3.4.1 *BALANS* (1962)

Van *Balans* noem Grobler (1973:27) dat die toonaard daarvan herinner aan *Die ander dors* ook ten opsigte van dieselfde temas van pyn en eensaamheid. Grové (1963b:68) verwys na die gedigte wat in Nederland geskryf is en noem dat iets van 'n krisis daarin deurskemer, 'n gevoel van ontreddeing en gemis.

Grobler (1973:27) wys daarop dat *Balans* 'n bundel is waarin daar terugkeer word na die wêreld van die ek. Ondanks gedigte waarin die objektivering, die selfvervreemding, op die voorgrond tree, is die gedigte in die eerste instansie gemoed met die persoonlike belydenis of die bieg. Dit is nie die bieg van Dertig nie, soos Grobler (1973:27) uitwys, maar die bieg van Sestig met die wins van dertig jaar, van, onder meer, 'n ironiese selfbeskouing wat gebore is uit wyse nugterheid en wat deeglik geldend is in die bundel. Ook Opperman (1962) noem dat dit nie 'n herhaling is van Dertig nie, maar 'n belydenis met ander onderwerpe, ander taal, ander tegnieke en dat dit ryker, wranger en intelligenter is.

Met spesifieke verwysing na die groep gedigte wat in Nederland geskryf is, is Louw (1963) van mening dat dit merkwaardige gedigte is, weliswaar persoonlike getuienis, maar in woorde gesê wat selfs die pynlikste situasie uithef in 'n ander grootser verband. Hiermee verwys hy dan terselfdertyd na lyding en die poëtiese woord.

In die meeste van die gedigte staan die balanstema sentraal, hoewel nie altyd in woorde soos balans of ewewig gegee nie, maar dikwels in die beeld of simbool verberg volgens Grobler (1973:30). Van Heerden (1963:11) verwys na die bundeltitle, *Balans*, as wegwysers na die bundeltema, wat hy noem die verkryging van ewewig na 'n periode van storm en onsekerheid. Antonissen (1963:16) brei hierop uit en stel dit so: hierdie is gedigte in ewewig én is gedigte wat begaan is om die vind van ewewig, om die uitbalanseer van onewenhede, ewewigstorings, gedaantewisselings, om skommel- en tot ewewig herskommelings, om vereffening, verrekening tot balans – sowel poëties as menslik. Hiermee vat hy die kerngedagte van die bundel saam.

Balans het te make met die problematiek van die digter en sy medium, maar in die eerste plek gaan dit oor menslike verhoudinge (Grobler, 1973:28). Op menslike vlak is die kern van die balanstema die reeds bekende hart-hoofstema. Hieroor laat Antonissen (1963:17, 18) hom breedvoeriger uit. Hy wys daarop dat die hoof in die hele bundel in spitsberaad oor die hart sit asook op hulle interafhanklikheid. Drif en droom, vlees en woord, gees en daad staan in, wat hy noem, kriskras-patrone deur die verhouding hoof en hart. Saam is dit onderworpe aan ewewigwetmatighede op vele vlakke, soos hy dit stel, in "spanning man en vrou, ek en jy, die

ek – hier – nou en die ek – daar – gister (herinneringe, heimwee, verlange), elk met sy op eie ewewig gestelde hoof – en – hart". Hy wys daarop dat *Balans* 'n veelvoudige ewewigspel in 'n groot verskeidenheid gedaantes is, in perspektiewe van die individuele bestaan, van herkoms, geografiese afstand, van tegniek en natuur en van geslag en liefde.

Soos reeds genoem, kom die poësie self aan bod in *Balans*. Grové (1963b:69) se uiteensetting daarvan is dat deur die proses van wik en weeg 'n kunstige verweer opgebou word. Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers se poësie toenemend 'n besinning oor haar middele word en hier 'n "betragting uit die verte van die skermutseling tussen die natuurlike gevoel en die kunstige woord" is. Hy verduidelik verder dat *Balans* van die felste en persoonlikste poësie wat sy geskryf het, bevat, maar dat dit streng gekontroleer is. Dit is asof sy 'n woordskerm, soos hy dit noem, wil opwerp om die wondbare hart. Daarom kom die teenstellings liggaam en beskutting en weerloosheid en weerbaarheid voor.

Volgens Grové (1963b:68) is die poësie dus 'n wapen wat 'n rol speel in die proses waarmee Elisabeth Eybers haarself terugtrek uit die gedig om "afstand te vind en so tot 'n besinking (neerslag) en ewewig (balans) te kom".

Waar daar sprake is van wik en weeg en ewewig is dit dan so, volgens Antonissen (1963:18), dat hierdie poësie binne die balanstematiek is en hy haal Elisabeth Eybers self aan:

Verbiddeloos in ewewig
wieg my gedig
(*"In extremis"*. *Balans*, 1977a:60)

Hy noem die gedig die weegskaal én die ewewigtoestand. Grobler (1973:29) plaas die lydingstema in hierdie verband en ook hy haal Elisabeth Eybers self aan:

... hoe swaai die fyn-
geslepe pyltjie tussen vreugde en pyn.
My wimpelboodskap laat ek wipplank ry:
(*"Brieweskaal"*. *Balans*, 1977a:28)

In *Balans* verwoord Elisabeth Eybers dan ook die innerlike rekenskap gee (Louw, 1963) of soos dit reeds ten opsigte van haar vorige bundels gegeld het, 'n singewingsproses, in hierdie bundel in die vorm van 'n ewewigsoeke. Volgens Louw (1963) kan die digter se eie woorde dit ten beste saamvat:

— Verlos van skommeling
word my lomp hart dan lig?

— Ja, eindelijk lig en leeg:
jy weifel nog?

— Ek weeg
die prys van ewewig.
(*"Beraad"*. *Balans*, 1977a:17)

Ten laaste noem Van Heerden (1963:14) dat hier die ouer- en meer sinies-wordende vrou se eie gemoedslewe in krisis, verwydering en wrange lewensaanvaarding verwoord word, dat sy in die begin kon "sing", toe is dit haar gegun om te "sê" en nou moet sy die "laaste woorde sweet".

Dieselfde ontginning van lewe en taal sit Elisabeth Eybers in haar volgende bundel voort. 'n Mens kan as 't ware sê eenders, maar tog anders.

3.4.2 *ONDERDAK (1968)*

Oor *Onderdak* skryf Cloete (1970:41) dat Elisabeth Eybers met iets nuuts en van groot rytheid en rykdom voor die dag kom. Ten opsigte van die temas het daar volgens Louw (1968) inderdaad nie veel verander nie. Hy noem gedigte oor die vader, die eie ervaring van die lewe en veral die liefde van 'n ander mens en gedigte oor die wonder van die taal. 'n Nuwe tema wat na vore tree, is wat hy noem, dit wat in verband staan met Elisabeth Eybers se verblyf in Nederland en deel is van haar selfverkose ballingskap, of soos dit algemeen genoem word, ontheemding.

Op die titelblad gee die digter die ontstaanstyd van die bundel aan: November 1962 – Junie

1967. Soos Cloete (1970:41) aantoon, wil hierdie tydsbepaling op 'n ontstaanstyd wys. Die tuiste is 'n belangrike tema van die bundel. Cloete (1970:41) se verklaring van die datumaanduiding is dat Elisabeth Eybers hiermee wil wys dat die gedigte in die bundel van huis uit soos hy dit noem, verwant is aan mekaar. Hoe verskillend die gedigte ook tematies mag wees, soos die bundeltitel aandui, kan hulle onder een dak saamgevat word. Sy verklaring lê daarin dat al die gedigte 'n tuiste word vir watter lewenservaring ook al.

Sowel Louw (1968) as Britz (1969:194-200) verwys na wat Joubert (1969:81) die baie merkbare inhoudslyn van die bundel noem. In die eerste gedeelte van *Onderdak* is daar gedigte van skrynende verbittering, van leed en verwarring en van verbitterde nie-verstaanword (Joubert, 1969:81). Die volgende groep gedigte handel oor die aanvanklike eensaamheid in Nederland (Britz, 1969:194) en 'n nuwe liefde waarna Louw (1968) verwys as 'n volwasse, illusielose liefde. Weer onafskeidbaar met die liefde, soos Joubert (1969:83) aantoon, volg droefheid deur die dood van die geliefde.

Opsommend noem Britz (1969:194) dat *Onderdak* die waarhede van Elisabeth Eybers se ballingskap en eensaamheid in Nederland en die paradoksale spanninge van 'n latere liefdesverhouding met 'n genadelose, byna kliniese operasiemes oopvlek. Ook Nepgen (1969:81) verwys na Elisabeth Eybers se blik na binne en selfontleding en dan noem sy die slyp van die woord tot 'n fyn ontleedmes wat deursny. Die eksegeese, die koel, verduidelikende analise, die vereffening wat vereis word, die orde, al is dit die orde van ontgugtering, wys Joubert (1969:81) uit as die kunstenaar se taak. Sy wys ook op die blik wat die digter op haarself werp, op die vrou, op ervarings van seerkry en van hartseer. Sy noem ook die woord wat tot sy sinvolste afgestroop is en die emosie wat tot sy sinvolste uitgekristalliseer is. Dan is haar uitspraak: "die poësie is strak, dit paai nie, dit sny soos 'n lem". Tekenend van hierdie poësie is die gebruik van die paradoks en die ironie (Britz, 1969:191,197) en by die bitterheid, die humor (Nepgen, 1969:81). Die ervarings in hierdie poësie is volgens Britz (1969:194) intellektuele, twintigste-eeuse belydenisse van die primitiefste grondbeginsels van menslike verwydering en teleurstelling.

Dit is Cloete (1970:42) wat die taalaspek van *Onderdak* verder ontgin en 'n bykomende

dimensie van die bundel ontbloot. Uit sy bespreking is dit duidelik hoe ver Elisabeth Eybers as digter gevorder het in die singewing aan lyding. Ten eerste noem ook hy dat "alle probleme en konflikte ... in die gedig 'n bestemming, dit wil sê onderdak of tuiste en daarom 'n oplossing" vind. Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers in *Onderdak* net soos in *Balans* al die gedigte op meesterlike wyse op die titel van die bundel betrek. Sy sien alles deur die lens van die gedig, maak alles tot taal en gee daaraan orde. Dit is in ooreenstemming met die singewing in Elisabeth Eybers se oeuvre, maar Cloete (1970:42) wys vervolgens daarop dat die gedigte in hierdie bundel uit en uit metaforiese poësie is, dat alles ná en in die tuiste van die versvorm oorgedra word. Soos hy noem, word woord vlees en omgekeerd word vlees woord. Alles word op die poësie betrek of word poësie. In *Onderdak* gaan gewone lewenservarings oor in 'n taalervaring (Cloete, 1970:44).

Hoe nou verbind lyding en poësie in Elisabeth Eybers se oeuvre is, word in hierdie bundel duidelik. Cloete (1970:46, 47) verwys na gedigvoorbeelde om aan te toon dat die gedig heelmaak en genees, tot akkoord bring, formeel laat voeg en klop, 'n toevlug is in die lewe te midde van die lewe en nie 'n romantiese uitvlug ver van die lewe nie. Die gedig self is 'n "onderdak", 'n "huis", 'n "tuisgaan in die taal", soos hy dit noem.

Wat Cloete (1970:48) van *Onderdak* as merkwaardig beskou, is dat die gedigte in hierdie bundel in die Afrikaanse taal, lewe en poësie die naaste aan mekaar bring. Hy verwys weereens na die van vroeg af bekende feit dat Elisabeth Eybers se poësie deur die harde werklikheid gevoed word. Dan noem Cloete (1970:47) die volgende: ten spyte daarvan dat van die gedigte in die bundel 'n bitter ondertoon het of satiries is, is die meeste gedigte egter in hulle diepste grond nie die poësie van verydeling nie, maar van vervulling, deurdat daar 'n heenkome in die gedig is.

Die laaste woord wat Joubert (1969:83) oor *Onderdak* sreek, is dat dit 'n eie besondere plek in Elisabeth Eybers se oeuvre het. Sy volvoer standvastig die na-binne-kyk. Daarby is daar die ontginning van die betekenis wat in die woord opgesluit lê en die sterk gestaltegewing van 'n emosie wat diep ontroer.

3.4.3 KRUIS OF MUNT (1973)

Die volgende bundel, *Kruis of munt*, noem Cloete (1973:16) 'n sterk bundel poësie wat sy selfstandigheid naas al haar ander bundels uitwys en toon hoe Elisabeth Eybers geleidelik oor 'n lang afgelegde weg gekom het tot waar sy nou staan. Brink (1973:11) sien hierdie bundel in die konteks van haar poësie wat nie ingestel is op skouspelagtige vernuwing nie, maar wel op die geleidelike verfyning en versuiwering, die stadige en sekure slyp van die gegewe én van die taal self. Daarom ook sy verwysing na *Kruis of munt* as 'n verdere punt van somber soberheid, geraffineerde spel, geduldige beitelning én 'n doelgerigte verskraling om dieper in die bekende gegewe in te boor. Hier word geen nuwe ruimtes oopgemaak nie (Brink, 1973:11), maar volgens Spies (1974:38) is daar ten spyte van die terugkerende temas tog 'n nuutheid, al is dit slegs geleë in die kilheid van benadering. Steenberg (1974) sien *Kruis of munt* as 'n afgeronde bundel met 'n dimensie meer as die voriges, wat as laat bundel soveel oproep uit die digter se vorige poësie en die ryping van bekende trekke toon.

Die bundeltitle, *Kruis of munt*, bespreek Pretorius (1974:19) as sleutel tot hierdie poësie. Sy haal Elisabeth Eybers self aan:

Die lot spin wasig op sy rand
denkbeeldig boos of goedgesind,
totdat hy wankel na dié kant
verkore deur die spelershand
wat haarfyn mik op kruis of munt.
("Kans". *Kruis of munt*, 1975b:7)

Haar verklaring is dat die titel te kenne gee dat dit hier gaan om 'n soort dobbelspel waarvan die afloop onseker is al word gesê dat die speler 'n bepaalde kant verkies. As samevatting noem Pretorius (1974:20) dat die gebruik van die woorde "lot", "kruis of munt" en "boos of goedgesind" daarop dui dat dit hier gaan om die mens se lotsbestemming, 'n bestemming wat onvoorspelbaar is en nie ten volle binne die beheer van die mens self is nie. Sy wys verder ook daarop dat kruis of munt hier teruggryp na boos of goedgesind, dan kan in aansluiting by die lydingstema, die konnotasie bestaan van lyding of geluk. Spies (1974:39) se uitleg is dat *Kruis of munt* te kenne wil gee dat die mens maar moet dobbel met die lewe en kyk op watter

kant die muntstuk vir jou tereg kom, weereens boos of goed.

Wat inhoud betref, en sy verwys veral na die verhouding Suid-Afrika-Nederland, word opponerende kragte teenoor mekaar uitgespeel (Spies, 1974:38). Die stelling wat Pretorius (1974:24) maak, is dat hierdie bundel 'n mens laat vermoed dat Elisabeth Eybers die lewe as 'n ware in terme van teenstrydighede begryp. Daarom is die poëtiese verkenning van haar wêreld 'n verkenning van die uiterstes wat dit beheer. Sy vervolg deur te noem dat die digter in hierdie proses die houding van die ironikus inneem wat kalm, onttrokke en onpartydig kyk na dinge en ervarings, situasies en emosies. Ten opsigte van die introspektiewe aard van die poësie noem Pretorius (1974:24) dat die ironiese ingesteldheid verseker dat die poësie nie verval in naïwiteit, selfbejammering, sentimentaliteit of sieklike selfregverdiging nie. Brink (1973:11) asook S. E. v. Z. (1973:2) brei verder uit op die werking van die ironie en haal ook Elisabeth Eybers self aan:

Om te beleef en ook te loof wil ek
die voelhorings van ironie laat dwaal
oor dit wat was, wat is, wat moet gebeur.
("Nuwejaarswens". *Die helder halfjaar*, 1981a:30)

In sy kommentaar noem Brink (1973:11) dat die uitgangspunt van die ironie as poëtiese *modus* die bestaan is van die "syn" en die "skyn", van magte wat mekaar weerspreek, van momente wat óf teen mekaar inwerk óf van mekaar wegbeur, terwyl hulle die indruk van 'n teenoorgestelde probeer wek. Volgens S. E. v. Z. (1973:2) verberg die masker van die ironie wat die skyn van nugterheid en weerbaarheid skep, 'n uiterste wondbaarheid en 'n gevoel van emosionele vereensaming.

In aansluiting by wat reeds aan die begin gesê is, noem Spies (1974:42) dat *Kruis of munt* 'n selfverkennde bundel is. Sy verwys ook na die terugkerende temas en dat in die selfverkenning dikwels die ou self herontdek word, maar ook word dit in die bundel langsaamhand 'n verkenning van die eensaamheid tot sy uiterste toe.

Die temas van die bundel bring Pretorius (1974:21) in verband met die ironie wat Elisabeth

Eybers laat geld in kruis-of-munt-pare soos liefde–alleenwees, mislukking en pyn–tegoed, man–vrou, drome–werklikheid, verlede–hede, verlies–behoud, jonk–oud, liefde–haat, liefde–profyt, taal–daad, goed–kwaad. Spies (1974:38–44) voeg nog by Nederland–Suid–Afrika, lewe–dood, bogronds–ondergronds, oorlewing–ondergang, geloof–ongeloof en Steenberg (1974) herkoms–bestemming en immigrant–tuiste.

Cloete (1973:16) vat die temas van *Kruis of munt* saam as 'n vertelling van "éénlopendheid" en "geséllousheid", om uitgesluit te wees, en van "leefbeletsels". Dan is daar nog leed wat berokken is deur 'n ander, om orent te bly en hoe om die lewe in die vreemde te verduur. Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers 'n ganse lewe met ironie gade slaan, maar dan noem hy ook die sagte drome en 'n versoenende gevoel wat selde in haar laaste vorige bundels voorgekom het. Naas drome verwys hy na die verlossende, versoenende krag van herinnering én die versoenende krag van die poësie. Die verklaring hiervoor is vir Cloete (1973:16) in die taal geleë: die taal wat verskille benadruk, kan omgekeerd ook versoen, kan op dieselfde wyse van etter attár maak. Hier verwys hy na Elisabeth Eybers se woorde wat Krog (1974) ook aanhaal:

En mettertyd weet ek weer
hoe soms 'n smeulende seer
nie etter uitsweet maar attár.

("Najaar". *Die helder halfjaar*, 1981a:13)

In hierdie bundel stel Elisabeth Eybers die digterskap self pynlik voor. Dit verg "urelange martelende getuur", in die digter se eie woorde, om die "flikkerende mosaïek" te maak (Bouer,1973:15) waarin die teenstrydige dinge se versoeningsmoontlikhede prinsipiëel gedemonstreer word, volgens Pretorius (1974:21, 26). Daarom wys sy ook daarop dat die gedigte, ten spyte van die somber en hartseer grondstof, tog nie neerdrakkend is nie. Dit sluit volgens haar aan by die sleutelaspek van Elisabeth Eybers se poësie: deur 'n proses van "langsaam blootlê, kies en konstrueer" is leefbeletsels en daaglikse gemis in gedig na gedig tot 'n nuwe sinvolle inlegpatroon verwerk en uit die ervaringe is wysheid gehaal.

'n Bundel met 'n droefgeestige ondertoon wat die leser nie onaangeroer laat nie noem Bouer

(1973:15) *Kruis of munt* en volgens S. E. v. Z. (1973:2) bly 'n mens deurentyd bewus van 'n warm, allesomvattende, en daarom lydende menslikheid. Vir Van der Walt (1973:4) is hierdie essensiële poësie van heimwee en smart, tog aangrypend en ontroerend, en daarby blyk 'n bewonderenswaardige weerbaarheid van lewensgevoel – alles saamgevat in die woorde van Elisabeth Eybers.

Die ooreenkoms tussen die drie bundels setel volgens Spies (1974:37) in die ironie. *Balans* noem sy 'n bundel van ironie en eensaamheid en *Onderdak*, wat 'n groter mildheid vertoon in ooreenstemming met die bundeltitel, word ook deur die ironie gekenmerk. Sy noem, met verwysing na die poëtiese woord, dat *Kruis of munt* van al drie die sterkste oefening van kilheid van taal tot in daardie stadium in Afrikaans is. 'n Mens kan dus sê dat hierdie bundels die lyding wat daarin vervat is, volledig vertoon.

3.5 1977- 1985

"'n Blyer bundel as sy voorgangers" noem Lindenberg (1977:45) die bundel *Einder* (1977). Hierdie siening word aangetref in feitlik al die besprekings van die bundel. Die fokusverskuiwing geld ook vir Elisabeth Eybers se volgende twee bundels, *Bestand* (1982) en *Dryfsand* (1985) en toon dat daar in haar digkuns ook 'n ander algemene houding teenoor lyding voorkom.

Tematies is daar 'n verband tussen die bundels *Einder*, *Bestand* en *Dryfsand* in die deurlopende gedagte van ouer word. Die verklaring wat Nienaber-Luitingh (1982a:34) gee, hou verband met die outobiografiese aard van Elisabeth Eybers se poësie en sy is van mening dat dit te wagte kan wees dat die ervarings van ouer word rondom die digter se sestigste jaar 'n tematiese aspek van haar gedigte sou vorm.

3.5.1 EINDER (1977)

Cloete (1978:168) wys daarop dat *Einder* getuienis is van die standhoudende digterlike krag van Elisabeth Eybers en ook dat die bundel iets eie aan hom het wat hom weer uniek maak.

Die verband tussen die bundeltitel *Einder* en die bundeltema word deur Brink (1977a:11) die omvattendste bespreek. Hy noem die gedigte in hierdie bundel einderpoësie in die veelsinnigste betekenis van die woord. Sy uitspraak dat *Einder* nie met kragtige worpe nuwe gebiede verower of verken nie, maar juis 'n doelbewus eng omskrewe terrein al intenser en intensiewer ontgin, stem ooreen met wat hy reeds oor *Kruis of munt* aangetoon het (Brink, 1973:11). Samehangend hiermee word Elisabeth Eybers se oeuvre tot hier deur Brink (1977a:11) in verband gebring met hierdie bundel. Volgens hom gee haar poësie uit die staanspoor rekenskap van einders waarbinne die digterlike aktiwiteit voltrek word. Dan noem hy dat die einders van haar voorafgaande werk hier opnuut opgestel word vir geduldige en kompromislose herondersoek. Hy stel dit so:

"...die skemering waarbinne bely word (weliswaar 'n belydenis wat deur die jare in toon gesuiwer is: 'n proses wat van 'sing' tot 'sê' tot 'sweet' loop, soos sy dit in *Balans* gekarakteriseer het); die ontdekking van avontuur in die stilte – en van onthutsende stiltes binne 'avontuur'; 'n onversaagbare dors na die ander, die andere, die anderse en die Ander, wat onlesbaar bly deur aardse water; 'n beheerste sang tussen hier en daar, nou en later, lewe en dood; die onskone dinge van jare en halfjare gesuiwer tot helderheid; 'n volhardende bemoeienis met die poësie as presipitaat, néérslag, van lewe en liefde; in baie besondere mate, die strewe na balans tussen teenoorstaande spanninge en momente, tussen die kruis en die munt waarsonder die muntstuk nie sou bestaan nie: Kortom, 'n belewenis van eng, en juis ook krimpande, horisonne wat sowel bedreig as skuiling en onderdak verskaf – einders wat sowel eindigheid bevestig as eindeloosheid besweer".

Wat Brink (1977a:11) die spesifieke eggo's uit Elisabeth Eybers se vorige bundels noem, is die hoof-hartspanning, die ervaring van ballingskap en 'n vreemde land, die dood as besoeker, die polariteit man-vrou en die gebondenheid aan jaargetye. Hy benadruk dit dat dit nie sonder meer 'n heropneem van vorige werk is nie, maar dit is soos hy dit stel, 'n "doelgerigte herverkenning wat in diens van verdere presisering en definisie staan, poginge om einders al versigtiger, al omsigtiger, en al akkurater te omskrywe".

In die bundeltitel is ook nog 'n verdere betekenis saamgevat. Volgens Cloete (1978:168) gee

die titel van die bundel voor dat daar 'n einde in sig is, 'n grens, tog is die gedigte vol uitsig en vergesigte. Kannemeyer (1977:2) se verklaring is dat die titel van die bundel slaan op sowel 'n nuwe, onverwagte verskiet, as op 'n bewuswees van die naderende einde. Die titelgedig word aangehaal deur Cloete (1978:168), Lindenberg (1977:47), Scholtz (1977:9) en Brink (1977a:11):

Tog, in 'n aanval van omsigtigheid
 – ons leer algaande ons perke ken, sê hy –
 herinner hul mekaar aan eindigheid.
 En sien die einder weer vergly.
 ("Einder". *Einder*, 1978a:30)

Die uitsprake hiervoor is dat Elisabeth Eybers daarna streef om 'n "klein oneindigheid" te bewerkstellig – 'n erkenning van "eindigheid" wat die "einder" (voorlopig) laat vergly (Lindenberg, 1977:47). Volgens Cloete (1978:168) is daar reeds in die titelgedig afwisselend ontgrensing en begrensing totdat die gedig in die slot oor alle perke heen skry. Scholtz (1977:9) se kommentaar is dat die inperkende eindigheid geword het tot 'n einder in die dubbele sin van horison en vergesig en die kommentaar van Brink (1977a:11) is dat die aanvaar van grense voorwaardelikheid word vir grensloosheid.

Brink (1977a:11) verklaar hoe die eindertema ook in die komposisionele opset na vore kom in gedigreekse wat stadig van die een na die ander oorkantel en later terugkeer in nuwe verbintnisse of reekse: dus 'n groep reekse wat afgebaken is deur hulle intrinsieke einders, maar wat ook voortdurend die einders tussen hulle oorsteek of deurdring. Brink (1977a:11) wys daarop dat *Einder* nie net ten opsigte van Elisabeth Eybers se poësie tot dusver en ten opsigte van die gedigreekse in die bundel 'n herhalende begin is nie, maar ook dat elke gedig in die bundel beginne herhaal, en beginne predestineer eindes en einders.

Van die herhalende temas wat in *Einder* voorkom, is eerstens 'n groep gedigte oor die digterskap of credo-gedigte met 'n terugblik op die verlede. Die verklaring wat Spies (1977:8) van hierdie groep gedigte gee, is dat daar 'n nuwe nuanse hier bykom. Dit is nie meer die vroeëre besinning oor die gedig nie, maar die genadelose analise van die kunstenaarspersoonlikheid. Sy wys op die teenstelling tussen kreatiewe eensaamheid, die

behoefte aan afsondering, die wêreld van die fantasie en die leef van die volle lewe wat daarin uitgewerk word. Ook Brink (1977a:11) verwys na die eensaamheid wat in hierdie gedigte, soos hy dit noem, gemanipuleer word.

Hierop volg 'n uitbeelding van die Nederlandse winterse guurheid en eie onaanpasbaarheid (Lindenberg, 1977:45). Weereens wys Brink (1977a:11) op die eensaamheid wat daarin geraffineer word en dit loop oor in 'n nuwe reeks oor die aanraking tussen eensaamhede. Lindenberg (1977:45) verwys daarna as die ontwaking van die liefde en die ontplooiing van nuwe poësie. Die nuwe liefdesverhouding lei volgens Brink (1977a:11) tot 'n voorlopige, duiselige blydskap. Kannemeyer (1977:2) se bydrae hier is dat die nuwe liefdesverhouding die eensaamheid van *Kruis of munt* vervang met 'n nuwe vreugde hoewel daar aan die einde van die bundel weer sprake is van siekte, ouderdom en dood. Hy noem dat dit egter gelate aanvaar word en selfs met heimwee daarna vooruitgesien word.

Volgens Kannemeyer (1977:2) is van die boeiendste gedigte in *Einder* die waarin 'n verband getrek word na die doodsproblematiek of naderende einde waardeur 'n groter algemeen-geldende drakrag daaraan verleen word. Hy verwys ook daarna dat *Einder* ten spyte van somberhede wat daarin voorkom en veral die toenemende besef van die mens se eindigheid, primêr 'n bundel van geluk is. Ook Cloete (1978:169) noem dat ten spyte van die wete van einde en dood die gedigte vol geluk is en veral vol nuwe liefde.

Dit is veral die avontuur van die nuwe liefde, soos Spies (1977:8) dit noem, wat van *Einder* 'n bundel van geluk maak. Sy noem dit verworwe geluk en Scholtz (1977:9) se verklaring daarvoor is dat die man en die vrou hulle aan mekaar genees van hulle onderskeie eensaamhede en uit bittere ervaring bewus is van eindigheid en daarom ook omsigtig, bewus van broosheid en stoflikheid. Ook noem hy *Einder* 'n geluksverslag en trek die verband deur na *Kruis of munt* en verwys na die karakterisering van *Kruis of munt* as "skoonheid gebore uit gemis" om *Einder* te karakteriseer as gebore uit geluk. Hy beskryf die poësie in die bundel as vol menslike deernis en liefde, so vervuld dat ook 'n pynlike verlede daarvan deurgloei word.

Dit bring 'n mens dan by wat algemeen-geldend is ten opsigte van Elisabeth Eybers se

digkuns en wat Spies (1977:8) hier noem, die fyn wisseling van lig en donker. Ook Lindenberg (1977:44) verwys na die poësie in hierdie bundel, soos gegee in die inleidingsgedig, wat die grense tussen goed en kwaad laat vervloei, impliserend dus tussen geluk en lyding.

Volgens Cloete (1978:169) is daar dus iets bevrydends in die poësie, want die "gedig breek grense af, dit vernietig horisonne en einders. Beperking en sy teenhanger, bevryding, is twee van die teenstrydige verskynsels waarmee die gedigte in *Einder* hulle besig hou". 'n Mens kan dus sê dat die poësie in *Einder* bevrydend is uit lyding en daarom word die bundel 'n geluksverslag genoem.

Met die gerigtheid op geluk is dit volgens Scholtz (1977:9) so dat die gedigte nie die intense terapie of probleemoplossing van vroeër is nie. Soos hy dit stel, wil Elisabeth Eybers die nuutgevonde geluk nog digtend, en tastend verken en op die wyse van die poësie bestendig. En dan vat hy saam en wys daarop dat die digter in *Einder* nog 'n verdere lewensfaset toevoeg tot die peiling van die wese van die vrou waarmee sy in *Belydenis in die skemerig, as jong vrou, begin het*.

3.5.2 *BESTAND (1982)*

Bestand, die volgende bundel van Elisabeth Eybers vergelyk Spies (1982:33) met die voorafgaande Nederlandse bundels en noem dat hierdie bundel in baie opsigte gelyk is aan die voriges, maar juis ook weer anders omdat daar ander aksente uitgespel word. Nienaber-Luitingh (1982a:34) verwys na die titel, *Bestand*, om die noue verband met die lewensituasie waaruit die daarin versamelde gedigte ontstaan het, te trek, naamlik dié van die steeds ouer wordende mens.

Huisamen (1983:34) en ook Nienaber-Luitingh (1982a:34) laat die poësie self spreek met betrekking tot die titel van die bundel en haal aan uit 'n gedig. Elisabeth Eybers skryf soos volg:

Verlede: seisoen van versuim

Hede: dag van bestand

Toekoms: dag ná vandag.
("Stemming". *Bestand*, 1982:39)

Die besef wat hier verwoord word, is dié van 'n groeiende verlede terwyl die toekoms steeds korter raak (Nienaber-Luitingh, 1982a:34). Cloete (1983:312) noem *Bestand* 'n bundel poësie van die verlede en herinnering en van die toekoms, maar veral van die hede en van bestand. Twee aspekte van die bundel wat hy uitsonder, is ruimte en tyd. Die titelwoord, bestand, roep verskeie betekenismoonthede op.

Ten eerste beteken bestand in staat wees om weerstand te bied, opgewasse teen (Nienaber-Luitingh, 1982a:34), bestand wees teen (Van Rensburg, 1982b). Die tweede betekenis is dié van strydighede wat hulle in ewewig bevind, dus as 't ware 'n tydelike wapenstilstand (Van Rensburg, 1982b). Die verklaring wat Nienaber-Luitingh (1982a:34) gee, is dat wapenstilstand 'n periode van tydelike opheffing van vyandelikhede beteken. Dit dra volgens haar 'n sterk suggestie van voorlopigheid en dui 'n tydperk van afwagting aan waarna die vyandelikhede opnuut begin of tot 'n einde kom. Sy merk hieroor op dat die toekoms dus onseker is, maar dit sal in elk geval die opheffing van die huidige situasie beteken, wat sy noem, die oomblik van respyt. Dan is daar dus nog die betekenis van bestand as vrede (Huisamen, 1983:34). Van Rensburg (1982b) bring ook bewapening en wapenrusting in verband met bestand.

As vertrekpunt soos gestel in die titelgedig, sien Van Rensburg (1982b) die tema van veroudering en die naderende dood, 'n tema wat reeds in *Einder* verskyn het en hier breër uitgewerk word. Nienaber-Luitingh (1982a:34) se verklaring is, dat in teenstelling tot die jeug wat toekomsdrome kan droom, in die ouderdom weinig ander moonthede voor lê as die dood, of erger nog, geestelike en liggaamlike aftakeling. Dan stel sy dat *Bestand* egter nie getuig van wanhoop of droefgeestige berusting nie. Die dag van bestand word baie intens en bewus beleef.

Dit is hierby wat Van Rensburg (1982b) aansluit as hy wys op die verweer teen veroudering en dood, naamlik lewensgenieting, of omrigting, soos hy dit noem, van hierdie bedreiginge en skepping, hoewel dit volgens hom brose bewapeninge is.

As lewensgenieting noem hy die geluksoomblik wat hy reken 'n skrynende aksent bykry, omdat dit nie om die oomblik self beleef word nie, maar as ontvlugting en verweer.

Die verlede word in *Bestand* met heimwee ervaar as 'n periode van verlore geluk en in die ouderdom word drome oor die verlede, volgens Nienaber-Luitingh (1982a:34) 'n middel tot verdediging teen 'n onverlangde toekoms. Ook Spies (1982:33) verwys na die terugdroom na die verlede en Van Rensburg (1982b) noem *Bestand* 'n bundel vol van 'n bewuste oproep van geluksoomblikke uit die verlede.

Dit is nie net die verlede wat deur opgeskerpte herinnering voor oë geroep word nie, maar die helderheid van die verledetydsdinge maak die dinge van die hede ook skerper waarneembaar sodat, in Elisabeth Eybers se woorde, die "bronne van verwondering" behou word (vgl. Spies, 1982:33). In *Bestand* blyk dit dan ook herhaaldelik dat die gelukkige oomblikke wat die hede tog bring, baie positief beleef word, volgens Nienaber-Luitingh (1982a:34).

Die slotsom waartoe dit alles lei, betrek die betekenis van bestand as vrede. Huisamen laat (1983:34) hom hieroor uit. Hy noem dat daar in hierdie bundel inderdaad vrede gemaak word met die verlede, die tydelike, die verganklikheid en die dood. Soos hy verder aantoon, word daar telkens teruggekyk, maar met die herinneringe in die hede en so word die hede die enigste sinvolle werklikheid. Die hede word aanvaar en daar word in die volheid daarvan gelewe. Spies (1982:33) noem dat die bundel te doen het met die objektiewe werklikheid soos dit is en nie soos dit herskep wil word nie. Huisamen (1983:34) trek die lyn deur na weerbaarheid deur daarop te wys dat bestand ook beteken om opgewasse te wees, om in staat te wees om weerstand te bied. In die konteks van hierdie bundel omsluit hierdie titel liding en dan geluk.

Die tema van bestand in sy betekenis van wapenstilstand word omvangryk in hierdie bundel

verbeeld. Van Rensburg (1982b) omskryf bestand in die betekenis van 'n ewewig van teengestelde kragte. Nienaber-Luitingh (1982a:34) wys op die toepaslikheid van Pretorius (1975:83) se uitspraak oor *Kruis of munt* dat Elisabeth Eybers in teenoorgesteldes dink, dit as alternatiewe aanvaar en 'n versoening daartussen bewerkstellig. Ten opsigte van haar oeuvre is dit geldend, maar in *Bestand* vorm dit deel van die tematiek. Volgens Nienaber-Luitingh (1982a:34) word daar in hierdie bundel voortdurend 'n spel met kontraste gespeel. Beide Van Rensburg (1982b) en Nienaber-Luitingh (1982a:34) noem dat daar 'n verskeidenheid kontrassituasies bestaan en Van Rensburg (1982b) sonder dié van die tuisteskepping en die van die liefde uit.

Oor eersgenoemde wys hy op die onbeslegte stryd tussen Nederland en Suid-Afrika wat hier voortgesit word in wat hy noem die slingering tussen twee lande. Wat Spies (1982:33) oor die teengesteldes in *Bestand* sê, geld dus ook hier, naamlik dat die skerp grense verdwyn. Die droom en herinnering werk hier ook mee. Terugdroom noem Spies (1982:33) dit en Van Rensburg (1982b) herinnering wat opgeroep word.

Ook in die liefdesbelewing is daar volgens Van Rensburg (1982b) die soeke na 'n ewewigspunt tussen ekstreme. Hy verwys na die kompleksiteit van die liefdesverhouding en dan noem hy die huiwering tussen oorgawe en weerhouding, die spanning tussen rasionaliteit en emosionaliteit, tussen manlikheid en vroulikheid, die gekoppeldheid aan die biologiese en die besef van 'n liefde wat die biologie transendeer. Soos Huisamen (1983:34) dit saamvat, word die sin van die verhouding hier uitgewerk en word daar tot vrede gekom en word die minnaar aanvaar vir wat hy is.

Soos Huisamen (1983:34) dit stel, verwoord die bundel regdeur die vermoë om te verdra, om die hede te aanvaar en die wyse waarop moontlike konfrontasies met dit wat van buite en van binne kom, af te weer. Dan noem hy verdere temas, naamlik politieke geweld, grootstade geraas, persoonlike dilemmas, digterskap, en vir die eerste keer kom die verhouding tot die kleinkind voor. Soos in *Einder* is die gedigte oor afsonderlike temas in reekse gerangskik (Huisamen, 1983:34).

Müller (1982:35) verwys in die besonder na die intieme gerypte instelling waarmee Elisabeth Eybers ervarings verwerk en bring dit in verband met die singewingsproses in haar oeuvre. Hy verklaar dit so:

"Daar is konstant die erkenning van ambivalente moontlikhede in elke teenoorgestelde faset van belewenis. Gewaarwordings word nie sonder meer vertrou of belangrik geag nie. Hulle word met self-kritiek oorweeg, deurgaans getoets vir waan en selfbedrog, opgeweeg teen ander wetes in 'n steeds gedistansieerde nabetraging. Pynlike spannings, en die veelkantigheid en ondeursigtigheid van situasies word nie verdoesel nie, maar saamgehou binne die "slotsom" wat 'n gedig verteenwoordig". Hy noem die ironie as basis van hierdie houding.

Dit stel die laaste betekenis van bestand, die betekenis wat Van Rensburg (1982b) aandui as wapenrusting, aan die orde. In *Bestand* word daar teen die bedreiging in, gepraat. Cloete (1983:312) gee die volgende verklaring:

"Op dié teëpraat slaan die bundeltitel gedeeltelik – dit het te make met weerstand, deur middel van die taal, teen die verbygaande, met name in die gedig. Dit is 'n opgewasse wees teen die bedreiging, deur die krag van die woord, met behulp waarvan die kunstenaar 'n plan in die werklikheid kan skep, die vloei-bare kan vaslê ... – desnoods 'n wêreld kan skep waarin sy haar kan terugtrek".

Na hierdie betekenis van bestand verwys Spies (1982:33) en ook Cloete (1983:312) verklaar dit as bekwaam wees om jou in en deur die taal te verset. Cloete (1983:312) verwys ten laaste na die betekenis as wapenstilstand in hierdie verband. Hy noem dat "die voortbewegende tyd of lewensgang ... gesto!" word "in die taal, in die gedig". Hy omskryf dit as 'n stilstand in die taal wat 'n weeg van gelykes is.

Huisamen (1983:34) verwys na die inhoud van *Bestand* as 'n hele lewe, lewenshouding en lewensfilosofie waarmee vrede gemaak word. In Spies (1982:33) se woorde is die "ek van die bundel ... ten volle 'bestand' en juis daarom bly sy verwonderd oor die lewe in al sy

verskyningsvorme. Dit is die uiteindelijke enigste geluk wat bestaan".

Cloete (1983:314) se samevattende beskouing is dat Elisabeth Eybers 'n lang weg van digterskap afgelê het tot by *Bestand*, dat haar oeuvre 'n bestendige ontwikkeling en groei toon en dat sy steeds op die voorpunt van die Afrikaanse digkuns is. Wat hy ook noem en wat hier van toepassing is, is die dinamiek van teenstrydighede en perspektiewisseling in haar poësie.

3.5.3 DRYFSAND (1985)

Dryfsand (1985) wat in Elisabeth Eybers se sewentigste jaar verskyn, vorm deel van 'n samehangende groep met die vorige twee bundels, *Einder* (1977) en *Bestand* (1982) rondom die temas ouderdom, aftakeling en dood (Olivier, 1986:17). In Hugo (1986:10) se terminologie is dit geriatryse poësie – gedigte van en oor die ouderdom. Ook in die opsig van eindigheid (Brink, 1985:17) en bestandwees (Nienaber, 1985:8) sluit *Dryfsand* aan by die voorafgaande twee bundels, maar soos Elisabeth Eybers se poësie is, bied hierdie bundel 'n eie perspektief daarop in aansluiting by die bundeltema.

Die meerduidige betekenis van die titel, beide as waaisand en welsand word in die bundel aangetref. Die uitvoerigste besprekings van *Dryfsand* is deur Nienaber en Brink wat die bundel elkeen vanuit een van die betekenis lees. Nienaber (1985:8) beskou *Dryfsand* as 'n outobiografiese bundel wat die oudwordende vrou toon met sowel deernis as afsydigheid. Hy noem dit 'n antitetiese dubbelheid wat die bundel kenmerk en verwys na die gedig waarin die titelwoord voorkom:

Ek waarsku elke komitee
 wat my oor iets wil nader: nee,
 moenie op my reken nie, aanvaar
 ek sit van dryfsand aanmekaar.
 ("Memorabilia". *Dryfsand*, 1985:14)

Sy verklaring van die betekenis van die woord dryfsand is dat dit nie net korrelrig en dus losserig aaneen gehou word nie, maar ook dat dit passief van aard is, sand wat aangespoel of aangewaaï is, dus waaisand. Hy trek die kenmerk deur na die spreker in die gedig en noem

dat van iemand wat so saamgestel is, kan geen handelende optrede in bepaalde omstandighede verwag word nie. Volgens hom kan van die gesteldheid van die spreker gepraat word as 'n aktiewe passiwiteit. Dit is 'n onderskeidende trek wat deur die titel op die bundel oorgedra word in die versoening van teenstellings. Dan verwys Nienaber (1985:8) daarna dat in hierdie opsig die bestand van Elisabeth Eybers se gelyknamige bundel, nie in *Dryfsand* opgehef word nie.

Brink (1985:17) verwys weer na *Einder* in die sin dat *Dryfsand* ook eindigheid, die einde en die dood deurdig. Wat hy as 'n opvallende kenmerk van die bundel beskou, is die egalige, glydende voortbeweging. Met verwysing na die titel noem hy die essensiële spel van verskuiwende betekenis wat te make het, nie met die bereik of oorsteek van einders nie, maar met die aanhoudend drywende proses wat onophoudelik net duskant finaliteit beweeg.

Hy praat ook van intimasies van onsterflikheid en meer nog van sterflikheid, maar bowenal gaan dit in *Dryfsand*, soos hy dit noem, oor die transparante tussenstaat. Verder verklaar hy dit met verwysing na die openingsgedig waar die mens betrag word, in Elisabeth Eybers se woorde op 'n "sleurgebonde" weg wat nie 'n "geseënde" en ook nie 'n "gesonde afronding" verteenwoordig soos wat dit skyn nie, maar 'n beweging is van "al hoe dieper gly". Soos hy dit stel, is hierdie poësie 'n spel van voortglydinge. Hy noem dit toestand eerder as bereiking of verwesenliking.

'n Volgende aspek van die bundel wat Brink (1985:17) uitwys, is dat die glydende proses sirkelbewegings meebring waarin hede en verlede en selfs toekoms en verlede mekaar nie ontmoet nie, maar deurdring. Die verlede word volvoer in die hede en die hede word opgelos in drome uit die verlede. Dan wys hy daarop dat so 'n volvoering of oplossing nie tot afronding of vergetelheid lei nie, maar tot 'n nuwe intense bewustheid van bestaan, die hede, as oorgangstadium tussen die verlede en die droom en die toekoms, soos Elisabeth Eybers dit noem, wat "mistrou" word.

Volgens Ester (1986:40) is die vraag wat deur die digter in die bundel gestel word, wie sy is, wie sy was en wie sy sal wees. Daarvoor is Brink (1985:17) se siening dat dit oor en oor

tuisgebring word dat die ek meer en meer aan haarself gelyk word sonder om ooit 'n finale punt te bereik. Dit word voltrek deur 'n spel van eggo's uit die digter se vroeë werk en die inhaarself-inleef, in-haar-eie-verlede-inleef en indigting in sleutelkodes uit haar vroeëre werk. Volgens Brink (1985:17) word alles opgeneem in wat Elisabeth Eybers die "skermutseling met die eindigheid" noem. Olivier (1986:17) noem ook dat baie van die gedigte in *Dryfsand* as voetnoot by vroeë gedigte gelees moet word.

Nienaber (1985:8) stel as tema die verhouding van die ek tot haarself en verskeie ander persone en vraagstukke waarmee daar op gevorderde leeftyd te doene gekry word. Oor die self is Brink (1985:17) se siening dat daar 'n beweging is in die rigting van verdwyning wat die bereiking van 'n nulpunt impliseer waar woorde ophou. Hy noem as boeiendste aspek van *Dryfsand* dat alles te doen het met verglyding, met dryf, met verbygaan, met vervloeiing, maar dat die verwoording en verdigting heelyd teen die vloed stry. Sy verklaring is dat hierdie poësie noodsaaklik is as verweer teen "vloeibaarheid" soos Elisabeth Eybers dit stel. Verder noem hy dat hierdie poësie, sonder dat dit nodig is dat die digter dit uitspel, die bewuste "belemmering" van die vloed is, die vormgewing wat hanteerbaarheid moontlik maak en die keerwal wat verhoed dat die eindpunt bereik word. Dan noem hy dat daar in *Dryfsand* deurgaans 'n spel is van saamdink van stilstand en vloed, rus en onrus, die meetbare en onmeetbare. Dan vat hy dit saam deur te wys op die oorheersende indruk wat die bundel maak: dat alles verduur en verduursaam word in die poësie en haal die digter aan:

Oorgawe aan warmwaterstreling
ontsteek nog 'n binnelagge
van stille vermaak en verbasing
oor die dwase beminlike mensdom
wat end-uit die lewe verduur.
("Spieëlblink". *Dryfsand*, 1985:31)

Olivier (1986:17) stel dit meer direk dat Elisabeth Eybers met hierdie bundel die roerende van die poësie ontbloot deur die poging om in die volle wete van die komende dood te leef, deur boek te hou van verval en om as weerstand teen die dood gedigte te skryf waarin dood selfs nader gebring word.

Die veerkragtigheid van die intellek is volgens Pfeiffer (1985:23) steeds teenwoordig om op terug te val en te verhinder dat daar 'n sweem van morbiditeit of sentimentaliteit insluip. Hy beskou dit as die beswerende rol van die poësie. Oor die bundel noem hy die sterk hoewel weemoedige bewussyn van verlopende tyd en liggaamskragte, maar vol menslikheid, sensitiwiteit en onmiskenbare intellektuele geslyptheid van woord en wending. Ook Nienaber (1985:8) verwys na die ewewig tussen gevoel en denke, terwyl die stemming 'n humoristiese toon bykry.

Ester (1986:40) laat hom ook uit oor die rol van die ironie en humor om die dreigende lewenservarings teen te werk. Dit sluit ook selfironie in, of soos Pfeiffer (1985:23) dit noem, self-ironiserende humor. Pfeiffer (1985:23) noem verder Elisabeth Eybers se vermoë om besinnend, selfbetragend, skamper, bietjie sinies, tog met humor en flitse van menslike warmte, te skryf oor haarself en oor die ouderdom.

Naas die verhouding tot die self, kom die verhoudinge met naastes van vroeër, ook verwysend na bundels van vroeër en tans voor (Nienaber, 1985:8). Die wat hy opnoem, is die vriend, kinders, suster, ouers, gewese huweliksmaat en kleinkind. Dan is daar ook nog die vaderland en aangename land en die poësie (Hambidge, 1986:28). Die kommentaar van Nienaber (1985:8) hier is dat almal en alles binne die belewingsveld van Elisabeth Eybers oopgesig bekyk en beskryf word, maar 'n gevoel van mededoë, gebore uit begrip en welwillendheid, bepaal die hoofstemming van die bundel.

Om die bespeking van hierdie bundel, waarby ook *Einder* en *Bestand* ingesluit kan word, saam te vat, geld die uitspraak van Van Rooyen (1986:9) dat daar uit die poësie van Elisabeth Eybers van die begin af die wete duidelik is dat die lewe nie sagkens met 'n mens werk nie. Sy het haar pyn woord gemaak en nou triomfeer sy oor iets so radikaal soos ouderdom en, soos sy dit stel, sy opvolger.

Hugo (1986:10) praat van Elisabeth Eybers se unieke bydrae tot die Afrikaanse poësie en verwys na die wyse waarop sy vanuit die ouderdom oor die ouderdom skryf. Van Rooyen (1986:9) kom tot die slotsom dat die vrou wat met die woord teen hartseer en pyn geveg het,

dit nog steeds doen. Die vraag na lyding wat Elisabeth Eybers op allerlei wyses vra, is volgens haar beantwoord. Die eerlike deurskryf van die ouderdom en die essensie van haar wese, maak van Elisabeth Eybers iemand wat die lewe nie net verduur nie, maar oorwin het. Soos sy dit stel, was die leed nie verspil nie en kom daar groei uit ouderdom. Hierdie uitsprake is inderdaad net so geldig vir *Einder* en *Bestand* as wat dit vir die bundel *Dryfsand* is.

3.6 1987-1993

Malan (1987:94) groepeer *Einder* (1977), *Bestand* (1982), *Dryfsand* (1985) en Elisabeth Eybers se volgende bundel *Rymdwang* (1987), saam, eerstens rondom die gedagte van bewuswees van 'n lewe wat 'n einde nader en tog nog vir die daaglikse verwondering sorg en tweedens rondom die teenwoordigheid van 'n digterskap wat aan hierdie belewenis veelkantig uiting gee. Ook Hugo (1987b:15) plaas hierdie vier bundels saam, omdat daarin, soos hy dit stel, die afwisselende toestande van die verganklikheid wat die ouer wordende mens ervaar en die verset daarteen, verwoord word.

Dit was eers met die verskyning van *Noodluik* in 1989 dat Van Rensburg (1989:10) die onderskeid tref tussen die vitale en artistieke ingesteldheid wat die genoemde bundels onderskeidelik openbaar, soos dit deur die bundeltitels ingegee word. Hoewel die vitale en artistieke nie geskei kan word nie en die een die ander veronderstel, val die klem volgens hom, afwisselend op die een of die ander. *Rymdwang* en *Noodluik* sowel as *Teësprak*, waarvan die gedigte weer opgeneem is in die bundel *Respyt*, behoort tot die artistieke kategorie. Dit behels 'n verskuiwing weg van die lewe af na die digterskap as kerngedagte en daarom word hierdie vier bundels as 'n groep bespreek.

Elisabeth Eybers sit die visentering van die ouderdom, soos Brink (1987:13) dit ten opsigte van *Rymdwang* reeds stel, in hierdie bundels voort en verfyn dit algaande. Nienaber-Luitingh (1987:8) wys op haar vermoë om 'n skynbaar vertroude tema skielik van 'n nuwe kant te belig en om in 'n al tot cliché versterkte woord of uitdrukking 'n nuwe betekenis te ontdek.

3.6.1 RYMDWANG (1987)

Die titel van die bundel *Rymdwang* illustreer reeds in sy veelvoudige betekenis hierdie vermoë van die digter tot veelduidigheid soos uit die volgende verklarings duidelik is. Die verklaring wat Nienaber-Luitingh (1987:8) van die woord rymdwang en die bundeltitel gee, is dat dit gewoonlik gebruik word met die gedagte aan die digter as handelende subjek wat die rym probeer dwing met nadelige gevolge vir die gedig. Volgens haar wend Elisabeth Eybers die woord rymdwang aan met die digterskap as handelende subjek wat dwang uitoefen tot rym en die digter as die een wat nie aan die dwang om te rym, kan ontkom nie. Sy haal uit die aanvangsgedig met die gelyknamige titel aan:

Jy kan daar wel of nie op ag slaan maar
kies mettertyd om keuse te laat vaar.
("Rymdwang". *Rymdwang*, 1987:7)

Dit dien as bewys dat die digter self nie eintlik 'n keuse het nie, die digterskap dwing die digter om te rym. Die toevoeging wat Hambidge (1987:11) maak, is dat die rymdwangbegrip regdeur hierdie bundel verduidelik word, naamlik die appèl van die digterskap op die lewe of dan die uitwerking wat hierdie daad met sy sterk dikterende mag op die digter het. Spies (1987a:6) brei hierop uit. Sy verwys ook na die allesoorheersende ingesteldheid op die poësie wat die bundeltitel te kenne gee en dan noem sy dat die dwang van die poësie nie lewensvreemd is nie, *Rymdwang* is hier ook lewendwang, want die impuls vir die poësie het Elisabeth Eybers nog altyd in die lewe self gevind.

In *Rymdwang* veronderstel lewe en kuns mekaar dus weereens, soos Spies (1987a:6) dit stel. Sy wys ook daarop dat Elisabeth Eybers nog nooit daarvan teruggedeins het om 'n lewensfase te verwoord nie en dat sy hier as vrou van twee en sewentig uitdrukking gee aan haar belewenis van die ouderdom.

In die bundeltitel is daar nog meer te lees, volgens Brink (1987:13). Sy titelverklaring is ook dat dit in *Rymdwang* nie maar gaan om rym wat dwang uitoefen op die gedig nie, maar om die dwang wat die poësie op 'n hele lewe probeer uitoefen. Dan verwys hy na die titelgedig se

slotreëls waar die keuse teen die dwang van die poësie laat vaar word, en wat deur die digter geïntegreer word by die aanvangsreël wat dit stel dat die rymdwang "hardnekkig in die verte tuur", "dikteer".

Sy verklaring is dat tuur in die verte juis 'n ontwyking en oorskryding is van diktaat en diktatuur. Die rym, die poësie wat dikteer, word dan self deel van die proses van bevryding uit dwang.

Ester (1988:11) se verklaring is dat die rymdwang van die bundeltitlet heenwysend is na die inperking van die digterlike vryheid deur die noodsaak om rymwoorde te vind, maar in hierdie bundel gaan dit daaroor dat dit vir die digter Elisabeth Eybers wesenlik noodsaaklik is om te dig. Soos hy dit stel, word op die menslike tydsbeleving deur meervoudig verstrengelde gedigreëls repliek gelewer. Volgens hom volstaan Elisabeth Eybers egter nie daarby nie, maar die wending of vraag wat deel van die gedigaanbod vorm, verleen aan die gedig self 'n meerduidige betekenis wat die leser dwing om die gedig opnuut te lees. Hy sien hierin 'n ekstra dimensie van die rymdwang van die titel, naamlik die van die dwang op die leser.

Die digterskaptema staan in noue verband met wat Nienaber-Luitingh (1987:8) as hooftema van die bundel reken: dié van die ouderdom en die voortdurende wete dat die dood enige oomblik kan toeslaan.

Oor die verband tussen die digterskaptema en tema van die ouderdom, is Nienaber-Luitingh (1987:8) se siening dat die aanvang van die bundel die digterskapstema inlei, maar nie alle gedigte verwys direk na die digterskap nie. Die titel is egter funksioneel, omdat al die gedigte die gevolg is van die rymdwang waarteen nie weerstand gebied kan word nie. Sy wys ook op die lewensbelang wat dit vir die speker aan die woord in die meeste van die gedigte het om vorm te gee aan die vormlose, in Elisabeth Eybers se woorde: om "poliepkolonies tot koraal (te laat) verkalk".

Malan (1987:94) dui aan dat dit al hoe meer die essensiële is wat aandag kry, maar deurgaans

bly die inherente teëspraak, die skepsis oor dit wat maar net nie wil klop nie en deel van die aanbod is die onmiskenbare trek van die ironie. Die essensiële waarom dit hier gaan, die soort bestaan volgens Brink (1987:13), is in Elisabeth Eybers se woorde:

Jou liggaam tree te voorskyn, jy ontdek
uithoekies waarvan mens nooit vroeër kon raai
dat hulle onsigbaar hurk om pas deur pyn
geopenbaar te word. Jou sintuie strek
om elke ding te peil voor dit verdwyn.

("Die ouderdom is nie noodwendig saai:". *Rymdwang*,
1987:39)

Van die ouderdom roep Elisabeth Eybers dikwels 'n meedoënloos-eerlike en onthuiserende beeld op volgens Nienaber-Luitingh (1987:8), maar dan stel sy daarteenoor die verrassend positiewe wyse waarop Elisabeth Eybers hierdie stadium van die lewe telkens nog ervaar. Malan (1987:94) noem dit die opwinding wat die lewe ondanks 'n traer gang en moeitevoller deelname, nog inhoud. Wat hieruit volg, is dat *Rymdwang* spreek van 'n sterk lewensgerigheid en in die besinning oor die ouderdom word die aandag hoofsaaklik toegespits op die behoud van die sintuiglikheid, volgens Spies (1987a:6). Malan (1987:94) verwys ook na die opgeskerpte sintuig vir die verrassende. Hy haal Elisabeth Eybers self aan:

maar wie sy sintuie vrye speling gee
maak onderweg nog een en ander mee.
("Wording". *Rymdwang*, 1987:37)

'n Triomfantelike deelname aan die lewe noem Malan (1987:94) die bundel, en die verwondering oor die lewe hou vir Elisabeth Eybers nog nie op nie, volgens Nienaber-Luitingh (1987:8). Medelye word beslis afgewys (Nienaber-Luitingh, 1987:8), want, soos Hugo (1987b:15) dit stel, ervaar Elisabeth Eybers die ouderdom nie as 'n bejammerenswaardige saak nie. Hy verwys na haar tereg wysende uitspraak:

Verkrop jou meely. Laat ons stuk vir stuk
die dae aandurf, uitkryt of gedoog
terwyl ons wag op wat nog moet gebeur.
("Vir Karel, i. p. v. 'n brief". *Rymdwang*, 1987:27)

Nienaber-Luitingh (1987:8) se verklaring is dat dit die gedagte van die ouderdom is wat 'n mens sterker as ooit bewus laat word van die waarde van 'n ryk innerlike lewe waaruit daar op die mees onverwagse oomblikke geluksmomente van herinnerings en drome gebore kan word. Die innerlike reservoir word aangevul en verryk deur die gretige uitreiking na die intense beleving van die vlugge moment wat so waardevol is, omdat dit bewaar bly. Sy haal Elisabeth Eybers self aan:

HIERDIE OOMBLIK

as onherhaalbaar ervaar,
na willekeur binnewaarts gaar:
dáár waar alles gedy,
vir altyd veramber bly.

("Hierdie oomblik". *Rymdwang*, 1987:17)

Malan (1987:94) noem dit die verambering, die stol tot glansryke kosbaarheid van insident, insig of indruk.

Ook hiertoe behoort die liefdespoësie waar die ervaring van slopende veroudering terselfdertyd 'n ervaring van triomferende liefde word (Spies, 1987a:6). Dan is daar nog die natuurgedigte waarvoor Nienaber-Luitingh (1987:8) die volgende verklaring gee: die vlugge moment blyk uit die fynwaargenome natuurindrukke en omdat die oomblik wat so intens met die sintuie beleef word so belangrik is, word dit dikwels sorgsaam in sy tydskonteks van dae, maande en seisoene geplaas.

Hugo (1987b:15) sien in hierdie bewaring van 'n tydstip, soos hy dit noem, 'n verdere betekenis van die bundeltitel – 'n poging om met die poësie die noodlottige voortgang van die tyd te bedwing.

Die ontdekking of herontdekking en waardering of herwaardering van die lewe as blywende, durende, nimmer afgeslote proses, maak dit volgens Brink (1987:13) juis noodsaaklik dat Elisabeth Eybers voortdurend terugkeer na vroeër gedigte in haar oeuvre, vroeër motiewe of temas en prosedures. Dit is in die terugkeer na ou temas waar *Rymdwang* ook 'n bundel van

versoening word. Spies (1987a:6) verwys na die versoening met die man van wie sy die hoeveelheid pyn tot haar vermoë moes aanneem en met die land waarheen sy geïmmigreer het, wat nou uiteindelik haar tuiste word. Ten laaste verwys sy na 'n bevrydende en versoenende perspektief op God. Ester (1988:11) sien die religieuse aspek as die hoop dat die lang menslike doeltog 'n bestemming sal vind, in Elisabeth Eybers se woorde dat dit moontlik "God self" is "waarop jy uiteindelik stuit".

As slotopmerking noem Nienaber-Luitingh (1987:8) dat *Rymdwang* getuig van 'n merkwaardige geestelike ewewig wat in staat blyk om sonder vrees, lewe sowel as dood te aanvaar en om in 'n dikwels, as ontluisterende erkende werklikheid, ook humoristiese, ironiese en betowerende aspekte raak te sien. Op talle plekke is die uitgesproke gedagte volgens Ester (1988:11), dat die verwondinge van die aardse bestaan geheel kan word deur die verlossende woord, die gedig. Hambidge (1987:11) verwys na Elisabeth Eybers se konstatering van die vernietigende mag van die poësie: "dit laat harsdruppels opwel uit ou wonde" en erken ook die verlossende funksie daarvan met verwysing na die geluk wat in die poësie veramber word. Haar verklaring van rymdwang en die bundeltitel is onder andere 'n verwysing na die gevolge van "making ends meet in verse". Sy verwys na die ironie wat opgesluit lê in die negatiewe konnotasie van rymdwang. Dit mag dan wees dat 'n mens die spel met die ironie verder kan trek, en sê dat Elisabeth Eybers in *Rymdwang* presies dit doen: lyding en geluk in die gedig saamtrek.

Vir Brink (1987:13) is die subtiële en omvattende indruk wat hierdie bundel laat, die van beleë winterwysheid. In die hieropvolgende bundel, *Noodluik*, is een van die gedigtitels "Winterse wysie" met die gedagte van die digterskap, leed en geluk, dieselfde temas wat weer op 'n eie unieke wyse in die konteks van dié bundel onder woorde gebring word.

3.6.2 NOODLUIK (1989)

Oor *Noodluik* is Cloete (1989:15) se eerste uitspraak dat daarin baie knellende, grimmige en donker belewenisse in is, maar ook 'n hardnekkige, volhardende houding van die digter en die geloof in die krag van die skeppende mens.

In *Noodluik* tree Elisabeth Eybers weer in gesprek met die reeds bekende temas van haar oeuvre waarna Malan (1989:112) verwys as die klein wonders van daaglikse oorlewing, die ironieë wat skuilgaan in teenstrydighede, die beknelling van die ouderdom en die mag van die skryfhandeling, meer bepaald die digterskap. Hy haal Elisabeth Eybers in die aanvangsgedig van die bundel aan:

Vir elke knelling van nou en hier
vind jy 'n noodluik van papier".
("Papier is geduldig". *Noodluik*, 1989:7)

Cloete (1989:15) se uitspraak hieroor is dat hierdie gedig dit stel dat die poësie patroon en orde aan die chaos en selfs aan die onverkenbare kan gee, of permanensie aan die verdwynende.

Met hierdie woorde uit die aanvangsgedig waarin die titelwoord voorkom, verleen die digter dan die verklaring van die bundeltitle, *Noodluik*. Dit is volgens Van Heerden (1989:29) om van die poësie 'n ontsnappingsmeganisme te maak. Ester (1989:163) verklaar die woord noodluik as die laaste moontlikheid om uit nood te ontsnap, maar hy wys ook daarop dat dit in *Noodluik* ook die uitsluiting van 'n gevaarlike, vyandige wêreld moontlik maak. Volgens Van Heerden (1989:29) verwoord Elisabeth Eybers in hierdie bundel telkens die gedagte dat uit alle benouenis juis verpuring en inlossing, wat beteken los- of vrykoping, deur die woord gevind kan word.

Soos reeds genoem, tref Van Rensburg (1989:10) die onderskeid tussen die artistieke en vitale ingesteldheid wat Elisabeth Eybers veral met haar latere bundels toon. Hy plaas *Noodluik* in die artistieke kategorie en dui op die samehang tussen kuns en lewe in sy verwysing na die vitale node wat in hierdie bundel aan bod kom waarvoor die woord dan as ontsnapluik funksioneer.

Die skryfdaad self word as nood beleef soos Elisabeth Eybers dit verwoord. Volgens Van Rensburg (1989:10) gaan dit om verwoordingsnood of meer nog, om verwoordingsnoodsaak.

Die sentrale tema van hierdie bundel is die pynlike bewustheid van die toenemende veroudering, soos Van Rensburg (1989:10) dit stel. Hy verwys daarna as die eerste van die vitale node wat ander dinge en verhoudinge beïnvloed.

Veroudering bring 'n skerper bewustheid van die naderende dood (Van Rensburg, 1989:10). Wat hy ook hieroor noem, is dat Elisabeth Eybers in *Noodluik* allerlei strategieë wat teen die dood bedink word, verwoord en Malan (1989:112) verwys na die berustende toon wat in die bundel voorkom.

Dan is daar, wat Van Rensburg (1989:10) die bestaansangs noem: die ervaring van weerloosheid teenoor die oorweldigende werklikheid wat alleen binne die bestek van die gedig tot hanteerbaarheid en menslike proporsie teruggebring kan word.

Oor die aftakeling van die menslike liggaam en siekte waaroor Elisabeth Eybers skryf, is Van Heerden (1989:29) se kommentaar dat sy die vermoë het om van die eie fisieke beleving poësie te skep. Hieroor is Cloete (1989:15) se mening dat die eie gestalte nugter en sonder sier beskryf word, waar die tyd die mens, volgens haar eie woorde: "slordig en barok boetseer".

Cloete (1989:15) se kommentaar is dat Elisabeth Eybers sonder verdoeseling die misvormende krag van die latere lewe beskryf en oor siekte met onverbloemde realisme en ironie. Britz (1989a:14) verwys ook na die sprankelende selfspot.

Vervolgens noem Van Rensburg (1989:10) die verhuisingsnood en die vër land wat weer net so kragtig soos voorheen bly spook. Die bestaan in Nederland, soos Ester (1989:163) dit uiteensit, het vir Elisabeth Eybers nooit 'n vanselfsprekende aangeleentheid geword nie, net so min is die verlede op 'n ander kontinent volledig geneutraliseer. Hy haal die digter self aan as bewys dat die herinnering kragtig opduik en teenwoordig is:

Ek ondervra die verlede nog steeds,
 sprokkel destyds gesmokkelde brokkies liriek.
 ("Opgawe". *Noodluik*, 1989:8)

Aan die verhuising na Nederland is verbind die stryd om die behoud van eie taal en identiteit. Ester (1989:163) noem die Nederlandse werklikheid die permanent benouende omgewing en die daaraan gekoppelde taal. Ook Van Rensburg (1989:10) vermeld dat wat bowenal bewaak moet word, vir Elisabeth Eybers die "ongedeerde identiteit" en "onuitgestorwe natuurdrif tot eie behoud" is.

Elisabeth Eybers verwoord in *Noodluik* onmiskenbaarder as voorheen die nood om God (Van Rensburg, 1989:10) wat deur Bybelse verwysing gedra word (vgl. Ester 1989:163) en verbind word aan die herinnering aan die eie vader.

Volgens Ester (1989:163) stel Elisabeth Eybers in *Noodluik* openhartig en onverbloemd die konsekwensies van die tyd vir die fisieke bestaan van die enkeling. Hy trek die verband tussen die fisieke nood wat enersyds die mens laat vervreem van sy eie omhulsel, soos hy dit stel, en andersyds die verlede sterker laat herleef.

Die toenemende ouderdom staan dus ook in noue verband tot liefdesverhoudings van vroeër en nou. Hambidge (1990:42) wys op die besef wat in hierdie bundel verwoord word dat menseverhoudings blootstelling veronderstel en sy haal Elisabeth Eybers se woorde aan:

Ek het vergeet, vergeet
hoe mens jou blootstel, hoe jy jou laat beseer
deur onmatig van 'n ander mens te hou.
("Stilte". *Noodluik*, 1989:14)

Volgens Britz (1989a:14) is dit duidelik uit *Noodluik* dat die mens lewenslank uitgelewer is aan die liefde wat jou kan kwets.

Cloete (1989:15) vat die liefdesverhoudinge saam as 'n voortsetting van die afwys van 'n sekere soort mens, die midas- of magnaatfiguur, maar dan is daar ook weer die opsoek van die liefdevolle mens en die geneentheid tot mekaar, asook die uitlê van die verskil tussen man en vrou.

Die verhouding tot 'n kleinkind word verbind aan die broosheid van die ou mens, volgens Van Heerden (1989:29). Hy wys daarop dat Elisabeth Eybers ou simbole nader roep, ook dié waarin die geluk verteenwoordig word. Hier wend sy haar weer, naas die liefde, tot die kind wat ook voorkom as kindernostalgie, en na die natuur, wat hy noem, 'n kommunikasie-middel in die strewe na 'n vorm van reiniging is.

Ook *Noodluik* verleen dus 'n blik op Elisabeth Eybers se kontrasstelling tussen lyding en geluk. Malan (1989:112) noem die ewewig van teengesteldes wat bewerkstellig word deurdat die negatiewe aspekte van veroudering meestal opgehef word deur die konstatering van die positiewe wat steeds deel bly van die bestaan.

Die bekende kontrasstelling tussen droom en werklikheid kom weer aan bod. Van Heerden (1989:29) maak melding van die spanning tussen begeerte en vervulling. Hambidge (1990:42) se verklaring is dat die soektog na die ideale dikwels pyn en ontnugtering meebring, juis daarom soek die digter die beskerming in ironiese distansie.

Laastens bespreek Britz (1989a:14) die spanning tussen die weerloosheid van gevoel en die weerbaarheid van gedagte, tussen die warm strekking en koel formulering. In Van Vuuren (1989:15) se verwysing na die teenstelling hart en hoof, kom sy uit by die gevoelgedrewe woorde, soos gegee deur Elisabeth Eybers in "loof hierdie dag". Sy noem *Noodluik* 'n bundel wat 'n loflied aan die lewe is ten spyte van die leed wat ouerword meebring. Haar siening is ook dat Elisabeth Eybers daarin slaag om te bewys hoe sy deur haar poësie in haar eie woorde: "die groot uitwissing... ontwyk".

So kan 'n mens weer terugkeer na Cloete (1989:15) se verwysing na die verlossende woord wat op sy beurt nie alleen as ontsnapluik dien nie, maar ook aansluit by Ester (1989:163) se verklaring van die poësie as uitsluiting van die gevaarlike wêreld. Cloete (1989:15) se verklaring is dat die werklikheid nie aanvaar hoef te word soos dit is nie. Dit is die waarneming wat die werklikheid omtower in die gedig, in Elisabeth Eybers se woorde: "afbeelding oortref weer die werklike ding".

3.6.3 TEËSPRAAK (1991)

Op die toekening van die P. C. Hooft-prys aan Elisabeth Eybers in 1991 volg die bundel *Teësprak*. Die omstandighede rondom die verskyning van die bundel plaas dit in die artistieke kader saam met *Rymdwang* (1987) en *Noodluik* (1989) en ook saam met die volgende bundel *Respyt* (1993).

Teësprak is 'n geleentheidsbundel en Elisabeth Eybers verleen daaraan die subtitel: *rondom die P. C. Hooft-prys* wat die unieke aard van hierdie bundel aantoon. Die tweeledige indeling bevat die toespraak wat Pierre H. Dubois tydens die toekenningsgeleentheid gelewer het, die Jurierapport deur Rutger Kopland en Elisabeth Eybers se dankwoord. Daarna volg negentien gedigte.

'n Volwaardige digbundel is *Teësprak* dus nie, maar soos Malan (1992:93) aantoon, is die begeleidende toesprake en uitsprake juis boeiend. Deur dit op te neem in die bundel verleen Elisabeth Eybers self weer 'n blik op haar digterskap en digkuns. Dubois en die jurie se oordele oor die aard en verdienste van haar poësie en haar in eie uitsprake oor haar temas en taalgebruik verleen opnuut insig in haar poësie.

Elisabeth Eybers laat hierdie gedeelte inpas onder die bundeltitel *Teësprak*. Malan (1992:93) se verklaring is dat dit enersyds 'n weerwoord, 'n dankwoord is op die erkenning wat sy ontvang het, haar eie teësprak. Andersyds is dit 'n volgehoue demonstrasie van haar enigste verweer teen dit wat die mens so weerloos maak, soos hy dit verklaar: sy behoefte aan balans, sy spel met kruis of munt, die nood aan onderdak, sy vrees vir die einder – en die noodluik van die woord se teësprak. Hy haal Elisabeth Eybers self in die verband aan: "Hoe ingewikkeld weerloos is die mens" en dan skryf sy:

Gaan dan met groot omsigtigheid te werk:
van alles waaraan hy hom kan beseer
– hy wat so seldsaam letselvatbaar is –
("Waarneming". *Teësprak*, 1991:40)

Ook die jurierapport is gelewer onder die titel "*Gestook uit pyn en afstandneem*". Dat die

lydingstema en die poësie as verweer by so 'n geleentheid soos die P. C. Hoof-
prystoekening prominent verskyn, verklaar die belangrikheid daarvan in Elisabeth Eybers se
digterskap en digkuns.

Die gedigte in die bundel verskyn afsonderlik onder dieselfde titel: *Teësprak*. Malan
(1992:93) wys daarop dat die uitsprake oor die aard en verdienste van Elisabeth Eybers se
poësie aan die gedigte as sodanig getoets kan word. Soos bekend by haar vorige bundels
word daar weereens deur Olivier (1992:10) verwys na wat kenmerkend is van die digter se
poësie: haar noukeurige waarneming van die essensiële, die ironie, die verwondering en die
aanvaarding van die onvermydelike wat nie die nuuskierigheid uitsluit nie.

Spies (1993:8) stel dit onomwonde dat die gedigte in hierdie bundel nie geleentheidsgedigte
is nie. Volgens haar is daar niks geforseerd omtrent hierdie gedigte nie en dra dit die
waarnemingsmerk van Elisabeth Eybers se poësie se suiwer noodwendigheid. Olivier (1992:10) som
Teësprak op as 'n bundel waarin die digter dig oor die temas van haar latere werk en die
soeke na die woord as teësprak vir ondraaglike en onbestaanbare dinge.

Die titelgedig, wat ook die aanvangsgedig van die bundel is, stel volgens Spies (1993:8) die
digterskapstema in Elisabeth Eybers se oeuvre bewus voorop. Haar verklaring van die
gediginhoud is dat die poësie eers te pas kom as in die lewe self tot eerlike konfrontasie
gekom is met die ondraaglike en ontglippende dinge.

Jansen (1993:35) haal die titelgedig aan en verleen 'n bykomende perspektief:

Mens dig noodgedwongener oor ondraaglike dinge
of dinge wat eintlik geen reg het om te bestaan,
gebeure wat eerder ontken moet word of genegeer –
maklik gesê en nie minder maklik gedaan

tensy jy hulle tog in die oog kyk, betas en takseer
en met steeds ondernemender woordegegogel besweer.
Ondraaglikheid, onbestaanbaarheid tel dan nie meer
behalwe as prikkel om teësprak aan te gaan.
("Teësprak". *Teësprak*, 1991:31)

Hieroor is Jansen (1993:35) se kommentaar dan dat alle lewens in die teken staan van afskeid, siekte en dood, maar die verwoording daarvan help nie net die digter om haar met haar lewenslot te versoen nie, maar ongetwyfeld ook haar lesers.

Met verwysing na Elisabeth Eybers se digterskap en in aansluiting by wat hier bo genoem is, stel Malan (1992:93-95) dit dat sy dekades lank 'n dwingende greep op die leser kon hou. Van die redes wat hy noem en wat haar poësie so algemeen vatbaar maak, sonder hy veral uit haar vermoë om die intiem menslike dilemma in 'n kort bestek vas te vang.

Tematies is *Teësprak* dan 'n voortsetting van die bekende temas van haar oeuvre. In Malan (1992:93-95) se oordeel lê die merkwaardige van Elisabeth Eybers se poësie nie in die tematiese verskeidenheid nie, maar in die verstommende register van die, en hy haal die digter se eie terminologie aan, "introverte aard" van haar poësie. Om aan te sluit by die algemeen-vatbaarheid van haar poësie en ook by die lydingstematiek omskryf hy sy uitspraak so: die woord introvert moet nie verstaan word as 'n eng-persoonlike bemoeienis met die bloeiende wonde van 'n gekwetste ego nie. Deur die tekste so te organiseer, word die persoonlike voornaamwoord selde na die biografiese ek herleitbaar. Verder word alle spore van selfkoestering verwyder deur die ironiese afstand wat die digter bewerkstellig.

Oor die gedigte self word nagenoeg geen kommentaar gelewer in besprekings van hierdie bundel nie. Die aard en samestelling van *Teësprak* verskuif die fokus na Elisabeth Eybers se digterskap en digkuns. Malan (1992:93-95) noem slegs die tema van afstand en afskeid wat die ouderdom meermale meebring, die sporadiese verrassings wat nog skuil in fisieke oplewings of herinneringe aan 'n fleuriger bestaan asook die tema van 'n verlore geliefde.

Op sigself is *Teësprak* 'n afgeronde bundel, maar die herplasing van hierdie gedigte in die daaropvolgende *Respyt*, dui aan dat Elisabeth Eybers dit as integreerbaar in die bundelkonteks van *Respyt* beskou. Die literêre kritiek weerspieël hierdie beskouing en lewer kommentaar op die gedigte wat in *Teësprak* gepubliseer is as deel van *Respyt* soos wat dit in hierdie bespreking ook aan die lig sal kom.

3.6.4 *RESPYT* (1993)

Dieselfde aanvangsgedig, die gedig met die titel "Teësprak", gebruik Elisabeth Eybers vir *Teësprak* en vir *Respyt*. So stel Elisabeth Eybers in *Respyt* andermaal die digterskapstema voorop (vgl. Spies, 1993:8).

Die meeste van die gedigte in *Respyt* handel oor die verganklikheid, aftakeling, ontluistering – oor al die slopende magte wat afstuur op die onontkombare dood, soos Lindenberg (1993:86) die hoofgedagte van hierdie bundel saamvat. Hy noem dat Elisabeth Eybers hierin die lewe as haas ondraaglik en die mens as weerloos voorstel.

Wat geldend was vir *Teësprak*, geld ook vir *Respyt*, naamlik dat die poësie, soos Elisabeth Eybers dit verwoord in die aanvangsgedig, eers te pas kom as in die lewe self tot konfrontasie gekom is met die ondraaglike dinge (Spies, 1993:8). Daarmee verskuif die aksent vanaf die sombere en weemoedig-pessimistiese na verset, 'n koppige bevestiging van lewe en weerbaarheid teen 'n beterwete in, soos Lindenberg (1993:86) dit stel. Hy wys op die verband wat die woord spraak in die woord teësprak het met die woord self. Verder verwys hy na die taalmeesterskap waarmee die kunstenaar dit wat ondraaglik is in die gesig kan staar en kan besweer.

Met die verwysing na die feit dat die poësie vir Elisabeth Eybers in diens van die lewe is en nie die lewe in diens van die poësie nie, verklaar Spies (1993:8), dat die poësie die digter weerbaar maak teen die ontluisterende ouderdom en haar in staat stel om nog met skerp sintuiglikheid, bevrydende ironie en selfspot die lewe met lewensvreugde te ervaar. In aansluiting hierby toon Grové (1993:2) aan dat Elisabeth Eybers 'n steeds krimpende wêreld in haar latere werk betrek. In hierdie opsig sluit *Respyt* tematies aan by die bundels van die ouderdom. Hy wys daarop dat die digter haar nooit sterk na buite laat geld het nie. Volgens hom word die neiging met die klimmende jare sterker om te onttrek en die aandag meer toe te spits op eie wel en wee.

Die verwesenliking van die bundeltema hou verband met die talle betekenismoontlikhede wat

die bundeltitel ontsluit. Volgens Lindenberg (1993:86) laat die titel, *Respyt*, dink aan begenadiging, aan die uitstel van eksekusie, 'n tydperk van grasie, maar met die blywende bewussyn van die naderende dood.

Spies (1993:8) verwys ook na Elisabeth Eybers se waagmoed om steeds die lewe in die aangesig te kyk nadat die tydperk van die gemiddelde leeftyd oorskry is. Sy gee, met verwysing na die digter se eie woorde die verduideliking dat die laaste ontluisterende skuifelgang by die lewe hoort, daarom mag die wandelaar nie van nodelose sloerdery verdink word nie. Die lewe moet dus tot aan sy einde noodwendig en voluit gelewe word. Oor hierdie lewenstydperk skryf Elisabeth Eybers soos aangehaal deur Hugo (1993:6):

Die geïmproviseerde slotnommer word saamgeflans
uit raapsels herinnering, klankflarde, 'n kruppel kadans,
maar die uitkoms is suiwer, vroeër of later beland
iedereen in die vereffening, eendag ook jý.
("Die pad". *Respyt*, 1993:13)

Met hierdie woorde vat Elisabeth Eybers die kern van die bundel saam: ouderdom en siekte, die verlede en die afloop van respyt.

Die tema van die lewe as 'n reis, die lewenspad wat onverbiddelek na voor strek, kom in *Respyt* na vore (Olivier, 1993:6). Die lydingstema vorm deel daarvan soos blyk uit Elisabeth Eybers se woorde en aangehaal word deur Olivier (1993:6):

Ek ken die nag se binnekant,
met oë gesper, met hand en tand
het ek sy omtrekke betas,
sy reik van hoek tot kant gemeet.
Geen uithoekie waar ek nie was,
die soet wegsink het my versaak,
elke sekondevolle uur
het my ronddolery aangevuur,
my meer gewys as wat ek wou weet.
Sy gramadoelas afgepas
het ek die nag omstandig meegemaak,
ken ek sy binnekant.
("Ek ken die nag". *Respyt*, 1993:19)

Die verweer teen die afloop van die lewenspad is volgens Olivier (1993:6) onontbeerlik, tog ook nutteloos. Hy stel dit dat die poësie in *Respyt*, sterker as in enige van haar vorige bundels, iets is waarmee sin gegee word aan die ouderdom en ondraaglike dinge. In die gedig waarin die titelwoord voorkom, wat hy aanhaal, staan:

'n Keel vol klinkklare weerbaarheid
 waarborg 'n kosbare porsie tyd,
 'n afgeronde brok respyt
 ("Sonnige voorjaar". *Respyt*, 1993:40)

Die rol van die poësie geld ook ten opsigte van "die winter wat sal wyk" en "die winter wat sal duur".

Hier moet ook gewys word op die kontraste wat in die bundel sentraal staan soos uit die bostaande gedigverwysings blyk. Dit is die hier en hiernamaalse, winter en somer as beeld van dood en lewe en droefheid én geluk wat volgens die digter "af en toe tog nog jou dobbergang raak" (Olivier, 1993:6). Grové (1993:2) toon aan dat daar ook dag in die bundel wat deur skemer en nag oorheers word, voorkom. Olivier (1993:6) wys op die temas nou, netnou en toe, die verlede. Daarmee kom 'n volgende betekenis van respyt aan die orde.

Hugo (1993:6) noem dat die gedigte oor die teisterende verlede die woorddeel spyt in *Respyt* aktiveer. Volgens Olivier (1993:6) kan dit ook gelees word as *re* spyt: in sake spyt. Die gedigte in hierdie bundel is dan volgens hom ook 'n bestekopname oor die dinge wat na agter strek in die lewensgang waarvoor daar berou bestaan. Soos die digter dit stel:

Laat die verlede volgens keus teruglek
 omdat wat was jou leeftog moet verstrekk.
 ("Wensrym". *Respyt*, 1993:43)

Die herinneringe kom telkens na vore (Grové, 1993:2). Hy verwys na ou bitterhede wat nog nie ter ruste gelê is nie en na ou vernederings. Dit geld veral vir die verhouding tot die gestorwe voormalige leefgenoot, die magnaat-minnaar en die dominee-vader (Jansen, 1993:35). Die mening wat Olivier (1993:6) gee, is dat daar uit die herevaluering van die

verhoudinge tog 'n groter deernis spreek. Hy noem vervolgens dat daar in *Respyt* 'n groter verkenning is van die digter se Suid-Afrikaanse verlede sedert 1961, dus 'n teruggryp na haar wortels van vroeër. In wat hy 'n verrassende belydenis noem, erken Elisabeth Eybers:

Wat ook al in my binneste agterbly,
Suid-Afrika, jý behoort feilloos daarby.
(*"Uitgewekene"*. *Respyt*, 1993:44)

Die kontras Suid-Afrika–Nederland is in *Respyt* Suid-Afrika se daar en toe en Nederland se hier en nou (vgl. Oliver, 1993:6). Hiertoë behoort die Suid-Afrikaanse landskap en vreugde in natuurwaarnemings en waarna Lindenberg (1993:86) verwys as Nederlandse seisoenale kenmerke. Ander temas is enkelingskap en ballingskap, ook vertroude Eybers-temas (vgl. Jansen, 1993:35).

Die terugroep van al die verledes in hierdie bundel verbind Olivier (1993:6) aan die voortdurende besef van die dood. Hy gebruik Elisabeth Eybers se woorde as verklaring:

Ewewel op 'n onbewaakte moment
van verstrooide begrip word jou blik afgewend
vervul van die nulvolle dividend
met dieselfde d vir begin en end.
(*"Ewewel"*. *Respyt*, 1993:52)

Hierdie woorde van Elisabeth Eybers sluit aan by die volgende gedigreëls wat Olivier (1993:6) ook aanhaal:

Alle lesse geleer
lê hy aarselend hom neer
en aanvaar 'n onskendbare rang.
(*"Uitkoms"*. *Respyt*, 1993:25)

Daarmee verwoord die digter die doodsaanvaarding as positiewe afloop van die lydingsvolle lewenspad.

In aansluiting by die betekenis van respyt as kort uitstelvergunning na die vervaldag van skuldvereffening (Hugo, 1993:6), is die kommentaar van Spies (1993:8) dat *Respyt* 'n bundel is oor die uiteindelijke vereffening van lewenskuld – van watter aard ook al – asook dié vereffening wat die dood heet.

Vir die lydingstema is die betekenis van respyt as rus in die konteks van die bundel van toepassing. Die tweede betekenismoontlikheid wat deur die literêre kritiek genoem word, is die van Olivier (1993:6) wat respyt in die bundelkonteks sien as 'n rusplek langs die pad wat einde se kant toe wil druk. Spies (1993:8) haal Elisabeth Eybers in verband met die voorkeur aan 'n individualistiese kronkelpad aan waarin die rusgedagte ook voorkom:

Gaan jou gang: hoe berooier die lewe
 voor die onherroeplike rus
 hoe gewigloser leer mens dan swewe
 ("Gaan jou gang". *Respyt*, 1993:49)

Daar is ook 'n laaste moontlikheid wat nie in die resensies ontgin word nie. Met inagneming daarvan dat Elisabeth Eybers in Nederland woon en kennis het van die Nederlandse taal, bestaan die moontlikheid dat die Nederlandse uitdrukking, *tegen de dood is geen respijt* (Kruyskamp, 1976:2042) aan haar bekend is. Sou dit so wees, sou dit in pas wees met die werking van die ironie in haar poësie: wat beteken dat vir die digter wel dié respyt te vind is deur die digkuns self.

Jansen (1993:35) verduidelik met aanhalings uit Elisabeth Eybers se poësie hoe sy dit wat vir haar saakmaak, noteer: "Soete, subtiële, verdagte rym" bly 'n "sprietligte towerstaf", soms "gebiedende trommelstok", maar steeds "troos in eiesinnige duister". 'n Mens sou hier wou byvoeg, "by bitter ontwrigting welriekende lym" (Eybers, 1993:55).

Nie alleen mag die poësie as teëspraak op die werklikheid aangewend word nie (Hugo, 1993:6), maar die digter laat volgens Grové (1993:2) ook die aksent val op die objektiverende mag of moontlik, roeping van die poësie. Die digter toon hoe sy geluk soek in die patroonvormende aktiwiteit en skuiling vind in die vorm. Hugo (1993:6) haal haar aan:

(Sodra jy die dinge wat blindelings opduik lees
om hul samespel te noteer, dan begin jou fees.)
("Feesgangers". *Respyt*, 1993:32)

Respyt is so afgespits op die essensiële dat Grové (1993:2) die bundel tipeer as poësie wat na aan die essensiële beeld van Elisabeth Eybers se latere poësie kom. Dit is poësie wat deur 'n winterse strakheid gekenmerk word, maar wat nie volkome kan verhoed dat verlange en gevoel en soms ook geluk deurbreek nie. Dit is volgens hom, poësie wat iets geheimsinnigs en toweragtigs vertoon.

As slotopmerking geld Hugo (1993:6) se woorde: Elisabeth Eybers vul dié respyt tyd sinvol met die skryf van gedigte. Hy spreek die hoop uit dat haar grasietyd onbepaald verleng mag word. Dit is ook so. Waar sy tot met *Respyt* die lewe tot in haar sewende dekade in poësie kon weergee, kon sy dit ook doen tot in haar agste dekade en haar oeuvre met nog vier bundels verryk.

3.7 1994-1999

Die bundel titels, *Nuweling* (1994), *Tydverdryf/Pastime* (1996), *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) en *Winter-surplus* (1999) gee reeds 'n aanduiding van 'n klemverskuiwing weg van die poësie na die lewe self.

3.7.1 NUWELING (1994)

Van *Nuweling* wat rondom Elisabeth Eybers se tagtigste lewensjaar verskyn, meen Spies (1995b:10) dat die bundel in verband met die digter se oeuvre gelees behoort te word. Juis vanweë die parallelisme tussen lewensloop en digterlike ontwikkeling by Elisabeth Eybers is die bundel titel, *Nuweling*, in botsing met die verwagting, maar dit wek ook die belangstelling (vgl. Spies, 1995b:10). Volgens haar het die titel klaarblyklik nie betrekking op die gedigte self nie. Die klassieke vormgewing is daar en die kom tot die essensie en ironiese toon wat kenmerkend is van Elisabeth Eybers se poësie. Lindenberg (1995:103) merk die regenerasie van die skynbaar verslete beelde op. Die inhoud van hierdie bundel tipeer hy as 'n rustige

peins oor die ouderdom, lewensomstandighede, lewensloop, digterskap en die dood. Al hierdie temas kom tereg onder Elisabeth Eybers se titelkeuse: *Nuweling*.

Hoewel 'n Nederlandse resensent, gee Van der Ploegt (1995) 'n verklaring wat die bundeltitel in konteks plaas. Hy verwys na die beslissing wat die digter op hierdie stadium van haar lewe geneem het en hy haal haar aan:

om met of sonder geheueverlies
 'n nuwe soort lewensbenadering te kies
 op elke omwenteling ingestel,
 maar aan ou gewoontes meedoënloos trou
 met 'n onweerlegbare deurwinterde oor
 voeg jy woorde byeen wat jou troos en bekoor,
 of mens dit nou as uitvlug of toevlug beskou.
 ("Sewe dae op die rand van tagtig". *Nuweling*, 1994:31)

Hiermee raak hy aan die kern van hierdie bundel en verduidelik dit verder so. Die lewe gaan voort en Elisabeth Eybers soek troos en bekoring in die digterskap en dit doen sy sonder terughoudendheid, volgens die digter se eie notering:

Jy wat van alles te voorskyn wou delf
 lê niks betwisbaarder bloot dan jouself.
 ("Notering". *Nuweling*, 1994:24)

Spies (1995b:10) noem *Nuweling* 'n bundel van die totale inkeer op die self waarvan die ekspreker pynlik bewus is, daarom skryf sy soos aangehaal deur Grové (1995b:225):

Ja, ek weet hoe ek-sentries vertoon
 my tuisgemaakte heeral,
 die wêreldjie wat ek bewoon
 ("Liewe leser:". *Nuweling*, 1994:27).

Hieroor rig Elisabeth Eybers haar direk tot die leser wat dit maar vir lief moet neem en miskien iets van homself daarin weerspieël sien (Kannemeyer, 1994).

Grové (1995b:224, 225) weer noem *Nuweling* 'n introverte bundel waarin die mens met homself te rade gaan. Hy haal die digter aan wat sê dat die ontgogelde mens "gaandeweg liewer in sy eie geselskap" as elders vertoef. Volgens hom bring dit 'n inkrimping van haar digwêreld mee waar die aandag daarom selde na buite gerig word. Die bewussyn hiervan verwoord Elisabeth Eybers ook. Sy skryf:

terwyl slinkdae glimmend soos byewas
geleidelik jou mymeringe laat verstom.
(*"Aan 'n medebejaarde"*. *Nuweling*, 1994:11)

Spies (1995b:10) se verduideliking na aanleiding van die betekenis van die Nederlandse woord "slinken" vir die Eybers-woord "slinkdae", is dae wat afneem in inhoud, in ervaring, dae wat krimp.

Dit is dan vanuit die pynlike bewussyn van die ouderdom dat feitlik al die gedigte in *Nuweling* geskryf is (Kannemeyer, 1994). Volgens hom handel die gedigte toenemend oor iemand wat aanstons moet vertrek en 'n mymergesprek met die self voer.

Nuweling getuig sterker as ooit tevore van hierdie lewensomstandighede of onmiddellike node, soos Grové (1995b:224) daarna verwys. Dié wat aan bod kom en wat hy noem, is: liggaamlike ongesteldhede, siektetoestande, slapeloosheid en die kwellinge wat met die jare gepaard gaan.

Tematies gee *Nuweling* ook die kleinerwordende wêreld van die ouderdom. Van die temas wat dominant was in Elisabeth Eybers se vroeë poësie het byna irrelevant geword (Kannemeyer, 1994). Dié wat hy noem wat heeltemal verdwyn het, is die tema van die ontheemde mens wat in 'n vreemde land moet aanpas. Dan is daar ook die verhouding tussen grootmoeder en kleinkind en die oor 'n mislukte vroeër verhouding wat ontbreek. As kommentaar hierop is Kannemeyer (1994) van mening dat die sprekende ek wel deur die sterk konsentrasie op die ouderdom fel bewus is van die afgelegde weg of lewensloop, maar dit is asof die "besonderhede en verdriet" van 'n hele lewe, soos die digter dit noem, nie meer saak maak nie.

Die natuur speel bykans ook geen rol meer nie, maar die herinnering wel. Wat Spies (1995b:10) daarvoor te sê het, is van belang ook vir Elisabeth Eybers se vroeëre poësie sowel as vir *Nuweling*. Die belangrike funksie wat die herinnering vervul, is dat dit aan die sprekende ek die vermoë gee om belewenisse en geliefdes op 'n afstand te betrag. Die herinnering suiwer dan deurdat dit die toevallige wat dikwels ook die pynlike is, laat verdwyn ten gunste van die essensiële.

Van die ander temas van die bundel wat Kannemeyer (1994) noem, is die verhouding tot 'n medebejaarde wat saam die lewensweg bewandel en die man-vrou-verhouding. In hierdie verhouding werk die herinnering ook positief soos Kannemeyer (1994) dit verduidelik met behulp van die digter se woorde. As die een moet verdwyn, is die agtergeblewene getroos in die wete dat dit "wat ... heel was nooit sal vergaan". Alles word "êrens opgeberg ... ook ná dit beswyk".

Elisabeth Eybers se siening van moederskap sien ook anders daaruit as die sekere verbondenheid tussen moeder en kind van haar vroegste bundels. Haar moederskap getuig, in haar woorde, van "versuim en tekort" al mag die kinders later die "duistere verbintenis" erken en so die "spoorloosheid" van die vertrokkene ophef. Volgens Kannemeyer (1994) staan hierdie verhoudinge aldus ook in die teken van ouderdom en dood.

'n Hele lewe het dus woord geword, met uitsondering van, soos sy dit stel, die laaste "adembenemende daad" (Kannemeyer, 1994).

Dit bring 'n mens dan by die inleidende gedig tot *Nuweling* wat as programgedig beskou kan word. Spies (1995b:10) se bespreking lig die verband wat die gediginhoud tot die bundelinhoud het soos volg uit met behulp van aanhalings uit gedigte. Die gedagte wat by die ek-spreker opkom as sy "wakker skrik diep in die nag" is: "Ja, hier is ek nog en miskien hoef ek nooit weg te gaan". Hiermee konstateer die digter die lewensliefde, die gehegtheid aan die hier en die nou. Die verlede geld ook soos die digter dit bewoord: "Wat jy agter moes laat word nie wasig omdat jy dit nie meer bewaak".

Soos sy dit verder verduidelik, verwoord Elisabeth Eybers ook die "werp van 'n verwonderde blik deur die tralies van tyd". Daarin sien Spies (1995b:10) die implikasie van die daaglikse chronologiese tydsverloop as tronk, wat gevolg word deur die konstatering: die spreker "word nog betrokke by die oneindigheid".

Die doodstema word aldus geïntegreer in die bundel by oudwees. In twee gedigte roep die digter die vader en moeder in herinnering. Dit is egter die gedig oor die vader waarin sy die dood aan die bundeltitel verbind. Lindenberg (1995:103) lees in die herinnering aan die vader 'n verset teen sy godsdienstige lering en Kannemeyer (1994) 'n verset teen die vader self. Spies (1995b:10) gee 'n ander en breër perspektief. Volgens haar verleen Elisabeth Eybers 'n sekere voorrang aan die vader deur hom in die titelgedig in herinnering te roep. Daarin verwys die digter na sy dogters se "weerstand" teen "redelike ouergesag". Sy karakteriseer hom as woordmens en identifiseer met hom deur haar met hom te vergelyk. In teenstelling met sy gelowige doelgerigheid volg sy 'n "buigsame koers", maar van die laaste endjie lewenspad "krimp" sy terug, "jammerlik groen en oningelig" en "te amateuragtig om te verdwyn". Daarmee verklaar sy 'n tweede betekenis van die bundeltitel wat in die gedigte 'n toepassing vind: om nuweling te wees ten opsigte van die dood of soos Grové (1995b:225) dit stel – die koppige en eiewys dogter van vroeër wat ten spyte van lewenslange skoling in aanpassing nou tot die besef moet kom dat sy "groen" en "oningelig" is. Sy kommentaar is dat so 'n wyse houding die pyn nie kan laat verdwyn nie, maar die poëtiese spel, soos gemanifesteer in hierdie bundel, kan dit hanteerbaar en draaglik maak.

Die pynlike aanwesigheid van die ouderdom lei tot 'n intense bewussyn van die digterlike taak (Kannemeyer, 1994). Volgens Grové (1995b:225) is *Nuweling* egter nie 'n somber of klaagsieke bundel nie, omdat die digter die kwellinge in haar berekening opneem en formeel met hulle afreken. Poësie dien dus om die aanslae as 't ware in die taal op te vang en hulle so, skeppend en intellektueel klein te kry. Ook hy verwys na die byevoeg van woorde wat "bekoor" of dit dan nou volgens Elisabeth Eybers as "uitvlug" of "toevlug" beskou kan word.

Samevattend het die maak van die gedig, soos Grové (1995b:225) dit omskryf, dus 'n helende, terapeutiese, beskuttende werking. Die moontlikheid bestaan om, in die digter se

woorde, "jou ritmies te weer, te bewapen met klank".

Die lydingsaspek wat ingebed is in die digterlike taak, die "verregaande gewroet om die juiste woord", verkry sin, omdat daarin die enigste moontlikheid bestaan om, volgens Elisabeth Eybers, "tot 'n akkoord met tekortkoming te geraak" (vgl. Kannemeyer, 1994).

Grové (1995b:225) verklaar hoe Elisabeth Eybers hierdie moontlikheid in die gedig verwerklik. Hy noem dat daar met taalvindingrykheid, ligte geestigheid of ironie bo die triestigheid uitgestyg word en hoe daar met behulp van teenstellings verandering en verligting bewerk word. 'n Voorbeeld waarna hy verwys, is die ontroerende verligting wat kom as die oog wat in 'n gedig so stip op die ouderdom en aftakeling gerig is, skielik in 'n moment van opgetoënheid ingeruil word vir die "eertydse kinderoë" wat wyd oop "sonder berekening, sonder berou" na die wêreld kyk.

Dit is egter nie al doel wat die gedig het nie. In gedrukte vorm kan dit 'n skone gestalte aanneem. En al beskryf Elisabeth Eybers die digkuns as "'n papiervernielende vak", is die digkuns wesentlik 'n lofsang aan die aarde (Kannemeyer, 1994).

As afsluiting van haar bespreking van *Nuweling* bevind Spies (1995b:10) dat hierdie bundel van die ouderdom as sodanig 'n kil oefening in die taal is waar oudwees en doodgaan sonder weekheid of sentimentaliteit beskou word. Dan kom sy tot die slotsom dat daar vir 'n lewensliefhebber soos Elisabeth Eybers net een manier is om die einde van die lewe tegemoet te gaan: met bittere berusting en die bereidheid tot oorgawe sonder rasionele verset.

3.7.2 TYDVERDRYF/PASTIME (1996)

In 1996 publiseer Elisabeth Eybers haar volgende bundel met die titel *Tydverdryf/Pastime*. Meer algemene kommentaar van Brink (1996:32) is dat haar poësie oor die jare 'n voortdurende stroping en suiwering ondergaan tot waar 'n mens sou wou dink: nou kán dit nie verder nie. Volgens hom duur die geding met die stilte en die korrelate en begeleidende tekens daarvan, aftakeling, ruimtelikheid, oudword, in hierdie bundel voort.

Tematies is hierdie bundel 'n voortsetting van *Nuweling*, inderdaad 'n vervolg op die bundels oor die ouderdom vanaf *Einder*.

Brink (1996:32) beskryf *Tydverdryf/Pastime* egter as verrassend op grond van die dubbeltaligheid daarvan, soos reeds in die titel aangedui. Dit maak van hierdie bundel as 't ware in eie reg 'n nuweling en 'n groeipunt in Elisabeth Eybers se oeuvre.

Die twintigtal gedigte in hierdie bundel verskyn naas mekaar in Afrikaans en Engels wat van *Tydverdryf/Pastime*, volgens Kannemeyer (1996:19) 'n unikum in ons literatuur maak. Hy verwys na enkele gedigte in Engels vanaf 1973 in *Kruis of munt* tot met die weergawe van 'n gedig in Engels in 1993 in *Respyt* wat as aanloop hiertoe gedien het.

Brink (1996:32) maak ook melding daarvan dat Elisabeth Eybers vroeër, maar by wyse van uitsondering in Engels gedig het. Hy noem ook haar bedrewenheid in vertaling van gedigte in Engels. Waarop hy in die besonder wys, is dat daar met hierdie bundel nie sprake is van vertaling in die gewone sin van die woord nie. Elke gedig word twee keer in taal beleef en bied daardeur, soos hy dit noem, 'n bifokale kyk op 'n belewenis of besinning en die verwoording daarvan. Elisabeth Eybers speel dus met die dubbele taalaanslag 'n nuwe spel met die taal wat die leser uitlok om vergelykend te lees.

Brink (1996:32) noem die verskillende paaie wat die gedigte deur die tweetaligheid loop. Volgens hom kan dit klein nuanseverskille wees of radikale verleggings en soms dra die Afrikaanse of Engelse teks deur woordkeuse, 'n vernuftige ekstra lading.

Hambidge (1996:119) is van mening dat 'n nuwe gedig met nuwe betekenis ontstaan. Hieroor laat Kannemeyer (1996:19) hom soos volg uit: Elisabeth Eybers beïndruk met die wyse waarop sy daarin slaag om 'n gedig in albei tale te laat funksioneer. Hoewel merkwaardig na aan mekaar word die een teks nie tot 'n spieëlbeeld of skadu van die ander nie. Volgens hom werk die tekste in so 'n mate in Afrikaans en Engels dat hulle geslaagde gedigte in albei tale word. Hambidge (1996:119) is egter van mening dat die Engelse gedigte die sprankel van die Afrikaanse gedigte mis.

Oor die jare heen word daar verwys na Elisabeth Eybers se woordgebruik in Afrikaans en oor *Tydverdryf/Pastime* maak Olivier (1996:76) melding van die misleidende fynheid en die getuienis van 'n onverminderde beheer oor woordkeuse en verstegniek. As kenmerkend van haar poësie noem hy die ironiese afstand en woordbeheer wat gepaard gaan met 'n oog vir die verwondering wat die alledaagse kan bied. Daarby lewer die woord ook telkens nuwe lewensinsig.

Wat die titel van die bundel betref, sien Olivier (1996:76) in *Tydverdryf/Pastime* 'n kombinasie van erns en spel. Sy verklaring is dat die skryf van gedigte 'n tydverdryf is en so ook die eksperiment, soos hy daarna verwys, van die tweetaligheid van die bundel.

Op 'n meer diepgaande wyse verdryf die skryf van gedigte die tyd deur toegang te bied tot die verlede (Olivier, 1996:76). Hoewel hy slegs enkele gedigreëls uit die titelgedig gee, reflekteer die hele inhoud soos hier gegee verlede, hede, toekoms, poësie en geluk op die bundelinhoud:

Blindelings verdryf ek die tyd
oorwegingloos losgeraak
uit die nag se vergetelheid
van reeds ontoereikende duur:
om 'n limbusgebied oop te woel
waar beelde van vroeër rondspoel
en saamtros om patroontjies te maak
wat die tyd na sy peetje stuur
en my oormatig verheug,
dis al waarvoor ek nog deug.

("Tydverdryf". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:18)

Die verklaring wat Olivier (1996:76) met behulp van die gedigaanhalings hier gee, is dat die gedig so 'n herberg teen verganklikheid en die vergaarplek van "jare van liefhê" word. Dit is verder ook die plek waar gereflekteer word op die spreker se fisieke agteruitgang sowel as op die gebeurtenis van 'n tagtigste verjaarsdag.

Hambidge (1996:120) sien die waarde van hierdie bundel geleë in die nederige belewenis van outword en die obsessie met die skryf van poësie. Sy noem die bundel 'n verslag van outword en die naderende dood. Brink (1996:32) verwys na die krimpemde wêreld van die

ouderdom wat in die woord "digterby" wat Elisabeth Eybers gebruik, nader aan haar digwerklikheid kom.

Die aanvangsgedig van *Tydverdryf/Pastime* betrek die taal. In die Afrikaanse teks loop die geheel volgens Brink (1996:32), uit op 'n intense luisteraksie. Elisabeth Eybers stel dit soos volg:

Om voor dowemansdeur iets ondoofbaars te red
 luister, ook namens jou, luister ek net.
 ("Dowemansdeur". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:6)

Hy wys daarop dat in die Engelse teks, die luisteraksie gerig is op tekens van lewe.

Dit gaan dus in *Tydverdryf/Pastime* weer om lewe en poësie, ook lyding en geluk. Brink (1996:32) haal Elisabeth Eybers aan:

.... die soet geheim
 hoe om nooddruf met oorvloed te rym.
 ("Lindeboom, herfs". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:34)

Met ekonomie en skerpheid en met 'n gebrek aan selfbejammering skryf Elisabeth Eybers oor haar eie situasie (Olivier, 1996:76). Haar woorde oor die poësie word aangehaal deur Hambidge (1996:120):

Jy strooi 'n handvol woorde op papier
 en gaan na bed.
 Wanneer jy wakker word moet jy ontdek
 of hulle in noodgeval kan tierelier
 en elke woord afwagterend op sy plek
 'n onweerlegbare afspraak het
 met wat jy vrees, verdra of vier.
 ("Metode". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:38)

Ander temas wat aan bod kom, is soos Olivier (1996:76) aantoon, die openhartigheid waarmee die digter as bejaarde oor die liefde skryf. Hambidge (1996:119) verwys die dood

van die geliefde en die liefde vir boeke en mense. Wat Brink (1996:32) die bewussyn van die Ander noem, is volgens hom dwarsdeur die bundel ter sake. Hambidge (1996:119) verwys daarna as die gesprek met God.

In dié poësie word skoonheid nog steeds gebore uit gemis, maar met die jare het die verfyning en die sin vir woorde in die ruimte en die deursigtigheid van die taal soveel groter geword, is Brink (1996:32) se slotopmerking. Hy verwys na die titel van die slotgedig en noem "Famous last words" 'n geslepe keuse om 'n bundel mee af te sluit.

Vir Olivier (1996:76) is die hoop dat daar vir Elisabeth Eybers, wat die tyd só kan verdryf soos saamgevat in *Tydverdryf/Pastime*, meer tyd beskikbaar sal wees. Twee jaar later verskyn haar volgende bundel.

3.7.3 VERBRUIKERSVERSE/CONSUMER'S VERSE (1997)

Verbruikersverse/Consumer's verse is Elisabeth Eybers se tweede bundel in Afrikaans en Engels soos die titel aandui. Hieroor is die siening van Grové (1998:265) dat die gedigte wat paarsgewys in beide tale verskyn so getrou en vindingryk oorgesit is dat dit moeilik is om vas te stel watter gedig die oorspronklike en watter die vertaling is. Die meerderheid van die gedigte verskyn as selfstandige gedigte in die een of die ander taal.

Die aanvangsgedig in beide Afrikaans en Engels is ook die titelgedig van *Verbruikersverse/Consumer's verse* en ontsluit direk meer as een betekenis wat in die bundel opgesluit lê. Die volledige gedig waaruit Van Zuydam (1998:6) aanhaal, lui:

Dit wat ek self as verbruiker nodig het
en ook aan elke toevallige luisteraar bied
is alledaags, direk en onverlet:
'n gedurig voorhande synde soort van lied.
("Verbruikersverse". *Verbruikersverse/Consumer's
verse*, 1997:7)

Sy verduideliking is dat daaruit afgelei kan word dat die digter self die verbruiker is en die

produk waaraan sy behoefte het, niks anders as die poësie is nie. Hy verwys na die woorde "alledaags", "direk" en "onverlet" waarmee die digter hierdie gedigte kenskets.

Van Zuydam (1998:6) omskryf die behoefte waaraan die bundel sy ontstaan te danke het na aanleiding van die titel en inhoud daarvan, as die behoefte van die bejaarde mens. Hy verwys spesifiek na diegene wie se fisieke en geestelike kragte afgeneem het en slagoffers, soos hy dit noem, van vereensaming en vertwyfeling word. Grové (1998:265) verwys na die liggaamlike kwellings wat die oudword vergesel. Dit is dan die eerste aspek waarom dit in die bundel gaan ten opsigte waarvan die digter die verbruiker van poësie is. As voorbeelde noem Van Zuydam (1998:6) dat dit hier gaan oor 'n eindfase. Die spreker berei voor vir die dood en hy haal die digter aan:

Aarselend kyk ek die trappe aan
 waarlangs ek binnekort moet gaan ...
 ("Fase". *Verbruikersverse/Consumer's verse*, 1997:8)

Volgens hom word die digterskap ook daardeur geraak waar die digter, in Elisabeth Eybers se woorde, haar "in die buurt" bevind "bestem vir lukraak mompeling". Sy verklaring is dat die poësie in hierdie bundel nie meer "gedwing deur distilleerkolf van die kuns" is nie "maar ingekort tot binnensmonds". Hy noem hierdie poësie 'n soort fluistervers of gemymer.

Volgens Van Zuydam (1998:6) bevind die digter haar in die eindfase van die lewe en dat sy dit as benouend beleef, maar sy is nie in 'n doodloopstraat ten opsigte van haar poësie nie. Daarvan getuig die gedigte self.

In die gedigte sien Grové (1998:266) 'n volgende verwysing na die digter as verbruiker van poësie. Ook in hierdie sin hou dit verband met wat hy die node van die ouderdom noem. Sy verklaring is dat hoe minder sintuiglik ingeneem word, hoe sterker is die digter aangewese op die verwerking van 'n reeds verworwe besit. Daarmee verskuif die aksent na verwerking of hantering.

Grové (1998:266) verklaar sy standpunt met toeligtig uit die poësie. Volgens hom volg dit

dat die gedigte nou nie in die eerste plek gevoelens, sentimente of ervarings wil meedeel nie, maar daardie inhoude eerder wil herontgin en as dit nodig is, verbruik in die maak van 'n gedig. Wat vroeër tema en inhoud was, word nou verteer in die digproses. Hy sien daarin 'n belangrike aksentverskuiwing van die ervarende, waarnemende digter na die *poeta ludens* wat speel met die moontlikhede van die taal. Die voorbeelde wat hy noem en wat deur die getuienis van die gedigte self bevestig word, is die van die digproses as bewuste aktiwiteit. In 'n Engelse gedig staan, "racking my brains for a rhyme" en op Afrikaans is dit die wil "om klanke aanmekaar te ryg". Hierdeur val die aksent telkens op die spel, die soek na 'n rym om "een en ander aanmekaar te lym".

'n Belangrike aspek wat Grové (1998:266) hier uitlig, is die "handigheid" waarmee die digter die bekende "kersvers" laat klink, die kunstenaarsbedrog soos hy dit noem.

Dit is nie net alleen die uitsprake van die digter wat op die spelkarakter en die byna toevallige aard van die poësie in hierdie bundel dui nie, dit word ook dramaties verwerklik volgens Grové (1998:266). Hy noem die ligte aanslag, die geestige woordspel, die selfspot. As voorbeeld van die ironie dien die uitspraak dat wanneer die "vlytige hart" kom met sy "troos" vir die bekommerde mens "élkeen uiteindelik geregtig is op rus". Dan noem hy ook die lughartige manier waarop die pyn uit die kwellings gehaal word: "My netvlies kwyn, my knieë sak inmekaar" en "die kind in my moet hardop hieroor lag".

Met *Verbruikersverse/Consumer's verse* het Elisabeth Eybers in die verwerking van ou vondse wat deur die handige digter nuut gemaak word (Lindenberg, 1997:30) daarin geslaag om ook ten opsigte van haar oeuvre vernuwend te werk en 'n koersverandering in haar digterskap te bewerkstellig (vgl. Grové, 1998:266).

Die blywende waarde van hierdie bundel word volgens Grové (1998:266) se oordeel geplaas nie in die weergawe van selfs pynlike lewenswerklikhede nie, maar eerder in die vermoë van Elisabeth Eybers om skeppend en met 'n sterk sin vir humor en ironie bo daardie kwellings uit te styg.

Van Zuydam (1998:6) bespreek hoe Elisabeth Eybers die poësie juis dit laat doen. Die lydingsaspekte wat hy noem, hou verband met die verlede soos hier bo aangetoon, hede en toekoms gesien vanuit die eindfase van die lewe.

Die eindfase word 'n benouende nagbestaan (Van Zuydam, 1998:6). As voorbeeld gee hy:

'n Paar uur slaap, dan in 'n wink
klaar wakker weer vir daardie dink

wat niks verhelder: strengelwoud
van vrugtelose oponthoud ...

("Opmerking". *Verbruikersverse/Consumer's verse*,
1997:12)

Die oomblik van wakker word bevestig die vreemdelingskap van die mens. Volgens hom was die nag vroeër by Elisabeth Eybers 'n positiewe mag tot vergeetelheid, maar nou is dit dat met "ooggesperde oë" geleer moes word "hoe selfs die donker hom teen 'n mens keer". Uit die poësie spreek 'n gevoel van in die steek gelaat te wees so sterk dat die digter dit met Christus se ervarings in Getsémané vergelyk: "Ek het jou nodig en jy is nie daar". Van Zuydam (1998): 6 se verklaring is dat twyfel wat uitbrei tot vertwyfeling gevoed word deur 'n gevoel van verwerping, verlatenheid, vergeetelheid en 'n ingebore ballingskap.

Oor die verwoording van die toekoms brei Van Zuydam (1998:6) soos volg uit. Die toekoms is die groot onbekende en volgens hom hou die hiernamaals nie veel belofte in nie. As voorbeeld verwys hy na die simboliese handleser, "Diertjie van ons liewe Heer", wat "net sy gladgelakte dop" "ontsluit" en swyg. Die vraag bly onbeantwoord of die hiernamaals die dominee-vader teleurgestel het, want toe "hy aanland dáár waar hy sou kon vertel", was dit "vir mededeling" "te laat". 'n Gedig in Engels, "Wait and see" (Eybers, 1997:13) wat hy ook aanhaal, gee 'n houding van: "Wait and see", want "no one is granted a glimpse of the end".

In aansluiting by Grové (1998:266), wys Van Zuydam (1998:6) op die vertroosting wat geput word uit die hierwees:

... Aan die end van die tog
 klink jou klaarste bevinding: kyk, hier is ek nog.
 ("Voortgang". *Verbruikersverse/Consumer's verse*,
 1997:26)

Ook die wanhoop word getemper deur 'n moedige lotsaanvaarding, soos sy dit bewoord: "Jy lê jou neer".

In aansluiting by Grové (1998:266) wys Van Zuydam (1998:6) daarop dat die digterskap wat self deur die ouderdom bedreig word, die toevlugsoord is. Weereens haal hy Elisabeth Eybers self aan:

Onsamehangende klanke
 blyk ook uitstekend in staat
 om waarnemings op te vang
 ("In die laaste instansie". *Verbruikersverse/Consumer's*
verse, 1997:28)

Sy verklaring is dat wanneer woorde jou in die steek laat dit nie gedwee aanvaar hoef te word nie. Al word die poëtiese vermoë aangetas, kan daar nogtans uitdrukking gevind word op ingekorte wyse.

Laastens verwys Van Zuydam (1998:6) na die vertroosting wat die lied van 'n ander sanger bied, die merel, wat die dag borduur "met sliertjies en sterretjies van sang", wat "sing sonder selfbeklag" en "vertel nie hoe erg hy verlang". Met hierdie woorde vat Elisabeth Eybers van die kernaspekte van haar poësie saam, naamlik 'n objektiewe digterlike oog (Van Zuydam, 1998:6) wat geluk en lyding verwoord.

In die titelgedig bied Elisabeth Eybers haar poësie, wat sy haar lied noem, aan die leser en so word die leser dan ook die verbruiker van poësie. Lindenberg (1997:30) omskryf die inhoud van *Verbruikersverse/Consumer's verse* as 'n rustig-logiese gesels met die leser oor algemeen-menslike ervarings. Uit die oogpunt van die leser is dit vir Van Zuydam (1998:6) 'n voorreg om in Elisabeth Eybers se hartkamer toegelaat te word en saam met haar die eindstryd mee te maak.

3.7.4 WINTER-SURPLUS (1999)

Inmiddels verskaf Elisabeth Eybers aan die leser 'n bonus met die verskyning van haar volgende digbundel gepubliseer in haar vier-en-tagtigste lewensjaar (vgl. Odendaal, 1999:8). Hiermee kry sy dit reg om die leser nog steeds te verras en plesier te verskaf (Malan, 1999:18).

Aan die bundel gee sy die titel *Winter-surplus*. In die woorde van Malan (1999:18) is dit 'n dubbelloop-bundel. Die gedigte word paarsgewys aangebied, eers die Afrikaanse gedig en langsaan die Engelse ewebeeld (Grové, 1999:10). In aansluiting by hierdie aanbiedingswyse wys hy daarop dat die bundelitel as Afrikaans of as Engels gelees kan word en in albei tale ewe geldig bly. Dit gaan egter ook nog oor die gedigte self in sowel Afrikaans en Engels.

Grové (1999:10) se verklaring is dat die vertaling deur Elisabeth Eybers van haar eie werk so knap en vindingryk is dat dit moeilik bepaalbaar is watter weergawe die oorspronklike is. Die feit verleen dus bykomende geldigheid aan die bundelitel. Viljoen (1999:6) maak melding van 'n uitspraak van Elisabeth Eybers dat haar vertalings dikwels eerder verwerkings is. Sy is egter van mening dat die poësie in *Winter-surplus* met 'n enkele uitsondering redelike noukeurige vertalings is. Die hoë gehalte van die gedigte in Engels laat Malan (1999:18) die mening uitspreek dat 'n mens hier van 'n fenomeen kan praat. Elisabeth Eybers self laat haar nie onbetuig hieroor nie. Die literêre kritiek maak reeds in 1993 melding daarvan dat sy al hoe meer in die taal van haar moeder begin skryf (vgl. Hugo, 1993:6). In die aanvangsgedigte van die bundel in beide Afrikaans en Engels, bring sy die behoefte om naas Afrikaans ook in Engels te dig in verband met die moeder wat 'n belangrike invloed op haar lewe en poëtiese vermoë gehad het (Viljoen, 1999:6). Die "Engelse rympies" van haar jeug (Odendaal, 1999:8) het nou die gedigte in Engels geword as gevolg van die behoefte aan die klank van haar moeder se stem (Viljoen, 1999:6).

Vir die feit van 'n tweetalige opvoeding wat 'n "vrugbare skuldelaas" meegebring het, word onbesorg verskoning gevra (Malan, 1999:18). Reeds by die aanvang van *Winter-surplus* stel Elisabeth Eybers die tema van skuld en wins wat later deur sy variante gevolg sal word en

deur die bundeltitel in die vooruitsig gestel is, aan bod.

Die verklaring van Malan (1999:18) hieroor is dat daar vir die leser net sprake van wins is, omdat Elisabeth Eybers keer op keer die kern van 'n gedig in die ander taal vasvang, hoewel sy heel ander rymklanke of sinsvorme vir die ekwivalent moes vind.

Ook die tematiese inhoud van *Winter-surplus* word tuisgebring onder die bundeltitel. Viljoen (1999:6) sien in die titel 'n soort beskeidenheid wat suggereer dat dit hier gaan om gedigte wat 'n bepaalde nutswaarde het eerder as wat dit grootse profetiese uitsprake bevat. Dan verteenwoordig die gedigte volgens haar die surplus of oorskot of selfs bonus wat voortgekom het uit 'n wintertoestand, waarskynlik 'n toespeling op die ouderdom.

Tematies sluit hierdie bundel aan by haar laaste bundels oor die ouderdom. Malan (1999:18) verwys na die persoonlike ervarings wat Elisabeth Eybers se poësie kenmerk. Die digter self lewer in hierdie bundel kommentaar daarop en voer wat sy noem die "uiting" van "hardvotige selfbejag" terug na die ouerlike rol (vgl. Viljoen, 1999:6). Sy wys weereens daarop dat die meëdoënlose vorm van selfondersoek wat in Elisabeth Eybers se poësie aangetref word een van die sterkste eienskappe van haar digkuns is. Daarmee word die negatiewe konnotasie van die verwysing daarna, soos die digter dit gee, dus opgehef.

Dit gaan in *Winter-surplus* weer om die vertroude temas wat uit Elisabeth Eybers se laaste bundels bekend is. Malan (1999:18) se kommentaar hierop is dat dit verbasend is dat sy die vertroude temas steeds veelkantig tot sinryke poësie kan orden. Die temas wat Odendaal (1999:8) en Malan (1999:18) noem, is die eise wat die hoë ouderdom stel en nadenke oor persoonlike vriende, of die afskeid neem van vriende en geliefdes. Dan is daar die blik op die naderende dood. Van die laaste tema belig Malan (1999:18) en Viljoen (1999:6) verskeie kante.

Die heropname van 'n gedig met die veelseggende titel "Voorsorg" uit *Einder* (1977) verkry in *Winter-surplus* sy Engelse weergawe. Malan (1999:18) se kommentaar is dat Elisabeth Eybers in die gedig verwoord hoe lastige aanlopers en verkopers by die deur afgeskrik kan

word met 'n nota waarop staan:

.... ons verkoop of koop nie aan die deur,
het niks om op te knap, is reeds bekeer.

Die wending wat in die slotreëls volg, lui:

waar vind jy nog 'n slagsin om jou bel
te vrywaar teen die engel Asraël?
("Voorsorg". *Winter-surplus*, 1999:14)

Naas die besef van die dood as noodwendige afloop van die lewe is daar ook gedigte waarin die vooruitsig van die dood aanvaar word, soos Viljoen (1999:6) dit stel. Die aanvaarding kom met 'n "ingetoë beamingsug". Sy noem dat die idee as vreemd ervaar word, omdat die digter vra hoekom sy nie kon "reken op somer vanjaar?" Hieroor brei Viljoen (1999:6) verder uit. Sy beskou juis dit as die rede waarom *Winter-surplus* nie die gevoel gee dat Elisabeth Eybers besig is om haar digterlike werk af te rond of dat sy binnekort haar pen gaan neerlê nie. Die indruk wat die bundel laat, is volgens haar, dat die digter tot aan die einde sal bou aan haar merkwaardige oeuvre.

Die algemene kommentaar wat Viljoen (1999:6) op hierdie bundel lewer, is dat die koel, beheerste manier waarop Elisabeth Eybers oor die mees ingrypende gebeure in die menslike lewe skryf opvallend is. Dit doen sy met humor en ironie deur steeds op 'n uiters ekonomiese manier met die digterlike woord om te gaan. Viljoen (1999:6) wys ook op die presiese woordkeuse wat verrassende betekenismoontlikhede laat ontstaan en, laastens op die sorgvuldige afwerking van die gedigte en die vormbeheer. Sy haal die digter self aan oor die byna meedoënlose selftug: 'n gedig wat verskeur is, omdat dit "nie kon wag op ryping" nie, maar "na buite moes beur".

Odendaal (1999:8) verklaar die surplus van die bundeltitel in die konteks van die bundeltemas: oudwees en die dood, en dan wel as die surplus aan kragte wat die dood teenstaan en steeds uitstel. Dit is die drang na lewe, die herinneringsvermoë en die

skeppingsvermoë soos dit in die skryf van poësie tot uiting kom.

Odendaal (1999:8) wys op die lewenswins- en lewensverliespel wat in die bundel uitgespeel word in sy verduideliking van die helende uitwerking wat dit het as die kuns aangeleer is om te berus, om te verdra, om kompromieë aan te gaan of om te vergewe. Die titel van die gedig wat hy as bewys gebruik, "Op die ou end", dui op 'n eindpunt.

Bedrywigheid spel steeds verlies.
Al kry jy nog kans om te kies
doen jy afstand van aksie en keer
binnewaarts om berusting te leer
in wat deur die jare vergaar
en moeisaam ophoop. Jy aanvaar
hierdie negatiewe gewin
in duistere valuta gein.

("Op die ou end". *Winter-surplus*, 1999:34)

Hiermee word nader aan die essensie van die bundel gekom en verkry die bundeltitle 'n verdere dimensie (Grové, 1999:10). Hy lees die surplus van die bundeltitle as batige saldo, 'n wins wat oorbly nadat die winter en alles wat dit impliseer sy bitter tol geëis het. As dit volgens hom, so gelees word, gaan dit in *Winter-surplus* nie in die eerste plek oor die winterwerklikheid nie – nie oor die natuur of klimaat en ook nie oor siekte en ongerief en oudword en verswakking nie. Die klem val dus nie op winter nie, maar op surplus, dus gaan dit in *Winter-surplus* om die wins.

Grové (1999:10) se verklaring van hierdie aspek is dat, hoewel bespiegeling in Elisabeth Eybers se aard lê, hierdie bundel soos nooit voorheen nie die besadigde nugterheid handhaaf. Meer as een gedig word 'n redeneerproses op soek na klaarheid. Die digter stel dit so:

As jy koel daaroor nadink verwonder dit jou
om te merk

("As jy koel daaroor nadink". *Winter-surplus*, 1999:32)

Wanneer daar soms nog van gemis of verlange sprake is, word daar met dié sentimente rasioneel afgereken. As die ergste dreig, kan jy dit skouerophalend afwag met: "daar bly niks

oor as hou jou taai" (Grové, 1999:10). Hy beklemtoon die verskil tussen taai hou en taai wees en noem *Winter-surplus* dan 'n skynbaar weerbare bundel.

In konteks sou dit dus seker beteken dat die mens immer weerloos bly. Hierop brei Grové (1999:10) verder soos volg uit. Van *Winter-surplus* kan gepraat word as 'n wyse bundel, want meermale loop 'n gedig uit op 'n stuk verworwe insig, as die uitkoms van 'n besinnende debat met die self:

Wat slegs as moontlikheid bestaan
hou veilig en versekerd aan
wyl wat as feit geboekstaaf staan
reeds besig is om te vergaan.
(*"Oorweging"*. *Winter-surplus*, 1999:44)

Wat opvallend is, is dat die rasonale aard van die poësie in versigtige balansering van die pro en die kontra, die bate en die laste na vore kom. Soos die digter dit stel as: "verworwe voleindiging" en "nuwe gemis". Voortvloeiend hieruit, is die belangrike stelling wat Grové (1999:10) maak dat teëslag en geluk altyd gemeet word in terme van verlies en wins. Hy beskryf die strategieë wat Elisabeth Eybers aanwend om by die wins uit te kom as die bedekking van die pyn agter 'n skyn van ongeërgdheid en die voorgee dat dit jou keuse is om dit nie te hê nie, as jy iets moet ontbeer. As voorbeeld gebruik hy haar woorde waar sy sê om "met oë te dof om sonder loep te lees", is die poging om "ontbering uit te gee vir wat ek kies". 'n Volgende strategie wat hy noem, is om jou domweg weerbaar te hou, selfs wanneer 'n krisis dreig en jou verliese dan om te toor in 'n surplus. Hy gee as bewys hoe die digter illustreer hoe die "simpele ek" met haar "ontreddering" en al, sonder "huiwering" die eeuwending tegemoet gaan, terwyl die "slim afgerigte rekenmasjien" dit "kwalik" kan "trotseer".

Grové (1999:10) sluit die bespreking van *Winter-surplus* af met die slotsom dat die waarde daarvan lê in die taal- en beeldmatige maskerspel en nie in die direkte belydenis van pyn en ontbering nie. Hiermee voeg die deurwinterde digteres nog 'n dimensie aan haar oeuvre toe en weer 'n nuwe blik op lyding en geluk.

Met *Winter-surplus* het Elisabeth Eybers se digterskap en digkuns gekom tot op die punt waar Grové (1999:10) na die bundel kan verwys as 'n wyse bundel waarin die gedigte uitloop op 'n verworwe insig as uitkoms van die besinnende debat met die self.

4 GEVOLGTREKKING

In hierdie afdeling is daar ondersoek ingestel na die biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers wat aspekte van lyding en tye van lyding in haar persoonlike lewe uitwys. Vervolgens is gekyk na lydingaspekte wat deurlopend in haar oeuvre voorkom asook poëtiese tegnieke wat in verband gebring kan word met lyding. Laastens is die verband tussen die bundeltemas, wat die bundeltitels betrek, en die lydingstema ondersoek. In al drie hierdie onderafdelings is verskeie aspekte van lyding wat in verband staan met haar poësie aan die lig gebring.

4.1 LYDING EN LEWENSLOOP EN POËSIE

Elisabeth Eybers se oeuvre bestaan uit een en twintig bundels. Soos hier bo genoem, is daar in die titels van haar bundels aspekte wat van belang is by die lydingstema. Oor die titels van haar bundels lewer Van Rensburg (1989:10) kommentaar. Hy raak aspekte van haar digkuns aan en daarmee saam ook van lyding. Hy toon aan dat die titels van haar bundels altyd betekenisvol was, maar volgens hom het die titels "in die loop van jare al trefkragtiger geword. Soms het hulle hul bedoeling duidelik en deursigtig te kenne gegee, soms meer kripties, maar toenemend het hulle daarin geslaag om die essensie van hul bundels soos in 'n brandpunt saam te trek" (Van Rensburg, 1989:10).

Van Rensburg (1989:10) wys vervolgens op nog 'n ander aspek, naamlik dat die bundeltitels ongemerk ook nog iets anders doen. Soos hy dit stel, het elke "nuwe titel ... as 't ware 'n nuwe fase van haar ontwikkeling as mens en digter geïllustreer". Al is dit so dat Elisabeth Eybers die outonomie van die gedig aanvaar en selfs vooropstel, blyk uit die ondersoek na die verhouding tussen bundeltitel en -inhoud, dat daar 'n korrelasie is tussen lewensomstandighede, poëtikale opvattinge en die bundel se inhoud, wat elke bundeltitel en die gedigte self insluit. Van Rensburg (1989:10) is van mening dat die "titels van haar

bundels ... gevolglik in den brede soos opeenvolgende hoofstuktitels van haar menslike en artistieke biografie" lees. Wat hy ook aantoon, is dat 'n ontwikkelingsgang waar te neem is vanaf 'n ingesteldheid meer op lewe na 'n ingesteldheid meer op die poësie self, of soos hy dit noem, van die vitale na die artistieke. Sy verklaring is dat die woord en die gedig vroeër die funksie van medium gehad het, "geleibuis vir haar vitale ervarings; later het hulle voorwerpe van refleksie geword, verskynsels uit eie reg". Ten laaste wys hy daarop dat lewe en poësie by Elisabeth Eybers nie geskei kan word nie, maar dat selfs in die bundeltitels gelees kan word of sy die klem in die onderskeie bundels op die lewe of op die poësie laat val. Al is die voltooië gedig outonoom, kan die navorser nie anders nie as om die biografiese op te merk en meer bepaald, biografiese inligting wat meesprek in die verwoording van lyding, te beredeneer en dan tot die gevolgtrekking te geraak dat persoonlike besonderhede ter sake is by die verwoording van lyding.

4.2 LYDING EN POËTIKALE OPVATTINGE EN TEGNIEKE

Soos hier bo genoem, laat lyding ook sy invloed geld ten opsigte van die poëtikale opvattinge van die digter. Die aspekte wat afsonderlik onder die loep geneem is, is lyding en die digkuns, die oorsake van lyding, digterskap en lyding en stylkenmerke wat teruggevoer kan word na lyding. Ook is gekyk na die verband wat daar bestaan tussen lyding en die liefde en die estetiese en die essensiële elemente van die poësie. Dit loop uit op die verband tussen lyding en geluk. Oor elkeen van hierdie aspekte spreek Elisabeth Eybers haar duidelik uit. Uit die navorsing kom die volgende na vore.

Uit haar uitsprake sowel as uit sekondêre bronne, is die gevolgtrekking te maak dat persoonlike leed van die aanvang van haar oeuvre af vir Elisabeth Eybers 'n stimulus was vir die skryf van poësie. Vir haar gaan dit om die persoonlike rekenskapgee van lyding, die deurdring tot die sin van lyding en die versoeningsproses waarop dit uitloop. Wat op hierdie punt volg, is dat die keersy van lyding, naamlik geluk aan die orde kom.

Wat hierby aansluit en 'n belangrike aspek van die poësie van Elisabeth Eybers is, is dat dit nie 'n eensydige blik openbaar nie. Dit bring 'n mens by die voortdurende kontrasstelling

tussen lyding en geluk wat in haar poësie duidelik word en die voortdurende terug keer na geluk, hetsy in die gedigte self of in bundelverband. Dit word ook voltrek in oeuvre-verband, waar bundels wat deur lyding oorheers word, opgevolg word deur bundels waarin geluk die botoon voer.

Kontrasstelling doen sigself ook voor in die paar gevoel en rede. Waar lyding primêr in die beleving daarvan gesetel is, is dit deur die besinning daaroor waarin tot die sin daarvan deurgedring kan word. 'n Verdere aspek daarvan is dat lyding op hierdie wyse deel word van die verworwe lewenswysheid.

As deel van die simbolisering van geluk gebruik Elisabeth Eybers die kindskap, die landskap en drome, wat sy in haar persoonlike lewe met geluk verbind, asook herinneringe en die musiek.

Ten grondslag aan Elisabeth Eybers se poësie en die verwoording van lyding lê die erkenning van die onvolmaakte werklikheid: die kortstondigheid van die lewe met sy geluk én lyding en die dood as enigste sekerheid. 'n Aspek van haar poësie wat hierheen herlei kan word, is dat sy in en mét die gedig strewe na 'n vorm van volmaaktheid. Dit beteken dat die poësie as 't ware die werktuig is waarmee die sin van lyding bepaal word om sodoende van lyding afstand te kan doen. By implikasie is dit dan die keuse vir geluk. Vervolgens beteken dit dat die poësie self vir Elisabeth Eybers 'n vorm van volmaaktheid is met 'n eie geluksaspek.

'n Aspek wat Elisabeth Eybers self verbind aan die singewingsproses, is die deurdring tot die kern van die saak, slegs die essensiële is ter sake. Ten opsigte van haar poësie stel sy dieselfde vereiste, vandaar ook die strewe na kernagtigheid en suiwerheid.

Van die belangrike stylkenmerke van Elisabeth Eybers se digkuns wat verband hou met lyding is die paradoksale blik op die lewe wat in haar poësie voorkom as die pas van teenstrydighede in een verband. Dit sluit ook weer aan by die singewingsproses. Daarby gebruik sy ironie en humor soos wat dit in haar poësie weerspieël word, as verweer teen lewensleed.

Uit die navorsing blyk dit dat die aspekte wat in verband staan met lyding deurlopend voorkom in Elisabeth Eybers se oeuvre, van die begin af tot op hede.

Waar hierdie studie handel oor aspekte van lyding in die poësie van Elisabeth Eybers bied biografiese gegewens en uitsprake deur haarself en in letterkundige bronne oor haar digkuns en digterskap dus die geleentheid om, soos hier bo gegee, lydingsaspekte soos dit in haar oeuvre voorkom, aan te toon. So ook bied die resensies van haar afsonderlike bundels die moontlikheid om aspekte van lyding soos dit voorkom in elke bundel en dan sodoende in haar oeuvre, uit te wys en daarmee saam 'n ontwikkelingslyn aan te toon.

4.3 LYDING EN BUNDELTEMAS

In aansluiting by die biografiese aard van haar poësie geld 'n bespreking van Elisabeth Eybers se oeuvre deur Nienaber-Luitingh (1990b) steeds as verteenwoordigend van die algemene kommentaar oor Elisabeth Eybers se digkuns. Ook sy noem die sterk outobiografiese inslag van die poësie en die moontlikheid om daarin die fases van die digter se lewensloop af te lees.

Die bundelinhoud vanaf *Belydenis in die skemering* (1936) tot *Neerslag* (1958) van Nienaber-Luitingh (1990b:35) so saam: "Eers is daar die verwarring en onsekerheid wat met volwasse- en selfstandigwording gepaard gaan, vervolgens die ervaring van liefde, moederskap en van die leed en teleurstelling wat onvermydelik deel vorm van intieme menslike verhoudings. Later kry ons die uitbeelding van konfrontasie met opgroeiende kinders, die verdriet om 'n mislukte verhouding en meer en meer besinning op aspekte van die digterskap" (Nienaber-Luitingh, 1990b:35).

In Nienaber-Luitingh (1990b:35,36) se bespreking van die bundels *Balans* (1962) tot *Kruis of munt* (1973) wys sy op die verband met Elisabeth Eybers se verhuising na Nederland en die verskyning van nuwe temas: "Vanaf die bundel *Balans* ... verskyn die motiewe van heimwee na die vaderland, besinning op en hartseer oor die verlede, die pynlike gevoel van vreemdelingskap en ontworteling, die moeisame aanpassing aan 'n nuwe omgewing en 'n

heeltemal nuwe lewensfeer, eensaamheid en die lief en leed van nuwe menslike verhoudinge". Sy maak melding daarvan dat daar vir die eerste keer 'n "bewussyn spreek van beginnende ouderdom en naderende dood" in die bundel *Kruis of munt*.

Dit is eintlik met *Einder* (1977) dat, soos Nienaber-Luitingh (1990b:36) dit noem, die "besigwees met gedagtes aan ouderdom en sterflikheid" voorkom en toenemend in haar volgende bundels verwoord word. Sy wys daarop dat vanaf die sewentigerjare alles wat deur Elisabeth Eybers "waargeneem en beleef word en wat sy neerslag vind in haar poësie, in 'n hoë mate gesien word vanuit die bewussyn van onvermydelike verganklikheid". Elisabeth Eybers (Jansen, 1990b:40) verwys self na "die proses van oudword" wat as "laaste fase" van haar werk sal geld.

Uit hierdie uiteensetting van haar oeuvre, kan afgelei word dat biografiese gegewens oor Elisabeth Eybers meehelp om haar poësie in 'n konkrete raamwerk te plaas en die insig daarin te verdiep. Dit geld ten opsigte van die verskillende menslike verhoudinge soos dit in haar poësie verwoord word en die verhouding tot die self, die verhouding tot die godsdiens, lewensruimte en lewensomstandighede.

Wat opval in die bundeltipering wat hier bo gegee is, is die klem wat Nienaber-Luitingh op lydingsgebeurtenisse en -situasies plaas. Wat ook opval, is wat 'n mens lydingswoorde kan noem waarmee die temas en motiewe beskryf word onder andere verwarring, onsekerheid, leed, teleurstelling, verdriet, pyn, hartseer, eensaamheid, verganklikheid. Hierdie lys bevestig die belangrikheid van die lydingstema in Elisabeth Eybers se poësie. Maar daaraan verbonde is, soos Nienaber-Luitingh (1990b:35) dit stel, die digkuns self "waardeer sy telkens weer aan die spanning en kweuling van die lewe kan ontsnap".

In die derde deel van hierdie afdeling word met behulp van resensies van die afsonderlike bundels, die verband tussen die bundeltemas en die lydingstema aangetoon. Uit die bespreking is verder ook af te lei dat daar 'n verband bestaan tussen die lydingstema en soos Nienaber-Luitingh (1990b:35) hierbo aantoon, die rol wat die digkuns ten opsigte van lyding vervul. Dit is 'n aspek van Elisabeth Eybers se poësie wat C. M. v. d. Heever (Eybers, 1936)

reeds in haar eerste bundel opmerk waar hy onder andere verwys na beproewing en worsteling wat uit haar poësie spreek asook die kom tot die selfgevonde waarheid.

Deur 'n sintese te maak van die bundeltema, lydingstema en die funksie van die digkuns soos wat dit in die resensies blootgelê word, kan 'n planmatigheid wat Elisabeth Eybers in elke afsonderlike bundel inbou en hoe dit ten opsigte van haar oeuvre geld, blootgelê word.

Om 'n geheelbeeld te kry van die verband tussen die bundeltema, lydingstema en die digkuns, oftewel die funksie wat die digkuns vervul ten opsigte van lyding soos dit in haar oeuvre voorkom, word 'n chronologiese aanbiedingswyse gevolg. Sodoende kan 'n ontwikkelingslyn waargeneem word en terselfdertyd skep dit die geleentheid om die struktuur aan te toon waarvolgens lyding en geluk in samehang met die bundeltemas in die opeenvolgende bundels voorkom. As Elisabeth Eybers se oeuvre in oënskou geneem word, is die kontrasterende lyding en geluk in al haar bundels duidelik, maar omdat sy in sekere bundels die klem op lyding plaas en in ander op geluk, kan 'n mens praat van lydings- of geluksbundels. In die wyse waarop die lydings- en geluksbundels mekaar afwissel, is 'n struktuur waarneembaar wat in verband staan met die singewing aan lyding en die wegbeweeg daarvan na geluk.

Die onderstaande samevatting het dan ten doel om al drie die bogenoemde aspekte toe te lig.

Belydenis in die skemerig (1936) is Elisabeth Eybers se jeugwerk en daarom word jeugsmart, wat liefdespyn insluit, hierin verwoord. Lyding voer in hierdie bundel die botoon en daarom kan dit dan 'n lydingsbundel genoem word. Die uitkoms hiervan, soos dit in die bundel gegee word, is die wete dat die lewe nie ten volle beleef kan word sonder lyding nie. Liefdesleed lei tot die ryping as mens én vrou.

Drie jaar later volg *Die stil avontuur* (1939) wat die eerste van die geluksbundels is, omdat liefdesvervulling en die vervulling van moederskap die belangrikste temas is. Die grondgedagte van hierdie bundel is lewensaanvaarding en lewensverheerliking.

Met die volgende twee bundels verskuif die nadruk weer na lyding, wat verband hou met 'n

dieper insig in lewenservaring. In *Die vrou en ander verse* (1945) word die vrou- en moederskapstemas voortgesit, maar nou vorm die anselement deel daarvan: angs om die onsekerheid en verganklikheid van geluk, lewensliefde en angs om die dood en verganklikheid. Dit is 'n bundel wat somber aandoen, maar in die gedigte probeer die digter deurdring tot die kern van lewenservaring en dood. Vir die eerste keer maak die literêre kritiek (vgl. Kruger, 1945:17) melding van Elisabeth Eybers se poësie as kristallasies of presipitate van die introspeksie, 'n gedagte wat sy in 1958 in die bundel *Neerslag* 'n belangrike tema maak soos eksplisiet deur die bundeltitlet aangedui word.

In die bitter bundel, *Die ander dors* (1946), vorm lyding die groeipunt van die introspeksie. Waar die bundel handel oor die tragiek en onvervuldheid van die vrou se lewe, lei die ryper lewensbesinning tot 'n lotsaanvaarding en die besef van die louterende werking van lyding. Wat belangrik is, is dat Elisabeth Eybers die louteringsproses in hierdie bundel laat deurwerk tot nuwe geluk. Die digter beweeg weg van lyding na gedagtes en temas wat as geluk gereken kan word en hierdie proses is, soos reeds genoem, 'n belangrike aspek van die belewenis van lyding soos wat dit in haar poësie verwoord word.

Elisabeth Eybers sluit met hierdie bundel die fase waarin die gedigte sentreer rondom die vrou en moederskap af en *Tussensang* (1950) verteenwoordig 'n volgende fase in haar oeuvre. As gevolg daarvan dat hierdie bundel, anders as die voriges en die daaropvolgendes, nie oor 'n sentrale tema handel nie, is dit enigsins uit pas met die res. Hoewel van die reeds bekende temas soos die liefde en die kontras tussen kind en volwassene hierin voorkom, vorm alledaagse ervarings die belangrikste deel van die inhoud van die bundel. Gevolglik verleen dit aan die bundel 'n ligter toon. Die heterogene aard van die gedigte in *Tussensang* bring ook mee dat die groei na volwassenheid en wysheid minder duidelik waargeneem kan word. Dit beteken egter nie dat daar geen groei is nie en ten opsigte van die lydingstema, verteenwoordig hierdie bundel die weerbaarheid teen lyding.

Tot met *Tussensang* is die poësie die geleibuis vir of die presipitaat van die menslike beleving (vgl. Van Rensburg, 1989:10). Dit kan inderdaad ook geld vir die volgende bundel, *Die helder halfjaar* (1956). Maar *Die helder halfjaar* verteenwoordig 'n groeipunt in

Elisabeth Eybers se oeuvre en dui op selfvernuwing. Omdat suiwering die kerngedagte is van beide hierdie bundel en van die daaropvolgende een, *Neerslag* (1958), sluit die bundels by mekaar aan. Wat Elisabeth Eybers met hierdie twee bundels doen, is om te demonstreer wat die funksie van die poësie is, naamlik die presipitaat van die lewe. In *Die helder halfjaar* word daar deur 'n stropingsproses deurgedring tot die essensie van die lewe. In *Neerslag* word besin oor die funksie wat die poësie vervul om tot die essensie deur te dring.

Die poësie in *Die helder halfjaar* beweeg tussen die pole lewe en dood wat die menslike bestaan bepaal. Die suiweringsgedagte kom hierin voor as die skep van klaarte en om in die reine te bring. In aansluiting by die suiweringsgedagte is daar 'n ryper lewensaanvaarding, die tot-rypheid-gesuiwer-wees, die groei deur-geluk-en-lyding-heen tot sorgloosheid. Die aanslag van die bundel is lig, selfs by die bewoording van lyding. Daartoe werk die ironie en humor mee.

In *Neerslag* hou Elisabeth Eybers haar primêr besig met die werking van die poësie wat as sodanig die tema van die bundel is. Dit gaan om die vraag na die sin van die digterskap en die digkuns wat van toepassing gemaak word op die poësie oor die werklikheid. Die poësie is dus neerslag of presipitaat van die lewe en die poësie het deel aan 'n singewingsproses aan lewe en lyding wat op sy beurt meewerk in die groei tot lewenswysheid.

In hierdie gedigte word die poësie self vir die eerste keer direk verwoord as die teenvoeter van lyding, 'n tema wat Elisabeth Eybers steeds verder ontgin. In *Neerslag* is die poësie 'n troos, bedekking, metgesel, voeding en skuiling.

Na die ligte toon van hierdie twee bundels keer Elisabeth Eybers met *Balans* (1962), *Onderdak* (1968) en *Kruis of munt* (1973) terug na die temas van eensaamheid en lyding en die persoonlike belydenis. Omdat dit in hierdie bundels ook gaan om die funksie van die poësie soos ingegee deur die aktivering van die meervoudige betekenis van die bundeltitels, kan beweer word dat die drie bundels val in die kategorie van die bundels wat as artistieke of poëtikale bundels beskou kan word. Wat Elisabeth Eybers in hierdie drie bundels doen, is om die funksie van die poësie volledig in te skakel by die verwoording van lewenslyding.

In *Balans* gaan dit in die eerste plek om lyding veroorsaak deur menslike verhoudinge en dan oor die problematiek van die digter en die medium, albei in die balanstematiek van die bundel. Op menslike vlak is daar die ewewigsoeke in 'n veelvoudige ewewigspel. Die poësie is die instrument, die weegskaal tot die vind van ewewig. In die bundel gaan dit om die uitbalanseer van ewewigstorings tot verrekening en lewensaanvaarding.

Die ontginning van sowel die lewe as die poësie sit Elisabeth Eybers voort in *Onderdak* wat beskou kan word as 'n bitter bundel van belydenisse oor menslike teleurstelling en verwydering. Ontheemding is 'n tematiese uitbreiding tot haar poësie en die problematiek van behoort, van die vrou en haar tuiste is waaronder al die gedigte, ten spyte van tematiese verskeidenheid, saamgevat kan word. Die poësie word die tuiste van die lewenservaring. Deur daaraan orde te gee en die belewenis tot taal te maak, word daar 'n oplossing vir lyding gevind. Die poësie bring dus tot akkoord, laat volg en klop, maak heel en genees. In die proses word die poësie self 'n toevlug in die lewe, 'n onderdak. In en deur die poësie word 'n tuiste in die taal verkry.

Kruis of munt is steeds 'n selfverkennde bundel waarin die bekende temas van Elisabeth Eybers se oeuvre dieper ontgin word. Die kerngedagte is die van die lewe as dubbelspel tussen kwaad en goed, by implikasie dus, lyding en geluk. In hierdie bundel word opponerende kragte teenoor mekaar uitgespeel. In die taal, die poësie, lê die versoenende krag: taal toon verskille aan, maar taal kan ook versoen. In die gedig word die versoeningsmoontlikhede blootgelê. Alhoewel dit 'n bundel van heimwee en smart is, met 'n droefgeestige ondertoon, word neerdrukkendheid afgeweer deur die poësie self. In die gedig word ervaring, deur blootlegging en keuses, tot 'n sinvolle lewenspatroon verwerk sodat lewenswysheid uiteindelik daaruit verkry word.

Met Elisabeth Eybers se volgende drie bundels, *Einder*, *Bestand* en *Dryfsand* verskuif die bundelinhoud weer na die verwoording van die lewe. Dit is poësie oor die steeds oerwordende mens en hierin ontgin sy weer die betekenismoontlikhede wat ten opsigte van die bundeltemas in die bundeltitels opgesluit lê.

In die bundel *Einder* (1977) beweeg die poësie tussen einders of grense. Die bundel gee te kenne dat die einde van die lewe in sig is, maar deur die poësie word 'n uitsig en vergesig verkry, sodat dit sowel begrensend as ontgrensend werk. Die grense wat Elisabeth Eybers se vorige poësie stel, word dieper ontgin. As uitbreiding op die digterskapstema bied *Einder* 'n analise van die digterspersoonlikheid, die kreatiewe eensaamheid teenoor die lei van die volle lewe. Die genesing van eensaamhede wat die liefdeservaring meebring, bepaal veral die vreugdetoon van die bundel.

Wat Elisabeth Eybers met hierdie bundel demonstreer, is dat die poësie bevrydend werk. In die gedig vervloei die grens tussen lyding en geluk, dit breek die grens af en hef die pynlike verlede op. Daarom dat die fokus in *Einder* op die geluk val en die poësie hiermee 'n geluksverslag word. So verleen sy nog 'n funksie aan die digkuns.

Bestand (1982), net soos die bundel *Einder*, is geskryf vanuit die werklikheid van die ouerwordende mens en die naderende dood. Ook soos ten opsigte van *Einder* kan hierdie bundel 'n geluksbundel genoem word. Elisabeth Eybers volg egter ander moontlikhede om daarby uit te kom, maar net soos in *Einder* aktiveer sy verskeie betekenis van die bundeltitle om hierdie moontlikhede te ontsluit.

In *Bestand* laat Elisabeth Eybers die poësie teen lyding spreek. Die eerste moontlikheid daartoe is geleë in die titelwoord se betekenis as weerstand bied. Dit word verwerklik in hierdie bundel as die verweer teen lyding deur lewensgenieting wat bewerkstellig word deur die oproep van die geluksmoment uit die verlede én die van die hede as die alternatief van 'n toekoms van veroudering en dood. Die gedagte van om opgewasse te wees, is ook daarin vervat. Sodoende word vrede gemaak met die verlede en met die toekoms en word die hede die enigste sinvolle werklikheid.

Met die betekenis van bestand as wapenstilstand maak Elisabeth Eybers die werking van teengesteldes, of die alternatief, op sigself tot tema. So word die bestaan van ambivalente moontlikhede erken wat op sy beurt weer deel is van 'n singewingsproses. Uit die kontrasstelling lyding-geluk in verskillende verhoudinge, word daar ook tot vrede gekom.

Met hierdie bundel het Elisabeth Eybers gekom tot by die verwoording van die ten-vollebestand-wees teen lyding, wat 'n hele lewenshouding uitmaak waarin uiteindelik die geluk te vind is. In hierdie bundel word die gedig die wapenrusting teen lyding: dit beteken om deur die taal weerbaar te kan wees.

Dryfsand (1985) sluit tematies aan by *Einder* en *Bestand*, omdat dit ook 'n bundel is oor ouderdom, aftakeling en dood. Die eindigheids- en bestandweestemas van die vorige twee bundels word verder gevoer deur onderskeidelik die betekenismoontlikhede van die titel *Dryfsand*, naamlik welsand en waaisand, te aktiveer.

Verlede, hede en toekoms kom ook weer ter sprake, maar in hierdie bundel laat Elisabeth Eybers die aksent anders val. In aansluiting by die betekenis as welsand wat deur die titel opgeroep word, is hier nie 'n oorsteek van einders nie, maar 'n voortdurende glydende proses, nie bereiking nie, maar die verkeer in bepaalde toestande. Die hede staan sentraal as oorgangstadium tussen verlede en toekoms. Hierin word alles gesien as verbygaande in die rigting van verdwyning. Elisabeth Eybers gebruik in hierdie bundel die poësie as verweer teen die verglydinge. Deur terug te skryf in haar oeuvre, word die verlede verduursaam in die gedig en die hede en verval word daarin verduur. Die skryf van die gedig werk die dreigende lewenservaring teen en in die volle wete van die komende dood, dien die skryf van die gedig die bied van weerstand daarteen.

Ten spyte van 'n weemoedigheid verkry *Dryfsand* sy plek by die geluksbundels in die humoristiese toon van die poësie, maar veral in die deurskryf van die leed waardeur die leed dan oorwin word. Op die wyse word daar 'n versoening van teengesteldes bewerkstellig waarin ook bestandwees setel.

Vanaf *Rymdwang* tot *Respyt* verwoord Elisabeth Eybers nogmaals die ouderdomsgedagte, en nog 'n maal verskuif sy die klem weg van die lewe na die digterskap.

In die bundel *Rymdwang* (1987) maak sy ook weer gebruik van die verlening van verskillende betekenis aan die woord rymdwang om die kontras tussen lyding en geluk aan

die orde te stel. In die bundel gebruik Elisabeth Eybers nie die voor die handliggende betekenis van die woord rymdwang, naamlik die van die poësie wat onder die dwang van die rym kom nie. Sy plaas die digter onder die dwang van die poësie en verwys so na die dikterende mag van die digterskap of die digkuns, wat hom in hierdie bundel voordoen as die dig-oor-die-lewe-self. 'n Volgende betekenis wat aan die bundeltitel verleen word, is dat deur die poësie 'n bevrydende uitsig gebied word op dit wat die bundelinhoud uitmaak en so dien die poësie dan as bevryder uit dwang. In aansluiting by die rymdwanggedagte bestaan die dwang om deur die poësie vorm te gee aan die vormlose. Die uitkoms hiervan is die positiewe lewenservaring ten spyte van die ouderdom en naderende dood. Hierin speel die ervaring van die geluismoment 'n rol wat op sy beurt bewaar bly in die poësie. Deur die poësie word selfs die noodlottige voortgang van tyd bedwing.

Die poësie werk dus bevrydend ten opsigte van die hede, maar ook ten opsigte van die verlede en die toekoms. Die terugskryf na ou temas werk versoenend in op die vroeëre lydingservarings sodat 'n aanvaarding van die lewe en die naderende dood moontlik word. Die poësie in *Rymdwang* dien as verlosser en heelmaker en daardeur word die lyding omgekeer na geluk. In die proses word gewen aan lewenswysheid.

In vele opsigte is *Noodluik* (1989) gelyk aan *Rymdwang*. Soos die bundeltitel aandui, word die lewe gesien vanuit die nood wat die ouderdom meebring, dus bestaansnood. Deur die digterskap word 'n ontsnappingsmeganisme, die poësie self, geskep. Die poësie is dus 'n lewensnoodsaaklikheid, 'n bevryder uit nood en dit verleen verder orde aan die ordelose en permanensie aan die verdwynende. Om deur die poësie strategieë teen die dood te verwoord, kan dit ontwyk word. Die poësie dien dus ook as uitsluiting van nood.

In die poësie word die lewensnood tot hanteerbare vorm gebring. Hierin speel die kontrasstelling tussen lyding en geluk 'n belangrike rol. Deur die positiewe te verwoord, word die negatiewe opgehef. Die poësie word daarom in hierdie bundel, net soos in *Rymdwang*, 'n loflied aan die lewe.

In Elisabeth Eybers se oeuvre dien die poëtiese woord op allerlei wyses as teësprak teen

lyding. In die bundel *Teësprak* (1991) word die konfrontasie met lewenslyding, die verset daarteen en die beswering daarvan deur die woord wat uiteindelik dan die versoening meebring, die bundeltema. Die woord in die poësie is dus die teësprak teen lyding.

Met die opneem van die gedigte wat in *Teësprak* verskyn het weer in *Respyt* (1993), word die poësie as teësprak teen lyding oorgedra op *Respyt*. Daardeur toon Elisabeth Eybers weereens die werking van die poësie se teësprak teen lyding. Die woord respyt dra egter ook self betekenis. Deur die onderskeie betekenis van die titelwoord te aktiveer, toon Elisabeth Eybers verdere aspekte van die werking van die teësprak teen lyding.

Soos in die direk voorafgaande bundels, gaan dit dan ook in *Respyt* oor lewe en lyding, naamlik die weerloosheid van die mens teen aftakeling en ouderdom. Hier dien die poësie om hierdie dinge in die oë te kyk en daarteen in verset te kom. Uiteindelik werk dit beswerend in 'n proses wat lewensvreugde moontlik maak.

Elisabeth Eybers maak dié funksie van die poësie in die bundel *Respyt* van toepassing op 'n hele lewensloop, ook op die ouderdom, met as afloop van die grasietyd, die respyt, die dood wat dan aanvaar word as die einde van lewe en van lyding. Daarom word daar in die bundel aan die ouderdom sin verleen deur die poësie. Die poësie dien as bevestiging van lewe en die dood word sodoende nogeens uitgestel.

Deur 'n herbeskouing in hierdie bundel van temas uit vorige bundels, verkry hierdie poësie die funksie van 'n bestekopname. Dit geld ten opsigte van die spyt oor lydingsveroorsakende verhoudinge wat nog nie tot 'n oplossing en rus gekom het nie. In die deernisvolle blik daarop word die rusgedagte van die woord respyt vervat. Die dood bring die finale vereffening van skuld, maar die poësie verleen die rusplek in die lewe. Die rusgewing maak die lydingsvolle lewe aanvaarbaar. Die poësie is die towerstaf wat lyding omtower in geluk deur die singewingsproses. Nie alleen is die poësie dan 'n troos deur sy objektiverende mag nie, maar daardeur en óók in sy patroonvorming, 'n fees – nie net ten opsigte van die patroongewing aan lewe nie, maar ook prosodies.

Met hierdie bundel kom Elisabeth Eybers tot die verwoording van die wesensgrond van haar digkuns. Die besinning oor die digterskap en die digkuns wat sy sedert *Neerslag* onder woorde begin bring het, is uitgebrei in bundels waarin die digterskap en digkuns aan die orde gekom het om tot by hierdie punt te kom. Deur die bundels waarin die poësie die hooftema is, af te wissel met bundels oor die lewe, word op subtiële wyse getoon dat dit vir Elisabeth Eybers in haar digkuns gaan om lewe en om poësie. Trouens, elke bundel openbaar op unieke wyse wat lewe, digterskap en digkuns vir Elisabeth Eybers is.

In die laaste bundels in haar oeuvre, van *Nuweling* tot *Winter-surplus*, keer sy terug na die klem op lewe, dié van die bejaarde mens, naamlik die lewensloop, die lewensomstandighede en die steeds naderende dood, asook die funksie wat die poësie ten opsigte hiervan vervul.

Met *Nuweling* (1994) ontgin Elisabeth Eybers weereens die betekenis wat in die titel opgesluit lê. In die eerste plek dui die titel op 'n nuwe lewenshouding: om getrou te wees aan ou gewoontes, bedag te wees op die omwenteling van die dood en om bewus te wees van die node wat die ouderdom in die hede meebring. Weereens is die poësie 'n uitvlug uit of toevlug in die nood, dieselfde gedagte wat sy in *Noodluik* ontgin het. Deur die terugskryf in haar oeuvre verleen Elisabeth Eybers bevestiging aan die uitkoms van die besinning op die digterskap en digkuns waartoe sy gekom het in die bundel *Respyt*. In *Nuweling* is die poësie 'n troos, 'n gedagte wat herhalend in haar oeuvre voorkom. Net soos in *Respyt* kom die gedagte van die poësie as geluk op sigself voor. In *Nuweling* is dit geleë in die bekoring wat die poësie inhou.

Die terugskryf op die lewensverlede staan in hierdie bundel in die teken van die nuwe lewenshouding. Sekere temas het verdwyn en die wat bly, staan in die teken van die dood. Lyding word in die taal bereken en daarmee afgereken. Weer bevestig dit die helende werking van die poësie. Die gedagtes van die poësie as ritmiese verweer en bewapening met klank, soos dit hier gegee word, het ook onderskeidelik in *Rymdwang* en in *Bestand* tematies voorgekom.

In 'n verdere betekenis van die bundeltitle betrek Elisabeth Eybers die gedagte van nuweling

te wees ten opsigte van die dood. In die poësie kan die doodsgedagte hanteerbaar en draaglik gemaak word. Sy verwoord in hierdie bundel die sin van die digterskap as die bring tot akkoord. In *Nuweling* bevestig sy deur 'n samespel van lyding en geluk dan dat bo die leed uitgestyg kan word.

Tydverdryf/Pastime (1996) is 'n voortsetting van *Nuweling*. Weereens gaan dit om verlede, hede en die naderende dood. Die poësie bied toegang tot die verlede en is 'n tuiste teen verganklikheid. Dit is die plek vir refleksie op ouderdom en sodoende verdryf dit die tyd en lei na geluk waarin die patroongewende funksie van die poësie 'n rol speel.

Met *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) is die vertrekpunt weer die kwellings van die ouderdom en die dood wat as benouend beleef word. Die bundeltitel dui op die digter wat self poësie nodig het in die verwoording van verlede, hede en toekoms. Die verlede word herontgin, die hede word verwoord as benouend en die toekoms as iets wat weinig belofte inhou. Soos in die vorige twee bundels is die lewensgerigtheid, die hierwees, 'n vertroosting en daarby is 'n loutsaanvaarding aanwesig. In hierdie bundel is die poësie 'n toevlugsoord. Deur die ligte aanslag en lughartigheid word die lyding verdryf en op dié manier na geluk beweeg.

Elisabeth Eybers se laaste bundel tot op hede, *Winter-surplus* (1999), is ook die laaste waarin ouderdom en dood verwoord word en heenwys na die wintergedeelte in die titel. Die lyding van die ouderdom en die dood word onder die wins-en-verliesspel van die bundel tuisgebring, wat op sy beurt die surplus in die bundeltitel betrek. Wat Elisabeth Eybers inderdaad in hierdie bundel gee, is die pro en kontra van 'n lewe om by die saldo uit te kom. Die poësie het dus nutswaarde.

In hierdie poësie kom sy uit by die grondgedagte van lewe en die digkuns – die beleving van die volle lewe, waarin, deur 'n redeneerproses op soek na klaarheid waarvan die poësie deel vorm, gekom word tot die kuns om die lewe te verdra. Doodsaanvaarding lei tot berusting en lewensliefde tot die bedink van strategieë om die dood teen te staan. Ander kenmerke van haar poësie wat in die bundel voorkom, is die selfondersoek, die beheersing, die ekonomiese

woord, selftug en vormbeheer en 'n ryk innerlike lewe. In die bundelkonteks word alles deel gemaak van die surplus na die verrekening van die wins en die verlies. In die wins en die verlies, die pro en die kontra soos dit in die bundel in aansluiting by die bundeltema voorkom, is die gedagte van geluk en lyding vervat. Met *Winter-surplus* bevestig Elisabeth Eybers dat lyding een van die belangrikste aspekte van haar digkuns en ook van haar digterskap is. Die uitkoms van hierdie bundel is die wysheid wat met die jare verwerf is in die wete dat die mens immer weerloos bly teen lyding en dat die lewe 'n spel van lyding en geluk is.

Die inhoud van die bundels in Elisabeth Eybers se oeuve vertoon dat haar poësie voortdurend gemoed is met lyding wat gevolg word deur geluk. Dit word nie alleen waargeneem in die gedigte nie. Die patroon van afwisselende lyding en geluk wat regdeur haar oeuve voorkom, word ook vertoon deur die bundels sodat daar bundels is waarin lyding oorheers en ander waarin geluk oorheers. 'n Mens kan dus verwys na lydings- en geluksbundels. Aangesien die bundels met onderskeidelik lyding of geluk as grondtoon nie enkelstaande in haar oeuve voorkom nie, plaas die bundels hulle self logies in groepe rondom die twee temas bymekaar.

Elisabeth Eybers se oeuve reflekteer 'n verweefde interafhanklikheid wat daar tussen lewe en poësie bestaan. In die onvolmaakte werklikheid wat sy in die poësie onder woorde bring, bestaan lyding, watter vorm dit ook mag aanneem, maar geluk ook. Haar poësie vertoon die mens se strewe na geluk, daarom dat geluk, hoe dit hom ook al voordoet, sy plek kry in haar poësie. Wat Elisabeth Eybers in haar gedigte aantoon, is dat geluk aanvaar word en nie beredeneer hoef te word nie. Dit is lyding wat beredeneer moet word en soos hier bo aangetoon word, vervul die poësie 'n funksie in die besinnings- en uitklaringsproses om so tot geluk te kom.

In haar eerste bundel vestig sy die lydingstema wat in haar oeuve 'n uitstaande, deurlopende kode word. Die patroonmatigheid wat Elisabeth Eybers aan die lydingstema verleen, word deur elke bundel bevestig, maar die krag van haar digterskap is daarin geleë dat sy die lydingstema in elke afsonderlike bundel, volledig laat inskakeel by daardie bundelinhoud onder 'n eie bundeltitel. Dit maak dat lyding hom in elke bundel op 'n unieke wyse voordoet.

In haar oeuve vorm dit egter 'n deurlopende lyn waarin ontwikkeling en groei waar te neem is en wat op die wyse haar oeuve tot 'n eenheid bind.

Van die mees uitstaande aspekte van Elisabeth Eybers se digkuns is dat lyding nooit absoluut word nie, maar dat die twee temas, lyding en geluk, as 't ware in 'n golfbeweging deur haar oeuve gaan. Sy bewerk dit egter so subtiel en fyn dat dit eers ten volle duidelik word as haar oeuve in sy geheel beskou word. Sy neem die kontrasspel reg deur haar oeuve deur bundels en vanaf *Balans* (1962) groepe bundels, te sentreer rondom een van die twee temas. In die bundels self bring sy die kontras tussen lyding en geluk tuis onder die bundeltemas. In die kleinste eenheid, die gedig, is daar voortdurend die wisseling tussen lyding en geluk. Dit beteken in der waarheid dat wanneer daar van lyding as inhoud en tema van Elisabeth Eybers se poësie gepraat word, terselfdertyd gepraat word van geluk as inhoud en tema daarvan.

Oor die jare is daar kommentaar gelewer op Elisabeth Eybers se digterskap waarvan die geldigheid met die verskyning van elke nuwe bundel bevestig is. In 1987 maak Spies (1987a:6) melding van die merkwaardigheid van haar digterskap wat ongeëwenaard in Afrikaans is daarin, dat 'n digter meer as 'n halwe eeu lank aan die woord is en dit so hoorbaar en geartikuleerd doen. Dat sy bly dig tot 1999, maak dit des te meer merkwaardig.

Die verband tussen die biografiese gegewens en die poësie van Elisabeth Eybers is reeds beredeneer en tot die gevolgtrekking gekom dat die ontstaansgrond van haar poësie baie persoonlik is en dat haar gedigte hoofsaaklik spruit uit haar eie ervarings- en belewingswêreld. Spies (1987a:6) se uitspraak hieroor is dat dit so is dat haar poësie die parallel tussen lewe en oeuve duidelik aantoon. Sy sien die grootsheid van Elisabeth Eybers as digter onder meer daarin dat sy daarin slaag om die persoonlike tot die bopersoonlike en algemeen-menslike te transponeer. 'n Mens kan aanvoer dat die tematiek van haar digkuns, wat lyding insluit, hierin 'n belangrike rol speel. Wat dit beteken vir haar digkuns is dat ander hulle self daarin kan herken. Malan (1993:93-95) wys daarop dat Elisabeth Eybers al dekades lank 'n dwingende greep op die lesers kon hou. Hoewel hy toegee dat daarvoor verskeie redes bestaan, en hy noem onder andere haar keurige verstegniek, sonder hy die algemeen-vatbaarheid van haar poësie en die intiem-menslike dilemma wat sy verwoord, uit.

Kannemeyer (1995b:4) raak hierdie saak ook aan en verwys naas die intrinsieke waarde van haar poësie, ook na die algemeen-menslike aard daarvan wat bydra tot die aanklank wat haar gedigte by poësielesers in twee letterkundes, Afrikaans sowel as Nederlands, vind. Die verwoording van lyding dra ook hiertoe by. Hy noem spesifiek die volgende: "Menslike leed, waar ook al ter wêreld, vind aanklank by die medemens". Vanuit die Nederlandse sienswyse is Ester (1995:21) se verklaring waarom Elisabeth Eybers se poësie ingeburger geraak het in Nederland onder andere geleë in die direkte aangesprokenheid van die leser. Hy noem dat sy geen moeisame omweë deur allerlei kontekste van tyd en plek nodig het om aan die lesers iets wesenlik te sê nie. Dan verwys hy ook na haar oeuvre wat reële lewensprobleme aan die orde stel en hierdie probleme op 'n verrykende manier behandel, waaruit vele terapeutiese krag put.

'n Gedig waaruit Hans Ester (1995:21) aanhaal met die titel "Elisabeth Eybers" en wat geskryf is deur die Nederlandse digter M. L. Prem, gebundel in *Dichters over dichters* (1986), raak aan die kernaspekte van haar digkuns soos wat dit in hierdie afdeling van die studie voorkom. Dit sluit in die voortdurende dieper delf in die lewenswerklikheid waaruit 'n outonome gedig ontstaan, gesuiwer, vormvas en sonder sier. Hy noem ook bepaalde funksies van die poësie, hier gegee as ewewigbewater en heenkome. Dan noem hy die kaatsing daarvan na die leser van haar poësie. As inhoud van haar poësie sonder hy twee aspekte uit, naamlik drome, die geluksmetafoor, en verdriet.

Haar peillood zonk, tot dieper het niet kon,
Naar nieuwe woorden uit de oude bron.

Waarmee zij steeds het wonder weer verricht
Van 't ene, onvervangbare gedicht,

Helder van aanhef, vasgesnoerd en strak,
Neerslag van Licht, Balans en Onderdak

Voor ieder die zijn dromen en verdriet
In spiegelbeeld achter regels ziet –

Onder de mantelslip van een sonnet:
Het rozenwonder van Elisabeth!

("Elisabeth Eybers". *Dichters over dichters*, 1986)

Twee letterkundes eien Elisabeth Eybers vir hulleself toe en in beide beklee sy 'n besondere plek. Wat die Nederlandse letterkunde aangaan, haal Britz (1989b:10) W. G. van Otten aan wat haar saam met Ida M. Gerhardt, Annie M. G. Schmidt en M. Vasalis as die groot vrouedigters van die Nederlandse letterkunde reken. Van die vier het Elisabeth Eybers volgens Van Otten, die grootste en die mees volmaakte oeuvre opgebou. In die Afrikaanse letterkunde beklee sy dieselfde unieke plek. Brink (1987:13) noem dat sy een van die puurste oevres in die Afrikaanse poësie het. Soos Van Zyl (1993:9) dit stel, lewer haar poësie bewys van 'n volgroeiende menswees wat neerslag vind in 'n volgroeiende digterskap.

AFDELING III

Die doel van die voorafgaande afdeling is om aspekte bloot te lê wat ten nouste verband hou met die lydingstema soos wat dit voorkom in Elisabeth Eybers se poësie. In elkeen van die onderafdelings is 'n besondere aspek van lyding nagevors. Eerstens is die verband tussen die biografiese feit wat 'n verband kan hê met lyding in haar poësie aangetoon. Uit die bestudering van die uitsprake van die digter self asook die van die literêre navorsing en literêre kritiek, sowel as die eie lesing van die gedigte, is aspekte van lyding wat in haar oeuvre voorkom, uitgewys. Deur die verband tussen die lydingstema en die temas van die verskillende bundels aan te toon, is gewys op die unieke wyse waarop lyding in elke afsonderlike bundel voorkom. In hierdie deel van die studie blyk dit dat lyding 'n belangrike deurlopende tema is in die Eybers-oeuvre. Die samehang tussen al hierdie aspekte van lyding soos dit in hierdie deel na vore kom, vorm 'n deurlopende lyn wat as 'n kode beskryf kan word.

In die derde afdeling val die fokus van die ondersoek op die gedigte self, dus op die wyse waarop die lydingstema tot gedig gemaak word.

Soos reeds aangetoon, veronderstel poësie en lewe mekaar in die digkuns van Elisabeth Eybers en is dit nie te skei nie. Soos ook aangetoon, maak sy eintlik eers vanaf *Neerslag* (1958) aspekte van die poësie toenemend tot tema in eie reg.

Dit veronderstel dan weer dat lyding tematies aan bod kom in gedigte oor die lewe self én in gedigte oor die verband tussen lyding en die poësie.

Omdat Elisabeth Eybers in haar oeuvre prominensie daaraan verleen om in die gedig te reflekteer op aspekte van die poësie, word slegs poëtikale gedigte waarin aspekte van lyding voorkom, as vertrekpunt geneem vir hierdie afdeling van die studie. Sodoende sluit dit aan by die inligting wat in die eerste en tweede afdelings van die studie aan die lig gekom het. Vervolgens bied dit insigte oor aspekte van lyding en die poësie soos wat Elisabeth Eybers dit in die gedigte self verwoord.

In aansluiting by Malan (1983:87) se uitspraak dat die literêre teks 'n outonome sowel as 'n kommunikatiewe funksie het en waar die leser 'n medekonstituerende rol speel in die kommunikasie, bied die semiotiese lees- en ontleedstrategie die moontlikheid om die lydingstema in die gedigte onder bespreking na te vors. Soos Ohlhoff (1992:221) dit omskryf, is die uitgangspunt van hierdie lees- en ontleedstrategie dat die literatuur as 'n bepaalde vorm van kommunikasie 'n deelsisteem van die omvattende sisteem van (talige) kommunikasie is waar die sender, hier die digter, en die ontvanger, die leser, van kodes gebruik maak om die boodskap onderskeidelik te encodeer en te dekodeer. As 'n mens in ag neem wat Ohlhoff (1992:223) ten opsigte van kodes uitwys, naamlik dat dit 'n belangrike rol speel by die betekeniskepping en verstaanbaarheid van 'n literêre teks, word lyding wat as 'n kode herken kan word, as vertrekpunt vir die ondersoek gebruik. Verder word in gesprek getree met intratekstuele, buitetekstuele en intertekstuele aspekte wat betrekking het op die lydingstema.

Daar word eksplisiet gewerk. Kerngedigte word geanaliseer en geïnterpreteer. Deur verwysing na tersaaklike gedeeltes in ander gedigte, word die onderwerp verder toegelig. 'n Chronologiese aanbieding word gevolg, omdat daaruit, soos in die voorafgaande afdeling, 'n deurlopende lyn in die ontwikkeling en uitbreiding van die lydingstema waar te neem is.

Die gedigte word in hierdie afdeling in onderafdelings saam gegroepeer om 'n besondere aspek van lyding toe te lig. Die groepering word gemaak om die verband tussen lyding en die gedig; lyding, die gedig en leser; lyding as deel van die inhoud van die boodskap van die gedig en die verhouding tussen lyding en die digter aan te toon. Aangesien die aard van die poësie so is dat verskillende temas en verskillende vorme van lyding aan bod kan kom in een gedig, bring dit mee dat 'n gedig terselfdertyd meer as een van bogenoemde vorme van lyding aan die orde kan stel. Die keuse om 'n sekere gedig onder 'n bepaalde indeling te plaas, word bepaal daardeur of die gedig gegewens bevat wat noodsaaklik is om daardie bepaalde vorm van lyding te openbaar. Die onderafdelings is dus nie losstaande eenhede nie, maar interafhanklik van mekaar. Ander vorme van lyding wat in die gedigte aan bod kom, word ook aangetoon wat 'n vollediger weerspieëling van aspekte van lyding in Elisabeth Eybers se poësie is.

1 DIE VERBAND TUSSEN LYDING EN DIE GEDIG

Elisabeth Eybers (1963) self beskou die poësie as kommunikasie. In haar verduideliking van hierdie siening verwys sy na die leser. Sy stel dat mense nader aan mekaar gebring kan word en hulle verwantskap bevestig kan word deur die poësie. Volgens haar dra die boodskap van die gedig die intieme, aangrypende onvatbare-op-eerste-sig en die ongerymde oor. As 'n uitspraak soos hierdie teen die agtergrond van haar oeuvre geplaas word, blyk daaruit hoe die poësie met geluk geassosieer word al sou dit tematies oor lyding gaan. Die skryf van die poësie is meer as die oordra van inligting. Dit is 'n uitklaringsproses wat die digter en die leser deel en wat vir die digter en die leser insig en vreugde bewerkstellig.

Hoewel aspekte van die poësie eers later in haar oeuvre deur Elisabeth Eybers tot poëtiese tema gemaak word, vestig sy reeds in haar debuutbundel haar siening van die poësie as vorm van kommunikasie waarin digter, boodskap en leser betrek is. Enkele gedigte dien hier as toeligting.

1.1 DIGAKTIWITEIT EN DIE GEDIG AS BOODSKAP

Die eerste gedig in *Belydenis in die skemering* (1936), en programgedig van die bundel, lei lyding as gedigboodskap in Elisabeth Eybers se oeuvre in.

DIE LIED

Jou hoof buig agteroor, en golwend stroom
 die weelde van jou keel in klanke, loom
 en swewend-lig; toonmassas vol en swaar,
 en voëlgetril, blink soos kristal, so klaar
 soos water deur 'n gladde rotsgleuf gly;
 note wat klaend sleep, en dan met bly
 gejubel tuim'lend rol in glinstervloed;
 met wilde ekstase dans die vlamme gloed
 van klanke deur klaviergeklinkel heen!...
 Jy swyg – maar in die stilte juig en ween
 jou lied nog voort in skoonheids loutersmart:
 die glans en weedom van 'n digterhart...

("Die lied". *Belydenis in die skemering*, 1936:9)

Die titel ontsluit een van die belangrike betekeniskodes in Elisabeth Eybers se digkuns, naamlik die van die poësie as lied.

As beeld of metafoer in hierdie gedig, gebruik sy die lied en die sanger. Aan die lied word die klank verbind wat in hierdie gedig gespesifiseer word as klanke "loom" en "swewend-lig". Die sintaktiese struktuur verbind die elemente in twee teenstellende lyne. Die gedig werk verder verklarend ten opsigte van beide begrippe. "Loom" word gekwalifiseer deur "toonmassas vol en swaar" wat gevolg word deur "note wat klaend sleep". Aan "swewend-lig" word "voëlgetril" en "bly gejubel" verbind. Die lied dra dus die volle spektrum van menslike emosie tussen die pole van "loom" en "swewend-lig". Wat verder hieruit blyk, is die voorkeur vir teenstellings wat in Elisabeth Eybers se oeuvre deurlopend voorkom. Waar sy hier met kontrasstelling werk en die woord "bly" verbind aan die ligte klanke, is af te lei dat die teenstellende betekenis aan die teenstellende klankbeeld verbind kan word. Dan verkry die "loom", "vol", "swaar" en klaende klanke die betekenis van lyding.

Deur die direkte aanspreekvorm, deur onder andere te verwys na "jou lied", verkry die sanger 'n teenwoordigheid in die gedig. Daar is tradisioneel altyd 'n verband tussen die sanger en die digter, vandaar die term liriek vir die poësie. Die assosiasie word in die slotreël bevestig. Daarom kan die gedig geïnterpreteer word dat dit ook dui op die digter en die digaktiwiteit. Elisabeth Eybers verwoord direk dat ook die digter "juig en ween". Hiermee vestig sy die aandag op die verband tussen die kontrasterende emosies van geluk en lyding, wat een van die prominente temas is wat haar poësie tipeer. In Elisabeth Eybers se digkuns eindig dit egter nie hier nie en aan lyding en geluk is loutering verbind soos blyk uit die gebruik van "loutersmart". Deur die verbinding "skoonheids loutersmart" word loutering en skoonheid verbind. In hierdie gedig verwys die skoonheid, verwysende na die gedig, terug na die klanke van die lied wat beskryf word as "blink soos kristal", "glinstervloed" en "vlammegloed". In die digter se oeuvre kom die kristalbeeld meermale voor en die skoonheid vorm 'n geïntegreerde deel van haar poësie.

Die skoonheids- en louteringsaspekte word deur die digter saamgevat in die slotversreël as: die "glans en weedom van 'n digterhart". Met die verwysing na "digterhart" bring Elisabeth

Eybers die hart as simbool van die emosie of gevoel in haar poësie ter sprake. Die natuur dra in haar oeuvre dikwels 'n positiewe lading (vgl. Afd. II, 2.8.4). Die natuurvergelykings "blink soos kristal", "klaar soos water", word hier gebruik om die ligte klanke, die "voëlgetril", te beskryf. In hierdie gedig verteenwoordig die ligte klanke dan die positiewe, of anders gestel, die geluksaspek.

Saamgevat verwoord Elisabeth Eybers in hierdie eerste gebundelde gedig, die poësie as klankspel van lyding en geluk, en as deel daarvan, die loutering en die skoonheid.

Waar hierdie gedig handel oor die poësie, die digter en lyding, stel die tweede gedig in *Belydenis in die skemering* (1936) die digterstaak en die leser aan die orde.

1.2 DIGAKTIWITEIT, GEDIG EN LESER

Deur in die tweede gedig in *Belydenis in die skemering* die leser deel te maak van die poëtiese aktiwiteit, toon Elisabeth Eybers van die begin van haar digtersloopbaan aan dat, naas die digter en die gedig, die leser veronderstel word. "Soos liggevlerte vlinders..." vertoon die jeugdigheid van 'n jong digter en is van belang, omdat die siening van die gedig en die digaktiwiteit in daardie vroeë stadium van haar digterskap daarin verwoord word. Sy skryf:

Soos liggevlerte vlinders,
rats fladderend deur die lug,
so swewe my gediggies
verby in flikkervlug!

Al dansend in die sonskyn,
al wiegend op die wind
– maar snel soos daeraadsdrome
wat niemand weer mag vind.

As een soms nader drywe,
'n oomblik tartend hang,
dan gryp ek gretig om hom
met ruwe vuus te vang.

Ontroof van al sy goudstof,
 daar lê hy nou so stil;
 die fyngeweefde vlerkies
 kan net nog saggies tril ...

Ek dra hom dan, met weemoed
 om die verminkte skoon,
 versigtig, om aan ander
 my tere vonds te toon ...

("Soos liggevlerkte vlinders...". *Belydenis in die skemering*, 1936:10)

In hierdie gedig stel Elisabeth Eybers in die eerste plek die gedig en die digaktiwiteit aan die orde. Soos die titel aandui, gebruik sy die vlinder as metafoer vir die gedig en betrek so 'n natuurbeeld. Die skoonheid word in die gedig aanwesig deur die noem van die "flickervlug" en "goudstof" wat in die laaste kwatryn direk met "skoon" verbind word. Die poësie of 'n gedig as sodanig, verkry hiermee 'n positiewe konnotasie. Die positiewe word verder gedra deur die handelings. Hier gebruik Elisabeth Eybers in die beeld die woorde "fladderend", "swewe", "dansend", "wiegend" en "drywe". Hierteenoor stel sy die digaktiwiteit: die digter wat met "ruwe vuis" "gryp" en so heenwys na die negatiewe.

In die laaste twee strofes word die skoonheid en handeling verbind. Soos dit hier gestel word, ontnem die handelende digter die gedig van sy intrinsieke skoonheid, soos die vlinder "ontroof" word "van al sy goudstof". Die digterlike handeling wat hierop volg, is om die gedig, soos dit hier gegee is, "versigtig" te "dra" en "aan ander" "te toon". Hiermee betrek Elisabeth Eybers die leser en haar siening van die poësie as kommunikasie. Wat sy egter wys, is die "verminkte skoon". Hierin sien Dekker (1961:232) 'n sekere beskeidenheid oor haar digkuns en Opperman (1953:363) 'n erkenning van 'n sekere onmag en onvermoë.

Wat hier ook ter sprake is, is die voortsetting van die handeling in die kommunikatiewe konteks. Deur die kwalifisering van die handeling kom die volgende na vore. Eerstens, is daar die uitdaging of prikkel tot die poëtiese aktiwiteit, soos vervat in "tartend hang". Daarop volg die handeling van die digter wat "gretig gryp". Dan volg, met verwysing na "verminkte skoon", die "versigtig" "toon" van die "tere vonds" aan ander. Sodoende verkry die leser 'n aandeel aan die gedig. Dit blyk ook dat in die woorde "tere" en "versigtig" 'n emosionele

lading lê wat 'n nouer band tussen digter en gedig daarstel as wat die leser verkry, soos wat "versigtig" te kenne gee.

In vergelyking met "Die lied" (Eybers, 1936:9), soos in voorafgaande bespreking aangetoon is, kom die volgende oor die poësie en lyding na vore. In "Die lied" word te kenne gegee dat die werklikheid, die "glans" en "weedom" daarvan, in die poësie verwoord word.

In "Soos liggevlerte vlinders..." vergelyk Elisabeth Eybers die poëtiese inhoud met die "daeraadsdrome". Dit stel tegelykertyd die droom aan die orde én suggereer dat dit gaan om die verwoording van die eie sielelewe. Soos hierdie gedig aantoon, gee die gedig dan ook die skoonheid, al is dit "verminkte skoon", van die poësie en die "weemoed" van die digter weer. Hieraan kan die leser dan deel kry. Die hele proses van ervaring en emosie wat verwoord word in die gedig hou dus inhoudelik en prosesmatig verband met lyding en geluk.

1.3 DIGAKTIWITEIT, GEDIG EN DIGTER

In nog twee gedigte in *Belydenis in die skemering* (1936) toon Elisabeth Eybers die verband aan tussen die digaktiwiteit, die gedig en die digter. Sy kwalifiseer verdere aspekte van die inhoud van haar poësie nader, naamlik dat sy as deel van die werklikheid die mens sien as liggaamlike en geestelike wese (vgl. "Samevatting" (Eybers, 1987:23), Afd. I, 2). Vervolgens is die gedig ook die draer, nie alleen van die gevoel nie, maar ook van die denke wat later die hart- en hooftemas as uitvloei sel het.

Alhoewel daar in albei die gedigte geen direkte aanduiding is dat dit die poësie as tema het nie, verkry beide deur die gebruik van die lied as metafoor aansluiting by die poëtikale gedigte. Die eerste van die twee gedigte is "Ek was so arm", waarin die digter die volgende sê:

Ek was so arm dat ek niks kon gee
as die verminkte eenvoud van my hart;
ek het die naakte kinders van my smart
in woorde soos wit kleertjies fyn geklee

om hulle aan die wêreld trots te wys,
 maar jy alleen weet wat ek moes verhu!
 Toe ek my hongerige hart wou vul
 was ek so arm: ek moes alles eis

wat jy as eensaam mens aan mens kon bied.
 Ek het my swakheid by jou krag verskuil,
 ek het my voor jou wintervuur verwarm

en toe ek weggaan, kon ek sing. My lied
 is al wat 'k in erbarmlike ruil
 vir jou kan bring: jy weet – ek was so arm.

("Ek was so arm". *Belydenis in die skemering*, 1936:53)

Die lewenswerklikheid en die poësie wat in hierdie gedig die temas is, word albei aan die woord "arm" in die titel verbind.

Vanaf die sewende tot die elfde versreëls word die werklikheid waarna "arm" verwys, verklaar. Die gebrek of gemis wat bestaan, word verbind aan die eensaamheid. Op sy beurt verklaar dit die "hongerige hart".

Ten eerste gaan dit dan hier om die gevoels- of emosionele beleving van gemis. Hierteenoor stel Elisabeth Eybers die vervulling in die woorde "my hongerige hart ... vul".

Die lydingsaspek wat in hierdie gedig na vore kom, is die eensaamheid en gemis in die kontraspaar gemis-en-vervulling. Hier vorm dit deel van 'n intermenslike verhouding. Die vervulling word verklaar deur:

Ek het my swakheid by jou krag verskuil,
 ek het my voor jou wintervuur verwarm.

Dit dra die suggestie van die warmte en skuiling wat in die menslike verhouding te vind is en wat aansluit by vervulling. Dit gaan dan hier in die tweede plek om die emosionele beleving van geluk. Teenoor die vervulling staan die skeiding wat direk in verband gebring word met die poësie in die woorde: "en toe ek weggaan, kon ek sing".

Elisabeth Eybers plaas die poësie as tema aan die begin en einde van die gedig. Daarmee dui sy aan dat dit hier oor die poësie gaan, voor en na die werklikheidservaring as gelukservaring, soos wat dit in die gedig dit aangebied word. In die eerste twee versreëls word "arm" verbind aan die "verminkte eenvoud van my hart". Hier suggereer die digter die geskondenheid van die emosionele beleving van eensaamheid deur die gebruik van die woord "arm" "verminkte" en "hart". Die herhaling van "arm" in die tweede strofe, versterk die suggestie van lyding en kan verbind word met "smart", wat op sy beurt met die poësie verbind is. So word lewenslyding en die poësie aan mekaar gekoppel.

Na die poësie self word verwys as die "naakte kinders van my smart" wat "fyn geklee" word in "wit kleertjies" "om hulle aan die wêreld trots te wys". Daar is egter ook dit wat "verhul" moet word. Wat die digter hier te kenne gee, is dat die poësie openbaar en verberg. Daarmee toon Elisabeth Eybers dat verhulling of verberging in haar poësie voorkom. In hierdie gedig verbind sy dit direk aan die verwoording van lyding. Wat sy verder hier doen, is om die lydingsaspek en die verhulling deel te maak van die boodskap van die poësie wat die "ek", die digter, aan die "wêreld" toon.

Na die verwoording van die gelukservaring, keer die digter in die laaste drie reëls terug na die poësie. Daarin word 'n veranderde siening van die poësie gegee. Na aanleiding van hierdie gedig verwys Van Rensburg (1975:153) na die lied as die ekwivalent van die lewe. Dit veronderstel dat lewe en poësie vir die digter gelykwaardig is. Wat wel moontlik is om uit die slotstrofe af te lei, is dat die gelukservaring 'n nuwe siening van die poësie bring. Die poësie bewerkstellig 'n ruiling met die werklikheid en word plaasvervanger vir geluk. Die verbinding "erbarmlike ruil" gee wel te kenne dat die gelukservaring in die lewenswerklikheid meer vervullend is. Dit is moontlik om hierin reeds die kiem te sien van die gedagte dat geluk nie onder woorde te bring is nie (vgl. Afd. II, 2.8.5). Die moontlikheid word versterk deur die slotwoorde: "jy weet – ek was so arm", wat teruggryp na dieselfde woord in die tweede strofe. Daarmee betrek die digter weer die vervulling en geluk in die menslike verhouding. Maar die woord "arm" wys ook heen na dieselfde woord in die eerste strofe, waar dit gaan om die poësie en lyding. Deur die kontrasstelling was die lyding voor

die gelukservaring iets om "trots te wys", terwyl daar iets "erbarmlik" in die poësie teenwoordig is na die vervullende lewenservaring.

In die slotgedig van *Belydenis in die skemering* gaan dit om die poësie en die innerlike siellewe, meer bepaald, die digterlike siel.

Omdat my siel die dorre skulp moes word
 waarin die sang van oerverlange ruis,
 het ek my vroeë erfenis geëis
 en alles voor jou voete uitgestort.

Ek wonder somtyds of jy ooit verstaan,
 jy wat geen skemer-onrus ken, jy wat
 so stil en selfgerus die oop, wit pad
 van goed-doen en volkome mens-wees gaan.

Ek sal nie meer die twyfel en die smet,
 die wysheid en die wellus van my lied
 met wyfelende hande aan jou bied,
 nie langer skenk wat jy nie nodig het

– maar met die offers, eens vir jou bedoel,
 my leë hemel sier en ryker voel.

("Omdat my siel". *Belydenis in die skemering*, 1936:57)

Hoewel daar in hierdie gedig ook geen direkte verwysing na die poësie is nie, is die poësie as lied, waarna in die derde strofe verwys word, as kode in hierdie bundel gevestig en daarom kan afgelei word dat dit hier weereens om die poësie gaan. In die eerste strofe word die digterskap aan die orde gestel deur die verwysing na "vroeë erfenis". Later in haar oeuvre kom Elisabeth Eybers weer hierop terug as sy die digterskap as ouerlike erfdeel aandui (vgl. "Dank" in *Dryfsand*, 1985).

Die "lied" wys heen na "sang", soos vervat in die skulpbeeld, daarom dat dit in die eerste strofe gaan om die poësie en aspekte van die innerlike lewe wat in die poësie verwoord word. Dit word saamgevat as die "sang van oerverlange". In die woorde "alles voor jou voete uitgestort", kom 'n tweede persoon te sprake. In die tweede en derde strofe word die aangesproke persoon en die digter teenoor mekaar gestel deur die noem van innerlike

kenmerke. Die aangesprokene in die gedig ken "geen skemer-onrus", bewandel "stil en selfgerus" die lewenspad wat "oop" en "wit" is en waarvan "goed-doen" en die volkomenheid van "mens-wees" deel is.

Deur hierdie positiewe eienskappe te verbind aan die twyfel of so iemand die poësie sal verstaan, aktiveer die digter geluk en lyding. By implikasie betrek dit in kontraswerking die teengesteldes van hierdie eienskappe by die sprekende digter. Elisabeth Eybers vul dit in die derde strofe aan met "twyfel" en "smet". Dan verwys sy spesifiek na die geestelike aspek wat deel is van die denke, naamlik die "wysheid". Sy plaas dit saam met die liggaamlike of die gevoel, die "welhus", wat albei plek het in haar poësie.

Die kontrasstelling word volvoer in die laaste drie reëls, naamlik tussen diegene wat die poësie nie "verstaan" en dus "nie nodig het" nie, en die digter.

Die woord "offers" suggereer dat dit iets waardevols is wat aangebied word. Wat Elisabeth Eybers dus in die laaste twee versreëls sê, is dat die digter wel poësie nodig het en daarmee die eie "leë hemel sier en ryker voel". Wat vir 'n ander dus nutteloos mag wees, is iets waardevols vir die digter. Op hierdie wyse word die poësie vir die digter self aangewend teen lyding. Die tema dat die digter self poësie nodig het, loop deur Elisabeth Eybers se oeuvre en groei uit tot bundeltema van *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997).

Vanaf haar eerste bundel erken Elisabeth Eybers dat die poësie beide die digter en die leser veronderstel. Uit die gedigte, soos dit in hierdie deel voorkom, is dit duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen lyding, die digter, die gedigboodskap en die leser.

Elisabeth Eybers raak in haar 1963-lesing dieselfde saak aan as sy sê: "Die meeste mense kom gemaklik deur die lewe sonder poësie, en waarom sou mens hul selfgenoegsaamheid versteur of hulle iets anders toewens as wat hulle self begeer – iets moeiliker en ryker?" (Eybers, 1963b). Dan noem sy oor die leser van poësie: "Dié wat wel poësie nodig het, soek – en – vind – in 'n gedig dit wat hulle verlang". Verder sê sy: "Om 'n vers ten volle te geniet vereis, behalwe taalgevoeligheid en fantasie, ook 'n haas roekelose bereidheid om jou bloot te

stel, desnoods aan chaos en afgrond". Hiermee suggereer sy nie net lyding alleen nie, maar deur te noem dat poësie na "sintese en versoening" streef, word dit duidelik dat Elisabeth Eybers, naas lyding ook die keersy, geluk, as deel van haar poësie reken. Die leser word dus betrek in die proses van sintese en versoening en troos wat dan van die gedig iets "mooi" en "blywend" en "héél" maak (Eybers, 1963b).

Kenmerke van Elisabeth Eybers se poësie wat C. M. van den Heever (Eybers, 1936) by die verskyning van *Belydenis in die skemering* noem, is waarheid, skoonheid, hart en gewete en ook worsteling, beproewing en heling en rus (vgl. Afd. II, 3.1.1). Uit 'n bestudering van Eybers se hele oeuvre blyk dat wat Van den Heever hier noem, deurlopende aspekte en temas van haar poësie bly. Van die ander aspekte wat benoem kan word, soos blyk uit die bespreking van die gedigte, is die teenoormekaarstelling van lyding en geluk, openbaring en verberging, gevoel en wysheid asook vervulling. Die geluk sluit in die droom en die natuur. Die lyding word tot stand gebring deur skeiding, gemis en eensaamheid. Dit alles vorm deel van die aspekte van lyding waardeur die lydingskode kenbaar word.

Die verwoording van die lydingswerklikheid, hoofsaaklik kontrasterend geplaas met geluk en die singewing aan lyding, sluit aan by die lydingstematiek. Die poësie is dus werksaam teen lyding. Dit is wat sy in hierdie bundel aan die leser bied. Vir die digter self word die poësie, soos dit hier verwoord is, ook 'n plaasvervanger vir geluk.

Omdat die lewenservaring in *Die stil avontuur* (1939), *Die vrou en ander verse* (1945) en *Die ander dors* (1946) die primêre grondstof van die gedigte is, ontbreek gedigte wat aansluit by die poësie as tema in hierdie bundels. Ook in *Tussensang* (1950) en *Die helder halfjaar* (1956) kom geen direkte poëtikale gedigte voor nie. Dit is eers met *Neerslag* dat die poësie as tema weer meer ontgin word.

2 DIE VERBAND TUSSEN LYDING, GEDIG EN LESER

Soos reeds in hierdie navorsing bevind is, verleen Elisabeth Eybers erkenning aan die kommunikatiewe funksie van die poësie met die veronderstelling van 'n leser. In 'n aantal

gedigte verwoord sy die verband tussen lyding en die poësieleser, lyding en die poësiekritikus en lyding en persoonlik gerigte kritiek teen die digter.

2.1 LYDING EN DIE POËSIELESER

In Elisabeth Eybers se oeuvre kom twee gedigte voor waarin sy die leser direk aanspreek, "Lectori salutem" in *Einder* (1977) en "Liewe leser:" in *Nuweling* (1994). In "Verbruikersverse" in die bundel *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997), werp sy ook lig op haar siening van die aandeel wat die leser het aan poësie.

Die gedig "Lectori salutem" is deel van 'n groep poëtikale gedigte waarmee die bundel *Einder* begin. As programgedig van hierdie bundel wat einders en eindigheid, begrening en ontgrening as tema het (vgl. Afd. II, 3.5.1), word die bundeltema daarin bekend gestel. Die gedig moet ook beskou word in die konteks van die bundel waarin geluk die grondtoon is.

Van my geboorte af kleef die swawelsmaak
van erfskuld op my tong. Dis ongesond.
Sodra mens met die digkuns kennis maak
speel jy met vuur of ruik aandagtig lont.

Voelspriet van my verse klad die grens
wat goed en kwaad onhaperbaar moet skei.
Hier het jy hulle, met die helder wens
dat jy teen elke blaam gevrywaar bly.
(*"Lectori salutem"*. *Einder*, 1978a:5)

Die titel van die gedig betrek beide die leser en die poësie, sowel as geluk. In die eerste plek is dit 'n direkte aanspreek van, en 'n groet aan die leser. Omdat die digter gebruik maak van die aanhef van 'n getuigskrif, word dit hier 'n getuigskrif van die digter en die poësie. Deur die groet aan te bied as 'n heilswens, word die goeie betrek. Hiermee word die gediginhoud bepaal.

Die gediginhoud kontrasteer die goeie en die kwade. In die eerste kwatryn gaan dit om die verband tussen die digter, die poësie en die kwade. Elisabeth Eybers plaas dit in 'n algemeen-

menslike en Bybelse konteks. Deur die verwysing na "erfskuld" veronderstel sy 'n voorkennis van die Bybelse inhoud (vgl. Ex. 20) en die kwaad as inherent deel van menswees. Dit bring die inhoudelike van haar poësie ter sprake, naamlik die algemeen-menslike staat met kwaad en lyding as deel daarvan. Die gedagte word ook gedra deur die omvattendheid daarvan soos betrek deur die verwysing na van "my geboorte af".

In die derde en vierde reëls word die lyn na die digkuns en digter deurgetrek. Deur die aktivering van die idiome "speel met vuur" en "ruik aandagtig lont", plaas Elisabeth Eybers die digkuns eweneens in 'n Bybelse konteks (vgl. Gen. 19:24) van skuld en verderf. So verbind sy ook die "swaelsmaak" aan "vuur" en aan die vernietigende werking daarvan wat die Bybelse gegewe aantoon. Meer direk dui die idiome aan dat die digkuns hom met gevaarlike dinge besig hou, en waar 'n vermoede van onraad bestaan. Dit is ook moontlik dat Elisabeth Eybers baie subtiel deur "speel" en "aandagtig" 'n lyn trek na die aspekte van die gevoel en denke in haar poësie.

Soos sy dit hier stel, is haar digkuns gegrond in die ondersoek na die kwade. In die tweede kwatryn kom die botsende kragte wat in haar poësie uitgespeel word, aan die orde, en word die goeie teenoor die kwaad gestel. Daarmee word die goeie ook deel van die wesensgrond van haar digkuns.

Deur die woord "verse" word 'n skakel bewerkstellig na "erfskuld op my tong". Dan stel Elisabeth Eybers goed en kwaad direk teenoor mekaar en verskuif die inhoud waarom dit hier gaan, na die digaktiwiteit:

Voelspriete van my verse klad die grens
wat goed en kwaad onhaperbaar moet skei.

Die woord "klad" kan verstaan word, gelees in die konteks van die bundel *Einder* waarin begrensing en ontgrensing aan die orde kom, dat Elisabeth Eybers met hierdie gedig nie goed of kwaad nie, maar goed en kwaad gee en die grens daartussen laat vervloei. By implikasie

beteken dit dat die grens tussen lyding en geluk vervloei. Die gedig verken die grensgebiede en raak dus aan sowel goed as kwaad.

In die laaste twee reëls wend die digter haar weer direk tot die leser. In die woorde: "Hier het jy hulle" is die suggestie geleë dat die gedig aangebied word soos dit is en dat die leser gevrywaar is van enige blaam. Die digter trek verder 'n verband met die titel, deur die skuldvrywaring soos vervat in "blaam" aan te bied as 'n "helder wens". Dit is dus weereens soos die woorde *lectori salutem* aandui, 'n toewensing van die goeie. In aansluiting by die algemeen-menslike gegewe van die eerste twee versreëls, kan die skuldvrywaring terugverwys na "erfskuld". Deurdat Elisabeth Eybers "blaam" kwalifiseer met "elke" skep dit 'n meervoudigheid. Dit impliseer dat die leser die goeie in die algemeen toegewens word.

Lindenberg (1977:44) lees hierdie gedig as 'n afrekening met die "vroomheid", soos hy dit noem, van die Calvinisme. In die plek daarvan stel die digter 'n tweede "vroomheid", die digkuns. In die plek van die "swawelsmaak" van die "erfskuld", kom die gevaarlike "speel ... met vuur" wat die digterstaak vereis. Die digter laat die grense tussen goed en kwaad vervloei. Volgens hom is dit vandaar dat die wens kom dat die leser nie deur hierdie gedigte besmet moet word nie. Die rede wat hy gee, is dat die poësie as ken-instrument die leser se veilige moraliteitsgrense uitwis.

Lees 'n mens die gedig in die konteks van die bundelinhoud wat einders en eindes en benewens grense ook ontgrensing stel, dus beperking en bevryding, stel Elisabeth Eybers met die programgedig reeds die deurwerk na die goeie in die vooruitsig. Op hierdie wyse word die leser betrek by die geluk wat uit *Einder* spreek met die gedig as "voetbrug" (Grobler, 1977:27) tussen lyding en geluk.

Die tweede gedig waarin Elisabeth Eybers die leser direk aanspreek, is "Liewe leser:" en kom voor in *Nuweling* (1994).

Ja, ek weet hoe ek-sentries vertoon
my tuisgemaakte heelal,
die wêreldjie wat ek bewoon,

my drang om dit steeds uit te stal
 op so 'n eenpersoonskaal – maar miskien
 kan jy iets van jouself daarin sien?
 ("Liewe leser:". *Nuweling*, 1994:27)

Waar die klem in die bundels *Rymdwang* (1987) tot *Respyt* (1993) op die poësie self val, is *Nuweling* (1994) die eerste van die groep bundels tot *Winter-surplus* (1999) waarin die lewenswerklikheid weer die hooftema is.

Die aard van Elisabeth Eybers se poësie en die plek wat haar eie leefwêreld daarin inneem, is bekend (vgl. Afd. I, 2). Daarom moet hierdie gedig in verband met haar oeuvre, maar ook in die konteks van hierdie besondere bundel verstaan word.

Die titel, "Liewe leser:", wek assosiasie met die aanhef van 'n brief. Daarby dui die gebruik van die woord *liewe* op 'n vertroude en meer persoonlike verhouding. Die dubbelpunt na die titel wys op 'n verklaring wat volg. Daarom neem die gedig die karakter aan van 'n antwoord aan die leser.

In die eerste drie reëls plaas Elisabeth Eybers die ruimtes "heelal" teenoor "wêreldjie". Waar heelal dui op die allesomvattende skepping, bring sy dit terug na die "tuisgemaakte heelal" of persoonlike skepping, die poësie. Die verband met wêreldjie, veral in die verkleiningsvorm, werk medeverklarend van die eie leefwêreld en die persoonlike poësie wat "ek-sentries" gerig is, en op 'n "eenpersoonskaal" uitgestal word.

Hoewel haar poësie 'n unieke leefwêreld vertoon, stel die digter met die woorde dat daar "miskien" deur die leser "iets van jouself daarin" gesien kan word. Dit skep die moontlikheid van 'n raakpunt tussen digter en leser. Deur dit egter in vraagvorm te stel, word die antwoord daarop aan die leser self oorgelaat.

Hoewel hierdie gedig nie 'n direkte verwysing na lyding bevat nie, is daar tog 'n verband tussen die slotvraag en die aanvangswoorde: "Ja, ek weet", verwysende na die ek-sentriese poësie. Dit kan verstaan word dat die persoonlike aard van Elisabeth Eybers se poësie juis

meermale as kritiek daarteen ingebring word (vgl. Afd. I, 2). Word die gedig egter in die konteks van die inhoud van *Nuweling* gelees, word die verband met lyding en geluk duidelik en suggereer dit die antwoord op die vraag wat gestel word. Waar die bundelinhoud oor lydingsvolle lewenswerklikhede gaan (vgl. Afd. II, 3.7.1) word dit, soos Grové (1995b:225) dit stel, bereken en formeel daarmee afgereken. Hy verwys na die helende werking van die poësie, wat terugvoer na die geluk. Dit is waaraan die leser dan deel kry.

In "Verbruikersverse" in die bundel *Verbruikersverse/Consumer's verse* van 1997 is dit duidelik hoe die poësie as kommunikasie met digter, boodskap en leser deur Elisabeth Eybers se oeuvre loop.

As programgedig en titelgedig van die bundel werk dit verklarend ten opsigte van die bundelinhoud, maar insgelyks verklaar die bundelinhoud weer die gediginhoud.

Dit wat ek self as verbruiker nodig het
en ook aan elke toevallige luisteraar bied
is alledaags, direk en onverlet:
'n gedurige voorhande synde soort van lied.
("Verbruikersverse". *Verbruikersverse/Consumer's
verse*, 1997:7)

Die woord "Dit" in die aanvangsreël word deur die gedigtitel verklaar as die poësie. Dus stel Elisabeth Eybers die digter as verbruiker wat, soos aangedui deur "nodig", 'n behoefte het aan die poësie, direk aan die orde. In die tweede reël word die poësie vir die leser aangebied, soos wat sy ook in "Lectori salutem" in *Einder* (1977) doen. By implikasie beteken dit dat die leser dan ook 'n verbruiker word wat poësie nodig het. Elisabeth Eybers se siening dat ook die leser van poësie dit nodig het, is bekend (vgl. Eybers, 1963b). Hier vorm dit deel van die gedigaanbod.

Die gedigboodskap omskryf sy as "allegaags", "direk" en "onverlet". In elkeen van die woorde is daar 'n besondere betekenislading wat dui op aspekte van haar poësie. Met "allegaags" sluit sy aan by die algemeen-menslike aard van haar poësie. Met die woord "direk" word gedui op iets wat reguit gesê word, na die kern gerig is of sonder omhaal gesê

word. Daardeur kan stroping en die deurdring tot die essensie verstaan word. Die woord "onverlet", dui in Nederlands daarop om iets nie uit te stel nie en dit verklaar die gedurig voorhande synde poësie. Voorhande wees, speel ook in op in voorraad hê en sluit betekenisvol aan by die gedigtitel. Daarmee verkry die poësie 'n nutsaspek.

Dan kwalifiseer Elisabeth Eybers egter die poësie as 'n "soort van lied". Hierin kom die lydingsaspek ter sprake. In 1990 verduidelik Elisabeth Eybers self dat die digter uit lyding 'n lied maak (vgl. Afd. II, 2.9). Die lied is dus die verbruiksvoorwerp om so tot geluk te kom. Omdat hierdie gedig nie direk verwys na lyding of geluk nie, moet die bundelinhoud hier verklarend wees (vgl. Afd. II, 3.7.3). *Verbruikersverse/Consumer's verse* is 'n bundel van die ouderdom en die lyding wat dit meebring. Grové (1998:266) wys op die spelkarakter van hierdie poësie, die ligte aanslag, die geestige woordspel en selfspot waarmee die lyding teengewerk word. Hy noem dat die humor en die ironie bydra om bo die pynlike werklikheid van die ouderdom uit te styg. Op hierdie wyse word die poësie 'n toevlugsoord (Van Zuydam, 1998:6), nie alleen vir die digter nie, maar ook vir die leser. Dan is dit die lied van die digter én die "luisteraar", soos die gedig aandui. Hier geld Elisabeth Eybers se siening dat die "bevindinge van 'n digter" die leser kan "help" om hom "met sy lot te versoen" (Eybers, 1963b).

In hierdie gedigte rig Elisabeth Eybers haar ook tot wat beskou kan word as die primêre leser, die poësieleser, dié wat dan, soos die digter, poësie nodig het. Dit beteken dus dat die leser deel verkry aan die poëtiese inhoud wat, soos sy dit hier gee, aspekte van lyding bevat.

Uit die bespreking van die gedigte, blyk dit dat Elisabeth Eybers self die inhoud van haar poësie rig op geluk. Daarom dat sy as digter die positiewe of geluksaspek deel maak van die leeservaring.

Die unieke aard van die poësie as kunsuiting, leen hom ook tot 'n ander soort leser, die literêre kritikus. In haar oeuvre verwoord Elisabeth Eybers aspekte van lyding wat ontstaan as die kritikus die leser is.

2.2 LYDING EN DIE POËSIEKRITIEK

Die gedigte waarin die poësiekritiek as tema voorkom, is gebundel in *Neerslag* (1958), *Einder* (1977), *Noodluik* (1989), *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) en *Winter-surplus* (1999) wat wys dat hierdie vorm van lyding vir die digter deel is van die digterskap.

In *Neerslag*, waarin die vraag na die sin van die digkuns na vore kom, verwoord Elisabeth Eybers baie direk hoe die kritikus 'n aandeel het in negatiewe aspekte wat die digkuns inhou. Sy gee aan die gedig die titel, "Dagbladresensent".

Waar hy noukeurig aankruip knars die oes
 voor die onwrikbre ywer van die vraat
 wat al wat groen en glinsterend is verwoes
 en slegs 'n vaal uitwerpsel agterlaat.
 ("Dagbladresensent". *Neerslag*, 1975c:51)

In die metaforiese beeld word die dagbladresensent voorgestel as die wurm en die vernietiging van die oes.

Die eienskappe van die kritikus, soos in die beeld vervat, is die noukeurigheid en die "onwrikbre ywer". Die handeling wat uitgevoer word, is "aankruip" en "verwoes". Die digter noem die kritikus 'n "vraat" wat 'n "vaal uitwerpsel agterlaat". Wat Elisabeth Eybers hiermee te kenne gee, is dat 'n resensie die resultaat is van 'n verteringsproses. Deur verder "vaal" te kontrasteer met die "groen en glinsterend" van die oes, impliseer sy dat dit wat die dagbladresensent aan die poëtiese oes doen, die ontneming van die skoonheid daarvan is. 'n Mens kan dit so verstaan dat Elisabeth Eybers hiermee aandui dat die skoonheidsaspek van die poësie nie in 'n bespreking daarvan vasgevang kan word nie. Dit is uniek en eie aan die poësie self.

Dat die digter liggeraak is oor negatiewe kritiek, gee Elisabeth Eybers te kenne in *Einder* (1977) in die gedig met die titel "Kritiek". Deur 'n aanhaling uit 'n resensie as program vir hierdie gedig te gebruik, wys daarop dat sy in hierdie gedig reageer op 'n bepaalde gegewe en persoon.

Die resesent word geïdentifiseer deur Jansen (1996:176-179) as Hans Warren en sy verwys na sy weiering om *Kruis of munt* (1973) te reseenseer na aanleiding van die inhoud van die gedig "Einde van die seisoen" wat daarin voorkom. Dit is egter vir die doel van hierdie bespreking nie wesenlik nie, omdat die gedig "Kritiek" selfverklarend werk.

As vertrekpunt of program van hierdie gedig, gee Elisabeth Eybers dan die direkte aanhaling uit sy geskrif en maak dele daaruit ook deel van die gedig self. So identifiseer sy die kritikus as 'n Nederlander en reageer in die gedig op sy woorde: "*Zuidafrikaans*", "*woedend*", "*af wil zetten*", "*héél lelijk*" en "*waar houdt die op?*"

KRITIEK

*Wie zo de frisse jeugd tegen de onfrisse hippies
af wil zetten, waar houdt die op?*

Provinciale Zeeuwse Courant

Die resesent uit Seeland vind
my vers, om dit *héél lelijk* uit te druk
sy selfbewuste term – *Zuidafrikaans*.

En raai waarom? – Onlangs het ek gekyk
na hippies wat stil padgee vir die kou,
gedink aan kinders met hul skaatslawaaï.
Hy meen dat ek van kinderkrete hou,
hul spervuur teen die naakte trommelvlies
bo Nepalese sitiespel verkies,
'n hekel het aan hippies en hy word
derhalwe *woedend* (weer sy eie woord).

Dat elkeen só sy herkoms moet verdraai...
In sy lokettewêreldjie behoort
kantkies by kyk, elke gegewe dra
'n onverwisselbare etiket
wat nuanseringe onvoegsaam maak:
toeskouer is om ja of nee te kraai.
Van dag tot dag volg hy die stippelweg
langs prikvlaggies wat oral goed en sleg
kordaat aandui en teen verwarring waak.
Hy sou die reënboog boikot as dit nie
met kleurkrytklem die spektrum illustreer:
één feit word teen 'n ander *afgeset*.

(U merk dat ek van tyd tot tyd siteer.)
 Sy kop met sekerhede volgeprop
 – geen skrefie vir 'n splinter ironie
 om in te dring – vorder: *waar houdt die op?*
 Ja, vra dit. Wáár ek ook ophou of wanneer,
 hoop ek om nog oningehok te bly,
 nie weggebêre vir en vóór my tyd
 – miskien, wie weet, iets minder liggeraak,
 steeds met 'n tastende keuskeurigheid
 ook wat betref die yk van poësie.
 ("Kritiek". *Einder*, 1978a:12)

In die program van die gedig kom die woorde "af" en "zetten" voor, wat Elisabeth Eybers gee as "afgeset". Daarmee word aangetoon dat iets afgebaken word. Hier, volgens die resensent, is daar 'n afbakening tussen die "frisse jeug" en die "onfrisse hippies" wat afsonderlik goed en sleg suggereer.

Wat Elisabeth Eybers in die eerste strofe doen, is om te wys dat hy self haar poësie so afbaken deur dit "Zuidafrikaans" te noem. Dit bring die kontras Suid-Afrika–Nederland ter sprake. Op elkeen van hierdie afbakeninge gaan sy terug in die tweede en derde strofe wat sy opvolg met haar eie siening van haar digterskap en digkuns. Elkeen van die afdelings lei sy in met 'n vraag of uitdrukking wat 'n antwoord of verduideliking veronderstel: "En raai waarom?", "Dat elkeen só sy herkoms moet verraai..." en "Ja, vra dit".

In die tweede strofe word verwys na "kinders met hul skaatslawaaï" en "hippies" wat dui op die inhoud van die gedig "Einde van die seisoen" in *Kruis of munt* (1973) en so die gedig identifiseer. Die gedig lui soos volg:

Die trouelose lig vergrou,
 die waarheidskermis is verby:
 verlate jesuswerwers vou
 hul slaapsakke en moet vergly,

geboë, oor 'n vloer van blare,
 na een of ander winterhol.
 Langsaam en met dromerige gebare
 stop elkeen sy vroom ransel vol.

Hul sypel, groepies of in pare
om vóór die hek al weg te smelt
verdoesel in 'n vag van hare,
onvatbaarheid van nie-geweld.

Dan wag ons dat die opgewonde
kinders die park op stelte set,
hollend of skaatsend, met gesonde
krete van wierooklose pret.

("Einde van die seisoen". *Kruis of munt*, 1975:6)

Deur die inhoud van hierdie gedig te vergelyk met die uiteensetting wat Elisabeth Eybers in die tweede strofe van "Kritiek" gee, is dit duidelik dat die resensent volgens haar, iets buite die bedoeling van die digter aan die gedig, "Einde van die seisoen", toereken. Gelees in die konteks van *Kruis of munt* (vgl. Afd. II, 3.4.3) sou die gedig gelees moet word in aansluiting by die bundeltema, die kruis-of-munt-spel, en 'n spel van lyding-en-geluk, waarvan die uitkoms onseker is. 'n Ander aspek in *Kruis of munt* is die versoenende krag wat in die poësie geleë is. Daarby het die bundel ook 'n sterk ironiese inslag.

Die afbakening van die jeug as "*fris*" en dus goed en die "*onfrisse hippies*," dus as sleg, spreek teen die bundelinhoud van *Kruis of munt* as geheel. Daarby verbind die resensent die afbakening aan 'n persoonlike ingesteldheid by die digter soos aangedui met: "Hy meen dat ek van kinderkrete hou" en "'n hekel het aan hippies". In die noem daarvan dat hy daardeur "*woedend*" gemaak word, wys Elisabeth Eybers hom uit as self 'n ingehokte in 'n sekere soort ingesteldheid.

In die gedig plaas Elisabeth Eybers die ingesteldheid wat die resensent by haar veronderstel, in 'n Nederlandse dinkraamwerk. So skep sy die geleentheid om hier dieselfde spel te speel en om die strakke afbakening van "goed en sleg" wat hy as "*Zuidafrikaans*" beskou en aan haar as persoon toereken, op hom en Nederland van toepassing te maak.

In die eerste sestien reëls van die derde strofe wys sy op die resensent se ingehoktheid, sy "loketwêreldjie" van "kantkies", van "ja of nee", "goed en sleg", van "één feit" "teen 'n ander" afset. Deur dié wêreld te tipeer as sou "elke gegewe" 'n "onverwisselbare etiket" dra

wat "nuanseringe onvoegsaam maak", betrek Elisabeth Eybers op subtiële manier by wyse van 'n geïmpliseerde teenstelling, die poësie wat die eienskappe van verwisselbaarheid en nuansering dra. Op dieselfde subtiële wyse betrek sy die bundeltema van *Kruis of munt* wat met onsekerhede en ironie werk in die woorde:

Sy kop met sekerhede volgeprop
 – geen skrefie vir 'n splinter ironie
 om in te dring –

So reken sy terselfdertyd met die term "*Zuidafrikaans*" en die kritiek teen die inhoud van haar poësie af.

In die laaste ses reëls van die derde strofe doen sy dit ook met die persoonlike kritiek – deur die hoop uit te spreek om self "ongingehok te bly".

Die laaste drie reëls sny die lydingsaspek direk aan. Dat kritiek soos waaroor dit hier gaan, die digter persoonlik raak, spreek uit die hoop om "iets minder liggeraak" te wees. In die laaste twee reëls word hierdie gedig, wat op sy eie met goed en sleg werk, deel gemaak van Elisabeth Eybers se digterskap en digkuns: die digter wat met "tastende kieskeurigheid" haar merkteken op haar poësie plaas.

Dit is ook moontlik om in die woord "yk", wat verwys na die amptelike stempel wat op mate en gewigte aangebring word, iets van die opweeg van teenstellings te lees. Dan gee die gedig te kenne dat daar in haar poësie nie goed en sleg is nie, maar goed-en-sleg of die geluk-en-lyding wat dit impliseer.

In die laaste instansie is hierdie gedig 'n demonstrasie van die yk van haar poësie. Sy laat die gedig inpas by die bundeltema van *Einder* waar dit gaan om eindes en einders: einde van die seisoen as gegewe, afrekening met kritiek, einders wat verskuif word deur "ongingehok te bly" en "minder liggeraak te wees". Die enigste vaste gegewe is die "yk van poësie" soos die digter dit stel.

Hierdie twee gedigte waarin die resesent as leser voorkom, is die enigste gedigte waarin daar die mate van skerpheid van toon teenoor die leser bestaan. Daaruit blyk die kwesbaarheid en die lyding van die digter as gevolg van kritiek wat op haar digkuns uitgespreek word.

Die twee gedigte uit *Noodluik* (1989) waarin daar 'n negatiewe konnotasie aan die leser geheg word, is "Klein aubade" en "Vademekum". Albei die gedigte pas in by die tema van die bundel wat gerig is op die poësie self en waarin die geluksaspek voorkom as 'n teenwerking van lyding. Albei die gedigte moet gelees word in hulle verband met die sentrale tema van die bundel, soos Van Rensburg (1989:10) dit noem, die pynlike bewustheid van die ouderdom (vgl. Afd. II, 3.6.2).

Elisabeth Eybers gee aan die eerste van die twee gedigte die titel "Klein aubade". Waar die titel verwys na 'n klein oggendlied of huldigingslied wat voor 'n ander se deur gesing word, lê sy as 't ware die gedig voor die deur van die leser.

Onmiskienbaar eksentriek
 en meer dan eertyds half siek
 (kwyl in mondhoek etter in ooghoek)
 word sy steeds vroeër wakker
 jy sou maklik dink arme stakker
 straks voer vir die joernalistiek
 wat met liefdelose vlyt
 elke geslote boek
 wil oopkoevert en besleg
 maar moenie vergeet: die verfrissende
 hartverwarmende blindelings wisselende
 swierige absurditeit
 kom nou pas tot sy reg
 sedert haar kindertyd
 ("Klein aubade". *Noodluik*, 1989:31)

In die eerste vyf reëls word 'n afsigtelike beeld geskep van 'n vrou en deur die gebruik van die woord "eertyds" wat verbygegaande tyd impliseer, is dit die ouer vrou wat hier negatief beskryf word. Wie dit is, word verskuil deur die derdepersoonsvorm "sy" te gebruik. Deur die

eienskap "eksentriek" aan haar te verleen, word sy gekenmerk as buitengewoon. Daardeur verkry die voorstelling 'n persoonlike kleur.

Die reël "jy sou maklik dink arme stakker" dien as aanknoping by die daaropvolgende vier reëls en as verklaring van die laaste vyf reëls. Met die gebruik van die woord "stakker" sê die digter dat oudword 'n sukkelbestaan meebring wat "voer vir die joernalistiek" kan wees.

Hier ontstaan 'n verband met "Dagbladresesent" in *Neerslag* (1958) waarin Elisabeth Eybers haar rig teen die resesent en die bespreking van haar poësie. In "Klein aubade" is dit egter nie die resesent nie, maar die joernalis aan wie die aubade, die lied, gerig word en die biografiese feit waarteen sy dit het. Daar bestaan ook 'n verband tussen die resesent se "onwrikbre ywer" en die "liefdelose vlyt" van die joernalistiek. Met "liefdelose" word die eie persoon teen wie dit gerig is, betrek en so word aangesluit by die eerste vier reëls wat dan die "geslote boek" medeverklaar as die persoonlike lewe. Die uitdrukking geslote boek, dui op dit wat geheim is in die persoonlike lewe. Hiermee spreek Elisabeth Eybers haar negatief uit teen die openbaarmaking van die persoonlike lewe van beroemde mense of minstens digters.

Deur in die laaste vyf reëls aan te sluit by die eerste vyf, trek die digter die verband deur na die bundeltema, naamlik die poësie as noodluik. 'n Mens sou dit dan kan lees as: "jy sou maklik kon dink arme stakker... maar moenie vergeet". In die beskrywing in die laaste vyf reëls, kan die poësie self herken word. Hiermee word die negatiewe van die lewe en die ouderdom soos wat die joernalistiek dit kan beskryf, geplaas teenoor die positiewe van die poësie. In die kenmerke wat Elisabeth Eybers noem, naamlik verfrissend, hartverwarmend, wisselbaar en swierig, vat sy aspekte van haar digkuns saam, naamlik ongeskonde, vreugdevol, teenstellend en skoon.

Wat opval, is dat Elisabeth Eybers na die poësie verwys as 'n "absurditeit" wat agtereenvolgens verband hou met buitengewoon en eksentriek. Wat sy hier te kenne gee, is dat die digter en digkuns buiten die gewone is. Dan is daar ook die betekenis van die woord absurditeit, as verdigsel, ongerymdheid en onsinnigheid waarin 'n mens dalk iets kan sien van die teenstellings en woordspel van haar poësie.

Waar Elisabeth Eybers in die laaste twee reëls sê dat die poësie "sedert haar kindertyd" op hierdie stadium van die lewe "pas tot sy reg" kom, stel sy ouderdom teenoor jonkheid. Sy stel daarmee saam lyding teenoor geluk. Hier word gesuggereer dat haar poësie nou, in haar ouderdom, eers werklik nodig is, maar ook nou werklik goed is. Die vaardigheid van 'n jarelange aktiwiteit kom nou tot sy reg. Wat Elisabeth Eybers met hierdie gedig te kenne gee, is, soos Malan (1989:112) dit omskryf, dat die ewewig van teengesteldes bewerkstellig word deurdat die negatiewe aspekte van veroudering in die poësie opgehef word deur die verwoording van die positiewe wat steeds deel bly van die menslike bestaan. Daarmee word die gedig dan 'n huldiging, en wel aan die poësie.

Die tweede gedig in *Noodluik* (1989) waarin kritiek aangesny word, is "Vademekum". Met die titel moet verstaan word dat die gedig 'n beknopte leidraad vorm, en daar dit die poësie as onderwerp het, dus as leidraad of riglyn vir die digter moet dien.

Verse versin mag nooit al te tydrowend wees.
 Die maaksels wat jy as noodsaaklik beskou moet ontstaan
 danksy of ondanks en met snode verwaarlosing van
 die handeling wat jou die reg skenk om te bestaan.
 Reken meer eer aan die letter dan die gees.
 Rym is bedenklik. En – nog 'n dringende wenk –
 verontagsaam veral wat andere daarvan dink.
 ("Vademekum". *Noodluik*, 1989:38)

In hierdie gedig word vyf riglyne genoem wat elkeen in 'n afsonderlike sin gegee word. Waar dit hier gaan om die dighandeling en die gewone lewenshandeling, wys Elisabeth Eybers die poësie uit as 'n noodsaaklikheid wat "moet ontstaan" "danksy" die lewenshandeling of "ondanks" dit of met "verwaarlosing" daarvan. Daarom dan die volgende riglyn: "Reken meer eer aan die letter dan die gees". So verwoord Elisabeth Eybers weereens, in aansluiting by die bundeltema, die poësie as noodluik vir die digter. Dan sluit die laaste riglyn, "verontagsaam veral wat andere daarvan dink", heeltemal daarby aan en maak dit wat die leser dink vir die digter irrelevant.

Vergelyk 'n mens hierdie siening met die wat aan die begin van haar oeuvre voorkom, dan erken Elisabeth Eybers 'n sekere digterlike onvermoë aan die leser in *Belydenis in die*

skemering (vgl. Afd. III, 1.2). In die gedigte wat tot dusver in hierdie afdeling bespreek is, verkry die leser op verskillende wyses betrokkenheid by die poësie (vgl. Afd. III, 2.1). Dit is na aanleiding van die gedig dat Cloete (1989:15) op die groei in haar digterskap tot op hierdie stadium wys. Hy noem dit 'n selfstandige digterskap en veral 'n onafhanklike digterskap. Na aanleiding hiervan kan die afleiding gemaak word dat die digter nou so seker is van haarself dat wat ander dink, verontagsaam kan word. Dan is dit ook verstaanbaar dat Elisabeth Eybers in 1985 kon sê: "Kritiek gaan by my meestal by die een oor in en weer by die ander uit. Dit geld eweseer vir die Afrikaanse kritiek as die Nederlandse" (Jansen, 1996:137).

In hierdie afdeling blyk dit dat die poësiekritiek die digter wel op een of ander stadium so geraak het dat sy daarop in die poësie moes reageer. In "Vademekum" gee Elisabeth Eybers te kenne dat een van die riglyne van die digterskap is om met hierdie besondere vorm van lyding af te reken, en dus kritiek te verontagsaam. Die poësie self is hier die middel tot afrekening en daarin is weer te sien dat daar deur die poësie van lyding tot geluk gekom word. So vervul die poësie, in aansluiting by die bundeltema, sy funksie as noodluik.

Hierdie gedig sluit weer daarby aan dat die digter self poësie nodig het, soos wat reeds in *Belydenis in die skemering* (1936) na vore kom (vgl. Afd. III, 1.3) en ook in *Nuweling* (1994) en as tema van *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) (vgl. Afd. III, 2.1).

2.3 LYDING, DIGTER EN PERSOONLIKE KRITIEK

In *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) en *Winter-surplus* (1999) kom daar onderskeidelik een gedig voor waarin Elisabeth Eybers kritiek wat persoonlik teen die digter gerig is, aansny, naamlik "Verklaring" en "Voortplantingsrym". Hierdie gedigte handel oor kritiek en die lyding wat dit impliseer en sluit daarom aan by "Kritiek" (Eybers, 1978a:12) in *Einder* (1977). Hier is die kritiek teen die digter persoonlik gerig en wel om die digterskap, daarom word dit saam bespreek. Wanneer die gedigte in verband met haar oevre verstaan word, is dit asof Elisabeth Eybers hiermee as 't ware staaf wat sy op velerlei wyses en in verskeie gedigte en bundels te kenne gegee het.

Die gedig in *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) wat inskakel by die bundeltema en 'n voortsetting is van die aspek dat die digter self poësie nodig het, het die veelseggende titel "Verklaring". Elisabeth Eybers rig die gedig aan 'n spesifieke leser soos die onderopskrif, (*aan 'n besorgde kritikus*), aandui. Die gedig gee egter geen aanduiding wie die kritikus is nie.

Hoewel dit dus met geen stelligheid beweer kan word wie die kritikus is nie, val die verband tussen die woord "uitdaag" wat Elisabeth Eybers in die gedig gebruik en die woord uitdaging wat J. C. Kannemeyer (1996:19) in 'n resensie van *Tydverdryf/Pastime* (1996) gebruik, op. Aangesien die betrokke bundel die eerste van Elisabeth Eybers se tweetalige bundels is, ontvang dit om die rede prominensie. Volgens Kannemeyer (1996:19) word die leser uitgelok om vergelykend te lees en waar dit die resensent betref, vas te stel watter teks die oorspronklike is. Hy beken dat dit 'n vitterige manier van lees is en dat 'n resensent hom daarmee kan vasloop "al sal die tartende uitdaging om die prioriteit van 'n bepaalde weergawe sonder buitekstuele inligting vas te stel, hom nie daarvan weerhou nie". Of dit wel so is of nie, in die gedig "Verklaring" gee Elisabeth Eybers onomwonde 'n verklaring aan 'n kritikus van wat die digkuns en digterskap vir haar as digter beteken:

Ek rym
 om een en ander aanmekeer te lym
 vóór die hele pakkaas in wanorde verstik
 en wyl ek oor geen hulpmiddel beskik
 om sake aan my sintuie toevertrou,
 by- en daarnaas ook uitmekeer te hou,
 vir elke rolvervulling ongeskik
 behalwe die beproefde patalogie
 van poësie.
 As ek ooit iemand uitdaag of ontroer
 word geen verskoning aangevoer.

So nie, ook nie.
 ("Verklaring". *Verbruikersverse/Consumer's verse*,
 1997:35)

Die gedig val in drie dele uiteen wat elkeen afsonderlik blyk 'n verklaring te wees van haar poësie en digterskap.

Die eerste nege reëls begin met:

Ek rym
om een en ander aanmekaar te lym.

Met betrekking tot Elisabeth Eybers se poësie kan 'n mens in die woorde "een en ander" 'n aanduiding kry van die algemeen-menslike aard daarvan en ook van die en-verbinding soos dit in haar gedigte voorkom, onder andere lyding-en-geluk. In die reëls hierbo, wys sy die poësie uit as 'n bindende aktiwiteit waarin iets positiefs geleë is. Gelees saam met die woorde "pakkaas" en "in wanorde verstik" is die poësie ook 'n ordenende aktiwiteit waarsonder die "een en ander" 'n "pakkaas" of spul sal wees wat in wanorde tot niet gaan. Hiermee word die negatiewe weergegee.

In die vierde en vyfde reëls noem die digter die poësie 'n "hulpmiddel" om "sake" "by-" en "daarnaas ook uitmekaar te hou". Eerstens verwys dit na "lym": om sake bymekaar te hou of in verband te plaas of die samehang aan te toon. Tweedens verwys dit daarna dat Elisabeth Eybers nie 'n eensydige blik op sake werp nie, soos hier bo aangetoon met verwysing na die en-verbinding wat in haar poësie voorkom. Daarom dien die poësie as hulpmiddel om sake uitmekaar te hou.

Dit dan is waarvoor die poësie as hulpmiddel dien, maar Elisabeth Eybers wys met die gedig ook uit dat die poësie nog 'n baie spesifieke rol vervul, wat sy noem, "die beproefde patalogie van poësie". Deur die verbinding van die poësie aan die patalogie, daardie deel van die mediese wetenskap wat gaan om die vasstelling van die aard en oorsaak van siektes (Odendal, *et al*, 1988:825), met die geïmpliseerde betekenis van lyding, verkry die poësie 'n unieke rol. So word lyding soos wat dit voorkom in Elisabeth Eybers se oeuvre betrek. Daar is ook iets patologies in die volhoudende skryf van poësie, omdat dit oënskynlik so min nut het. Soos dit hier gestel word, het die poësie vir die digter 'n besondere waarde in die helende funksie wat dit vervul.

Die verklaring wat Elisabeth Eybers in die eerste nege reëls van hierdie gedig gee, dien as bevestiging van dit wat intrinsiek is van haar poësie soos hier bo gegee. In die verband tot die

laaste drie reëls dien dit as verduideliking, soos die onderopskrif aandui, aan die kritikus wat die wese van haar digkuns is en dat dit essensieel vir die digter self bedoel is.

Die laaste drie reëls bring by implikasie persoonlike kritiek teen die digter te berde: dat sy met haar poësie die leser uitdaag. Die gedigte in haar oevvre waarin die leser ter sprake kom (vgl. Afd. III 1.2, 1.3, 2.1), lewer geen blyke daarvan dat Elisabeth Eybers haar poësie as 'n uitdaging aan die leser bedoel nie, eerder dat iets van die self daarin gesien kan word en dat dit 'n blik op die skoonheid bied waardeur die leser ontroer kan word. Dan sluit die drie slotreëls ook aan by wat Cloete (1989:15) noem oor *Noodluik* (vgl. Afd. II, 3.6 2), naamlik dat Elisabeth Eybers se digterskap selfstandig en onafhanklik is en niks van buite nodig het nie. Wat hierdie gedig te kenne gee, is dat dit nou op hierdie stadium van haar digterskap selfs nie saak maak nie al sou die leser uitgedaag of ontroer word, of selfs ook nie – die gedig is ten eerste vir die digter self bedoel.

Hoewel "Voortplantingsrym" in *Winter-surplus* (1999) nie om die poësieleser as sodanig gaan nie, gaan dit om kritiek wat teen die digter persoonlik gerig is om die digterskap. Hierin word lyding deur persoonlike kritiek verwoord.

'n Goeie moeder en vader
 het my grondig aan tug onderwerp,
 onmisbare reëls ingeskerp,
 daarby al hul wilskrag vergader
 om ooreenkoms tot doel te verhef
 terwyl sagtheid steeds hardheid oortref.

'n Latere telg, minder laks,
 het my vurig betig weens dade
 wat voortvloei uit onberade
 neigings of, erger, straks
 uit verwerping van hoër gesag:
 daardie ritmiese woordpatrone,
 swierig kenbaar as poësie, is
 die uiting van buitengewone,
 hardvotige selfbejag
 – vra maar vir enige psigoanalisis.

("Voortplantingsrym". *Winter-surplus*, 1999:18)

Die titel gee te kenne dat dit hier gaan om die verwantskap van verskeie geslagte. In die eerste en tweede strofe word ouers en afstammeling teenoor- en naasmekaar gestel. Soos die titel suggereer, is die gemene deler hier die poësie, en dan bepaald, die digterskap.

Die goeie "vader en moeder" word teenoor 'n latere "telg", 'n woord wat reeds 'n negatiwiteit oproep, gestel. Die ouers het "tug" met "sagtheid" bo "hardheid" toegepas. Daarteenoor "betig" die "telg" "vurig". In die konteks van die gedig kry die betigting die betekenis van 'n vorm van lyding. Beide ouers en nasaat se teenkating is gerig op die digterskap: ouers wat "ooreenkoms" (met hulleself) tot "doel" "verhef" en die nasaat wat die digterskap wyt aan iets onsinnig, "onberade neigings", of die verwerping van ouerlike gesag. Dan gee Elisabeth Eybers 'n verklaring van die poësie: die "ritmiese woordpatrone" wat "swierig" is, waarin die skoonheid herkenbaar is, is die "uiting van buitengewone, hardvotige selfbejag". Wat opval, is die negatiewe woorde wat in die konteks van die gedig in patroon val met die betigting. Sou 'n mens dit omskryf, verwys Elisabeth Eybers hier na die meedoënlose gerigtheid op die self. Dit sluit aan by die erkenning wat Elisabeth Eybers oor haar ek-sentriese poësie gemaak het in "Liewe leser:" in *Nuveling* (1994) (vgl. Afd. III, 2.1). Viljoen (1999:6) noem egter dat die meedoënlose selfondersoek juis een van die sterkste eienskappe van Elisabeth Eybers se poësie is.

In die slotreël doen sy as 't ware weg met hierdie kritiek deur haar verwysing na 'n psigoanalisis. Waar die psigoanalise 'n vorm van sielsgenesing deur die opsporing van verdronge wense en beelde uit die onderbewussyn is (Odendal, *et al.*, 1988:867), verleen Elisabeth Eybers hiermee as antwoord op kritiek oor haar digterskap, helende krag aan die poësie.

Elisabeth Eybers laat in die gebruik van teenstellings, die gedig inskakel by die bundeltema van *Winter-surplus* en deur die wins-en-verliesspel word by die wins uitgekóm. In die gedigte wat hier bespreek is, word lyding in die verhouding van leser tot gedig en digter op een of ander wyse gestel. Al is hierdie verhouding in die bespreking vooropgestel, gee die gediginhoude ook verskeie ander insigte in Elisabeth Eybers se digkuns en digterskap.

3 DIE VERBAND TUSSEN LYDING EN DIE GEDIGINHOUD EN -TEMA

Aan die verband tussen lyding en die inhoud van haar poësie, wy Elisabeth Eybers 'n aantal gedigte. Reeds in haar debuutbundel, *Belydenis in die skemering* (1936) tipeer Elisabeth Eybers haar poësie as 'n klankspel van lyding en geluk. Die tipering dra sy voort, eers in *Neerslag* (1958) en toe in *Winter-surplus* (1999). Die "glans en weedom" in *Belydenis in die skemering* word die "porsie wee-en-wel" in *Neerslag* en dit wat "verdrietig maak en ... bly" in *Winter-surplus*. In al drie die bundels kom lyding en geluk nie as twee losstaande eenhede voor nie, maar ook weer as 'n as 'n eenheid van lyding-en-geluk.

3.1 LYDING EN GELUK AS GEDIGINHOUD

In "Die lied" (Eybers, 1936:9) in *Belydenis in die skemering* (1936) is die werklikheid van "glans en weedom" deel van die gediginhoud en verbonde aan die digterskap (vgl. Afd. III, 1.1). In "Behoud" in *Neerslag* (1958) verbind Elisabeth Eybers die "wee-en-wel" ook aan die digterskap.

Die mensdier het hom moeisaam uit
die trae oerslym opgerig,
vlymoë bang en onbereid
voel blikker in sy stomp gesig,

met al sy sintuie leer waak,
vóór kloue in sy vlees kon sink
die nederige gebaar gemaak,
as kuddedier leer draf en dink.

Maar hy wat liefs eenlopend is,
ver van die warm trop wegswerf,
moet ligvoet sluip, sy spore wis,
uit ysterklip 'n pylpunt kerf,

aan 'n gespanne boogснаar pluk
om luisterend die klank te keur,
met sy gespitste binneblik
deur 'n geheime ruipte speur;

en waag sy porsie wee-en-wel
 terwille van die edel spel.
 ("Behoud". *Neerslag*, 1975c:7)

Die titel, "Behoud", word deur die gediginhoud verklaar as selfbehoud. Waar die gedagte deurlopend in Elisabeth Eybers se oeuvre voorkom dat die digter poësie nodig het of dat die poësie in die eerste plek vir die digter self bedoel is (vgl. Afd. III, 2.1), bevestig hierdie gedig dit weereens. Die poësie word hier voorgestel in 'n nog breër verband en wel as middel tot eie behoud.

Deur kontras en ooreenkoms vergelyk Elisabeth Eybers hier die gewone mens en die digter. Wat hulle gemeen het, is 'n gevaarlike lewenswêreld. In die eerste twee strofes word die mens se manier tot selfbehoud gegee. Groter geldigheid word daaraan verleen deur dit terug te voer na die oermens wat met "vlymoë bang en onbereg" sy wêreld sien. Die mens se manier tot behoud is om "met al sy sintuie" te "leer waak" en om as "kuddedier" te "leer draf en dink". Deur die verwysing na die "warm trop" word die geborgenheid in samesyn gesuggereer.

Teenoor die menigtes word die eenlopende individu geplaas: die een wat van "die warm trop wegswerf". Wat Elisabeth Eybers hier doen, is om gemeenskap naas eensaamheid te stel. So 'n mens het werktuie nodig tot behoud en dan noem sy op:

uit ysterklip 'n pylpunt kerf,
 aan 'n gespanne boogsnaar pluk
 om luisterend die klank te keur.

Die pylpunt roep assosiasie op met 'n pen of skryfvoorwerp. Die snaar maak musiek, wat aansluit by die gedagte van die poësie as musiek of lied. Al die dinge is dus kunstenaarsaktiwiteite wat deur assosiasie verbind is met die poësie. Met die woorde om "die klank te keur" verkry dit 'n toepassing op die digter en neem 'n persoonlike vorm aan.

Reeds in *Belydenis in die skemerig* (1936) lig Elisabeth Eybers die klankaspek van die poësie uit (vgl. Afd. III, 1.1). Sy verbind die klank in hierdie gedig aan die "gespitste binneblik" wat "deur 'n geheime ruigte speur" wat uitloop op die twee slotreëls:

en waag sy porsie wee-en-wel
terwille van die edel spel.

Wat Kannemeyer (1995:2,3) hieroor sê, is dat Elisabeth Eybers hier beeldend voorstel, "die kunstenaar wat reflekteerend as 't ware oor homself buig, wat die 'geheime ruigte' van sy gees ondersoek om iets sinvol te sê oor die aard en wese van die 'klank' wat uit hom opkom". Dan kwalifiseer hy dit verder en wys daarop dat dit nie net 'n "metaforiese besinning oor die taak van die kunstenaar is nie, maar 'n dieper kyk om iets wesenliks oor sy eie menswees te wete te kom".

Die laaste twee reëls verkry die betekenis van "wee-en-wel" van eie menswees. Dit verwys ook na die "wee-en-wel" soos deur die digter in die gedig omskryf en wat van toepassing is op die digterstaak. So bevestig Elisabeth Eybers dat lyding en geluk die gedigboodskap uitmaak. As die titel hier van toepassing is, val die gedig in pas met haar siening van lyding en die poësie, naamlik om die lyding onder oog te kyk ter wille van eie behoud. Die verbinding van eers wee en dan wel is 'n algemene eienskap van haar poësie waar die besinning oor lyding telkens uitloop op geluk. In die laaste plek word die "wee-en-wel" in sy verband met "waag" van toepassing op die digterskap met sy eie lyding en geluk.

Waar Elisabeth Eybers die digter uitwys as die een wat uit die "warm trop wegswerp", dui sy aan dat die enkeling hier wel tot 'n trop behoort en dan word menslike lyding en geluk algemeen-geldend. Hoewel verskillend, het beide "trop" en enkeling 'n eie verweer teen lyding.

Elisabeth Eybers noem die poësie hier die "edel spel". So betrek sy nie alleen die gediginhoud waar die poësie vir die digter ten beste beantwoord aan selfbehoud nie, maar suggereer ook iets van die suiwerheid en skoonheid as eienskappe van die poësie (vgl. Afd. II, 2.6, 2.7).

As programgedig van die bundel *Neerslag* (1958), stel hierdie gedig die bundelinhoud in die vooruitsig, naamlik dat die poësie as neerslag van die lewe verwoord word en self as troos, bedekking, metgesel en skuiling dien (vgl. Afd. II, 3.3.2).

"Die lied" in *Belydenis in die skemering* lui in 1936 Elisabeth Eybers se oeuvre in en daarmee is die boodskap van lyding en geluk in die vooruitsig gestel (Eybers, 1936:9). In "Behoud" in *Neerslag* van 1958, die eerste van haar bundels met die poësie as tema, gaan dit meer oor lyding as deel van die poësie (Eybers, 1975c:7). In "Bewussynstroom" in *Winter-surplus* van 1999, werp sy as 't ware 'n terugblik op lyding en haar oeuvre.

Met verloop van tyd gaan alles verby
 wat verdrietig maak en tewens ook bly
 is daar dan in godsnaam niks wat bly
 tensy jy dit op papier kan kry
 wat selde luk dus raai ek jou aan
 laat die fatale tyd maar begaan
 tot jy eendag – al is dit ondenkbaar nou –
 alles laat vaar en die res behou.

("Bewussynstroom". *Winter-surplus*, 1999:28)

Waar hierdie bundel handel oor lewe, dui die titel van die gedig op 'n besef van eie gevoelens en gedagtes. Soos Grové (1999:10) aantoon, word in die bundel met die self geredeneer op soek na klaarheid en helderheid. Die gedig gaan dus ook oor 'n siening van die verhouding tussen lyding en die poësie. Terselfdertyd sluit die gedig aan by die bundeltema van die wins-en-verlies en die bonus wat verkry word in die ouderdom.

Die aanvangsreël, met die woorde: "Met verloop van tyd gaan alles verby", stel lewe en poësie, wat in hierdie gedig in mekaar verweef is, aan die orde. In die tweede reël maak Elisabeth Eybers die woorde van toepassing op lewensverdriet en –blydschap. Deur die gebruik van die woord "tewens" voeg sy verdriet en blydschap saam en so bevestig sy weer in *Winter-surplus* wat sy reeds by haar debuut gestel het, naamlik dat die lewe lyding én geluk is.

In die derde en vierde reël word die lewe verbind aan die poësieboodskap, maar terselfdertyd word bevestig dat die lewenservaring wel in die gedig behoue kan bly. Direk daarna kom die tema ouderdom en poësie aan die orde met die woorde dat dit "selde luk" om in die ouderdom, "iets" "op papier" te kry. Daarmee dui Elisabeth Eybers op die afnemende digterlike vermoëns wat as gevolg van die ouderdom as 'n vorm van lyding ervaar word.

Tot hier het die gedig te make met lyding. Deur die gebruik van die woord "fatale" in sy betekenis van ongeluk en ellende of dodelik in die uitdrukking "laat die fatale tyd maar begaan", word die verlies en lyding wat Elisabeth Eybers hier verwoord, bevestig. Sy lui egter die uitdrukking in met die woord "dus" en maak dit van toepassing op die verlies om sodoende by die wins uit te kom.

Die wins verwoord sy in die laaste twee reëls met "tot jy eendag" "alles laat vaar en die res behou". Hoewel dit oënskynlik self lyk op verlies, is die wins geleë in die berusting, wat aansluit by die aanvangsreël dat alles, die lewe en die poësie, verby gaan. Wat behoue bly, is die lewe wat geleef is en die berusting in die seker afloop daarvan en ook in die wete dat die poësie wat geskryf is, daardie lewe verwoord.

So kom die gedig dan by die surplus van die bundeltema uit. Die gedig stel dit duidelik dat die inhoud van die poësie lyding en geluk is en toon ook aan hoe die gedig die beweging of groei van lyding tot geluk bewerkstellig.

Hierdie drie gedigte toon Elisabeth Eybers van die begin af tot op hede in haar oeuvre, konsekwent lyding en geluk saam as lewenswerklikheid beskou. Op watter wyse sy die gedagte ook al verwoord, dit kom telkens weer na vore en toon, soos in al drie die gedigte, dat die verwoording van lyding ook deel van die digterskap is.

3.2 DIE POËSIE AS VERWEER TEEN LYDING

Twee gedigte waarin die aanwending van die poësie as verweer teen lyding uitgebeeld word, is "Woorde" in *Einder* (1977) en "Woordeloos" in *Bestand* (1983). Albei die gedigte het die

digterskap as tema en is daarom juis 'n aanduiding van hoe die digter deur die gedig lyding teëwerk. Beide *Einder* en *Bestand* is bundels waarin die gedigte uitloop op geluk en is primêr geluksbundels. Daarby weerspieël albei gedigte die onderskeie bundeltemas (vgl. Afd. II, 3.5.1, 3.5.2). Gelees teen hierdie agtergrond, maak Elisabeth Eybers op meer as een wyse duidelik wat die verband is tussen die poësie, lyding en die uiteindelijke geluk. "Woorde" volg direk op "Lectori salutem" (Eybers, 1978a:5) (vgl. Afd. III, 2.1) en is deel van die groep poëtikale gedigte waarmee *Einder* begin en wat as 't ware 'n analise van die kunstenaars-persoonlikheid gee. Daarby pas dit in by die bundeltema wat einders en eindes aan die orde stel en dan die einde of grense laat vervloei.

Op vyftien maande kon ek praat,
so het my ouers vertel,
lang sinne selfs. Vir woorde laat
ek alles op die spel.

Woorde – 'n goedkoop grabbelsak
of diamantbedryf,
Aladdinlamp om met gemak
ontbering weg te vryf.

Woorde verbeur hul oggendblos
ook in my moedertaal
laat staan die star sintaksisbos
waar ek nog voel-voel dwaal.

En op my klungeltong verkleur
woordtinte in gesprek,
alleen alléén kan ek hulle weer
met potloodhale wek.

("Woorde". *Einder*, 1978a:6)

In die eerste strofe word die besinning op die digterskap met 'n terugblik op die verlede ingelei. Dit verleen groter geldigheid aan die stelling: "Vir woorde laat ek alles op die spel". Hierdie frase roep assosiasie op met die woorde in "Behoud" (Eybers, 1975c:7) in *Neerslag* (1958) waar Elisabeth Eybers dit stel dat die digter 'n "porsie wee-en-wel" waag "terwille van die edel spel". Dit dui aan dat die poësie 'n edel spel is en dit dui ook aan dat die digterskap 'n waagproses is van wee en wel. In hierdie gedig noem Elisabeth Eybers dat die digter alles waag om die poësie.

In die volgende drie strofes, waarin dit dan om woorde gaan, bied Elisabeth Eybers die verklaring vir die keuse om 'n waagkans op die wee en die wel van die digterskap. In die tweede strofe kontrasteer sy twee dinge wat woorde kan wees, naamlik 'n "goedkoop grabbelsak" of 'n "diamantbedryf". As die woord "gesprek" in die laaste strofe hier meespreek, plaas die digter die mindere waarde van die gesprekswoord teenoor die kosbare poëtiese woord: die diamant soos die gedig aantoon.

In die diamantbeeld kom die siening van die poësie as kristal of neerslag (vgl. Afd. II, 3.3.2) weer ter sprake, maar waar dit in hierdie gedig om die digterskap gaan, verbind Elisabeth Eybers dit aan die ambag of handeling met die poëtiese woord, die "diamantbedryf". So verklaar sy dan die aanwending van die poëtiese woord teen lyding:

Aladdinslamp om met gemak
ontbering weg te vryf.

Die woorde verwys na meer as een aspek van haar poësie. Die beeld suggereer iets van 'n toweragtige werking van die poësie, daarom die gemak waarmee ontbering weg "gevyf" word. Die beeld suggereer ook iets kosbaar, wat aansluit by die diamantmetafoer, asook voorspoed of geluk. Op dié wyse werk die poësie bevrydend uit lyding en is in hierdie gedig die kenmerk van die bundel *Einder* te vind, wat Cloete (1978:169) beperking en bevryding noem en wat van die bundel 'n geluksverslag maak (vgl. Afd. II, 3.5.1).

Die vorm van lyding wat Elisabeth Eybers hier noem, is ontbering, of soos dit meermale in haar poësie voorkom, die gemis. Die derde en vierde strofes verklaar dit. In die derde strofe staan:

Woorde verbeur hul oggendblos
ook in my moedertaal.

Waar moedertaal na Afrikaans verwys, kan 'n mens aanneem dat die "star sintaksisbos", hoewel buitetekstuele gegewens hier moet meespreek, na Nederlands verwys. Waarom dit hier gaan, is die gemis aan die woord: Die Afrikaanse woord "verbeur" of mis die

"oggendblos" en die Nederlands, waarin nog "voel-voel" gedwaal word, word maar "laat begaan". Die woord "klungeltong" wys op 'n onbeholpenheid. Omdat die verbeuring van die oggendblos verbind word aan moedertaal en daar 'n verband bestaan met die verkleuring van "woordtinte in gesprek", dui die onbeholpenheid op die gebruik van die moedertaal wat verbind is aan "gesprek" waar meer as een persoon veronderstel word.

Elisabeth Eybers stel die praathandeling teenoor die skryfhandeling. Met die woorde: "alleen alléén kan ek hulle weer met potloodhale wek", kom die digterskap en die kreatiewe eensaamheid na vore wat hierdie "ontbering weg ... vryf" en so in aansluiting by die bundeltema, bevrydend werk na geluk.

Dieselfde gedagte kom voor in "Woordeloos" in *Bestand* (1982) waar dit gaan om, soos die digter dit stel, "met woordvernuf die pyn" en die "dorheid óm te dig". Dié woorde, saam met die titel "woordeloos", plaas die gediginhoud in verband tot die tematiek van die bundel, naamlik verlede en toekoms, maar veral die hede, en volgens die bundelitel, van bestand. Die betekenis wat bestand inhou, naamlik weerstand bied, strydighede wat in ewewig is en dus vrede (vgl. Afd. II, 3.5.2) word in hierdie gedig gevind.

Terwyl die waarheid klaarder skyn
sal die getye ons nerfkaal stroop,
afsigtelikheid kom reeds in sig.
Al wat ek vra
al wat ek hoop
is om, wanneer my brein te voos
word om met woordvernuf die pyn
en dorheid óm te dig,
dit te verdra
hoe ook al woordeloos.
(*"Woordeloos"*. *Bestand*, 1982:48)

Die gedig begin met 'n eerste sin wat die toekoms en die ouderdom as 'n tydperk van verlies teken. In die tweede sin word die verlies by die naam genoem: die woordvernuf wat 'n toekoms van gemis in woordeloosheid in die vooruitsig stel. Die aspek van lyding wat Elisabeth Eybers hier stel, is deel van die digterskap: die vernuftige aanwending van die poëtiese woord teen lyding; die digterlike vermoë om in die hede deur die woord in die

poësie, verweer te bewerkstellig. Dit op sigself skakel die negatiewe van lyding om na iets positief, of soos sy dit stel, "dig" dit "pyn en dorheid" om.

Nie alleen stel Elisabeth Eybers direk dat die poëtiese woord aangewend word teen lyding nie, maar toon terselfdertyd deur hierdie gedig hoe lyding met woordvernuf verander kan word na geluk deur gebruik te maak van die woord "verdra", met sy betekenis van bestandwees, soos dit in hierdie gedig voorkom, teen woordeloosheid. Op hierdie wyse is daar iets terug te vind van die vrede wat die bundeltitel ook aandui. So verloor die ouderdom die element van lyding. Op subtiële wyse kry die poëtiese woord dan die betekenis van wapen teen lyding.

Wat Ester (1987:48) van hierdie gedig noem, is ook net so van toepassing op "Woorde" in *Einder* (1977), naamlik dat hier iemand aan die woord is wat vanuit 'n lang ervaring weet oor watter positiewe en negatiewe mag die menslike woord beskik. Dan moet 'n mens dit kwalifiseer as spesifiek die poëtiese woord waardeur watter leed ook al, verander kan word na 'n vorm van geluk.

3.3 DIE POËSIE AS HANDELING TEEN LYDING

Rymdwang (1987), *Noodluik* (1989) en *Respyt* (1993), wat *Teësprak* (1991) insluit, is bundels waarin die poësie vooropgestel word. Wat hierdie bundels verder gemeen het, is dat Elisabeth Eybers die werking van die poësie teen lyding hierin tot tema maak. Waar haar poësie 'n weerspieëling is van die aanwending van die poësie teen lyding, verkry die poësie in hierdie bundels 'n selfstandigheid deur handelend op te tree teen lyding, onder andere deur te bevry, te verlos, te orden, te besweer, te troos en heel te maak. Daardeur word beweeg van lyding na geluk. In die proses word hierdie bundels dan in wese bundels van geluk.

Die gedig "Rymdwang" is sowel titel- as programgedig van die bundel *Rymdwang*. In *Noodluik* is die gedig, "Papier is geduldig" die titel- en programgedig. Dit beteken dus dat albei die gedigte die bundeltitels verklaar en bepalend is ten opsigte van die bundeltema van hulle onderskeie bundels. As slotgedig van *Respyt* vat "Envoi" die bundeltema saam. Dis

vanselfsprekend dat hierdie gedigte in die konteks van die bundels waarin dit voorkom, verstaan moet word (vgl. Afd. II, 3.6.4).

Die titel *Rymdwang* is funksioneel, omdat dit dui op die digterskap soos dit in hierdie bundel beskou word. Volgens Nienaber-Luttingh (1987:8) verkry dit sy funksie in die meeste gedigte in hierdie bundel, omdat al die gedigte daarin die gevolg is van die dwang van die poësie waarteen die digter nie weerstand kan bied nie. Wat met rymdwang so bedoel word, word deur die volgende gedig verklaar.

RYMDWANG

dikteer hardnekkig in die verte tuur
 – soms in die diepte – en verbied gesonde
 vryetydsbesteding (uur na noeste uur),
 dit laat harsdruppels opwel uit ou wonde,

poliepkolonies tot koraal verkalk,
 in deurskynkwards kristalformasies wink,
 uit alles wat nog deur die oernag swalk
 'n sagte smeekroep om verlossing klink.

Jy kan daar wel of nie op ag slaan maar
 kies mettertyd om keuse te laat vaar.
 ("Rymdwang". *Rymdwang*, 1987:7)

Die titel van die gedig word aaneen geskakel met die inhoud van die eerste agt reëls. Rymdwang word so verbind aan die handeling van "dikteer" "verbied" en "laat". Die eerste twee werkwoorde dra in hulle betekenis die dwang wat die rym of poësie op die digter uitoefen. Die poësie dikteer of dwing om gehoor te gee eerstens aan "in die verte tuur". Hierin sluit die gedig aan by die ouderdomstema van die bundel *Rymdwang*. Waar Elisabeth Eybers in hierdie bundel ook terugkeer na ou temas in vroeëre bundels verwys dit ook na die verlede (vgl. Afd. II, 3.6.1). In die bundelkonteks is dit lydingsvolle gebeurtenisse uit die verlede wat dan saam met die ouderdom onder oog gesien moet word.

Onder dwang van die poësie word daar "soms in die diepte" gekyk. Hierin sluit die gedig aan by "Behoud" (Eybers, 1975c:7) in *Neerslag* in die verwysing na die digter se "gespitse

binnebliek" (vgl. Afd. III, 3.1). Die verklaring wat Nienaber-Luitingh (1987:8) hiervan gee, is dat die ouderdom 'n sterker bewussyn skep van die ryk innerlike lewe waar geluksmomente van drome en herinneringe ontstaan. Die gedig werk reeds hier met die suggestie van lyding en geluk wat aan die introspeksie, soos dit in Elisabeth Eybers se poësie voorkom, verbind is.

Die volgende dwang wat die poësie uitoefen, is die "verbied" van "gesonde vryetydsbesteding (uur na noeste uur)". Wat Elisabeth Eybers hier te kenne gee, is dat die poësie 'n invloed uitoefen op die gewone lewe. In "Vademekum" (Eybers, 1989:38) in *Noodluik* kom die gedagte dat die poësie 'n invloed uitoefen op die gewone lewe ook ter sprake (vgl. Afd. III, 2.2). Met verwysing na die woord "noeste", geld Olivier (1990:108) se uiteensetting dat die woord dui op die ure van vlyt wat verlore gaan, asook op die ywer waarmee die poësie werksaam is. Die woord "gesonde" suggereer 'n teenstelling wat die poësie en lyding verbind. Die twee handeling wat hier teenoor mekaar gestel word, is die fisiese, nuttige aktiwiteit en die dinkaktiwiteit waaruit die poësie kom.

Die derde werkwoord wat aan rymdwang verbind word, is "laat". Waar die vorige twee, "dikteer" en "verbied", heenwys na die dwang gedeelte van die titelwoord, wys "laat" heen na die rymgedeelte daarvan. So laat Elisabeth Eybers die rym of poësie op vier maniere werk. Wat sy eerste noem en daarom die belangrikste plek inneem, is "dit laat harsdruppels opwel uit ou wonde". Daarom het die poësie in die eerste plek 'n genesende of helende werking, waar "wonde" voorafgaande lyding voorveronderstel.

Die poësie is ook nog andersins werksaam: dit gee vastigheid en vorm aan die vormlose deur "poliepkolonies" tot "koraal" te laat "verkalk". Dit verhelder deur in "deurskynkwarts kristalformasies" te laat "wink". Hierin is ook iets van die skoonheid van die poësie, soos vervat in die kristalbeeld waar te neem. Dan werk dit ook verklarend en ordenend deur "alles wat nog deur die oernag swalk", te verlos.

In al die handeling wat aan die poësie toegeken word, is 'n vorm van lyding teenwoordig as dit gelees word in die konteks van die bundel waar die poësie lyding teëwerk om so tot geluk te kom. Die volgehoue kontrastering wat in hierdie gedig werksaam is, lewer 'n bydrae om

lyding en geluk aan die orde te stel. Dit verklaar dan hoekom die digter in die slotreëls die "keuse" "laat vaar" en dus so aan die dwang van die poësie onderworpe bly sodat dit lyding kan teëwerk. Die verklaring wat Ester (1988:11) gee, is dat dit in hierdie bundel daaroor gaan dat dit vir die digter 'n noodsaaklikheid is om te dig. Hierdie gedig stel dat die digter hierdie noodsaak aanvaar en dit nie teëgaan nie.

In "Noodluik" word dieselfde gedagte op 'n eie wyse in die bundelkonteks weergegee. Malan (1989:112) vat die bundelinhoud saam as die ewewig wat bewerkstellig word deur die teenstelling van die positiewe wat deel bly van die mens se bestaan en die negatiewe van veroudering. So werk die poësie weereens lyding teen.

As programgedig stel "Papier is geduldig" die bundeltema, naamlik die van die poësie as noodluik wat kan dien as die uit- en insluiting van nood of lyding aan bod (vgl. Afd. II, 3.6).

Vir elke knelling van nou en hier
vind jy 'n noodluik van papier.

Geen bokkesprong of papier is bereid
tot lankmoedige medepligtigheid.

Wat nouliks bestaan word toevertrou
aan papier wat dit omhels en behou.

Die onverkenbare chaos vertoon
op papier 'n hartvormige patroon.
(*"Papier is geduldig"*. *Noodluik*. 1989:7)

In die eerste twee reëls stel Elisabeth Eybers dit dat die poësie as noodluik dien vir "elke knelling van nou en hier". In die woord "knelling" is die betekenis van iets wat pyn veroorsaak teenwoordig.

Dit volg sy op met die noem van hoe die poësie werksaam is. Die eerste wat sy noem, is:

Geen bokkesprong of papier is bereid
tot lankmoedige medepligtigheid.

Die woord "bokkesprong" het 'n dubbele betekenis. Ten eerste beteken dit 'n dwase of verspote handeling, wat dan die poësie se "medepligtigheid" aan iets negatief verklaar. Bokkesprong beteken ook 'n uitvlug of ekskuus soek om by iets verby te kom. In die konteks van hierdie bundel sou dit aansluit by die bundeltitel en die verwysing in hierdie gedig na papier as noodluik. Dit verklaar die gedigtitel: dat die poësie "geduldig" en lankmoedig is of dit verdra om as noodluik te dien. Die poësie is so 'n ontsnappingsmeganisme en werk bevrydend uit benouenis (Van Heerden, 1989:29).

Van Rensburg (1989:10) noem dat Elisabeth Eybers in hierdie bundel die poësie as verwoordingsnoodsaak sien. Die gedig vervolg met:

Wat nouliks bestaan word toevertrou
aan papier wat dit omhels en behou.

Hier sluit die gedig aan by "Vademekum" (Eybers, 1989:38) in dieselfde bundel waar die poësie ook as 'n noodsaaklikheid beskou word. Die handeling wat Elisabeth Eybers aan die poësie in "Papier is geduldig" verbind, is dat dit "omhels" en "behou", d.w.s. aanneem en blywend maak. Elisabeth Eybers kom in "Bewussynstroom" (Eybers, 1999:28) in *Winter-surplus* (1999) op die gedagte terug waar sy noem dat "alles" wat "verdrietig" en "bly" maak, verby gaan "tensy jy dit op papier kan kry" (vgl. Afd. III, 3.1).

Waar dit hier oor beknelling gaan, word deurgaans teruggekom op die gedagte dat die poësie die geluksaspek bewerk. Die laaste werking van die poësie in hierdie gedig is dat die poësie aan die "onverkenbare chaos" 'n "hartvormige patroon" verleen. Daarin kom die vorm- en insiggewende werking van die poësie na vore.

Ook op die gedagte keer Elisabeth Eybers terug in "Verklaring" (Eybers, 1997:35) in *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) waar sy na die poësie verwys as "lym" of verbindingsmiddel om "een en ander" teen "wanorde" te behoed (vgl. Afd. III, 2.3). So geld die poësie dan ook as toevlug in lyding. In hierdie gedig sluit dit aan by die ordende werking van die poësie wat aan die "chaos" "patroon" verleen. Sy noem dit egter 'n "hartvormige patroon" waarmee die proses aan die liefde verbind word. Op subtile wyse betrek Elisabeth

Eybers dan hier die gedagte van die liefde as rigtinggewer aan die lewe. Die gedig vind aansluiting by die bundeltema. Cloete (1989:15) se verklaring is dat die woord verlossend werk teen lyding, dat die lydingsvolle werklikheid in die gedig omgetower word, hier dan na geluk. Op hierdie wyse word "Noodluik" 'n bundel, nie van lyding nie, maar van geluk.

Omdat *Respyt* (1993) ook 'n bundel is waarin die geluk voorop gestel word, word dieselfde gedagte, naamlik dat die poësie lyding teëwerk, daarin voortgesit. *Respyt* is dan ook die laaste bundel vanaf *Rymdwang* (1987) met die poësie as hooftema. Oor die sentrale bundeltema is Hugo (1993:6) se aanduiding dat die poësie as teëspraak teenoor die werklikheid gegee word. Grové (1993:2) verwys daarna dat die aksent in hierdie bundel op die objektiverende mag, of dalk roeping van die poësie val.

"Envoi" is die laaste gedig in hierdie bundel. Die titel dui op die Franse ballade waarvan die laaste vierreëlige boodskap die *envoi* genoem word en waarin 'n persoon of God aangespreek word (vgl. Grové, 1992:17). In hierdie gedig word die poësie direk aangespreek en op die wyse word die gedig geïntegreer by die bundeltema: as teëspraak teen lyding. Die aanspreek van die poësie is weer in pas daarmee dat die poësie 'n handelende subjek en werksaam op die besondere wyse is.

Soete, subtiële, verdagte rym,
by bitter ontwrigting welriekende lym,
ek dank en verwens jou van kindsbeen af
vir die ywer waarmee jy my weg wil lok
van 'n verstandige lewenswandel
om volgens jou vreemde mandaat te handel.
By uitstek 'n sprietligte towerstaf
word jy soms 'n gebiedende trommelstok.
Versluiserde fluistering of sagte getok
wat gedurig nuwe gegewens verskaf,
'n eggo wat hulpbehoewend omkyk
of self 'n helpende hand uitreik.

Heeldag na korrekte opvatting geluister
soek ek troos in die eiesinnige duister;
jou boodskap oorstelp my, goedgunstige rym,
ek suig dit die volgende dag uit my duim.
("Envoi". *Respyt*, 1993:55)

Hier kan drie dele waargeneem word. In die eerste ses reëls gaan dit om die poësie in die verhouding tot die digter. In die volgende ses reëls gaan dit om die handeling van die poësie in die verhouding tot die digter en in die laaste vier om die uitwerking daarvan op die digter en die digterlike handeling.

In die aanvangsreël word na die poësie verwys as: "Soete, subtiële, verdagte rym". Hiermee word die teenstelling tussen die poësie as positiewe en negatiewe mag gestel. Op hierdie teenstelling bou Elisabeth Eybers in hierdie gedig voort. Aan die ander kant is die poësie soet en subtiel, wat verbind word aan die werking om by "bitter ontwriging" as "welriekende lym" te dien. Dit val dus op dat hierdie enkele aspek, die poësie as teenwerking van lyding, hier uitgesonder word. Vandaar dan die "dank" of waardering.

Die poësie staan, as teenstelling, onder verdenking van iets negatief. Die poësie is "verdag" en kan daarom ook "verwens" word. Wat hier uitgesonder word, is die uitwerking wat die poësie op die alledaagse "lewenswandel" het. Hieroor spreek Elisabeth Eybers haar meermale in haar poësie uit. In "Vademekum" (Eybers, 1989:38) in *Noodhuik* (vgl. Afd. III, 2.2) verwys sy daarna dat die poësie tydrowend is en lei tot verwaarlosing van die gewone lewenshandelinge, die "wat jou die reg skenk om te bestaan". In hierdie gedig noem sy dit 'n "verstandige lewenswandel". In verband hiermee impliseer dit dat die poësie iets onverstandigs behels. So ook verskaf die poësie "'n vreemde mandaat". Ook die gedagte dat die poësie iets buite die gewone is, word in Elisabeth Eybers se oeuvre herhaal. In "Klein aubade" (Eybers, 1989:31) in *Noodhuik* (vgl. Afd. III, 2.2) noem Elisabeth Eybers die poësie 'n "swierige absurditeit". Dit is veral in "Behoud" (Eybers, 1975c:7) in *Neerslag* waar sy die digter en so daarmee saam die digkuns uitsonder as buite die gewone (vgl. Afd. III, 3.1).

In hierdie gedig word die poësie as 'n afsonderlike entiteit voorgestel wat 'n "mandaat" aan die digter gee. Wat so ontstaan, is 'n interafhanklikheid: die poësie gee 'n opdrag en daarvolgens moet die digter handel. Die opdraggewing word in die gedig verbind aan sekere eienskappe wat aan die poësie toegeken word en so die mandaat bepaal. Die poësie is eerstens 'n "sprietligte towerstaf". In "Woorde" (Eybers 1978a:6) in *Einder* verwys Elisabeth Eybers ook na die toweragtige werking van die poësie (vgl. Afd. III, 3.2). Die poësie kan ook

'n "gebiedende trommelstok" wees wat die digter as 't ware oproep tot aandag. Vervolgens noem sy die poësie 'n "versluiserde fluistering of sagte getok". Hiermee deel die poësie iets mee en trek weereens die aandag.

Dit waaroor die digter dan die mandaat verkry, is "nuwe gegewens" waarin 'n mens die hede kan herken. Die mandaat behels ook iets uit die verlede of herinnering, "'n eggo wat hulpbehoewend omkyk" en ook "self 'n helpende hand uittrek".

Hierdeur word die digter se optrede bepaal soos gegee in die laaste vier reëls. Die reëls speel in op "dank en verwens" met die woorde:

Heeldag na korrekte opvatting geluister
soek ek troos in eiesinnige duister.

Hierin sê Elisabeth Eybers nie alleen dat die poësie as troos dien nie, maar die gedig dien self as bewys van hoe die lydingsaspek verwyder word. Die verwensing verloor sy krag deurdat die gewone lewe of "verstandige lewenswandel", wat hier "korrekte opvatting" genoem word, gestel word teenoor die troos wat in die poësie te vind is.

Elisabeth Eybers verwys na die "eiesinnige duister" wat die digter en die poësie verbind. Dit kan verstaan word as die manier van die digter om die eie sin te volg waaruit die singewing aan iets wat duister is, volg. Daarin lê die "troos" of leniging van lyding, daarom kan die digter sê: "jou boodskap oorstelp my". Op hierdie wyse word die "verdagte rym" die "goedgunstige rym".

Oënskynlik lyk dit asof die slotreël: "ek suig dit die volgende dag uit my duim", die gediginhoud weerspreek. Waar die uitdrukking daarop dui om iets te versin, verkry dit betekenis as dit in verband met "eiesinnig" verstaan word. In die "eiesinnige duister" pluig die digter op 'n eie manier die dinge wat kwel uit. Dit is duister, omdat dit nie maklik is nie, maar dit gaan hierin ook daarom dat hierdie "eiesinnige" proses onvermydelik is. Die verwerkingsproses geskied op 'n eiesoortige manier en sluit klaargemaakte antwoorde uit. Wat dit dan sal beteken, is dat die boodskap letterlik versin word. Dit sal ook beteken dat die

werklikheid, "gegewens" of "eggo", in die gedig anders voorgestel word en daarom kan verstaan word dat die boodskap kan oorstelp met vreugde.

In hierdie gedigte het die poësie 'n eie identiteit verkry en kan daarom handelend optree en word so funksioneel. Die digter se afhanklikheid van die poësie blyk uit die dwang van die rym wat ook verlossing bring in *Rymdwang*. In *Noodluik* bied die poësie uitkoms uit lyding. In *Respyt* vat Elisabeth Eybers dit dan saam dat poësie lyding lenig. In al drie die bundels en in *Teësprak* is dit die poëtiese handeling waardeur die geluksaspek bewerk word.

3.4 DIE POËSIE EN LYDING EN LEWE EN DOOD

Aan Elisabeth Eybers se poësie lê ten grondslag die onvolmaakte werklikheid, die kortstondigheid van die lewe en die sekerheid van die dood (vgl. Afd. II, 2.2.1).

In *Dryfsand* (1985) en *Nurweling* (1994) gee die digter blyke van watter verband daar bestaan tussen lyding, lewe en dood. Die gedig in *Dryfsand* handel oor die poësie en lyding in die algemeen. Dit is die eerste kwatryn in 'n siklus van sewe kwatryne en een koeplet wat saamgevat word onder die titel, "Memorabilia". Die titel dui aan dat dit hier gaan om iets om te onthou of iets wat merkwaardig is.

Hierby sê ek aan poësie vaarwel.
 Elkeen in staat om twee by twee te tel
 en pyn aan poësie te meet merk wel
 hoe oorsprong opbrengs in die skadu stel.
 ("Memorabilia". *Dryfsand*, 1985:14)

Aspekte wat Brink (1985:17) ten opsigte van die bundelinhoud van *Dryfsand* noem en wat hier ter sake is, is dat hierdie poësie 'n saamdink is van stilstand en vloed, rus en onrus en die meetbare en onmeetbare.

Die gedig bestaan uit twee sinne. Die eerste sin: "Hierby sê ek aan poësie vaarwel", moet in die konteks van die gedig verstaan word. Hierin speel die gebruik van hierby, 'n rol in sy betekenis as die in verband plaas van sake. Dus dien die tweede sin as verklaring van die

eerste. Die teenstelling tussen pyn en oorsprong aan die een kant en poësie en opbrengs aan die ander kant, kom hier aan die orde.

Elisabeth Eybers gebruik die woord "pyn", wat dui op sowel liggaamlike as geestelike lyding. Wat sy hier gee, is dat die poësie uit lyding voortkom: dat die poësie die opbrengs is met lyding as die ontstaansgrond. Dit gaan hier om die "meet" van "pyn aan poësie", wat te wete gee dat "oorsprong opbrengs in die skadu stel". As in ag geneem word dat alleen die digter weet wat die omvang van die lyding is wat in die poësie weergegee word, is dit die digter alleen wat oorprong en opbrengs kan "meet". Slegs die digter kan dus die poësie as meetinstrument gebruik. Word die poësie wel so aangewend, is die slotsom dat die poësie nie die omvang van lyding kan weergee nie.

Waar uiteensetting van pyn en poësie, soos deur die digter gegee, betrekking het op die eerste reël, moet die woorde: "Hierby sê ek aan poësie vaarwel", verstaan word dat, sou die poësie geld as meetinstrument wat omvang bepaal, dit sy doel verloor. Dit sou daarop uitloop dat die digterskap dan laat vaar word.

Wat die doel van die poësie wel vir Elisabeth Eybers is, word aan die lig gebring deur die gedig "Sewe dae op die rand van tagtig" in *Nuweling*.

Die eerste dag ondubbelsinnig siek,
 toe drie dae nodig om traag te herstel,
 op die vyfde begin jy jou seëninge tel,
 die sesde dag voel jy so fris as 'n kriek,
 op die sewende word 'n beslissing gevel:
 om met of sonder geheueverlies
 'n nuwe soort lewensbenadering te kies
 op elke omwenteling ingestel,
 maar aan ou gewoontes meedoënloos trou
 met 'n onweerlegbaar deurwinterde oor
 voeg jy woorde byeen wat jou troos en bekoor,
 of mens dit nou as uitvlug of toevlug beskou.

("Sewe dae op die rand van tagtig". *Nuweling*, 1994:31)

Die inhoud van die bundel word deur Lindenberg (1995:103) getipeer as 'n rustige peins oor die ouderdom, lewensomstandighede, lewensloop, digterskap en die dood. In hierdie gedig word al hierdie aspekte aangeraak en dit bevat 'n verklaring van die bundeltitle.

Die gedigtitle stel die ouderdom asook die nuwe lewensbenadering, wat impliseer om op tagtig 'n nuweling te wees, aan die orde. In die eerste vyf reëls stel Elisabeth Eybers dit duidelik dat lyding deur liggaamlike siekte tot hierdie besluit gelei het. Die "nuwe soort lewensbenadering" geld vir die lewe en vir die dood. Ten opsigte van albei getuig hierdie gedig van berusting en aanvaarding: van die lewe in die ouderdom, "met of sonder geheueverlies" en om voorbereid te wees op "elke omwenteling", waarin 'n suggestie van die dood geleë is.

Waarvoor die nuwe lewensbenadering, en om dus 'n nuweling te wees, nie geld nie, is die poësie. Dit is van die "ou gewoontes" om met 'n "deurwinterde oor" "woorde byeen" te "voeg".

As rede vir die meedoënlose "trou" aan die poësie, sonder Elisabeth Eybers twee aspekte uit. Die eerste is dat die poësie "troos en bekoor" en die tweede is dat dit as "uitvlug" of "toevlug beskou" kan word. Dat die poësie en lyding nie skeibaar is nie, verwoord sy op talle wyses in haar oeuure. In "Envoi" (Eybers, 1993:55) in *Respyt* (1993) wys sy die poësie as troos uit (vgl. Afd. III, 3.3). Ook dien die poësie op talle wyses as uitvlug uit of toevlug in lyding.

In *Noodluit* (1989) word die poësie as ontsnapping uit lyding of as "uitvlug" tot bundeltema gemaak. Die uitwys van die poësie as "toevlug" roep die uitspraak van Cloete (1970:46) oor *Onderdak* (1968) op, naamlik dat die poësie heelmaak en genees, tot akkoord bring, formeel laat voeg en klop, én daarom 'n toevlug is in die lewe. Hy noem dat die poësie nie 'n uitvlug ver van die lewe is nie (vgl. Afd. II, 3.4). Die poësie is wel terselfdertyd uitvlug en toevlug waar dit lewenslyding aangaan.

Elisabeth Eybers noem in hierdie gedig die bekoring wat die poësie inhou. Sy maak self die uitspraak dat die poësie 'n element van skoonheid het. Sy verwys na die skoonheid van die

taal (vgl. Jansen, 1996:148). Vir haar egter, is die skoonheid van die poësie alleen, sonder die besinning oor en uitklaring van lyding egter nie genoegsaam nie (vgl. Afd. II, 3.6). So is die poësie dan terselfdertyd uitvlug en toevlug te midde van die lewe.

Volgens Lindenberg (1995:103) se samevatting is die bundelinhoud 'n peins oor ouderdom, lewensomstandighede en lewensloop, dus dat die lewe in die poësie verwoord word. Elisabeth Eybers gee in die bundel die siening dat ook oor die doodgaan gepeins kan word, maar die dood self is buite die begrip en buite die omvang van die poësie. In *Nuweling* bied die gedig "Nuweling" 'n verklaring hiervan. As titelgedig word 'n verdere betekenis van die bundeltitel, naamlik om 'n nuweling te wees ten opsigte van die dood, in die gedig geaktiveer.

Nie dom nie, maar des te meer hardleers en koppig:
vandaar hierdie ongekende, half-wrokkige
weerstand teen redelike ouergesag
van sy eiewys dogters – aldus die beklag
van my vader wat maklik die woorde van Paulus
oor *vrouwens die immer leren en nimmer
tot kennis der waarheid komen* kon aanhaal
in Bybelse Hooghollands, statusbewus
naas die pittige tongval van elke dag.
(Selfs die toonkleur van daardie omslagtige taal
was gewaarborg, onthou ek, om ons te laat lag.)

Om te leer, te verloor of ter harte te neem,
op dié manier raak mens versoen of vervreem,
volg jy jou buigsame koers, aangepas
by die hobbels wat elke vooruitgang aantast.
Maar wat die gevorderdste skoling betref:
geen praalsiek talent of bypassende pyn
deurstraal nou my gees met sublieme besef,
tot geen proeftyd of repetisie verplig,
krimp ek, jammerlik groen en ongelukkig,
nog te amateuragtig om te verdwyn.
(*"Nuweling"*. *Nuweling*, 1994:38)

Hierdie gedig is verdeel in twee strofes waarin kindwees en oudwees, geluk en lyding, leer en nie tot kennis kom nie en die tot kennis kom, vergelyk word.

In die eerste strofe suggereer "hardleers en koppig" lewenskennis wat, soos hierdie gedig dit aanbied, van die ouers verkry word. Dit verklaar die aanhaling van die vader se woorde: "*vrouwens die immer leren en nimmer tot kennis der waarheid komen*". Die laaste twee reëls van die eerste strofe bevestig dit dat die begrip van die woorde van die vader by die kinders verbygaan:

(Selfs die toonkleur van daardie omslagtige taal
was gewaarborg, onthou ek, om ons te laat lag.)

Dit is die "toonkleur" waarmee die vader die woorde sê wat die aandag kry en lei tot die "lag". In die kinderlike onkunde is geluk geleë. In die gedigkonteks vind die gedigtitel hier 'n toepassing. Die kinders se onkunde maak van hulle nuweling ten opsigte van die lewe. Die verwysing na die lag of geluk, kontrasteer met die lewenskennis, insluitend kennis van lyding wat die dogter nou na baie jare en as ou vrou, opgedoen het, soos dit in die eerste vier reëls van die tweede strofe gestel word.

In die woorde "die hobbels wat elke vooruitgang aantast", kry lyding wat as 't ware op die lewenspad opgedoen word, betekenis. In teenstelling met "hardleers", is dit deur lewenslyding dat die mens "leer", "verleer" en "ter harte" neem. Daarmee wys die woorde terug na die woorde "*leren*" en "*tot kennis der waarheid komen*". Die uitkoms van die leerproses is die kom tot insig. Soos dit hier geld, is die besef dat mens in die eerste plek "versoen of vervreem" raak. Dit sal dan beteken dat mens lyding aanvaar en jou daarmee versoen. As dit in berekening gebring word dat Elisabeth Eybers in haar oeuvre lyding deurgrond en dan daarvan afstand neem, bevestig die woord "vervreem" die versoeningsproses (vgl. Afd. I, 2). So is dit moontlik om 'n "buigsame koers" te volg en aan te pas by lewenslyding. In Elisabeth Eybers se oeuvre verteenwoordig dit 'n vorm van geluk.

Teenoor die lewe as skolingsproses, stel Elisabeth Eybers in die laaste vyf reëls van die tweede strofe, die dood. Wat die gedig hier gee, is dat die dood geen leertydperk en kom tot kennis en insig bied nie. Daaroor bly die mens "jammerlik groen en oningelig", 'n nuweling. Dat die gedagte aan die dood aan die einde van die lewenspad as lydingsvol ervaar word, word nie alleen deur die woord "jammerlik" te kenne nie, maar ook deur "krimp".

Die aandeel wat die poësie in die skolingsproses het, word gegee in die woorde:

Maar wat die gevorderdste skoling betref:
geen praalsiek talent of bypassende pyn
deurstraal nou my gees met sublieme besef.

Terugverwysend word die woord maar betrek by die poësie as leerproses ten opsigte van die lewe. Teenstellend daarmee kan poësie geen kennis en begrip van die dood bied nie. Wat Elisabeth Eybers in hierdie gedig aantoon, is dat die poësie in sy verband met lyding lei tot lewenskennis en -begrip en versoening met lewenslyding. Oor die dood kan besin word en, soos Grové (1995b:225) dit stel, tot die besef gekom word om daaroor oningelig te bly. Wat hy hieroor noem, is dat hierdie insig nie die lyding laat verdwyn nie, maar dat die poësie soos dit in *Nuweling* voorkom, dit hanteerbaar en draaglik maak (vgl. Afd. II, 3.7).

3.5 LYDING EN SINGEWING DEUR DIE POËSIE

Waar Elisabeth Eybers in "Nuweling" (Eybers, 1994:38) in die bundel *Nuweling* (1994) die singewende funksie van die poësie, spesifiek ten opsigte van lyding aanraak, word dit in "Teësprak" in die gelyknamige bundel van 1991 die gedigtema. "Teësprak" is die titel-sowel as programgedig van die bundel *Teësprak* en by die heropneem van die gedigte in die bundel *Respyt*, ook die programgedig van die bundel (vgl. Afd. II, 3.6.3). Waar dit in beide bundels gaan om verganklikheid, aftakeling en die onontkombare dood (vgl. Lindenberg, 1993:86), is die poësie hier 'n soeke na die woord as teësprak of verset daarteen (vgl. Olivier, 1992:10).

Mens dig noodgedwongener oor ondraaglike dinge
of dinge wat eintlik geen reg het om te bestaan,
gebeure wat eerder ontken moet word of genegeer –
maklik gesê en nie minder maklik gedaan

tensy jy hul tog in die oog kyk, betas en takseer
en met steeds ondernemender woerdegegogel besweer.
Ondraaglikheid, onbestaanbaarheid tel dan nie meer
behalwe as prikkel om teësprak aan te gaan.

("Teësprak". *Teësprak*, 1991:31)

In die eerste strofe word lyding as rede vir die poësie uitgewys (vgl. Afd. II, 2.1.1). Deur die gebruik van "noodgedwongener" sluit Elisabeth Eybers aan by die funksie van die poësie soos gegee in beide *Rymdwang* (1987) en *Noodluik* (1989). Die klem wat geplaas word daarop om in nood gedwing te word om te "dig", word aangedui deur nie net noodgedwonge te gebruik nie, maar "noodgedwongener". Ook verwys Elisabeth Eybers hier nie spesifieke oorsake van lyding uit nie, maar vat dit saam as alle leed, "dinge" soos wat sy dit noem, wat nie verdra kan word nie en regtens nie eens moet wees nie.

Dit is ook nie net "dinge" wat lyding veroorsaak nie, maar ook "gebeure wat eerder ontken moet word of genegeer". Deur ook twee keer te stel dat gemaak moet word asof dit nie bestaan nie, word die bestaan van lyding weereens beklemtoon. Daarom dat Elisabeth Eybers in hierdie gedig aandui dat dit makliker gesê as gedaan is om die bestaan van lyding te ontken.

Met die woord "tensy" word aangedui dat 'n voorwaarde hieraan verbonde is. Dit is dat "jy hul tog in die oog kyk, betas en takseer" en dan met "woordegegegogel besweer". Hier geld die verklaring van Spies (1993:8) dat die poësie eers tot sy reg kom as in die lewe self tot eertlike konfrontasie gekom is, of soos die gedig dit stel, met lydingsvolle "dinge" en "gebeure". Dan toon die gedig die magiese verband wat bestaan tussen lyding en die poëtiese woord (vgl. ook "Woorde" (Eybers, 1978a:6), Afd. III, 3.2 en "Envoi" (Eybers, 1993:55), Afd. III, 3.3). Die toweragtige of wonderwerkagtige werking van die poësie is om die lydingsvolle werklikheid in 'n ander lig te stel en so lyding te "besweer". Dit impliseer dat deur die verwydering van lyding, geluk alleen oorbly.

In die laaste twee reëls van die gedig word aangesluit by die uitspraak wat Elisabeth Eybers (Lieske, *et al*, 1990:31) self oor lyding en haar digkuns gee, dat 'n mens jouself afvra wat die sin van lyding is (vgl. Afd. II, 2.1.1). Daarom dat lyding as gegewe, as motivering, of volgens die gedig, as "prikkel" dien vir die skryf van poësie. In hierdie gedig word die poëtiese woord voorgestel as die "teësprak" teen lyding en dit word die instrument om tot 'n vergelyk met lyding te kom. So verkry die poësie deel aan die singewing aan lewensleed (vgl. Afd. II, 2.1.3).

3.6 LYDING EN DIE AARD VAN DIE POËSIE

Volgens Elisabeth Eybers (1963b) is 'n essensiële eienskap van haar poësie die verwoording van die intieme, die onvatbare-op-eerste-sig en die ongerymde (vgl. Afd. I, 2). Soos aangetoon, gee haar poësie dan ook blyke van die geluk, die lyding en die uitklaring van lyding waardeur insig in die sin van lyding verkry word.

In *Nuweling* (1994) en *Tydverdryf/Pastime* (1996) gee sy in gedigte te kenne wat die fundamentele wese van haar poësie is. Die gedig "Tot besluit" in *Nuweling* moet weereens in die konteks van die bundel verstaan word. Die bewussyn van die ouderdom geld hier en in aansluiting by die bundeltitel, geld ook die nuwe lewensbenadering wat dit meebring.

Kan jy jouself nie die res van die kweiling kwytskeld?
Hierdie verregaande gewroet om die juiste woord,
kom daar geen end aan? Dink jy nie soms dit behoort
tot 'n onverantwoorde soort van na binne gekeerde geweld?

Is daar iets waar die mens hom uiteindelik op kan verlaat?
Naas alles wat in jou taal as verwerklikbaar geld
word dit wat by uitstek onnoemlik is nooit meer vermeld:
sypeldig, ontoenaderbaar, dieper dan liefde of haat.

Elke verwikkeling ontketen 'n nuwe toneel:
ontvlugting, viering, verheerliking, terapie ...
Die opvoerder self – al begryp so 'n stumper nie
presies hoe dit werk – voel oortuig dat dit alles kan heel.

Dus met 'n eerbiedige knik na volmaaktheid gemik
lê jy jou toe op die onontkoombare taak
om tot akkoord met tekortkoming te geraak
gedurende die jare of dae waaroor jy beskik.
(*"Tot besluit"*. *Nuweling*, 1994:41)

Hoewel hierdie gedig as tema het die lewensomstandighede in die ouderdom en die invloed wat dit op die digterskap uitoefen, vorm bepaalde kernaspekte van Elisabeth Eybers se digkuns deel van die gedigtema.

Hierdie gedig vind aansluiting by "Sewe dae op die rand van tagtig" (Eybers, 1994:31) daarin dat dit 'n besinning en uitklaring is van die besluit wat oor die poësie geneem is ten spyte van die omwentelinge wat die ouderdom meebring (vgl. Afd. III, 3.4). Die gedigtitel, "Tot besluit", bevestig nie alleen hierdie verband nie, maar dui in hierdie gedig ook op sowel 'n einde of slot, as op 'n slotsom of beslissing wat volg op 'n oorweging.

Die wyse waarop Elisabeth Eybers die gedigtema verwesenlik, is vraagstelling wat lei tot besinning. In die eerste strofe kom daar drie vrae voor. Die eerste is: "Kan jy jouself nie die res van die kwellung kwytskeld?" Met die tweede vraag word gekwalifiseer waarom die kwellung bestaan: die "verregaande gewroet om die juiste woord". Volgens die derde vraag impliseer dit 'n "onverantwoorde soort van na binne gekeerde geweld". Die digterskap word dus as lydingsvol voorgestel. Die kerndeel van die tweede vraag is: "Kom daar geen end aan?" Deur teenstellings lei die gedig tot 'n slotsom hieroor. Eerstens kan "alles" in die poësie verwoord word wat "as verwerklikbaar geld". Dit wat "nooit meer vermeld" word nie, is "sympelig, ontoenaderbaar, dieper dan liefde of haat". Hierdie woorde moet verstaan word in die betekenis van dig sodat niks kan deursyfer of bekend word nie, wat nie digterby gekom kan word tot begrip en versoening nie en so as 't ware, "onnoemlik" word. Dit alles staan in die lig van die "tekortkoming" soos die laaste strofe aandui.

Dieselfde geld ook in die derde strofe. Hier word die digter voorgestel as die vertolker van 'n rol in die spel van die poësie. Agtereenvolgens is dit "ontvlugting, viering, verheerliking, terapie". Al bring die ouderdom, soos verduidelik deur die woord "stumper", onbegrip van "hoe dit werk", bly die oortuiging dat die poësie "alles kan heel". Die verwysing na viering en verheerliking bring die geluk wat in die poësie verwoord word na vore en lyding deur ontvlugting en terapie. Deur ook nog die helende werking van die poësie te noem, verkry lyding groter prominensie.

Die laaste strofe toon inderdaad hoe die poësie helend werk. In sy verband tot die bundeltema, is die toepassing op die lewe om die noodwendigheid van die ouderdom te aanvaar en, soos die gedig dit stel:

om tot akkoord met tekortkoming te geraak
gedurende die jare en dae waaroor jy beskik.

Dit is ook net so van toepassing op die digterskap. Die digkuns verwerklik in die taal, maar in die ouderdom is daar dit wat "onnoemlik" is en dus "nooit meer vermeld" word nie. Ook dit vorm deel van die versoeningsproses: "om tot akkoord met tekortkoming te geraak".

Op die besondere wyse maak Elisabeth Eybers die betekenis wat die gedigtitel inhou, van toepassing op inhoud van die gedig. In die betekenis van einde of slot, dui die woorde, tot besluit, op die lewensloop en ouderdom of slotfase van die lewe. So ook is dit van toepassing op die digterskap in hierdie lewensfase. Waar dit die lewe en die digkuns aangaan, openbaar hierdie gedig die helende werking van die poësie. Die gedigtitel beteken egter ook om tot 'n gevolgtrekking of slotsom te kom. Ook hierdie betekenis word geaktiveer in die gedig. Die gevolgtrekking waartoe die gediginhoud voer oor die versoening met die lewe en die digterskap in die ouderdom, lê opgesluit in die vraag: "Is daar iets waar die mens hom uiteindelik op kan verlaat?" Volgens die gedig is dit geen vrywillige prysgawe van die poësie nie, maar 'n erkenning dat die ouderdom sy invloed laat geld op die digterskap. Die slotsom waartoe hier gekom word, is ook die antwoord op die vraag:

Hierdie verregaande gewroet om die juiste woord,
kom daar geen end aan?

Terselfdertyd is die slotsom ook die antwoord op die vraag: "Kan jy jousef nie die res van die kwelling kwytsteld?" In die verband noem Kannemeyer (1994) dat die pynlike aanwesigheid van die ouderdom lei tot die intense bewussyn van die digterlike taak. Hy wys in die algemeen daarop dat die "gewroet om die juiste woord" in die digkuns van Elisabeth Eybers 'n lewe lank duur, met die doel om tot "akkoord met tekortkoming te geraak".

Die gedig stel die vraag of die poësie nie 'n "onverantwoorde soort van na binne gekeerde geweld" is nie. Elisabeth Eybers (Lieske, *et al*, 1990:32) se siening hieroor is dat die digkuns iets pynliks inhou. Volgens haar is dit 'n kwelling en dat die poësie probleme veroorsaak, maar dit self ook weer oplos (Lieske, *et al*, 1990:25) (vgl. Afd. II, 2.1.3). Elisabeth Eybers

laat haar soos volg hieroor teenoor Lieske en Otten uit: "Je moet jezelf natuurlik heel wat moeite getroosten. Het is zo gek, zelfs een eenvoudig gedichtje dat kan soms dagen daar liggen. Iedere keer kijk je er na, en toch ben je niet tevrede. Je hebt ergens een ideaal van een geslaagd gedicht, sonder dat je het gedicht kent" (Lieske, *et al*, 1990:30). Hiermee verwys sy na die "gewroet om die juiste woord" soos die gedig aandui. Dit impliseer die "eerbiedige knik na volmaaktheid". Elisabeth Eybers noem dat waar die lewe nie so vlot en gelukkig verloop nie, die terapie van die woord vir haar nodig is (Jansen, 1996: 148,149) en dat die verwoording in die poësie so presies moet wees om klaarheid in haar gevoelens te skep (Kopland, *et al*, 1991:17), (vgl. Afd. I, 2). Hennipman (1975:10) gee 'n aanduiding van hoe Elisabeth Eybers die digterskap ervaar. Volgens hom is dit vir haar nie kwellend en verontrustend nie, maar rusgewend en bevrydend.

In hierdie gedig word die helende werking van die poësie voorop gestel. In die gedig self word verwys na "terapie". Elisabeth Eybers (Lieske, *et al*, 1990:29) verskaf self die verduideliking van die poësie as terapie met verwysing na die ontstaan van die bundel *Onderdak* (1968) en na aanleiding van haar persoonlike omstandighede. Sy noem dat sy haar aanvanklike verblyf in Nederland as verskriklik ervaar het. Die uitspraak van 'n psigiater in daardie tyd, was dat sy geen psigiatrie nodig het nie, omdat die poësie haar terapie is. Dit kan moontlik verklaar waarom *Onderdak* die enigste bundel is vanaf *Neerslag* wat geen direkte poëtikale gedigte bevat nie, terwyl die poësie as tema toenemend deel van die latere bundelinhoude word. Cloete (1970:42) noem *Onderdak* 'n bundel van metaforiese poësie waar die werklikheid op die poësie betrek word of poësie word. Soos hy dit stel, word die lewenservaring, 'n taalervaring. Oor dieselfde bundel wys Nepgen (1969:81) op die digterstaak wat omskryf kan word as die eksegese, die verduidelikende analise en die vereffening (vgl. Afd. II, 3.4.2). Die gedigte in *Onderdak* vertoon dus die bepaalde kerneienskappe van Elisabeth Eybers se digkuns.

In "Tot besluit" word die onderlinge verband tussen lewe en poësie verwoord. Die lewe dien as voedingsbron vir die poësie, wat op sy beurt die lewe verwerklik in die gedig. Die poësie bied ontvlugting, terapie en viering en verheerliking en is dit ook self. Hiermee verleen die digter uitklaring van en sin aan lyding. So word die poësie 'n samespel van lyding en geluk.

Ten laaste maak Elisabeth Eybers selfs net met die titelgewing aan hierdie gedig, duidelik wat sy met die "juiste woord" bedoel.

Die gedigte in *Tydverdryf/Pastime* (1996) wat oor kernelemente van Elisabeth Eybers se poësie handel, verleen verdere insig in die wese van haar digkuns. Deur die titels word beide "Poëtika" en "Metode" aangedui as poëtikale gedigte. "Poëtika" bevestig sekere aspekte van haar poësie wat in "Tot besluit" ook uitgelig is.

Geslaagde spronge wat my pen soms maak
 kan 'k slegs met moeite tuisbring of vermom
 asof ek doelbewus die kluts bewaak;
 nouliks van die geboortekok bekom,
 moet ek ontreddeering blindelings vertrou
 om hier en daar 'n oop seer aan te raak,
 per toeval iets herkenbaars te ontvou.

("Poëtika". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:16)

Die titel gee te kenne dat dit hier gaan om die digkunde of die teorie van die poësie. Wat Elisabeth Eybers met hierdie gedig doen, is om teorie teenoor praktyk te stel rondom die begrip van die geslaagde gedig. Verder dien die woorde "kluts" en "ontreddeering", albei in hulle betekenis as verwarring, as aanwysers waarom dit hier gaan. In die eerste drie reëls word aangedui dat die geslaagde gedig met moeite in verband gebring kan word of voorgestel kan word as sou dit volgens die reëls van die poësie geskied, soos deur die titel aandui. Deur die idioom, die kluts kwytraak, uit sy verband te plaas as "doelbewus die kluts bewaak", gee Elisabeth Eybers hier te kenne dat die geslaagde gedig nie volgens die kennis van die teorie van die poësie ontstaan nie. Die volgende vier reëls dien as verklarings hiervan en hier trek sy poësie en lewe saam. Dit moet dan in verband met die geslaagde gedig verstaan word dat "ontreddeering blindelings vertrou" moet word "om hier en daar 'n oop seer aan te raak". So word lyding as die wesensgrond van Elisabeth Eybers se poësie uitgewys. Die verband wat daar bestaan tussen die woorde "asof ek doelbewus die kluts bewaak" en die slotreël van die gedig word verklaar deur "ontreddeering" en die "oop seer" wat aangeraak word. Lyding werk dus mee om "per toeval iets herkenbaar te ontvou" van die poëtika.

Die gedig roep die digter se woorde op dat poësie nie iets is wat onderneem word nie, maar iets is wat gebeur (Eybers, 1991:21). Wat dit ook belig, is dat die poësie nie teorie is nie, maar praktyk wat van betekenis is vir die werklikheid, waarvan lyding deel is. In die gebruik van die woord "ontredding", wat naas verwarring ook wanorde beteken, kom Elisabeth Eybers verder uit by die gedig as patroongewing aan die chaos, wat meermale in haar poësie die beeld van lyding is (vgl. "Papier is geduldig", (Eybers, 1989:7), Afd. III, 3.3). So kom die singewing aan lyding tuis onder die poëtika.

"Metode" pas in onder die bundeltema van *Tydverdryf* en vind aansluiting by die gedig "Poëtika".

Jy strooi 'n handvol woorde op papier
 en gaan na bed.
 Wanneer jy wakker word moet jy ontdek
 of hulle in noodgeval kan tierelier
 en elke woord afwagend op sy plek
 'n onweerlegbare afspraak het
 met wat jy vrees, verdra of vier.
 ("Metode". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:38)

Die lighartige toon van die gedig sluit aan by gedagte van die poësie as tydverdryf: dat 'n "handvol woorde op papier" gestrooi word, of wat dit te kenne gee, versprei word. Die titel egter, dui op die erns van die digterlike handeling: 'n weldeurdragte handeling, gerig op 'n bepaalde doel. Die doel van die handeling is om vas te stel of woorde "in noodgeval kan tierelier", dus sing. Hiermee bevestig Elisabeth Eybers dat die lied die ekwivalent van die poësie, of woorde soos dit hier voorkom, is. Hiermee verskuif die fokus in die gedig na die werking van die poësie in die verhouding tot die digter. Die aktivering van die meervoudige betekenis van die woorde "ontdek", "onweerlegbare" en "afspraak" werk mee om die gediginhoud te verryk.

Die digter moet "ontdek", wat kan beteken tot kennis kom, asook om te ontdek wat verborge is of om te vind. Die ontdekking moet lei tot die vasstelling of die woord in poëtiese vorm in ooreenstemming is "met wat jy vrees, verdra of vier". Met die woord "onweerlegbare" in sy verband met ooreenkoms, dui Elisabeth Eybers 'n beredenerings- of besinningsproses aan. So

behels die ontdekking dan ook wat gevrees, verdra of gevier word. In wydomvattende terme gaan dit om lyding, besinning en geluk, wat soos Elisabeth Eybers dit hier gee, die essensie van haar digkuns vorm. Wat opval, is dat lyding voorrang geniet en eerste genoem word. In ooreenstemming met haar oeuvre, vorm die besinning die brug tussen lyding en geluk.

In die geheel gee die gedigte wat die verband tussen lyding en die gedigboodskap blootlê, te kenne dat Elisabeth Eybers se poësie ontstaan uit die lewenswerklikheid, dit wil sê die lewe self met al die lyding en geluk asook die wete van die dood.

Die poësie self kry sin deurdat dit wat die lewe is, verwerklik word in die gedig. Die gedig verleen vorm daaraan en bring permanensie en so word dit teen verganklikheid bewaar. Deel van die ordeningsproses is die besinning.

Vir Elisabeth Eybers is die besinning oor lyding noodsaaklik (vgl. Afd. II, 2.1.3). Dit loop uit op die singewing aan lyding. In die singewingsproses verkry die poësie in haar oeuvre, soos die gedigte hier duidelik maak, sy belangrikste funksie.

Al mag die konteks van en die woordgebruik in die afsonderlike gedigte verskil, ingebed in die inhoud van Elisabeth Eybers se poësie kom die genesende, heelmakende en bevrydende funksie van die poësie voor. Waar dit nie kan bevry nie, bring dit troos of versagting van lyding en werk mee om lyding te verdra en om weerbaar daarteen te wees. Genoemde is alles aspekte wat 'n eie gelukselement inhou. Of die klem in die bundels op lyding of geluk val, die poësie dien dus deurlopend die funksie om tot geluk te kom.

Elisabeth Eybers noem die poësie 'n uitvlug of 'n toevlug (vgl. "Sewe dae op die rand van tagtig", (Eybers, 1994:31), Afd. III, 3.4). Wat sy daarmee sê, is dat die poësie nie alleen teen lyding werk nie en so 'n bewerker van geluk word nie, maar dat die poësie is, gelyk aan wat dit bewerkstellig, naamlik geneser, heelmaker, bevryder, trooster en deur kennis en insig te verleen, weerbaarmaker. So word die poësie die gelukbringer.

4 DIE VERBAND TUSSEN LYDING, DIE GEDIG EN DIE DIGTERSAP

Die besondere verband wat daar bestaan tussen die digter en die gedig in Elisabeth Eybers se poësie blyk uit die voorafgaande bespreking. Die digterskap self bevat, soos Elisabeth Eybers se poësie dit aantoon, 'n element van lyding. Aspekte daarvan kom voor in "Vademekum" (Eybers, 1989:38) in *Noodluik* (1989) en "Envoi" (Eybers, 1993:55) in *Respyt* (1993) waarin die invloed van die poësie 'n negatiewe uitwerking het op die gewone lewe van die digter (vgl. Afd. III, 2.2, 3.3). In "Tot besluit" (Eybers, 1994:41) in *Nuweling* (1994) word die verwoordingsnood aangeraak (vgl. Afd. III, 3.6). In hierdie afdeling val die fokus op watter verdere lydingsaspekte die digterskap inhou.

4.1 LYDING, DIGTERSAP EN LESER

In "Reëls" in *Balans* (1962) word die leser betrek by die lyding wat die digterskap meebring.

Word die erosielose steen
 – onverwisselbare mineraal
 wat niemand ken – herken deur een,
 geduldig uit die gruis gehaal,
 trots en met teerheid teruggedra
 en in die holte van sy hand
 tentoongestel: geen spekulant,
 geen kwanselaar sal daarna vra,
 verbruikers sal nie twee keer kyk
 na iets waarop geen waarmerk pryk
 maar kermisgangers sal vergaar
 om na die prisma-spel te staar,
 verwardes en gekweldes sal
 die klaarheid raadpleeg soos kristal
 en liefhebbers van swier en glans
 sal glimlag voor die sprankeldans.

Die koue lig trek saam tot gloed.
 Benewel deur die wrede steen
 staan hy – onwesentlik, alleen,
 moet hy die somber lis bewaar
 van harlekyn en goëlaar.

Vergeef hom dat hy niemand groet.
 ("Reëls". *Balans*, 1977a:12)

In hierdie gedig gaan dit om die digter en die leser met die poësie as die verbinding tussen digter en leser. Terselfdertyd gee Elisabeth Eybers hier verdere insae in die aard van haar digkuns.

Deur die diamantbeeld word die poësie voorgestel as die kosbare, die tydlose en teen verwerkingbestande "erosielose steen". Die verdere omskrywing van die poësie as "onverwisselbare mineraal" verwys nie net na erosieloos nie, maar dien ook as verwysing na onruilbaar. Deur hierdie eienskappe aan die poësie toe te ken, neem die besinning oor die aard van Elisabeth Eybers se poësie 'n aanvang. Dit word aangebied as 'n waardebeplating van die poësie. Soos dit in die gedig gestel word, dra haar poësie nie die "waarmerk" van dit wat "spekulant", "kwanselaar" en "verbruikers" as waardevol reken nie. Die waarde van haar poësie is verbonde aan 'n ander soort leser: "kermisgangers", "verwardes en gekweldes" en "liefhebbers van swier en glans". Elisabeth Eybers gebruik die ligbeeld wat verwant is aan die diamantbeeld, om die werking van die poësie en die waarde daarvan vir dié besondere lesers aan te toon. In die "prisma-spel" waarna die "kermisgangers" "staar", is die vreugde- of geluksaspek van haar poësie waar te neem. Die "verwardes en gekweldes" word saam geplaas daarin, dat hulle die "klarheid raadpleeg soos kristal". Hierin vat Elisabeth Eybers die lydingsaspek van haar poësie saam: uitklaring en verheldering van dit wat verwarring en lyding veroorsaak. Hiermee word die ordeskeppende aktiwiteit van haar poësie uitgelig, terwyl die woorde "raadpleeg soos kristal", dui op die toweragtige werking van die poësie soos wat dit in haar oeuvre voorkom (vgl. Afd. III, 3.2). Laastens word die skoonheidsaspek van die poësie toegelig deur te noem dat:

.... liefhebbers van swier en glans
 sal gliimlag voor die sprankeldans.

Wat Elisabeth Eybers hier aantoon, stem ooreen met die siening wat sy self gee van haar poësie, naamlik dat die gedig soos deur die leser gelees, gerig word volgens die

lesersverwagting (vgl. Eybers, 1963b). Dit is hierin waar die lydingsaspek vir die digter geleë is. In teenstelling met die "trots" en "teerheid" waarmee die diamant as beeld vir die poësie, in die begin van hierdie gedig, "tentoongestel" word, is die lesersverwagting aandadig aan die lyding wat die digterskap inhou. Deur die lig- en diamantbeelde verder te voer, word die diamant die "wrede steen" waarin die "koue lig" saamtrek "tot gloed". So word al die eienskappe van lig wat aan die diamant verbind word, die "prisma-spel", "kristal" en "sprankeldans" en die betekenis wat dit verkry in die eerste strofe, in die poësie saamgetrek. Wat die gedig hiermee aandui, is dat die poësie 'n leser veronderstel. Dit kry dienooreenkomstig toepassing op die digterskap, soos die woord "onwesenlik", in verband gebring met die digter, geen digterskap sonder leser veronderstel nie. As deel van die lyding wat die digterskap dan so vir die digter meebring, is om "alleen" die "somber lis" te "bewaar" van "harlekyn en goëlaar". Daarmee sluit Elisabeth Eybers aan by lyding en geluk soos wat dit in haar poësie voorkom. Sy sonder hierin die digter uit as enkeling vanweë sy andersoortige kyk. Die digter sien die diamant, maar hy moet kommunikeer, tog laat dit hom eensaam bly. Daarom rig Elisabeth Eybers namens die digter in die slotreël die versoek: "Vergeef hom dat hy niemand groet".

Die gedig is in homself 'n uitklaring van hierdie lydingsaspek van die digterskap en word in die laaste strofe ook die verrekening van die besondere lyding. Op die wyse skakel die gedigboodskap van hierdie gedig in by die balanstema van die bundel *Balans*, waaruit dit kom (vgl. Afd. II, 3.4.1).

In hierdie gedig word daar verwys na "verbruikers" wat in 'n ander verband in die bundel *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) voorkom. In *Verbruikersverse/Consumer's verse* word die digter en die leser as verbruikers van die poësie aangedui, juis omdat hulle poësie nodig het om sy funksie om van lyding tot geluk te kom (vgl. Afd. II, 3.7.3). Hierdie funksie van die poësie kan tuisgebring word onder die begrip van die waarmerk van haar poësie (vgl. "Kritiek", (Eybers, 1978a:12), Afd. III, 2.2). Die toepassing van verbruikers in hierdie gedig is egter op die wat nie belangstel in, soos Elisabeth Eybers dit hier noem, die "waarmerk" van haar poësie nie. Die gebruik van die woord "verbruikers" weerspreek in sy gebruik in hierdie gedig nie wat die aard van haar poësie is nie.

4.2 LYDING, DIGTERSKAP EN DIGTER

In homself geleë, hou die digterskap verdere bepaalde vorme van lyding vir die digter in. "Muse" in *Kruis of munt* (1973) bring die lyding wat die keuse vir die digterskap vir die digter meebring, na vore.

Die doel van sy gedrag word nou en dan
 waarneembaar; uit die rommel en afbraak
 van elke dag wat hy deursif herwin
 hy stukkie glas en splinters kwarts en tin
 om 'n flikkerende mosaïek te maak
 met urelange martelende getuur,
 'n kop wat klop en oë soos klodders vuur.
 O hierdie hardepad – geen sterfling kan
 by sy verstand die selfbedagte taak,
 die langsaam blootlé, kies en konstrueer
 volvoer, was daar nie iewers 'n oerplan
 wat sy geheue nog steeds hipnotiseer,
 wat hy nie meer uit sy breinkronkels ban...
 Die staat versorg intussen sy gesin.

("Muse". *Kruis of munt*, 1975b:20)

Elisabeth Eybers bied hierdie gedig aan as 'n verklaring van die digter se handelswyse: die grond van die handelswyse en die uitkoms daarvan. Terselfdertyd dien dit ter verklaring van die ontstaansgrond van die poësie en wat die uitkoms daarvan is. Die digter bring dit alles tuis onder inspirasie, die muse, soos die titel aandui.

In die eerste reël noem Elisabeth Eybers dat dit gaan om die doel van die digterlike handeling wat behels, soos verklaar in die gedig, die "deursif" van "elke dag" se "rommel en afbraak". Dit behels verder om "stukkie glas en splinters kwarts en tin", op sigself losstaande eenhede, te "herwin" en saam te voeg tot 'n geheel, die "flikkerende mosaïek". Die uitkoms van die digterlike handelswyse is dus om, ten grondslag aan die daaglikse lewe, uit die ongeordende chaos, patroon te skep. Gelyktydig beteken dit ook om dit wat afsonderlik staan in 'n verband te plaas. Deur die "mosaïek" te kwalifiseer as flikkerend, word die uitstraling van lig gesuggereer. In die konteks van Elisabeth Eybers se oeuvre, kan die verhelderende werking van haar poësie hierin verstaan word. So word daar in hierdie gedig van die negatiewe na die

positiewe gekom wat eweneens kenmerkend is van haar oeuure. Op sy beurt sluit dit aan by die bundeltema van *Kruis of munt* waarin die kontraswerking in Elisabeth Eybers se poësie so sterk figureer (vgl. Afd. II, 3.4 3). Soos dit in hierdie deel van die gedig aangebied word, dien die lewe self as inspirasie vir die poësie. Die doel van die poësie is om van die negatiewe na die positiewe, of die geïmpliseerde lyding na geluk te kom. Dit is in ooreenstemming met die grondslag van die digterlike handeling en die uitkoms waarop dit gerig is.

Vanaf die sesde tot die dertiende reël verskuif die fokus van die gedig van die verband tussen die digterlike handelswyse en die poësie na die verband tussen die digterlike handelswyse en die digterstaak. Die digterlike handeling bevat in homself 'n aspek van lyding. Soos die gedig dit gee, behels dit "urelange martelende getuur" en "n kop wat klop en oë soos klodders vuur". Hierdie werkswyse spruit uit die digterstaak wat ten doel het die "langsaam blootlê, kies en konstrueer". Hiermee word aangesluit by die eerste deel van die gedig. Dit behels die "blootlê" en "kies" en in die gebruik van die woord "konstrueer" ook saamstel van wat in die gedig die "mosaïek" genoem word. Hierdie aktiwiteit is van toepassing op die poësie sowel as op die lewe en dui aan dat die poësie sy inspirasie put uit die gewone lewe. In hierdie gedig verwys Elisabeth Eybers verder na die digterstaak as die "hardepad", soos straf met hardarbeid, "die selfbedagte taak" wat niemand "by sy verstand" uit vrye wil kan volvoer nie, tensy daar 'n "oerplan" daarmee bestaan. So ontstaan die verband tussen die digterstaak en die inspirasie, die muse, wat die gedigtitel aandui. Die oerplan word dan weer verbind aan die digter as iets wat "sy geheue nog steeds hipnotiseer" en "nie meer uit sy breinkronkels" te "ban" is nie. So bind Elisabeth Eybers die inhoud van hierdie gedig tot 'n eenheid rondom die begrip digterskap. Dit behels inspirasie, digter, digterstaak, digterlike handeling en gedig. Hier word die lewe, as inspirasie vir die gediginhoud, deel van die geheel. As deel van die gediginhoud oor die lewe, vervul die poësie die funksie om van die negatiewe na die positiewe te kom.

Die slotreël: "Die staat versorg intussen sy gesin", skep die moontlikheid van 'n ironiese beskouing van hierdie gedig. Dit sal beteken dat Elisabeth Eybers met selfspot aandui dat die digter nie eintlik werk nie en dus nie nuttig is of iets nuttigs voortbring nie. In die lig van die positiewe siening van die aard van die poësie soos dit in hierdie gedig weerspieël word, dien

die slotreël as 'n bevestiging van die positiewe werking wat van die poësie uitgaan. So verstaan, beteken dit dat die lyding wat die digterskap vir die digter meebring, sy geldigheid verloor in die lig van die waarde of nut wat dit vir die digter inhou.

Nog 'n gedig waarin fisieke lyding deel van die digterskap is, is "Antwoord" in *Noodluik* (1989).

Of ek nog dig? – Die trae antwoord klink: soms
 waarsku hoofpyn of onbehae my iets is op koms.
 Daar staan ek dan met die ietwat verstrooide frons
 van iemand wat herkou en alles hardnekkig verteer.
 Sonder seker te weet waarteen vingers en voete stuit
 vorder ek voel-voel, versigtig rek ek my uit
 om die woorde wat binne my borrel te akkommodeer.
 ("Antwoord". *Noodluik*, 1989:33)

Die vraag waarmee die gedig begin, veronderstel 'n antwoord, soos die gedigtitel in die vooruitsig stel. Die inleiding tot die antwoord: "Die trae antwoord klink", suggereer die terughoudendheid waarmee Elisabeth Eybers oor haar eie poësie praat (vgl. Eybers (1963), Eybers, 1991:21). Die wyse waarop die vraag gestel word, naamlik "Of ek nog dig?", skep die moontlikheid om, soos Elisabeth Eybers dit wel in hierdie gedig doen, die kern van haar digkuns saam te vat. Dit sluit weereens in digter, digterstaak, digaktiwiteit, digproses, die verband tussen lewe en haar poësie en laastens die verband tussen lyding en geluk, dus alles wat haar digterskap uitmaak. In die gedig word die poësie gelyk gestel aan "woorde". In die woordkeuse en die betekenis wat so ontsluit word, kan al die aspekte sover dit haar digkuns raak, waargeneem word.

Soos hierdie gedig verloop, kom ook die digproses van die begin tot die einde aan bod. Van belang is dat hierdie gedig begin by lyding, en hier die fisieke lyding van die digter waarna die gedig sy ontstaan kry. Opvallend is dat Elisabeth Eybers nie alleen die woord "hoofpyn" gebruik nie, maar ook "onbehae" wat beteken om nie genoeg met iets te neem nie en nie plesier daaruit te put nie. Saam is dit 'n vorm van lyding. Die poësie begin dus by liggaamlike en geestelike lyding en word opgevolg deur die besinning. Volgens die gedigegewe verloop die besinningsproses volgens 'n sekere patroon. Die denkproses, soos verwoord in die

verwysing na "verstrooide frons", behels die "alles herkou en hardnekkig verteer". Die betekenis van hierdie woorde, soos dit in die konteks van die gedig toepassing vind, is die herhaalde dink oor dieselfde ding en alles sonder verposing geestelik verwerk. In hierdie woordkeuse van Elisabeth Eybers is daar die suggestie van die besinning as 'n lang en moeisame proses. Op die wyse waarop dit gestel word, word liggaamlike sowel as geestelike lyding in hierdie deel van die gedig uitgelig.

Die laaste drie reëls verwoord die wording van die gedig.

Sonder seker te weet waarteen vingers en voete stuit
vorder ek voel-voel, versigtig rek ek my uit
om die woorde wat binne my borrel te akkommodeer.

Met dié woorde raak Elisabeth Eybers aspekte van haar digkuns aan wat sy reeds in haar 1963-lesing verduidelik het. Daarin stel sy dit soos volg: "Mens voel altyd self enigsins verbaas oor die finale gestalte wat 'n gedig aanneem omdat jy, voor jy na die potlood en papier getas het, waarskynlik maar 'n wasige voorstelling daarvan gehad het. As dit "af" is, herken jy allerlei komponente daarin: gedagtes, waarnemings, gewaarwordinge, soms van baie lank gelede, wat jy gemeen het dat jy vergeet het, maar wat intussen 'n soort distillasie ondergaan het. Uit 'n groot aantal potensiële bestanddele het enkele grasia ontvang – dié wat hulle op die regte oomblik met die grootste oortuigingskrag aangemeld het, wat plotseling intiem verwant bly, wat mekaar aanvul en saamsluit soos stukkie van 'n legprent" (Eybers, 1963b). In hierdie gedig vat Elisabeth Eybers dan dieselfde gedagte kernagtig saam. Die eindpunt is dit waarteen sowel "vingers" as "voete stuit". Daar die vingers die skryfhandeling uitvoer, kan aanvaar word dat "vingers" geassosieer kan word met die skryf van die poësie. In Elisabeth Eybers se oeuvre, onder andere in *Respyt* (1993), in die gedigte "Die pad" (Eybers, 1993:13) en "Samevatting" (Eybers, 1993:54), word die lewe voorgestel as die aflê van die lewenspad. Die "voete" wat in hierdie gedig genoem word, kan geassosieer word daarmee. Die gebruik van die woord "weet", hier in sy betekenis van nie weet nie, dui op die onbekendheid tot op hierdie punt van die digproses, dus van wat die eindpunt met betrekking tot die poësie en die lewe sal wees. Ten opsigte van die lewe is nog nie tot kennis, insig en begrip gekom nie. Die onbekendheid van die uitkoms van die poësie word hiermee bepaal.

Die betekenis daarvan is dan dat die poësie verhelderend moet werk, dat "voel-voel" met "woorde" tot die kennis gekom moet word van "waarteen vingers en voete stuit". Die bewoording in die laaste reël is ook veelbetekenend. Uit "woorde wat binne my borrel", kan afgelei word dat die poësie en die digterskap interafhanklik is: die poësie van die digter ten opsigte van sy uitkoms en die digter van die poësie ten opsigte van die uitkoms van die gedig en die kom tot kennis, insig en begrip van die lewe self. In totaal werk die hele digproses deur van die negatiewe na die positiewe, weereens gaan dit om die proses om van lyding na geluk te beweeg. In die konteks van die gedig suggereer die woord "borrel" iets wat met plesier verbind kan word. Wat Elisabeth Eybers hiermee in die gedig te kenne gee, is dat die lyding wat die digproses meebring, deur die gedig self omgeskakel word na geluk.

In hierdie twee gedigte, in twee bundels wat in tyd ver verwyderd is (1973 en 1989), verwoord Elisabeth Eybers met die digterskap as uitgangspunt, wat die aard van haar digkuns is, die verband tussen lewe en poësie en digter en gedig om uitendelik uit te kom by die gedagte van lyding na geluk.

4.3 LYDING, DIGTERSAP EN DIE WOORD

Om deur te dring tot die kern is, soos Elisabeth Eybers se oeuvre openbaar, onskeibaar van die besinningsproses oor lyding. Die besinningsproses is 'n noodsaaklikheid om tot 'n greep op die werklikheid te kom wat deel van die versoeningsproses uitmaak (vgl. Afd. II, 2.7). Aan die grond hiervan lê die stropingsproses om tot die essensiële te kom. Die vereiste hiervoor is die essensiële woord (vgl. Kannemeyer, 1995a:7).

In *Balans* (1962) en die later bundel, *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997), verwoord Elisabeth Eybers die besinningsaspek en gee terselfdertyd blyke van hoe die verwoording in die gedig verband hou met die verloop van die lewe en van die digterskap. Die eerste van die gedigte is "In extremis" in *Balans*.

Verbiddeloos in ewewig
wieg my gedig
wanneer ek insien hoe dit is:

geen mymering
 en geen gegis
 oor wat ek meet
 om bloot te lê.

In die begin kon ek dit sing.
 Toe is dit my gegun om dit te sê.
 En nou moet ek die laaste woorde sweet.
 ("In extremis". *Balans*, 1977a:60)

Soos die gedigtitel te kenne gee, gaan dit in hierdie gedig om 'n bepaalde tydstop in die digproses, die allerlaaste moment. In die eerste drie reëls sluit die gedig aan by die bundeltema van *Balans*. Antonissen (1963:16) noem dat die gedigte in hierdie bundel in ewewig is en begaan is oor die vind van ewewig, die uitbalanseer van onewenhede en ewewigstorings en die herskommeling, verrekening en vereffening tot balans. Hy maak die uiteensetting van toepassing op die poëtiese sowel as op die menslike vlak (vgl. Afd. II, 3.4.1).

Met die aanvangsreëls dui Elisabeth Eybers die vaste punt aan, dus die ewewigspunt:

Verbiddeeloos in ewewig
 wieg my gedig
 wanneer ek insien hoe dit is:

Hier tree die gedigtitel verklarend op. Die ewewigspunt is dus die allerlaaste moment. Eerstens verbind sy dit aan die digproses. Opvallend is die gebruik van die woord "wieg" en nie "wiegel" wat op skommeling dui nie. Wiegel sou wel teensprekend wees aan die ewewigsgedagte soos die gedig dit gee. In die gedigkonteks word daar deur die gebruik van die woord "wieg", in sy betekenis as aanduiding van plek van oorsprong, gedui op die oorsprong van die ewewigspunt van die gedig. Daar is egter 'n voorwaarde verbonde aan die bereiking van die gedig in ewewig. Poëties is dit eers moontlik om die ewewigspunt te kan bereik, soos Elisabeth Eybers dit stel, "wanneer" op persoonlike vlak, "ek insien hoe dit is". Op hierdie punt verteenwoordig die gedig die bundeltema: die bereiking van ewewig, poëties en persoonlik na die uitbalanseer van ewewigstorings en die herskommeling, verrekening en vereffening, soos Antonissen (1963:16) daarna verwys. Dit is dan ook hierdie punt waar

mymering en gegis ophou en is dit die *in extremis*-beslissing oor wat gemeet word, "om bloot te lê". Wat Elisabeth Eybers hier gee, verkry sy volle betekenis as die gediginhoud geplaas word in verband met die lydingstema soos wat dit in haar oeuvre verwoord word. Waar dit hier gaan om die verrekening en vereffening van lyding, voer Elisabeth Eybers die tema deur na die tweede strofe. Waar die klem in die eerste strofe op die poësie val, verskuif dit in die tweede strofe na die digter self en kry so toepassing op haar oeuvre tot op daardie stadium, van die "begin" tot "nou", soos sy dit in die gedig stel.

Die jaar nadat *Balans* (1962) gepubliseer is, lewer Elisabeth Eybers haar Brusselse lesing (Eybers, 1963). Met betrekking tot die ontwikkelingsgang van haar poësie, verwys sy na haar vroeëre gedigte en dat dit in herinnering roep "hoe eenvoudig die lewe destyds gelyk het". Hiermee in gedagte, en uit die inhoud van hierdie gedig, is te verstaan dat in die gang van die lewe die lydinglas toeneem. Dat dit noodwendig ook sy invloed op die digterskap laat geld, gee Elisabeth Eybers weer deur die verloop van die verwoording van die poësie van "sing" na "sê" na "sweet" te voer.

Op dieselfde tema kom Elisabeth Eybers terug in "Fase" in *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) in 'n ander stadium van haar lewe en digterskap.

Aarselend kyk ek die trappe aan
 waarlangs ek binnekort moet gaan ...
 Hoewel ek nog werktuiglik neig
 om klanke aanmekaar te ryg
 wanneer ek in die toekoms tuur
 verdoesel deur herinnering
 bevind ek my reeds in die buurt
 bestem vir lukraak mompeling.

Kragtens 'n duur verworwe guns
 word weergee van gewaarwording
 nie langer, kom wat wil, gedwing
 deur distilleerkolf van die kuns
 maar ingekort tot binnensmonds:
 wat ek van hierdie fase vind
 is tot op datum wisselend
 en bly voorlopig onder ons.

("Fase". *Verbruikersverse/Consumer's verse*, 1997:8)

Die bundeltema van *Verbruikersverse/Consumer's verse* is die behoefte aan die poësie wat spruit uit die fase van die ouderdom. Van Zuydam (1998:6) verwys daarna as die eindfase en dat dit as benouend beleef word. Soos hy dit stel, verwys die eerste twee reëls in hierdie gedig na die voorbereiding vir die dood. Hy wys ook daarop dat die digterskap deur die ouderdom geraak word.

Volgens Grové (1998:266) wys die gedig die digproses as 'n bewuste aktiwiteit uit: "om klanke aanmekaar te ryg" oor die "toekoms". In aansluiting by die aanvangsin dien die poësie as verwoording van die lyding by die huiweringswekkende gedagte aan die dood: "wanneer ek in die toekoms tuur". In die gedig word dit duidelik gestel dat die poësie nog steeds die doel dien om te besin oor lyding. Dat die ouderdom sy invloed op die digterskap laat geld, word ook duidelik in die gedig uitgewys in die verwysing na die poësie in die ouderdom as 'n "lukraak mompeling".

In die tweede strofe word lyding, lewe en poësie paradoksaal saamgetrek as 'n "duur verworwe guns". Deur die poësie as stroping tot die kern of distilleringsproses hier te noem, word die verwoording van lyding en die werking van die poësie teen lyding soos dit in Elisabeth Eybers se oeuvre voorkom, deel van die betekenis van hierdie gedig gemaak. So is die poësie, hoewel in die verwoording in die ouderdom "ingekort tot binnensmonds" steeds deel van die verrekening en vereffening van lyding.

In die gedig word die volgende gegee:

wat ek van hierdie fase vind
is tot op datum wisselend
en bly voorlopig onder ons.

In die konteks van die gedig verkry die hierdie woorde die betekenis van die lyding van die ouderdom afgewissel met die geluk waaraan die poësie meewerk. Of Elisabeth Eybers dit sing, sê, sweet of mompel, in haar poësie kry die leser wat in hierdie gedig in die slotreël betrek word, 'n blik op lewenslyding en lewensgeluk.

5 GEVOLGTREKKING

Die gedigte wat in hierdie afdeling geanaliseer is, is gedigte met die poësie as tema. Uit hierdie gedigte blyk dat Elisabeth Eybers lyding as lewenswerklikheid deel van die gediginhoud beskou. Sy verleen erkenning aan die kommunikatiewe aspek van die poësie. Uit hierdie gedigte is dit ook duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen die leser en aspekte van lyding wat verband hou met die poëtiese inhoud. Lyding neem 'n belangrike plek in in die verband tussen die digter en die gedig.

5.1 POËSIE, LEWE EN LYDING

Uit die inhoude van die poëtikale gedigte kom dit na vore dat lyding 'n sentrale gegewe in al die gedigte is en dat Elisabeth Eybers op 'n besondere wyse met lyding as gegewe van die poëtiese inhoud omgaan.

Wanneer haar oeuvre beskou word, vorm lewe en poësie, waarop afwisselend in bundelverband die hoofklem geplaas word, die inhoud van haar digkuns (vgl. Afd. II, 4.1). Die gedigte met die poësie as tema word hierdeur in hulle bundelverband ter sprake gebring. Van hierdie gedigte is programgedigte. Wanneer hierdie gedigte in die konteks van hulle onderskeie bundels nagegaan word, blyk dit dat hulle voorkom in bundels waarin die hoofklem op die poësie as tema en in bundels waarin die hoofklem op die lewe as tema val. In *Neerslag* ("Behoud"), *Rymdwang* ("Rymdwang"), *Noodhuik* ("Papier is geduldig") en *Teësprak* ("Teësprak") is die gedigte programgedigte. Hieruit is af te lei dat die onderskeie bundelinhoude volgens die programgedigte verstaan moet word. Waar hierdie gedigte elkeen aspekte van lyding as tema het, stel dit lyding as tema van die bundels in die vooruitsig.

In *Belydenis in die skemering* ("Die lied") kom poësie en lewe as tema aan bod. In *Einder* ("Lectori Salutem", "Woorde") en *Verbruikersverse/Consumer's verse* ("Verbruikersverse") val die hoofklem op die lewe. Die gedigte uit hierdie bundels handel oor aspekte van lyding in hulle verband met lewe en poësie. Uit die nagaan van die bundeltemas van die onderskeie bundels, word dit duidelik dat lyding op een of ander wyse verband hou met die

bundelinhoud. In die bundels laat Elisabeth Eybers lyding op 'n unieke wyse in elke bundel inpas by die bundeltema en so by die gediginhoude (vgl. Afd. II, 4.3).

Elisabeth Eybers se poësie handel dus met lewenswerklikhede. Reeds vanaf *Belydenis in die skemering* (1936) is emosie en ervaring deel van die inhoud van haar poësie en dit loop deur haar oeuvre tot met *Wintersurplus* (1999). Van Rensburg (1989:10) noem dat die bundels 'n korrelasie vertoon tussen lewensomstandighede, poëtikale opvatting en die bundel se inhoud. Uit haar bundels blyk die volle omvang van lewe. Soos die poëtikale gedigte wat onder die loep geneem is, te kenne gee, is dit die lydingsvolle werklikheid en die doodsgedagte en verganklikheid, wat in Elisabeth Eybers se poësie die sentrale gegewe is en dus die wesensgrond van haar poësie vorm.

5.2 POËSIE, POËTIKALE OPVATTING EN LYDING

Die verband tussen lyding en Elisabeth Eybers se poësie verleen aan haar digkuns sy unieke aard. Uit die gedigte wat hier bespreek is, kom dit na vore dat sy self lyding as inspirasie vir haar poësie uitwys. In haar oeuvre kom dit voor as die persoonlike rekenskap gee van lyding, die deurdring tot die sin daarvan, met as doel 'n versoeningsproses. In ooreenstemming daarmee verkry haar poësie 'n besondere funksie en werking wat die aard van haar digkuns vertoon. Die gedig dien om te reflekteer op lyding en deur te dring tot die essensie daarvan. Die implikasie hiervan is dat haar poësie nie in lyding vassteek nie, maar beweeg na wat breedweg geluk genoem kan word. Ten grondslag hieraan vorm lyding 'n belangrike element van die kontrasstelling met geluk wat in Elisabeth Eybers se poësie voorkom.

Sy gee van die begin van haar oeuvre blyke van die onvolmaakte werklikheid wat in haar poësie weerspieël word. Daarom dat sy in *Belydenis in die skemering* (1936) die poëtiese inhoud voorstel as dit waaroor die digter juig en ween, dus geluk en lyding (vgl. Afd. III, 1.1). Haar poëtikale gedigte klaar die kontrasstelling tussen lyding en geluk in haar poësie uit. Dan is dit ook moontlik om uit die aard en werking van haar poësie die plasing van eers lyding en dan geluk, soos wat dit voorkom in *Neerslag* (1958) en *Winter-surplus* (1999) te verstaan (vgl. Afd. III, 3.1).

Uit die bespreking van die bundeltemas, is dit duidelik dat Elisabeth Eybers elke bundelinhoud in haar oeuvre laat inpas by die bundeltema onder die bundeltitle (vgl. Afd. II, 4.3). Dit volg dat die lyding-en-gelukspaar in haar oeuvre in verband staan met die bundelinhoud en bundeltitle van elke afsonderlike bundel. As die verband tussen poësie lyding en geluk in haar bundels nagegaan word, is daar 'n bepaalde werking van die poësie waarneembaar. Die uitsondering is die eerste drie bundels, *Belydenis in die skemerig* (1936), *Die stil avontuur* (1939) en *Die vrou en ander verse* (1945) waarin egter ook lyding sowel as geluk voorkom. In *Die ander dors* (1946) verwoord die poësie die louteringsgedagte en in *Tussensang* (1950) die weerbaarheid teen lyding. Lyding werk agtereenvolgens mee in die suiweringsgedagte in *Die helder halfjaar* (1956), die begrensing en ontgrensing van lyding en geluk in *Einder* (1977), die verlening van 'n vergesig en die groei tot sorgeloosheid in *Bestand* (1982). In *Dryfsand* (1985) kom die verweer teen lyding voor. In die groep bundels vanaf 1994 tot 1999 is die lyding wat deur die ouderdom meegebring word 'n belangrike tema. In *Nuweling* (1994) dien die poësie ten opsigte van lyding as uitvlug en toevlug en het 'n helende werking. In *Tydverdryf/Pastime* werk die poësie reflekerend op lyding en het dit 'n ordende funksie. Die poësie verleen in *Winter-surplus* (1999) die oorskot in die wins-en-verliespel van die lewe (vgl. Afd. II, 4.3).

In die bundels met die poësie as hooftema word die poësie gelyk gestel aan sy funksie. In *Balans* (1962) is die poësie die weegskaal, in *Onderdak* (1968) die heenkome en in *Kruis of munt* (1973) die kruis-of-muntspel. Die poësie is in *Rymdwang* (1987) die dwingeland tot dig, in *Noodluik* (1989) die noodluik as uitvlug of toevlug, in *Teësprak* (1991) en *Respyt* (1993) die verset-in-woorde. In al die bundels is lyding 'n sentrale gegewe met die poësie as medium, gerig op geluk in samehang met die bundeltema.

5.3 POËSIE, DIGTER EN LYDING

Dit is geleë in die aard en funksie van die poësie dat Elisabeth Eybers die gedig as medium tot eie behoud vir die digter toe-eien. In verhouding tot die intrinsieke waarde van die poësie, verkry enige lyding wat die digterskap meebring, 'n mindere waarde. Die lyding wat meegebring word deur die kritiek van die leser, hou verband met 'n onbegrip van wat haar

poësie in wese is. Soos wat dit uit Elisabeth Eybers se poëtikale gedigte duidelik word, is die poësie wat sy aan die leser bied, in die eerste plek verbandhoudend met lyding. Die persoonlike gerigtheid van haar poësie vervaag en dit verkry in die lig van wat wesenlik is ten opsigte van lyding en geluk, algemeen-menslike geldigheid en waarde.

Die poësie verwoord, soos Elisabeth Eybers dit in "Metode" (Eybers, 1996:38) stel, dit wat jy "vrees, verdra of vier", agtereenvolgens dus lyding, die werking van die poësie teen lyding waarop weerbaarheid teen en versagting van lyding volg wat deurwerk na geluk. In Elisabeth Eybers se digkuns is hierdie 'n belangrike, deurlopende kode wat begrip bied tot die verstaan van ander deurlopende temas in haar oeuure. Van die belangrikste van die temas is die verhoudinge: God-mens, ouers-kind, man-vrou, kind-ouer, tuiste-ontheemding, ego-vrou.

Ten laaste is lyding vir Elisabeth Eybers deel van die leerskool van die lewe waardeur tot kennis van die lewe gekom word. Haar poësie getuig van verworwe lewenskennis en sy stel dit tot die beskikking van die leser.

AFDELING IV

Die navorsing in hierdie studie is daarop gerig om lyding soos wat dit as tema voorkom in Elisabeth Eybers se poësie te ondersoek.

Om hierdie doel te bereik, vereis die bestudering van die gedigte in al die bundels in haar oeuvre tot op hede. Haar uitsprake oor haar haarself en haar lewensloop, sowel as haar uitsprake oor haar poësie is verken om verdere insig te verkry in die verband tussen lyding en haar poësie. Inligting uit die literêre navorsing en die literêre kritiek is gebruik om die navorsing te rugsteun en uit te bou.

Die uitkoms van die navorsing toon die verband aan tussen Elisabeth Eybers se eie lewenswerklikheid, ervaring en beleving, haar poësie en lyding. Verder bestaan daar 'n verband tussen lyding en haar poëtikale opvattinge en die poëtiese tegnieke wat sy gebruik. Lyding soos dit in haar afsonderlike bundels voorkom, sluit aan by die bundeltema van die betrokke bundel. Haar poëtikale gedigte lewer bewys van hoe die lewenswerklikheid en lyding, in ooreenstemming met haar siening van lyding en die poësie, in haar oeuvre tot gedig gemaak word.

In hierdie afdeling word 'n samevatting gegee van wat as die kernaspekte van lyding in Elisabeth Eybers se poësie beskou kan word. Vir dié doel word gedigte met die lewe as tema en gedigte met die poësie as tema gebruik. Die gedigte word derhalwe nie ontleed nie, maar tersaaklike dele dien as toeligting om besondere aspekte van lyding aan te toon.

1 SAMEVATTING: KERNASPEKTE VAN LYDING IN DIE POËSIE VAN ELISABETH EYBERS

Elisabeth Eybers se poësie lewer blyke dat wanneer daar van aspekte van lyding in haar poësie sprake is, aspekte van geluk ook ter sprake kom. Die twee lewenswerklikhede as teenstellende paar neem 'n belangrike plek in by die verwoording van lyding in haar poësie.

1.1 LYDING EN GELUK AS LEWENSWERKLIKHEID

Elisabeth Eybers se poësie getuig daarvan dat lyding onteenseglik 'n lewenswerklikheid is. Vanaf haar debuutbundel tot met *Winter-surplus* (1999) stel sy die lewe voor as 'n lydingsvolle werklikheid. In *Belydenis in die skemering* (1936) toon sy nog 'n jeugdige en idealistiese siening van die lewe en van die verwagting van geluk.

O vreemde en verre lewe,
 verlos my uit my drome-veiligheid!
 Laat my nie meer in trotse eensaamheid
 bokant jou swewe
 selfgenoegsaam-koel,
 maar laat my, arm en naak en dors,
 jou siel aanskou, en bors teen bors
 die stuwing van jou warm bloedstroom voel!

O stoere en strenge lewe,
 jou fel gelaat is strak, en onbewoë
 die dieptes van jou vademlose oë
 as hande bewe
 en in die donker tas ...

O laat my vreesloos verder gaan,
 totdat ek eendag sal verstaan,
 deur die onthulling van jou doel verras!

("Bede". *Belydenis in die skemering*, 1936:31)

Hierdie gedig neem die vorm aan van 'n smekende versoek wat direk aan die lewe, op hierdie stadium nog ver en vreemd, gerig word.

In Elisabeth Eybers se poësie is die droom simbolies van geluk. In hierdie gedig moet die verwysing na die droom verstaan word in verband met haar verwysing na haar dagdromery as kind (Eybers, 1977d:23). Die dromery hou die implikasie in dat van die werklikheid ontvlug word. Die versugting hier is om van die "drome-veiligheid" verlos te word en die werklikheid te leer ken. Deur die veiligheid van die droom te stel teenoor die "stoere en strenge lewe", kom geluk en lyding aan die orde. Die gedagte van lewenslyding word bevestig deur lewensvrees in die laaste drie reëls deel te maak van die ten volle leef van die lewe. Die digter toon hier 'n bewussyn daarvan dat die werklikheid van die lewe anders is as die droom.

Die jeugdige siening van geluksverwachting spreek egter uit die gedig. Sy verbind geluk aan die doel van die lewe en in die verrassingselement in die slotreël word 'n aangename verwachting gesuggereer. Hier verwoord Elisabeth Eybers dus die menslike voortdurende begeerte na geluk.

Na die aanvanklike geluksbeleving in *Die stil avontuur* (1939) en *Die vrou en ander verse* (1945) kom Elisabeth Eybers in *Die ander dors* (1946) terug op die gedagte van lyding as deel van die lewe en daarom ook deel van die verworwe lewenskennis.

As ons verstar het tot dié blinde staar
terug langs die vreemde en die verwarde weë
dan weet ons eers hoe onverwerklikbaar
die droom was en hoe al ons strategieë
om die redelose honger na geluk
teen elke prys te stil te kort moes skiet:
want langs jou groter plan krimp jammerlik
al ons berekenings ... Roerloos soos graniet
is die hart wat vroeër gretig was en fier,
die taai dink draai gedurig in 'n kring,
sy stugheid dié van 'n gehokte dier
in wie se bloed nie meer die wegkom dring.

Jy't ons gebreek om ons te wys hoe skoon
en onverbiddelik is jou patroon.

("Aan die lewe". *Die ander dors*, 1977b:12)

Hier word die lewe weer direk aangespreek. Van die kernaspekte wat verband hou met lyding soos wat dit in haar poësie voorkom, word hier saamgevat. In die gedig word kommentaar gelewer op die onverwerklikbaarheid van die droom wat sy oorsprong het in die mens se "redelose honger na geluk". Die kom tot lewenskennis, veronderstel lydingsbeleving. Die menslike geskondenheid is dus deel van die lewenspatroon. Wat Elisabeth Eybers hier verder aantoon, is dat lyding emosioneel beleef word en rasioneel bereken word. Die besinning oor lyding word voorgestel as 'n lang en moeisame proses.

Teësprak, die bundel van 1991, veronderstel 'n lang lewensloop tot by bejaardheid. Die bundel sluit af met die volgende gedig:

Watter koers hy ook kies
 hoe hy plooi of prakseer
 bereik elke mens
 op die redelike duur
 wat sy hart so verlang
 en keer op keer weer
 blyk dit pure verlies:
 onberekenbaar méér
 dan sy hart kan verduur ...

Alle lesse geleer
 lê hy aarselend hom neer
 en aanvaar 'n onskendbare rang.
 ("Uitkoms". *Teësprak*, 1991:48)

Die titel, "Uitkoms", moet in die konteks van die gedig verstaan word as die uitkoms van die lewe.

Dieselfde aspekte wat in die voorafgaande gedigte aan die orde was, word hier vanuit 'n ander gesigspunt belig. Met inagneming dat die menslike begeerte soos deur Elisabeth Eybers in haar oeuvre verwoord, gerig is op geluk, gaan dit in hierdie gedig ook oor lewensgeluk. Hierin weerspieël sy die ironiese blik op die lewe wat met lyding verband hou. Dit gaan nie meer bloot om die hunkering na geluk nie, ook nie om die najaag van geluk nie, maar daarom dat in die verkryging van geluk die moontlikheid reeds bestaan om die geluk te kan verloor. Onberekenbare emosionele lyding word juis deur hierdie verlies aan geluk meegebring.

Elisabeth Eybers beeld in hierdie gedig die afwisselende geluk en lyding uit as deel van die lewenskennis en dus deel van die lewenswerklikheid. In die werklikheid bestaan die menslike geskondenheid wat by implikasie net opgehef kan word deur die dood.

Die gedagte dat die mens deur die lewe geskend word, kom weereens in die bundel *Respyt* (1993) voor.

In sewemylslaarse lê jy dit af,
 die gestippelde weg van die wieg na die graf
 met hier en daar 'n klein uitspanningspunt
 om jou gordel en vetters vaster te bind.

Soms moet jy fronsend 'n tolsom betaal,
 vervolgens 'n bonus van klatergoud haal ...
 Hoe langer hoe lugtiger, dikwels alleen
 met die perlemoer uitspanseel rondom jou heen
 word van ons hierwees die weerskyn onthul
 en ons daagse sleur met ontvlugting vervul
 terwyl jy jou laaste beloning verdien
 om van verdere inspanning af te mag sien.
 ("Samevatting". *Respyr*, 1993:54)

Elisabeth Eybers vat in hierdie gedig die menslike lewe van geboorte tot dood saam soos die titel "Samevatting" te kenne gee. Weer gaan dit daarom dat die mens nie ongeskonde deur die lewe gaan nie. Soos in die gedig gestel, is daar in die omvang van 'n mens se lewe net enkele ruspunte, verteenwoordigend van geluk. Verder bestaan die lewe uit lyding en in samehang daarmee, verkry geluk 'n valse skyn. Die gedig suggereer dat lyding met die verloop van jare toeneem. Die enigste vervulling is in ontvlugting geleë. Word hierdie gedig van Elisabeth Eybers in oeuvre-verband beskou, sluit dit aan by die deurlopende gedagte dat die poësie sowel ontvlugting as vervulling inhou. Die algemene woordkeuse en die gebruik van die kollektiewe "ons" maak die ontvlugting en vervulling egter toepaslik op enige lewensituasie en op die mens in die algemeen. Die dood as ruspunt verkry na 'n lydingsvolle lewe 'n positiewe waarde.

Elisabeth Eybers wy die laaste gedig in *Winter-surplus* (1999) aan die menslike lewe.

Jy probeer 'n proefnemingstap in die skoot,
 eers weg van, vervolgens rigting die dood.
 Jy herstel allengs van bevreemding en skok
 as jy holderstebolder beland in die dag
 met sy lig en lawaai. Gou genoeg klink die klag
 deur die ontlukende donker en stilte ontluk;
 maar hoe stram ook, die tokkelende hart neem nooit aan
 dat mense gebore word om te vergaan.

Jou geheue omhels die eertydse en lag.
 ("Bestaan". *Winter-surplus*, 1999:54)

Hierdie gedig, wat in die teken van ouderdom en aftakeling staan, beweeg weereens tussen die pole van geboorte en dood. Hierin word as 't ware 'n terugskouende blik op die menslike bestaan gewerp. Die inhoud van die gedig spreek van lewensliefde wat deur lewenslyding nie ongedaan gemaak kan word nie. Wat Elisabeth Eybers hier demonstreer en wat in haar hele oeuvre waargeneem kan word, is dat haar poësie nie verval in die negatiewe van lyding nie. Hier verwoord sy liggaamlike verval en die kortstondigheid van die lewe, maar ook 'n blywende lewensliefde. In die teken van die naderende dood, word die positiewe van die lewe in herinnering geroep, soos die gedig dit gee in die slotsin: "Jou geheue omhels die eertydse en lag".

Elisabeth Eybers sluit haar laaste bundel tot 1999 af, nie met lyding nie, maar met die woord "lag".

Reeds in 1956, in die bundel *Die helder halfjaar*, word lyding as beginpunt van die positiewe uitgewys. Die verloop daartoe geskied volgens 'n besondere proses.

Toe tyd my langsaam toekors het die pyn,
net soos my vroeër vreugdes, ook verdwyn,
gesypel tot die ondergrond, en kon

ek sorgloos word, en wiegel in die wind
met wortels wat getyloos toegang vind
tot daardie bitter bodemlose bron,

soos jong Septemberbome van die stad
deur gruis en slik die flikkering opdiep wat
vergader onder asfalt en beton.

("Rypwording". *Die helder halfjaar*, 1981a:22)

'n Helingsproses word hier gestel as voorvereiste vir die kom tot geluk. Hierdie geluk neem 'n besondere vorm aan en beteken om "sorgloos" te wees. Sorgeloosheid beteken dat lyding verdwyn en geluk 'n werklikheid word. Daarom dat Elisabeth Eybers lyding 'n bron van geluk noem. Omdat die sorgeloosheid op lyding volg, is dit uniek en vereis die aflegging van die "vroeër vreugdes" sodat die geluk 'n nuwe vorm kan aanneem. Elisabeth Eybers maak in hierdie gedig die verband tussen lyding en geluk deel van die menslike groei- en

rypwordingsproses. So trek sy ook die verband tussen die lewe en lyding en geluk. Gelyktydig daarmee word lyding en geluk deel van die verworwe lewenskennis.

Die besondere plek wat lyding en geluk as kontraspaar in Elisabeth Eybers se poësie inneem, dien as belangrike rigtingwyser tot die begrip van haar gedigte. Dit is daarom ook van belang om haar poëtikale opvatting oor lewenslyding en -geluk hier in berekening te bring.

1.2 LYDING EN GELUK AS GEDIGINHOUD

Uit die gedigte wat hier as voorbeeld dien, kom 'n patroonmatigheid na vore in die wyse waarop Elisabeth Eybers lyding en geluk, en so die lewe self, poësie laat word.

In die eerste plek bied die poësie inligting oor aspekte van lewenslyding. Sy verwoord hierdie aspek van die poësie in die bundel *Balans* (1962) duidelik.

Die aard van angs is dat dit tydelik kwel.
Verdriet, volgens 'n ou ballade, duur
twaalf maande en 'n dag, tot op die uur.
Die ritueel van rou is vasgestel.

Vreemd, van berou word nie so veel vertel.
Waar vind mens 'n betroubare gedig
om jou oor die verval dag in te lig
van daardie individueler hel?
(*"Navrae"*. *Balans*, 1977a:61)

Die poësie verskaf onder andere inligting oor lyding. Dit kan verskeie vorme aanneem, soos "ang", "verdriet", "rou" of "berou". Die lyding deur berou as gevolg van die persoonlike toedoen, word uitgewys as groter van omvang as die ander vorme van lyding wat in hierdie gedig genoem word. Wat egter van belang is, is dat Elisabeth Eybers 'n "vervaldag" aan lyding koppel. Hierin sluit sy aan by die gedagte van lyding met geluk as opvolg (vgl. Afd. IV, 1.1). In hierdie gedig bevestig sy dat lyding as tema in haar poësie op 'n besondere wyse verbind is aan 'n uitklaringsproses. Voordat die lewe gestalte kan kry in die woord, moet daar

tot kennis gekom word en die proses vertoon 'n spesifieke verloop soos wat dit blyk uit die volgende gedig in *Balans* (1962).

Alles van A tot Z word eendag woord
al weet jy eers na jare hoe dit klink.
Vergetelheid swelg alles. Soort soek soort
en stadig deur jou are styg en sink
gebare van bevestiging, verweer.
Die ritme van jou ingewande puur
— soos God se meule tydsaam en sekuur —
formules wat hul in jou murg groepeer,
verligte tekens leesbaar teen die muur
lank voor jy hulle aftrek op papier.
(“Alles van A tot Z”. *Balans*, 1977a:67)

Die persoonlike uitklaring van lewenswerklikhede is dus 'n voorvereiste vir die kom tot kennis van die lewe. Die uitklaring behels 'n suiwering en 'n ordening. Eers daarna kan die gedig volg.

Dieselfde gedagte, spesifiek met die digterskap as uitgangspunt, word ook ontgin in *Neerslag* (1958).

Wees ledig en gereed,
ondig, deurdringbaar, drink,
al wat die oomblik skink
neem, drink dit en vergeet:
wat diep genoeg versink
sal tot ontkieming gis.
Kyk, wees verwonderd, wag,
wag en ontvang tot jy
katalisator is,
smeltkroes van alchemis,
elke verband bevry.

Buig en betaal die tol
van jou geboortereg:
verduur die kramp van al
wat klonter tot kristal.
As die gestalte stol
kom wat moet wórd tereg.
(“Voorbereiding”. *Neerslag*, 1975c:8)

Soos die gedigtitel aandui, volg die digproses 'n spesifieke verloop. Dit begin by die ontvanklikheid wat die gisting tot kiem vir die gedig voorafgaan. Eers dan volg 'n suiwering tot die essensie deur die digter voordat die gegewe gestalte kan aanneem in die gedig. Deur die poësie in verband te bring met die alchemie, word die vereiste van die essensie ten opsigte van die inhoud van die gedig, maar ook ten opsigte van die woord en die beeld soos Elisabeth Eybers vir haar poësie stel, duidelik. Sy verbind die essensie aan die skoonheid in die gebruik van die kristalbeeld. Die lyding wat die digterskap meebring, verloor sy betekenis, gestel teenoor die waarde wat die poësie in sy gestaltegewing aan die poëtiese inhoud inhou. Die waarde van die poësie eindig ook nie by die gestaltegewing, suiwerheid en die skoonheid nie. Op 'n persoonlike vlak loop die hele proses van lewe wat woord word uit op die besinning oor lyding om uiteindelik by die sin daarvan uit te kom. Sy verwoord hierdie aspek van lyding in *Balans* (1962).

My kinderjare-van-voor-tyd
het ek benut om telkens weer
met angstige opsetlikheid
vreemde ontwerpe te traseer.

Die tokkelossie het verskyn
in vae spatsels teen die muur,
krom drake in die meubelgrein,
kwaai Zoeloe-impi's in die vuur ...

Hóé tyd sy roede oor my hou
bly ek nog wars van wat verward
en sinloos strengel, tuur ek nou
diep in die kykkas van die hart,

verwonderd dat ná elke hort,
ná elke nuwe skommeling,
die skerwe weer gerangskik word
binne hul ingeperkte kring:

deursigtig, wisselvallig, fyn,
naïef en vereenvoudig soos
heraldiese embleme, klein,
kaleidoskopies eindeloos.

("Pantograaf". *Balans*, 1977a:7)

Die poësie word in hierdie gedig as pantograaf, die instrument om na te teken, te vergroot, te verklein of te menigvuldig, voorgestel. In die eerste plek dien die poësie dan die doel van nateken van die werklikheid. Wanneer lyding intree, soos verteenwoordig deur die woord "roede", kom die soeke na die sin van lyding en die na-binne-kyk ter sprake. Die singewing behels 'n ontwarrende en patroongewende proses, die rangskikking van die "skerwe". Die poësie word instrument tot begrip, soos aangedui deur die woorde "deursigtig" en "vereenvoudig". Deur die poësie gelyk te stel aan "heraldiese embleme" word dit teken-tot-kennis. Dit kan so verstaan word dat die aard en die werking van die poësie soos Elisabeth Eybers dit hier voorstel, die kenteken van haar poësie is. As pantograaf oorskry die poësie sy eie ingeperktheid, verkry 'n veelvuldige funksie en word "eindeloos".

Elisabeth Eybers se poësie gee blyke daarvan dat die omvang van haar siening oor lyding en geluk nog wyer strek. Ontwarring is deel van die singewing, maar daar bestaan ook lewensaspekte wat onontwarbaar is. Dit is hier waar die ironie intree sodat nie net "beleef" word nie, maar om ten spyte van lyding in staat te wees "om ook te loof".

Om te beleef en ook te loof wil ek
 die voelhorings van ironie laat dwaal
 oor dit wat was, wat is, wat moet gebeur.
 Ek wil nagaan hoe grondig welslae faal,
 ek wil die lang mislukking en die pyn
 deurtas om dan ten spyte van die skyn
 'n oormaat van tegoed te konstateer.
 Aan geen ontnugtering wil ek my onttrek,
 van selferbarming wil ek afstand doen,
 bo skuld en onskuld wil ek my verhef
 om liefde met alleen wees te versoen,
 ek wil hul onontwarbaarheid besef.
 Wellusoorblyfsels wil ek nie bewus
 in bloed en in verbeeldingskronkels blus
 maar sonder skaamte en sonder skaamteloosheid
 die vryheid van ons doen en late pleit.
 Tussen die welkome en die ongewenste
 wil ek die onbevangenheid verdeel
 van 'n blommeman wat in één advertensie
 grafkranse en bruidsboekette aanbeveel

en weet hoe breekbaar elke *ek* wil is.

("Nuwejaarsvers". *Kruis of munt*, 1975b:30)

Al die belewenisse wat sy hier noem, is geassosieer met lyding. 'n Bepaalde wilsingesteldheid word vereis om "tegoed" te kan "konstateer" ten spyte van die pyn. In hierdie gedig is dit herkenbaar as 'n ironiese wilsingesteldheid. Deur 'n ironiese kyk op die lewe kan die belewenisse wat Elisabeth Eybers hier in paradoksale verband noem, naamlik "welslae" wat kan "faal", "mislukking" en "pyn" wat "tegoed" kan wees, "liefde" en "alleen wees" wat verbind moet word, in verband met mekaar gebring word. Die afleiding wat volg, is dat lyding tot 'n ironiese lewensingesteldheid aanleiding gee.

Sleutelwoorde wat in Elisabeth Eybers se poësie verband hou met lyding kom in hierdie gedig voor. Dit vorm 'n lyn van "pyn" na "deurtas" tot by "goed" wat verband hou met "besef". Die proses loop uit op "onttrek", "afstand doen" en "versoen". Maar in hierdie gedig gaan dit om die dinge wat nie ontwar kan word nie. In haar poësie gee sy blyke dat ontwarring deel van die singewing aan lyding is. Die besef dat daar aspekte van lyding is wat "onontwarbaar" is, soos sy daarna verwys, verg dus die ironiese blik op die lewe.

Soos Pretorius (1975:85) dit noem, is die voornemens om "teenstrydige dinge tot ironiese saambestaan te voeg", dus om "onversoenlikes met mekaar te versoen". Sy noem verder dat die ironiserende slotreël aantoon dat die versoening van uiterstes in die alledaagse werklikheid 'n onvervulbare voorneme is. Om die "welkome" en "ongewenste" saam te voeg, word geïdentifiseer met die "blommeman", die kunstenaar, wat "grafkranse en bruidsboekette" in een advertensie kan byeenvoeg (Pretorius, 1975:85). Dit is in die kuns, soos Pretorius (1975:86) aandui, waarin teenstrydighede versoenbaar is.

Daar is egter ook ander wyses waarop daar met die lydingsvolle lewenswerklikhede omgegaan kan word. In Elisabeth Eybers se poësie blyk die ontvlugting in die droom die moontlikheid van geluk in te hou. In *Kruis of munt* (1973) skryf sy:

Die dae verdonker, verkort.
 Ek bly jonk en word reddeloos oud,
 my hele verlede lê vóór my
 vol helder, onskendbare stellings
 wat my reëlreg sou lei na geluk
 (jy kan dink wat het dáárvan geword).

Verlies beloop meer dan behoud,
 verwagting van warmte, teerheid
 trotseer hierdie jaareinde. Èrens,
 èrens is iets wat sal bly
 al is dit omdat dit nooit was:
 iets droombaar, ondenkbaar, wat jy
 nie kan aanwys of sorgsaam ingaar ...
 En mettertyd weet ek weer
 hoe soms 'n smeulende seer
 nie etter uitsweet maar attár.

("Najaar". *Kruis of munt*, 1975b:13)

In hierdie gedig gaan dit om die verwagting van geluk soos vervat in die "helder, onskendbare stellings" wat dus na geluk sou lei. 'n Terugblik op die verlede bring die wete dat hierdie verwagting in werklikheid onbereikbaar is. Elisabeth Eybers verbind hierdie wete aan verlies, maar skep met die woorde: "Verlies beloop meer dan behoud", 'n nuwe verwagting van geluk. Dit is bereikbaar in iets "droombaar" en "ondenkbaar" en gevrywaar teen verlies. Die positiewe werking van die droom word bevestig met die woorde dat 'n "smeulende seer" soms nie "etter uitsweet nie, maar 'n welriekende olie, "attár".

In Elisabeth Eybers se poësie verteenwoordig beide die droom en die herinnering die geluksaspek. Die volgende gedig uit *Tydverdryf/Pastime* (1996) toon die verband tussen herinnering en geluk aan:

Blindelings verdryf ek die tyd
 oorwegingloos losgeraak
 uit die nag se vergetelheid
 van reeds ontoereikende duur:
 om 'n limbusgebied oop te woel
 waar beelde van vroeër rondspoel
 en saamtros om patroontjies te maak
 wat die tyd na sy peetje stuur
 en my oormatig verheug,
 dis al waarvoor ek nog deug.

("Tydverdryf". *Tydverdryf/Pastime*, 1996:18)

As titelgedig van die bundel *Tydverdryf/Pastime* handel hierdie gedig oor die poësie as tydverdryf waarby beide korting van tyd en vermaak ingesluit word. Soos Elisabeth Eybers

dit hier stel, is die verdrywing van tyd ook 'n ontvlugting uit die hede na die grensgebied van die herinnering. Die vreugde of geluksaspek is dus nie net bloot geleë in die poësie as tydverdyf in sy gewone betekenis nie, maar word verbind aan die verlede in die herinnering, aan die "beelde van vroër", soos sy dit noem.

Dit val op dat Elisabeth Eybers die geluk wat geassosieer word met die droom en die herinnering nie aan die besinningsproses verbind nie. In "Najaar" word na die droom verwys as "ondenkbaar" en in "Tydverdryf" raak die herinnering "oorwegingloos" los uit die "vergetelheid". Hoewel lyding en geluk in albei die gedigte teenoor mekaar gestel word, verteenwoordig die droom en die herinnering in sigself die geluksaspek en word dus so simbolies van geluk.

In *Verbruikersverse/Consumer's verse* (1997) spreek Elisabeth Eybers haar uit oor die helende werking van die woord.

Wanneer woorde jou in die steek laat
 ~ bedroë laat agterna staar –
 hoef jy tóg nie, ten einde raad,
 wat jou óórkom gedwee te aanvaar.
 Onsamehangende klanke
 blyk ook uitstekend in staat
 om waarnemings op te vang,
 hulle aan 'n vlagstok te hang.

Jare lank woeker die neiging
 om alles noukeurig te noem,
 om van sóveel seker te wees.
 Aanskou nou die vrugbare styging
 van opeengestapelde feite,
 die verstrooidheid wat vriendelik verbloem,
 die letter oorstelp deur die gees:
 moontlikhede te kies en te keur
 borduur wat waarlik gebeur,
 lenig wat nie kan genees.

("In die laaste instansie". *Verbruikersverse/Consumer's verse*, 1997:28)

Die bundel waaruit hierdie gedig kom, getuig van die bedreiging van die ouderdom. Die digterskap self staan hier onder bedreiging van die ouderdom. Van belang is dat Elisabeth Eybers in hierdie gedig 'n samevatting gee van wat die woord in haar poësie inhou:

Jare lank woeker die neiging
om alles noukeurig te noem,
van sóveel seker te wees.

Wanneer hierdie woorde in die konteks van haar oeuvre beskou word, hou dit ten nouste verband met lyding. Om tot kennis en begrip te kom, vereis die presiese woord. Hier stel sy die vereiste van die presiese woord teenoor die onsamehangende klanke wat die ouderdom meebring. Steeds verloor die poëtiese woord nie sy funksie in die teëwerk van lyding nie. In onsamehangende woorde bestaan die moontlikheid steeds om "waarnemings" en wat "gebeur" weer te gee. In die slotreël loop die gedig uit op die funksie wat die poësie ten opsigte van lyding vervul. Met die woorde "lenig wat nie kan genees", bring Elisabeth Eybers die eerste funksie wat die poësie vervul, wat sy hier 'n genesende funksie noem, ter sprake. In haar oeuvre dui dit op die proses beweeg van lyding tot geluk. Die tweede funksie van die poësie wat hiermee verband hou, is dat die poësie lyding kan versag.

Die gevolgtrekking waartoe hierdie gedigte voer, is dat lewenslyding, watter vorm dit ook mag aanneem, in die poësie onder woorde gebring word. Deur die poëtiese woord word die geluk wat op lyding volg 'n werklikheid. Die poësie is nie alleen die middel tot 'n doel nie, nie net die plek van besinning oor die proses om van lyding na geluk te kom nie, maar word in Elisabeth Eybers se oeuvre self simbolies van geluk.

1.3 GELUK AS GEDIGINHOUD

Waar die poësie van Elisabeth Eybers die twee uiterstes, lyding en geluk, in een verband gee, ontstaan die vraag of geluk buite hierdie verband 'n plek het in haar poësie. Sy gee hierop self die antwoord in die volgende gedigte.

In *Rymdwang* (1987) staan:

Ek het iets seldsaam mooi en dol bedink,
 nie om 'n vel papier mee te versier
 maar as natuurgebeurtenis te vier.
 'n Spiegeling is in 'n ooglidwink
 vervlugtig juis as mens dit wil bewaar:
 te teer om in te toom, uitbundig dwaas,
 'n glimmerende basislose waas
 wat só vibreer terwyl ek snak en staar
 dat selfs dié vel papier dit nie aanvaar.

("Fata morgana". *Rymdwang*, 1987:40)

So ver dit haar poësie aangaan, is die volgende aspekte van geluk ter sprake. Die natuur word in haar poësie in verband gebring met geluk. Sy noem dat die geluk as "natuurgebeurtenis", buite die verband van die poësie gevier word. Die vervlugtigende aard van geluk verhoed die vaspen daarvan in die poësie.

Die gedig uit *Noodluik* (1989) wat geluk as tema het, moet verstaan word na aanleiding van die bundeltema wat daarna verwys dat die poësie as noodluik teen lyding dien.

Ek kyk terug op 'n dag van geluk
 wat herinner aan vuurwerk getower
 uit grondstof omskryf in vergeelde
 handboeke op krakerige solders ...
 Geluk wat kortstondig bestaan
 ken geen moontlikheid om te vergaan,
 ontplof uit argaïese woorde
 voortdurend binne bestek
 van die donkerkamerige hart
 met sy bergplek vol glimmende beelde
 uit nimmer terugvindbare oorde.
 'n Vingerveeg kan dit verwek.

("Dag van geluk". *Noodluik*, 1989:35)

Geluk verkry wel bestaansmoontlikheid in die poësie, soos die laaste reël van hierdie gedig aandui. Hiermee weerspreek Elisabeth Eybers egter nie die inhoud van "Fata morgana" nie, maar bevestig juis die verband tussen lyding en geluk. Soos die gedig dit hier stel, verleen die herinnering wel permanensie aan geluk. In die bundelkonteks van *Noodluik* is daar 'n verband tussen die ontvlugting uit lyding en herinnering en geluk.

In die woorde: "n Vingerveeg kan dit verwek", kom Elisabeth Eybers weereens daartoe om die poësie self as toevlug en verteenwoordigend van geluk uit te wys.

1.4 LYDING AS GEDIGINHOUD

Drie gedigte uit *Die ander dors* (1946) gee 'n samevatting van lyding as tema in Elisabeth Eybers se poësie.

In die eerste van die gedigte, gerig aan die lewe, verwoord sy die louterende werking van lyding wat hier voorkom as die suiwering.

Jou goedheid, Lewe, het te lank geduur:
al wat deur die jare van geluk onrein
geword het moet in hierdie uur van pyn
gelouter word. Doop haar nou in jou vuur.

Weerhou van haar geen enkele smaad. Laat nog
vernedering gevoeg word by die smart.
Skuur elke roesvlek skoon, stroop van haar hart
die laaste ydelheid en selfbedrog.

Wanneer die erts geskei is van die steen
moet dit gesmelt, ontsmet word en gesmee
voor dit in suiwerheid te voorskyn tree.

Laat sout haar oë helder hou; deurstraal
haar met die blanke buigsaamheid van staal
en beitel haar gelaat tot aan die been.

("Sonnet II". *Die ander dors*, 1977b:8)

In die tweede van die gedigte stel sy die vraag: "Wat moet die slotsom wees van hierdie smart?" Elisabeth Eybers verskaf self in die gedig die antwoord op die vraag wat hier gestel word.

Wat moet die slotsom wees van hierdie smart?
Dat lewe nou gebind word tot die klein
en nederige kringloop van die pyn
wat dag na dag sy eelt skaaf om die hart ?

Of kan daar iets wat suiwer is en fier
sterker en strakker opstaan dat jy nie
kruip na 'n laaste skuilplek met die slu
en weerlose wantroue van 'n dier

wat in sy bloedspeer neerknak? Jy's nog tam
en sat van seerkry, maar uit al die wag
en wanhoop sal 'n nuwe, vreemde krag
stil en verterend opskiet soos 'n vlam
dat jy kan weet: ná al wat jy verloor
het bly die Onaantasbare nog oor.

("Sonnet III". *Die ander dors*, 1977b:9)

In aansluiting by die suiweringsgedagte bly die mens nie gevange in lyding nie. Wat uit lyding voortkom, noem sy 'n "vreemde krag" wat verlies omskakel in die wins van "die Onaantasbare" wat behoue bly.

Na die proses van "betreur en betrag", kom 'n nuwe geluk tot stand, soos dit in die volgende gedig verwoord word.

As die geluk waarmee die lewe jou
per ongeluk bedeel het op 'n dag
in duie stort, kan jy 'n nuwe bou
wanneer jy klaar betreur het en betrag.

Die tweede een sal sober wees en strak
— geen strelende versinsels meer, geen waan —
met steen op steen versterk tot by die dak
om teen die rukwind van die tyd te staan.

Om bitterheid se sypeling te stuit
sal jy die fundamente diep moet lê,
die mure hoog om liefde in te sluit
en vir die vergesig jou vensters wyd.
Bo die beskeie ingang sal jy hê
as enkele sieraad: jammerhartigheid.

("Sonnet IV". *Die ander dors*, 1977b:10)

Die tweede geluk ontstaan uit loutering, is "sober" en "strak" en bestand teen tyd. Op hierdie wyse word bitterheid wat deur lyding kan ontstaan, geweier. Die loutering deur lyding gee

aanleiding tot 'n ruimer visie. As rigtinggewer aan hierdie tweede, of nuwe geluk, dien die liefde, herkenbaar aan die medelye, soos die gedig dit stel, die "jammerhartigheid".

'n Sentrale lydingsgedig in Elisabeth Eybers se oeuvre kom voor in *Neerslag* (1958) waarin lyding as eksistensiële grondwaarheid deur middel van die Bybelse lydingsfiguur Job, uitgebeeld word. 'n Analise van hierdie gedig toon hoe Job se lyding volmenslik word (vgl. Booysen, 1981:37-39).

'n Potskerf het die paadjies van die juk
geduldig opgespoor, die etterdruip
het droog geword, die tentatiewe tik
teen rowe laat die huid wellustig kruip.

As Gods hand alles uitwis bly die tyd
nog onvernietigbaar. Die ganse dag
was dus tot sy beskikking om die vlyt
van brommers in die vuilgoed te betrag.

– aandagtig asemend, terwyl die stank
en sonsteek hul beswering om hul rank.
Toe al die yweraars ondergronds verdwyn
het hy sy bak sorgvuldig skoon gelek,
sy mantelflenter oor sy kop getrek
en ingekrimp tot 'n klein pit van pyn.
("Job". *Neerslag*, 1975c:47)

Vanaf die eerste reël word Job se lyding uitgebeeld en dit word deurgevoer tot by die klimaks in die slotreël. 'n Bepaalde Bybelse voorkennis word veronderstel vir die juiste begrip van die gedig. Die Bybelse verhaal vertel van die lyding van Job, maar die kerngegewe van die Bybel handel oor die soewereiniteit van God. Daarby handel dit ook oor die probleem van die lyding van die gelowiges wat verband hou met die vraag na die wese van die godsdiens. Elisabeth Eybers verwoord in die gedig egter die lydingsverhaal van Job op so 'n wyse dat dit die verhaal word van tydgebonde, menslike lyding.

Volgens Job 7:3 en 7:4 het Job se lydingtyd maande geduur. Menslik gesproke sou hy dus baie tyd gehad het om sy omstandighede te betrag. Dit is hierdie menslike lyding waarop die hoofklem val.

In Job 2:7 en 2:8 in die 1933-vertaling van die Bybel staan: "En die Satan het weggegaan van die aangesig van die Here, en hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel. En hy het vir hom 'n potskerf geneem om hom daarmee te krap, terwyl hy in die as sit". Volgens Job 7:15 het Job moeite ondervind om asem te haal, omdat sy siekte 'n benoudheid veroorsaak het. Die gedig handel nie oor Satan of oor die oorsaak van die lyding nie, maar Elisabeth Eybers gebruik die Bybelse gegewe oor Job se siekte om op 'n konkrete en realistiese wyse sy bestaan onder hierdie lydingsomstandighede uit te beeld. In die gedig staan dat Job met 'n potskerf die "paadjies van die juk" "opgespoor" het. In die gedig word ook verwys na "asemend". Die digter doen 'n beroep op die leser se sintuie in 'n amper-aanskoue van Job se toestand en handeling. Sy voeg gegewens by en noem dat hy die rowe versigtig aanraak en dit "laat die huid wellustig kruip". So laat sy die leser dus ook deel in hoe Job moes voel. Deur te weet wat Job doen en hoe hy sy toestand beleef, word die leser betrek en so word sy lyding algemeen-menslike lyding.

In die verwysing in die gedig dat "Gods hand alles uitwis" kan 'n erkenning van die soewereiniteit van God gesien word. Dit sou dan op subtile wyse die lyding van gelowiges en die vraag na die wese van die godsdiens betrek. Die klem val egter so sterk op die lyding self dat die hele gedig gerig is op die vereenselwiging met die lyding van Job.

In Elisabeth Eybers se oeuvre is die suiwering en die deurdring tot die essensie verbind aan lyding. In die slotreëls voer sy Job se lyding tot by die kern daarvan. Job het:

sy mantelflentes oor sy kop getrek
en ingekrimp tot 'n klein pit van pyn.

Job het dus nie net die lyding ervaar nie, maar lyding het die kern van Job se bestaan geword. Hy wórd lyding en so verleen Elisabeth Eybers 'n beeld aan die diepste kern van menslike pyn en leed.

In Elisabeth Eybers se oeuvre is dit nie alleen die essensie van lyding wat ervaar moet word nie, maar lyding moet ook aanvaar word om daar deur te kom. Al gaan dit in hierdie gedig om die oorgawe aan lyding, beweeg haar oeuvre heen en weer tussen lyding en geluk.

In die bundel *Neerslag* (1958) kom sy tot die slotsom.

Besitloosheid verlos mens van verlies:
 as jy op lange laas genoeg gely't
 los jy wat onherkrygbaar is en kies
 van leegheid die verworwe sorgloosheid.
 ("Slotsom". *Neerslag*, 1975c:59)

Elisabeth Eybers transendeer in haar poësie die lyding. Lying word dus nie as 'n eindpunt gereken nie, maar as 'n beginpunt van "verworwe" geluk. Daarom is haar poësie nie uitsigloos nie, maar werk bevrydend deur na geluk.

2 SLOT

Al beweeg Elisabeth Eybers se oeuvre tematies in 'n persoonliker, enger kring, is lyding as prominente tema van haar poësie algemeen-menslik en relevant oor alle tye heen en so bydraend tot die duursaamheid van haar poësie.

Elisabeth Eybers se omvangryke oeuvre bied 'n ryke blik op die lewe en op lewenslyding en lewensgeluk wat vir die leser van betekenis kan wees. Die poësie omvat ook meer as hierdie aspekte. Soos sy self sê, kan "die geheim van 'n gedig se skoonheid" nie "ontrafel" word nie. In die skoonheid van die gedig lê die genot van die lees van poësie opgesluit. Daarom kan sy ook sê: "as iemand van wie ek weet dat hy of sy sensitief en opreg is vir my sê: 'Hierdie of daardie vers wat jy geskryf het, is vir my mooi', dan voel ek dat ek geen hoër lof of erkenning sou kon verlang nie" (Eybers, 1978:106).

BRONNELYS

DIGBUNDELS

- EYBERS, E. 1936. Belydenis in die skemering. Bloemfontein : Nasionale Pers.
- EYBERS, E. 1968. Onderdak. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1975a. Die stil avontuur. 7de uitg. Pretoria : Van Schaik.
- EYBERS, E. 1975b. Kruis of munt. 2de dr. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1975c. Neerslag. 2de uitg. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- EYBERS, E. 1977a. Balans. 5de dr. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1977b. Die ander dors. 2de uitg. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- EYBERS, E. 1977c. Tussensang. 2de uitg. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- EYBERS, E. 1978a. Einder. 2de dr. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1981a. Die helder halfjaar. 2de uitg. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- EYBERS, E. 1981b. Die vrou en ander verse. 3de uitg. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- EYBERS, E. 1982. Bestand. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1985. Dryfsand. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1987. Rymdwang. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1989. Noodhuik. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1991. Teëspraak: rondom die P.C. Hooft-prys. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1993. Respyt. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1994. Nuweling. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1996. Tydverdryf/Pastime. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1997. Verbruikersverse/Consumer's verse. Kaapstad : Human & Rousseau.
- EYBERS, E. 1999. Winter-surplus. Kaapstad : Human & Rousseau.

AANGEHAALDE EN GERAADPLEEGDE BRONNE

- ANON. 1984. Luyt-prys: Eybers-gedigte vertel eerlik. *Rapport*:9, April 8.
- ANON. 1993. Eybers se jongste bundel reg vir haar verjaardag. *Beeld*:1, Februarie 24.
- ANTONISSEN, R. 1951. Afrikaanse poësie van gister en vandag. *Standpunte*, 5(4):21-25, Julie.
- ANTONISSEN, R. 1956. Kronieke: helder boogspanning. *Standpunte*, 11(1):52-57, September.
- ANTONISSEN, R. 1963. Uiterstes. *Standpunte*, 16(5):16-19, Junie.
- ANTONISSEN, R. 1968. Kern en tooi. Kaapstad : Nasou.
- BAX-BOTHA, M. 1994. Vriendskap met Eybers oor jare heen geskets. *Die Burger*:8, Mei 25.
- BEHRENS, L. 1963. Oor Nuwe Boeke. *Die Staatsamptenaar*, 53(4):49, April.
- BEUKES, G. 1960. Die jongste werk van Elisabeth Eybers. *Naweekpos*, 7(74):47, 62, Julie.
- BEUKES, G. J. & LATEGAN, F. 1970. Skrywers en rigtings. 6de dr. Pretoria : Van Schaik.
- BLIGNAUT, A. 1963. Hier's iets om te lees. *Sarte Marais*, 15(2):23, Desember 18.
- BOOYSEN, H. D. 1981. Bybelse figure in die digwerk van Elisabeth Eybers en Lina Spies. Pretoria : UNISA. (Verhandeling - M.A.)
- BOTHA, M. C. 1986. Two dazzling volumes of Afrikaans poetry. *The Cape Times*:12, February 12.
- BOUWER, S. 1973. Droefgeestige ondertoon in nuwe Eybers. *Rapport*:15, November 18.
- BRINK, A. P. 1973. Tekens van slyp én slyt by Elisabeth Eybers. *Die Burger*:11, Oktober 11.
- BRINK, A. P. 1976. Beskouings oor die Afrikaanse literatuur van Sewentig: voorlopige rapport. Kaapstad : Human & Rousseau.
- BRINK, A. P. 1977a. Dié Eybers-bundel is hoogtepunt tot dusver vanjaar. *Rapport*:11, Augustus 28.
- BRINK, A. P. 1977b. Dit was 'n tussensang. *Rapport*:9, Junie 19.

- BRINK, A. P. 1985. Klarheid in gedigte gryp mens aan. *Rapport*:17, Desember 8.
- BRINK, A. P. 1987. Beleë wysheid van die winter by Eybers. *Rapport*:13, Oktober 25.
- BRINK, A. P. 1996. Tydverdryf/Pastime, deur E. Eybers: 'n bifokale kyk: boekresensies. *Insig*:32, Junie.
- BRITZ, E. 1969. Paradokse van die liefde en verstegniek na aanleiding van enkele gedigte uit Onderdak deur Elisabeth Eybers. *Stellenbosse student*:191- 200.
- BRITZ, E. C. 1989a. Die ouderdom gefnuik. *Die Burger*:14, Oktober 19.
- BRITZ, E. C. 1989b. Eybers voorste digteres – in Nederland. *Die Burger*:10, Junie 1.
- BRITZ, E. C. 1989c. Nederland eis Eybers nou vir homself op. *Beeld*, Mei 16.
- BRITZ, E. C. 1990. Leuens op papier. (In Ester, H. & Lindenberg E., reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 9-15.)
- BRONZWAER, W. 1993. Lessen in liriek: nuwe Nederlandse poëtica. Nijmegen : SUN.
- BURGERS, M. P. O. 1946. Elisabeth Eybers verryk ons poësie. *Die Brandwag*: 10(412):21, 41, 44, Februarie 1.
- BUTLER, J. M. 1994. Die kind in die poësie van Elisabeth Eybers. Pretoria : UNISA. (Verhandeling – M. A.)
- BYBEL. 1976. Die Bybel met verklarende aantekeninge I, II. Kaapstad : Verenigde Protestantse Uitgewers.
- CLOETE, T. T. 1969. 'n Studie oor Elisabeth Eybers se Onderdak. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 9(2):127-133, Junie.
- CLOETE, T. T. 1970. Kaneel: opstelle oor die letterkunde. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- CLOETE, T. T. 1973. Eybers boei met haar wysheid uit die lewe. *Hoofstad*:16, 17, November 23.
- CLOETE, T. T. 1974. Nuwe digbundels. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 14(2):132-136, Junie.
- CLOETE, T. T. 1978. Nuwe digbundels IX. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 18(2):168-170, Junie.
- CLOETE, T. T., GROVÉ, A. P., SMUTS, J. P. & BOTHA, E. 1980. Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig. Goodwood : Nasou.

- CLOETE, T. T. 1983. Bestand. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 23(4):312-314, Desember.
- CLOETE, T. T., BOTHA, E. & MALAN, C., reds. 1985. Gids by die literatuurstudie. Pretoria : HAUM-Literêr.
- CLOETE, T. T. 1989. Eybers steeds meester van vers en strofe. *Die Volksblad*:15, November 25.
- CLOETE, T. T., red. 1992. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr.
- CLOETE, T. T. 2000. Die eensaamheid van die digter is kreatiewe krag. *Beeld*:5, Desember 5.
- COETZEE, A. J. 1973. Eybers gedigte nie opspraakwekkend nuut nie. *Die Huisgenoot*, 2697:81, Desember 21.
- CORNIPS, T. 1990. Wat men liefheeft (In Ester, H. & Lindenberg, E. reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 18-22.)
- CUSSONS, S. 1983. Eybers-bundel 'n belewenis. *Die Transvaler*:7, Februarie 7.
- C. W. H. 1956. Die helder halfjaar. *Die Taalgenoot*, 25(9):15, Augustus.
- C. W. H(udson). 1959. Neerslag. *Tydskrif vir letterkunde*, 9(1):58, 59. Maart.
- DE BRUIJN, P. 1996. Elisabeth Eybers (81) hou finaal op met dig. *Beeld*:3, Februarie 27.
- DEKKER, G. 1936a. Nog 'n eersteling- digbundel: eerste digteres in ons letterkunde. *Die Burger*, September 7.
- DEKKER, G. 1936b. Oor boeke: Belydenis in die skemering. *Koers*, 4(3):27, Desember.
- DEKKER, G. 1939a. Die stil avontuur. *Koers*, 7(2):44, Oktober 6.
- DEKKER, G. 1939b. Oor boeke: Die stil avontuur. *Die Huisgenoot*, 24(915):49, Oktober 6.
- DEKKER, G. 1961. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. 6de dr. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- DELOOF, J. 1980. Die onvoltooide vrou. *Ons Erfdeel*:751-754, November/Desember.
- D. M. 1939. Oor boeke: Die stil avontuur. *Taalgenoot*, 8(11):719, Oktober.
- DEMPSEY, W. O. 1936. Eybers, Elisabeth: Belydenis in die skemering. *Ons Eie Boek*, 2(2):93-94, Julie-September.

- DE VRIES, J. N. 1959. Neerslag. *Zuid-Afrika*, 36(2):30, 31, Februarie.
- DUBOIS, P. H. 1975. Nederlandse kritiek over Elisabeth Eybers. (In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 41-52.)
- DUBOIS, P. H. 1990. Niet de woorden maar de intentie. (In Ester, H. & Lindenberg, E. reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 23-27.)
- DUBOIS, P. H. 1991. Toespraak. (In Eybers, E. Teësprak: rondom die P.C. Hoof-prys. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 7-15.)
- DU PLESSIS, P. 1969. Afrikaans poet in exile. *Jewish Affairs*, 24(2):41, 43, February.
- DU PLOOY, H. J. G. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban : Butterworths.
- ELSBREE, L. 1982. The rituals of life: patterns in narratives. Port Washington : Kennikat Press.
- ENGELBRECHT, C. 1995. Outobiografie in en om die teks met spesifieke verwysing na die poësie van T.T. Cloete. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M. A.)
- ESTER, H. 1986. Elisabeth Eybers' 'Levensbalans'. *Zuid-Afrika*, 63(3):40, Maart.
- ESTER, H. 1987. Het helende woord: poëzie en proza van Elisabeth Eybers. Leiden : Dimensie, Stichting voor letterkundige en wetenschappelijke uitgaven. (Leidse opstelle no. 4.)
- ESTER, H. 1988. Nieuwe gedichten van Elisabeth Eybers. *Zuid-Afrika*, 65(1):11, Januarie.
- ESTER, H. 1989. 'Noodluik' van Elisabeth Eybers: een weerbaar hoogtepunt. *Zuid-Afrika*, 66(11/12):163, November/Desember.
- ESTER, H. 1990a. Eybers en de tijd. (In Ester, H. & Lindenberg, E., reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 29-33.)
- ESTER, H. & LINDENBERG, E., reds. 1990b. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau.
- ESTER, H. 1995. Nieuwe woorden uit de oude bron.... *Insig*:20-22, Februarie.
- EYBERS, E. 1963a. "Baie van my verse is gesprek met myself." *Die Burger*, April 10.
- EYBERS, E. 1963b. "Nie vaagheid of ontvlugting nie, maar aanvaarding." *Die Burger*, April 9.
- EYBERS, E. 1977d. 'n Pastoriedogter. (In Smit, B., red. Herinnering se wei: Afrikaanse

- skrywers oor hulle jeug. 2de uitg. Pretoria : Perskor-uitgewery. p. 23-37.)
- EYBERS, E. 1978b. Voetpad van verkenning. Kaapstad : Human & Rousseau.
- FOURIE, H. C. 1977. Die vrou-man verhouding in die digkuns van Elisabeth Eybers. Pietermaritzburg : Universiteit van Natal. (Verhandeling – M. A.)
- FRANKEN, E. 1994. De Afrikaanse literatuur in Nederland. (In Afrikaanse Letterkunde-vereniging. Vernuwning in die Afrikaanse letterkunde. Voordrag gelewer tydens die sesde hoofkongres van die Afrikaanse letterkundevereniging. 29 September–1 Oktober 1994. Port Elisabeth. p. 369-379.)
- GROBLER, H. 1977. Einder: voortsetting en verfyning van poësie: 'n sewentig-hoogtepunt. *Hoofstad*:27-31, November 17.
- GROBLER, P. DU P. 1956. Oor boeke: Elisabeth Eybers bereik nuwe hoogtepunt. *Die Huisgenoot*, 40(1808):46, November 12.
- GROBLER, P. DU P. 1973. Elisabeth Eybers. 2de dr. Kaapstad : Nasou. (Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde no. 5.)
- GROBLER, P. DU P. 1982. Elisabeth Eybers geb. 1915. (In Nienaber, P. J., red. Perspektief en profiel. 5de hers. uitg. Johannesburg : Perskor. p. 411-418.)
- GROVÉ, A. P. 1949. Die duister digter: opstelle oor die moderne Afrikaanse liriek. Pietermaritzburg : Universiteitspers.
- GROVÉ, A. P. 1951. Oor boeke: Nuwe gedigte van Elisabeth Eybers. *Die Huisgenoot*, 35(1615):47, April 6.
- GROVÉ, A. P. 1958. Oordeel en vooroordeel. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- GROVÉ, A. P. 1963a. Poësiekroniek: wat van die toekoms? *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 35(3):224-226, September.
- GROVÉ, A. P. 1963b. Oor boeke: Slim verse van Elisabeth Eybers. *Die Huisgenoot*, 52(2136):68, 69, Maart 1.
- GROVÉ, A. P. 1974. Woord en wonder. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- GROVÉ, A. P. 1982. Elisabeth Eybers geb. 1915: aanvulling. (In Nienaber, P. J. red. Perspektief en profiel. 5de hers. uitg. Johannesburg : Perskor. p. 418, 419.)
- GROVÉ, A. P. 1992. Ballade. (In Cloete, T. T. red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 17.)
- GROVÉ, A. P. 1993. Eybers loop nie kaal in dié strak werk. *Insig*:2, Maart.

- GROVÉ, A. P. 1995a. Die Eybers agter die boek. *Insig*:30, April.
- GROVÉ, A. P. 1995b. Poësiekroniek: wat van die toekoms? *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 35(3):224-226.
- GROVÉ, A. P. 1997. Skeppend en met 'n sterk sin vir humor en ironie: 'n keurige bundel Afrikaanse en Engelse gedigte. *Beeld*:8, September 22.
- GROVÉ, A. P. 1998. Poësiekroniek: vroulike aanvulling? *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 38(1/4):265-266.
- GROVÉ, A. P. 1999. Die bitter winter se wins: Eybers-maskerspel met taal, beeld. *Beeld*:10, Junie 14.
- HAANTJIES, J. 1937. Nieuws uit Zuid-Afrika. *Werkplaats*, 2(9):427-429.
- HAMBIDGE, J. 1986. Dryfsand – 'n afsluiting van Eybers se oeuvre. *Die Transvaler*:28, Februarie 20.
- HAMBIDGE, J. 1987. Vernietigende mag van poësie, maar ook verlossende funksie. *Die Vaderland*:11, September 28.
- HAMBIDGE, J. 1990. Die uitgang weg van hier. *Insig*:42, Februarie.
- HAMBIDGE, J. 1996. Die Eybers agter die gedigte: poësiekroniek nommer 5, boekresensies. *Tydskrif vir letterkunde*, 34:119-124, November.
- HEESE, M. 1971. Balans deur Elisabeth Eybers. *Die Huisvrou*, 50(8):6, 7, 26, Desember.
- HENNIPMAN, P. 1975. De dichteres en haar werk. (In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 5-23.)
- HUGO, D. 1945. Elisabeth Eybers se derde bundel: metafisiese agtergrond bewuster aangewend. *Die Transvaler*, September 18.
- HUGO, D. 1986. Klassieke verse 'n groot vreugde. *Die Volksblad*:10, Januarie 18.
- HUGO, D. 1987a. Eybers steeds fyn stilis. *Insig*:8, Oktober.
- HUGO, D. 1987b. Poësie oor verganklikheid. *Die Volksblad*:15, Oktober 24.
- HUGO, D. 1993. Afrikaanse heldin in die vreemde vind respyt in verweer teen die tyd. *Die Burger*:6, Maart 2.
- HUISAMEN, T. 1983. Eybers maak hier vrede met 'n hele lewe. *Rapport*:34, Januarie 30.

- JANSEN, E. 1983. Elisabeth Eybers gesels. *Die Burger*:17, April 21.
- JANSEN, E. 1990a. Eybers die vreemde eend. (In Ester, H. & Lindenberg, E. reds. *Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 45-61.)
- JANSEN, E. 1990b. Inlossing deur die woord. *De Kat*, 5(8):39-41, Februarie.
- JANSEN, E. 1992. Elisabeth Eybers se "Nederlandse" bundels 1962-1991. Johannesburg : Universiteit van die Witwatersrand. (Proefskrif – D. Phil.)
- JANSEN, E. 1993. In die teken van afskeid en dood ... tog 'n lewenskragtige en optimistiese Eybers. *Rapport*:35, Februarie 28.
- JANSEN, E. 1996. Afstand en verbintenis. Elisabeth Eybers in Amsterdam. Pretoria : Van Schaik.
- JEFFERSON, A. & ROBEY, D. 1989. *Modern Literary Theory: a comparative introduction*. 2nd edition. London : Batsford.
- JOUBERT, E. 1969. Twee nuwe digbundels. *Sarie Marais*, 20(21):81, 83, April 23.
- JOUBERT, G. 1997. Die groot gedagte: abstrakte weefsel van die kosmos. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- KANNEMEYER, J. C. 1977. Einder openbaar 'n nuwe vreugde. *Oggendblad*:2, Junie 30.
- KANNEMEYER, J. C. 1978. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur band 1. Kaapstad : Academica.
- KANNEMEYER, J. C. 1994. 'n Lewe se verdriet maak nie meer saak. *Rapport*, November 6.
- KANNEMEYER, J. C. 1995a. Die gespitse binneblik: 'n opstel oor die poëtika van Elisabeth Eybers. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.
- KANNEMEYER, J. C. 1995b. Eybers op tagtig bemind op twee vastelande. *Die Burger*:4, Februarie 25.
- KANNEMEYER, J. C. 1996. Tweetalige Eybers speel nuwe spel. *Rapport*:19, Maart 17.
- KEYSER, G. 1995. Nederlandse resesente het ontsag vir 'Nuweling'. *Beeld*:8, April 4.
- KOENEN, M. J. 1992. *Wolter's Woordenboek Nederlands*. 1ste uitg. 29ste dr. Groningen : Wolters-Noordhoff.
- KOPLAND, R., BASSINGA, A., DORLEYN, J. G., EKKERS, R., VAN REES, K. &

MEIDERDTS, A. 1991. Juryrapport: gestook uit pyn en afstand neem. (*In* Eybers, E., Teësprak: rondom die P.C.Hooft-prys. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 17-20.)

KRITZINGER, M. S. B. 1936. Skone belofte in Elisabeth Eybers se eerste verse. *Die Vaderland*:11, Desember 18.

KRITZINGER, M. S. B., LABUCHAGNE, F. J. & PIENAAR, P. DE V. 1977. Verklarende Afrikaanse woordeboek. 6de uitg. 2de dr. Pretoria : Van Schaik.

KROG, A. 1974. Die bundel 'Kruis of munt': 'n siklus voltooi. *Die Burger*, Maart 19.

KRUGER, J. 1945. Elisabeth Eybers se avontuur. *Suid-Afrika*, 5(1):17, 33, September.

KRUYSKAMP, G. 1976. Groot woordenboek der Nederlandse taal, deel I, II. 10de dr. 'S Gravenhage : Martinus Nijhoff.

LAKE, A. 1988. Digteres kwaai oor dié 'afgod'. *Rapport*:11, April 16.

LE ROUX, A. 1996. Die warmte van lees. *Sarie*, 48(2):9, Julie 17.

LIESKE, T. & OTTEN, W. 1990. Interview met Elisabeth Eybers: liefde herken je aan het afscheid. *Tirade*, 34:2-37, Januarie/Februarie.

LINDENBERG, E. 1975a. Digterlike handelswyse. (*In* Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p.53-58.)

LINDENBERG, E. 1975b. Emigrant in haar vaderland. *Beeld*:10, Februarie 26.

LINDENBERG, E. 1975c. Slapend, sluimerend of wakker? : – oor die beeldspraak van Elisabeth Eybers. (*In* Nienaber, P.J. red. 1875 –1975: studies oor die Afrikaanse letterkunde. Johannesburg : Perskor. p. 35 – 41.)

LINDENBERG, E. 1977. Grense van ballingskap en liefde. *Standpunte*, 30(6):43-47, Desember.

LINDENBERG, E. 1990. 'n Wending binne die Hollandse fase? (*In* Ester, H. & Lindenberg, E. reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 80-83.)

LINDENBERG, E. 1993. Voortgesette grasia. *De Kat*, 8(11):86, Mei.

LINDENBERG, E. 1995. Nuweling, E. Eybers: nuweling as laatlammetjie. *De Kat*, 10(8):103, 104, Februarie.

LINDENBERG, E. 1997. Eybers se afskeid? *Insig*:30, November.

LITERATOR. 1956. Elisabeth Eybers betree nuwe vlak. *Die Brandwag*, 20(39):31, 32, 35, Oktober 26.

LOUW, N. P. VAN WYK, 1986. Versamelde prosa I. Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers.

LOUW, W. E. G. 1958. Elisabeth Eybers se nuwe bundel is ryk en mooi. *Die Burger*, Desember 12.

LOUW, W. E. G. 1963. Ook sy het geleer om haar taal te brandskat. *Die Burger*, Januarie 11.

LOUW, W. E. G. 1968. Elisabeth Eybers nog steeds trou aan 'enkel taak'. *Die Burger*, Desember 12.

MALAN, C. red. 1983. Letterkunde en leser. Durban : Butterworth-Uitgewers.

MALAN, L. 1987. Eybers bly 'n meester. *De Kat*, 3(6):94, Desember.

MALAN, L. 1989. Teenpole in ewewig. *De Kat*, 5(5):112, November.

MALAN, L. 1990. Aristokraat van die woord. *Beeld*:4, Februarie 26.

MALAN, L. 1993. 'n Dwingende greep. *De Kat*, 7(10):93-95, April.

MALAN, L. 1995. Digteres Eybers vandag 80, en word wyd vereer. *Rapport*, Februarie 26.

MALAN, L. 1999. Veteraan van die hoogste orde verras weer met tweetaal-verse. *Rapport*:18, Augustus 1.

MALHERBE, F. E. J. 1936. 'n Belowende jong digteres. *Die Huisgenoot*, 20(759):31, Oktober 9.

MALHERBE, F. E. J. 1940. Eybers, Elisabeth: Die stil avontuur. *Ons Eie Boek*, 6(1):12-15, Maart.

MALHERBE, F. E. J. 1945. Kritiese bulletin: Afrikaanse lettere. *Ons Eie Boek*, 10(3):134-137, September.

MALHERBE, F. E. J. 1947a. Die ander dors. *Die Ruiter*, 1(2):39, 54, Mei 16.

MALHERBE, F. E. J. 1947b. Die rykdom van gemis: gees en hart in ewewig. *Ons Eie Boek*, 13(2):76-82, Junie.

MC ARDELL, G. 1957. Oor nuwe boeke. *Die Staatsamptenaar*, 37(1):27, Januarie.

MOCKE, S. I. 1940. Verryping van Elisabeth Eybers se digkuns. *Die Brandwag*,

3(137):21,46, Maart 15.

MOCKE, S. I. 1947. Gedagte by die lees van "Die ander dors". *Horison*, 3(8):23, 44, Julie.

MOOIJ, J. J. A. 1979. Tekst en Leser. Amsterdam : Polak & Van Genneep Uitgeversmaatschappij.

MULDER, H. A. 1945. Oor boeke. *Die Huisgenoot*, 30(1226):27, September 21.

MULDER, H. A. 1961. Laaste opstelle: Uitgesoek deur D. J. Opperman. Kaapstad : Human & Rousseau.

MÜLLER, H. C. T. 1982. "weloerwoë, sonder nood of haas...". *Buurman*, 13(2):35, Januarie 31.

NAUDÉ, C. 1988. Eybers' charm remains, but her vision blurs. *Weekly Mail*:19, April 15.

NEPGEN, R. 1969. Oor boeke: Vyf digbundels. *Die Huisgenoot*, 42(2482):81, 82, Oktober 24.

NIENABER, C. J. M. 1956. Die taal as tolk: 'n stilistiese analise van Elisabeth Eybers se Maria. Pietermaritzburg : Natalse Universiteitspers.

NIENABER, C. J. M. 1975. Eybers Internasionaal. (*In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 59-74.*)

NIENABER, C. J. M. 1985. Eybers maak dosyn vol: digteres spits haar toe op essensiële sake. *Beeld*:8, Desember 23.

NIENABER, C. J. M. 1986. Eybers maak dosyn vol met Dryfsand. *Oosterlig*:7, Januarie 9.

NIENABER, G. S. & GROVÉ, A. P. 1960. Christina tot Kristien. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.

NIENABER, P. J. *red.* 1975. 1875 - 1975: studies oor die Afrikaanse Letterkunde. Johannesburg : Perskor.

NIENABER, P. J. *red.* 1982. Perspektief en profiel. 5de hers. uitg. Johannesburg : Perskor.

NIENABER-LUITINGH, M. 1975a. Die digterskap van Elisabeth Eybers. (*In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Pretoria : Human & Rousseau. p. 1-4.*)

NIENABER-LUITINGH, M. 1975b. Oor die "onderdak"-tema in Elisabeth Eybers se voorlaaste bundel. (*In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel*

saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 75-82.)

NIENABER-LUITINGH, M. *red.* 1975c. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau.

NIENABER-LUITINGH, M. 1979a. Die poësie van Elisabeth Eybers. Pretoria-Kaapstad : Human & Rousseau-Academica.

NIENABER-LUITINGH, M. 1979b. Vroeëre en latere poësie van Elisabeth Eybers: blokboeke oor die Afrikaanse letterkunde no. 4. Pretoria-Kaapstad : Academica.

NIENABER-LUITINGH, M. 1982a. 'Bestand' 'n verrykende ervaring: die oorpeinsing naestig. *Die Burger*:34, September 30.

NIENABER-LUITINGH, M. 1982b. Elisabeth Eybers se dosyn volgemaak. *Beeld*:8, Augustus 30.

NIENABER-LUITINGH, M. 1982c. Eybers se dosyn vol. *Die Oosterlig*:6, September 13.

NIENABER-LUITINGH, M. 1987. Eybers het min woorde nodig: bundel getuig van merkwaardige geestelike ewewig. *Beeld*:8, Oktober 12.

NIENABER-LUITINGH, M. 1990a. Elisabeth Eybers: tussen Suid-Afrika en Nederland. (*In Ester, H. & Lindenberg, E., reds.* Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 95-107.)

NIENABER-LUITINGH, M. 1990b. In somberder stemming as voorheen. *Die Suid-Afrikaan*:35,36, Junie.

ODENDAAL, B. 1999. Nog 'n welkome Eybers-bundel. *Die Volksblad*:8, Julie 12.

ODENDAL, F. F. *red.* 1988. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2de uitg. Johannesburg : Perskor.

OHLHOFF, C. H. F. 1971. Aspekte van die digterskap van Elisabeth Eybers met toespitsing op die bundel Onderdak. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - M. A.)

OHLHOFF, C. H. F. 1982. Elisabeth Eybers geb. 1915: aanvulling. (*In Nienaber, P. J. red.* Perspektief en profiel. 5de hers. uitg. Johannesburg : Perskor. p. 419-425.)

OHLHOFF, C. H. F. 1992. Kode. (*In Cloete, T. T. red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 221-224.)

OLIVIER, F. 1975. Eybers los geloof. *Rapport*, Mei 4.

- OLIVIER, F. 1993. Eybers se nuutste digbundel wys sy is een van die heel grotes. *Beeld*:6, Maart 1.
- OLIVIER, G. 1986. Eybers minder skerpsinnig. *Die Vaderland*:17, Maart 3.
- OLIVIER, G. 1990. By die lees van Rymdwang. (In Ester, H. & Lindenberg, E., reds. *Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 108-120.)
- OLIVIER, G. 1992. Eybers weergaloos in twee literature. *Insig*:10, Februarie.
- OLIVIER, G. 1996. Allesbehalwe teatraal. *De Kat*,12(4):76, Oktober.
- OPPERMAN, D. J. 1953. Digtters van Dertig. 4de dr. Kaapstad : Nasou.
- OPPERMAN, D. J. 1962. Literatuur ken geen volkome herhaling nie. *Die Burger*, Julie 13.
- PHEIFFER, R. H. 1985. Digguns in 'n effens verstilde toonaard. *Die Burger*:23, November 21.
- PHEIFFER, R. 1996. Die volledige Eybers. *Insig*:31, Junie.
- PRETORIUS, C. E. 1963. Die ontwikkelingsgang van Elisabeth Eybers se poësie soos weerspieël in enkele sleutelgedigte. Pretoria : Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M. A.)
- PRETORIUS, R. 1974. Kruis of munt: skoonheid gebore uit gemis. *Tydskrif vir letterkunde*, 12(2):19-29, Mei.
- PRETORIUS, R. 1975. Kruis of munt: skoonheid gebore uit gemis. (In Nienaber-Luitingh, M. red. *Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 83-103.)
- PRETORIUS, R. 1981. Twee verse van Elisabeth Eybers. *Tydskrif vir letterkunde*, 19(1):117,118, Februarie.
- PRETORIUS, R. 1995. Afrikaans in onderwys en opleiding: perspektief vanuit die letterkunde. (Voordrag gelewer by Onderwyskongres op 16 Junie 1995.) Bloemfontein. (Ongepubliseer.)
- PRINSLOO, K. 1983. 'n Vierkuns vir Eybers. *Beeld*:1, Maart 22.
- PRINSLOO, K. 1987. Poësie die arena vir persoonlike vetes. *Beeld*:2, September 21.
- RABIE, J. 1982. Poetic voices from years of voluntary exile. *The Cape Times*:12,

November 17.

- RIFFATERRE, M. 1984. *Semiotics of poetry*. Bloomington : Indiana University Press.
- RUBENSTEIN, R. 1990. Elisabeth Eybers. (*In Ester, H. & Lindenberg, E., reds. Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 122-127.)
- SCHEEPERS, R. 1997. *Die verhouding tussen outobiografiese feit en fiksie in die kortverhaaloeuvre van Koos Prinsloo*. Kaapstad : Universiteit van Kaapstad. (Proefskrif – Ph. D.)
- SCHOLTZ, M. 1975. Balans op die wip. (*In Nienaber-Luitingh, M. red., Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 104-112.)
- SCHOLTZ, M. 1977. Einder: gebore uit geluk. *Die Burger*:9, Augustus 11.
- SCHUTTE, S. E. 1988. *Die uitbeelding van die dood in die poësie van Elisabeth Eybers*. Pretoria : UNISA. (Verhandeling – M. A.)
- S. E. v. Z. 1973. Eybers se nuwe digwerke. *Die Suidwester*:2, Oktober 15.
- SENEKAL, J. red. 1986. *Teks Leser Konteks*. Johannesburg : Perskor.
- SHUKMAN, A. 1977. *Literature and Semiotics: a study of the writings of Ju. M. Lotman*. Amsterdam : North-Holland Publishing Company.
- SLABBER, C. 1994. Eybers-vriend kom haal haar prys. *Rapport*:16, Mei 22.
- SMIT, B. 1977. red. *Herinnering se wei: Afrikaanse skrywers oor hulle jeug*. 2de uitg. Pretoria : Perskor-uitgewery.
- SPIES, L. 1963. *Die bewerende en beeldende vers by Elisabeth Eybers*. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – M. A.)
- SPIES, L. 1974. *Die poësie as voortreis en tuisbly: Elisabeth Eybers se Kruis of munt en Marlise Joubert se Domus*. *Standpunte*, 27(6):37-44, Augustus.
- SPIES, L. 1975. 'n Kind kon smal in sy smal skadu pas: die kind – en ook die boom – in die poësie van Elisabeth Eybers. (*In Nienaber-Luitingh, M. red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 113-125.)
- SPIES, L. 1977. Wisseling van lig, donker. *Die Burger*:8, Desember 2.
- SPIES, L. 1982. *Elisabeth Eybers se blywende bronne van verwondering*. *Die Vaderland*:33, Oktober 28.

- SPIES, L. 1987a. Eybers se jongste – deur die lewe gedwing. *Die Burger*:6, Oktober 22.
- SPIES, L. 1987b. Hoe sê ek dat ek ly?: die lydende mens in die Afrikaanse poësie. *Theologia Evangelica*, XX – I, Maart. p. 4-21.
- SPIES, L. 1989. In die aanskyn van die son en die lig van die maan. *Insig*:42-45, April.
- SPIES, L. 1990. Die vindingryke en verguisde aanspraakmaker: Elisabeth Eybers se godsdienstiensiening. (In Ester, H. & Lindenberg, E., red. *Uit liefde en ironie: liber amicorum Elisabeth Eybers*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 128-141.)
- SPIES, L. 1991. Poësie lewensnoodsaaklik vir Eybers. *Beeld*:2, Maart 21.
- SPIES, L. 1993. Elisabeth Eybers se Respyt pragbundel: 'vir dié digteres is poësie altyd in diens van die lewe'. *Die Volksblad*:8, Augustus 2.
- SPIES, L. 1995a. Die enkel taak: die merkwaardige verwantskap tussen Elisabeth Eybers en Emily Dickinson. Kaapstad : Queillerie.
- SPIES, L. 1995b. 'n Selfgesprek voor dié nag kom. *Insig*:10, Desember/Januarie.
- SPIES, L. 1998. Elisabeth Eybers (1915-). (In Van Coller, H. P. red. *Perspektief & profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis I*. Pretoria : Van Schaik. p. 428-439.)
- STEENBERG, D. H. 1974. Jongste Eybers: poësie van tussen elders en nêrens. *Die Vaderland*, Januarie 22.
- STEYN, J. L. 1959. Elisabeth Eybers: Neerslag. *Tydskrif vir wetenskap en kuns*, 19(1):249, 250, April.
- SWART, J. K. 1946. Wat ons lees: Die vrou en ander verse. *Die Huisvrou*, 23(1239):13, 28, Februarie 19.
- VAN COLLER, H. P. red. 1998. *Perspektief & profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis I*. Pretoria : Van Schaik.
- VAN DER MERWE, C. N. & VILJOEN, H. 1998. *Alkant olifant*. Pretoria: Van Schaik.
- VAN DER PLOEGT, D. 1995. Een steeds kleiner wereldje. April 21.
- VAN DER WALT, P. D. 1969. *Mené Tekél: letterkundige studies en kritieke*. 1ste uitg. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- VAN DER WALT, P. D. 1973. Elizabeth (*sic*) Eybers se heimwee. *Die Transvaler*:4, Oktober 29.
- VAN DER WALT, P. D. 1975. Die verletterliking van die woordbetekenis in die digkuns

van Elisabeth Eybers. (In Nienaber-Luitingh, M., red., Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 126-141.)

VAN HEERDEN, E. 1963. Periskoop: Afrikaanse poësie. *Kriterium*, 1(1):11-14, April.

VAN HEERDEN, E. 1975. Aantekeninge by sommige Eybers-kwatryne. (In Nienaber-Luitingh, M. red., Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 142-148.)

VAN HEERDEN, E. 1989. Eybers-bundel 'n kragtoer.... *Rapport*:29, Oktober 22.

VAN HEERDEN, E. 1990. Elisabeth Eybers 75: totaalbeeld van voortreflikheid soos by g'n ander. *Rapport*:26, Februarie 25.

VAN REENEN, R. 1971. Digteres Eybers vertel van eensaamheid. *Rapport*, Desember 5.

VAN RENSBURG, F. I. J. 1975. Elisabeth Eybers as digteres van die musiek. (In Nienaber-Luitingh, M., red. Ter wille van die edel spel: 'n bundel saamgestel ter geleentheid van Elisabeth Eybers se sestigste verjaardag deur M. Nienaber-Luitingh. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 149-162.)

VAN RENSBURG, F. I. J. 1982a. Oor skrywers en boeke. Johannesburg : Perskor.

VAN RENSBURG F. I. J. 1982b. Resensie deur prof. F. I. J. van Rensburg oor Bestand (Elisabeth Eybers). (Resensie gelewer oor die Afrikaanse Diens van die SAUK op 26 November 1982.) (Ongepubliseer).

VAN RENSBURG, F. I. J. 1989. Die woord as ontsnapluik: ver land spook kragtig by Elisabeth Eybers. *Beeld*:10, November 20.

VAN ROOYEN, M. 1986. Groei uit ouderdom. *Sarie*, 37(16):9, Februarie 12.

VAN VUUREN, H. 1989. 'Noodluik', 'n loflied oor die lewe. *Vrye Weekblad*:15, Oktober 27.

VAN ZOEST, A. 1986. De macht van de tekens: opstellen over maatschappij, tekst en literatuur. Utrecht : HES Uitgewers.

VAN ZUYDAM, S. W. 1998. Eybers laat jou in haar hartkamer toe. *Die Volksblad*:6, Maart 9.

VAN ZYL, I. 1977. Bundel se krag lê in sy vermoë tot ironisering. *Die Suidwester*:2, September 12.

VAN ZYL, I. 1984. Eybers se kroon-werk. *Die Suidwester*:13, Mei 4.

- VAN ZYL, I. 1988. Rymdwang. *Die Suidwester*:19, Junie 30.
- VAN ZYL, I. 1990. Nuut van Eybers en Rousseau. *Die Republikein*:9, April 20.
- VAN ZYL, I. 1993. Eybers dig steeds. *Die Republikein*:9,10, Mei 28.
- VILJOEN, L. 1999. Klein bundel van Eybers bied nog groot digkuns. *Die Burger*:6, September 8.
- VISSER, R. P. 1940. 'n Belofte vervul. *Die Vaderland*:7, Januarie 13.
- WATERMEYER, G. A. 1953. "Tussensang" van Elisabeth Eybers. *Helikon*, 2(11):45-50, Junie.
- ZONDERLAND, P. 1990. Verstaanbare ironie. *De Boekenkrant*:14, Julie/Augustus.